# DIE DOEL EN TAAK VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE SOOS BEOEFEN DEUR DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE

deur

GERT FRANS OLIVIER, M.A.

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

Promotor PROF. DR. J.P. VAN DER WALT,

POTCHEFSTROOM

1970

VOORWOORD


By die voltooiing van 'n taak soos hierdie is daar noodwendig 'n terugblik en kom mens onder die indruk van jou besondere afhanklikheid gedurende die ondersoek.

In die eerste plek is daar die behoefte aan erkentlike dankbaarheid aan die Skepper wat in alle opsigte voorsien het om die afhandeling van hierdie ondersoek moontlik te maak.

Aan my promotor, prof. J.P. van der Walt, 'n besondere woord van dank vir onmisbare raad, leiding en onderskraging, en waardering veral vir persoonlike belangstelling en aanmoediging deur die hele tydperk van my nagraadse studie. Ek wil hom dan ook bedank vir sy bereidwilligheid om as my promotor op te tree.

Aan prof. J.S. Theron baie dankie vir die tyd afgestaan vir bespreking van sekere begrippe.

Graag betuig ek my dank en erkenning aan die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir toestemming om gegewens uit departementele lêers te gebruik en veral vir die geleentheid wat my gebied is om die navorsing aan te vul met 'n studie oor gemeenskapsorganisasie in die Skandinawiese lande en in Nederland. 'n Spesiale woord van dank aan die Sekretaris, mnr. C.J.H. Vorster, wat nie net die oorsese studie goedgekeur het nie, maar deurgaans 'n ongeveinsde belangstelling en indirekte aanmoediging tot volharding verstrek het.

Graag wil ek ook my dank en erkenning betuig aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir ruim finansiële steun vir die navorsing en veral vir die ekstra finansiële steun om dit vir my moontlik te maak om die navorsing in Engeland aan te vul.

Ook my dank aan die Staatsdienskommissie vir die toekenning van ŉ beurs.

Graag verleen ek erkenning aan al die persone in Suid-Afrika, Finland, Denemarke, Noorweë, Nederland en Engeland, wat my so vriendelik te woord gestaan het en veral aan die Departement van Buitelandse Sake en sy buitelandse personeel vir die reëlings wat hulle getref het.

Aan mev. C.A. Fourie en mej. A.M. Labuschagne wat die tikwerk onderneem het, en aan die Vereniging van Staatsamptenare wat die afrolwerk gedoen het, baie dankie.

Aan my gesin wat deur die jare van nagraadse studie soveel opgeoffer het en my onderskraag het, kan ek net sê dat ek dit besonder waardeer en altyd sal onthou.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

DEEL I

DIE PROBLEEMSTELLING VAN HIERDIE ONDERSOEK, DIE OPKOMS EN BETEKENIS VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

HOOFSTUK 1

DIE PROBLEEMSTELLING EN METODES VIR DIE VERSAMELING VAN GEGEWENS VAN HIERDIE ONDERSOEK

A. Inleiding en probleemstelling 1

B. Die probleemstelling van die ondersoek 16

C. Die metodes van die ondersoek 17

HOOFSTUK 2

'N ONTLEDING VAN DIE VERSKILLENDE FASETTE VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE IN DIE ALGEMEEN

A. Ontleding van kernbegrippe 22

B. Gemeenskapsorganisasie gedefinieer en die konnotasie met maatskaplike werk 53

C. Gemeenskapsontwikkeling gedefinieer en die konnotasie met maatskaplike werk 55

D. Samevatting en eie opvatting 63

HOOFSTUK 3

'N KORT HISTORIESE OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

A. Inleiding 65

B. Die kerklike bedrywighede 68

C. Die selfversorgende familie 74

D. Die ontstaan en ontwikkeling van welsynsorganisasies 75

E. Die toetrede van die owerheidsektor tot die welsynsterrein 79

F. Funksionele en gebiedskoördinasie van welsynsorganisasies 87

G. Die erkenning en aanvaarding van 'n wetenskaplike benadering deur die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers 91

H. Die stigting van die Departement van Volkswelsyn 99

I. Die toetrede van kerke tot die voorsiening van 'n wetenskaplik gefundeerde welsynsdiens aan lidmate 101

J. Werkverdelingsooreenkoms tussen die Staat, die kerk en private welsynsorganisasies 109

K. Die erkenning van maatskaplike werk as 'n professionele diens 113

L. Samevatting en eie opvatting 118

DEEL II

DIE BEOEFENING VAN GEORGANISEERDE EN DOELGERIGTE GEMEENSKAPSORGANISASIE IN DIE ALGEMEEN EN SPESIFIEK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

HOOFSTUK 4

DIE BELANGRIKHEID EN DIE DOEL VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

A. Inleiding 122

B. Die toenemende belangrikheid en die doel van gemeenskapsorganisasie 123

C. Gemeenskapsorganisasie as 'n proses in die maatskaplike werk 130

D. Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk 137

E. Samevatting en eie opvatting 145

HOOFSTUK 5

DIE PRAKTYK EN DOEL VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

A. Inleiding 147

B. Funksies in die praktyk van gemeenskapsorganisasie 148

C. Programmering 160

D. Koördinasie en integrasie 156

E. Opvoeding en bevordering 164

F. Finansiering 168

G. Strukturele hulpmiddels 172

H. Samevatting en eie opvatting 174

HOOFSTUK 6

DIE DOEL, ROL EN TAAK VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN GEMEENSKAPS-ORGANISASIE

A. Inleiding 176

B. Opgeleide gemeenskapsorganisasiewerkers is nodig vir die sukses van 'n gemeenskapsorganisasie-onderneming 179

C. Die toerusting van die gemeenskapsorganisasiewerker 181

D. Die opleiding van die gemeenskapsorganisasiewerker 182

E. Die doel en taak van die gemeenskapsorganisasiewerker 185

F. Supervisie in gemeenskapsorganisasie 191

G. Samevatting en eie opvatting 192

HOOFSTUK 7

INSTELLINGS WAT BYDRA TOT DIE EINDDOEL VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE


A. Inleiding 194

B. Koördinerende rade in Suid-Afrika 196

C. Nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies 197

D. Gesamentlike fondsinsamelingondernemings 206

E. Samevatting en eie opvatting 212


HOOFSTUK 8

STAATSDEPARTEMENTE MET WELSYNSVERANTWOORDELIKHEDE EN WAT OP EEN OF ANDER WYSE BETROKKE IS BY GEMEENSKAPORGANISASIE


A. Inleiding 214

B. Gesinsprobleme 216

C. Armoede en behoeftigheid 218

D. Kinderverwaarlosing 224

E. Werkloosheid 226

F. Alkoholisme 227

G. Misdaad en wangedrag 229

H. Swak gesondheid, siekte en tydelike liggaamlike ongeskiktheid 232

I. Permanente liggaamlike gestremdheid 234

J. Epilepsie 236

K. Geestesgekrenkdheid en geestesgebrekkigheid 236

L. Bejaardheid 237

M. Blindheid 238

N. Doofheid 239

O. Samevatting en eie opvatting 239

HOOFSTUK 9

DIE DOEL EN TAAK VAN DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE

A. Historiese ontwikkeling 241

B. Strukturele hulpmiddels van die Departement 252

C. Samevatting en eie opvatting 271

HOOFSTUK 10

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE EN DIE DOEL EN TAAK VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

A. Inleiding 272

B. Probleem 274

C. Programmering 274

D. Koördinasie en integrasie 276

E. Opvoeding en bevordering 285

F. Finansiering 289

G. Standaardbepaling 291

H. Samevatting en eie opvatting 293

DEEL III

BEVINDINGS EN ENKELE RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS

HOOFSTUK 11

BEVINDINGS, ENKELE RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS EN SLOTBESKOUING

A. Bevindings 296

B. Enkele riglyne vir die toekoms 302

C. Slotbeskouing 309

Bylae A 311

Bylae B 313

Bibliografie 316

# D E E L  I

## DIE PROBLEEMSTELLING VAN HIERDIE ONDERSOEK,

## DIE OPKOMS EN BETEKENIS

## VAN

## GEMEENSKAPSORGANISASIE

# HOOFSTUK 1

## DIE PROBLEEMSTELLING EN METODES VIR DIE VERSAMELING VAN GEGEWENS VAN HIERDIE ONDERSOEK

### A. Inleiding en probleemstelling

#### 1. Onduidelikheid oor die term gemeenskapsorganisasie

Daar bestaan tans geen duidelikheid oor die term gemeenskapsorganisasie of die terrein wat dit veronderstel is om te dek nie. Maatskaplike werkers verkeer ook tot 'n groot mate in die duister oor wat presies met gemeenskapsorganisasie bedoel word. Gedurende Mei 1968 skrywe die sekretaresse, 'n maatskaplike werkster, van 'n groot welsynsorganisasie aan ondersoeker: "Ons organisasie het 'n Gemeenskapsorganisasie werkster aangestel. Op aandrang en ter verduideliking aan die Komitee verneem ek graag watter dienste aan so 'n pos verbonde is"[1].

Professor Erika Theron sê in die verband: "ofskoon ons as maatskaplike werkers steeds besig was met gemeenskapsorganisasie besef ons dit nie, en laat ander dit nou vir ons doen. Waar ons altyd die beplanningswerk gedoen het word ons nou nie by die program ingetrek nie. Die maatskaplike werker het 'n bydrae te lewer op hierdie gebied en die tyd het aangebreek dat die beroep maatskaplike werk sy stem te verhef het oor sy taak op hierdie terrein. Dit is belangrik dat alle maatskaplike werkers sal kennis dra van die vraagstukke wat by gemeenskapsorganisasie tuishoort soos bv. die koördinering van welsynsdienste"[2].

---

1. Brief op lêer in Streekkantoor, Pretoria.
2. Theron, Erika: Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk. Notule van die streekhoofdevergadering, Departement van Volkswelsyn en Pensioene. November 1966.

Hierdie onduidelikheid oor wat die begrip gemeenskapsorganisasie werklik behels kom duidelik uit in die woordomskrywing van maatskaplike werk in die Nasionale Welsynswet, 1965[1]. Indiwiduele behandeling (gevallewerk) en groepwerk word aangedui as "wyse of vorm van maatskaplike hulpbetoon" terwyl gemeenskapsorganisasie aangedui word as "ter bevordering van maatskaplike hulpbetoon". Terselfdertyd word administrasie aangedui as "die administrasie van enige van of al die bedrywighede" in gevallewerk en groepwerk. Die weglating van gemeenskapsorganisasie by administrasie dui daarop dat die wetgewer dit bloot as n proses sien. Terselfdertyd word dit egter ingesluit by die bedrywighede van navorsing en opleiding. Met ander woorde, terwyl daar ten opsigte van administrasie diskrimineer word, word gemeenskapsorganisasie ten opsigte van navorsing en opleiding op presies dieselfde vlak geplaas as die ander twee metodes in maatskaplike werk. Dit dui daarop dat met die opstel van die wet die wetgewer nog nie gemeenskapsorganisasie as n metode in maatskaplike werk in Suid-Afrika kon aanvaar nie, en dat daar onduidelikheid was oor presies waar gemeenskapsorganisasie by die begrip maatskaplike werk inpas.

Selfs die vakliteratuur oor die onderwerp in vergelyking met ander metodes in die maatskaplike werk, dateer uit die jongste verlede. Verwysende na die onduidelikheid oor die begrip gemeenskapsorganisasie sê Murray Ross:

"I have therefore attempted .... to set forth a conception of the community organization process, to describe its nature, and to out-

---

1. Nasionale Welsynswet, Wet no. 79 van 1965, artikel 1(VII).

line principles which facilitate its development"[1]. Dit is dan ook die bevinding van Boer waar sy verwys na die verwarrende hoeveelheid begrippe en interpretasies op die gebied[2].

Hierdie soek na lig oor die taak van gemeenskapsorganisasie word duidelik gestel in 'n toespraak deur Arnold Gurin waar hy die volgende gesê het in verband met gemeenskapsorganisasie en die definiëring daarvan: "Terminology was so completely chaotic that it was difficult to distinguish semantic from substantive issues. Above all, there was a virtually complete absence of systematic research on fundamental issues of process and effectiveness. Some thought that we should view community organization as a method to enhance the capacity competence, or power of communities. Others thought that we should redefine community organization in social work as expertness in the management of planned change. Others thought that what really was needed was the model of technipol which is a combination of technicians and politicians and some stressed conflict orientated social action as the valid basis for practice"[3].

2. <u>Onduidelikheid in beplanning en organisasie met gepaardgaande verantwoordelikheid</u>

Daar blyk ook onduidelikheid te wees oor die rol en taak van die maatskaplike werker en sy verantwoordelikheid op die beplanningster

---

1. Ross, Murray G.: Community organization : Theory and principles. p. XIV
2. Boer J. : Maatschappelijk opbouwwerk. Verkenningen op het gebied van "Community organization" in Nederlandse verhoudingen. p.10.
3. Gurin, Arnold : "The community organization curriculum development project : A preliminary report". p.423 - 424

rein, bv. ten opsigte van nuwe dorpsgebiede, hervestiging van mense, inskakeling van immigrante in die gemeenskap, ens.

Die Universiteite as opleidingsinrigtings vind dit ook moeilik, indien nie onmoontlik nie, om hierdie terrein ten volle te dek in die voorgraadse opleiding, deels omdat dit moeilik val om die praktiese opleiding in gemeenskapsorganisasie ook nog in 'n driejarige (vierjarige) kursus in te pas, en verder is daar bra min duidelik geïdentifiseerde voorbeelde ter illustrasie en vir praktika[1].

Suid-Afrika beskik nog nie soos bv. Amerika oor opgeleide gemeenskapsorganisasiewerkers nie. Terselfdertyd het die personeel wat senior poste beklee hul akademiese opleiding ontvang in 'n stadium toe opleidingsinrigtings nog nie soveel klem laat val het op gemeenskapsorganisasie en dié beamptes dus nie akademies onderleg is ten opsigte van die beginsels en toepassing van gemeenskaporganisasie nie, en derhalwe hulleself nie met dieselfde mate van professionele gesag kan laat geld as in verband met die ander twee metodes van maatskaplike werk nie. Trouens daar is slegs enkele bekleërs van senior poste in maatskaplike werk wat nagraads nader kennis met gemeenskapsorganisasie gemaak het.

Met die toekenning van professionele status aan die volkswelsyn-

---

1. Hierdie bewering word lateraan duidelik uit die bespreking van probleme.

beamptes in diens van die Departement van Volkswelsyn in 1955, is op versoek van en in samewerking met die Staatsdienskommissie 'n indiensopleidingskursus ingestel. Die doel daarvan is om deur middel van die kursus wat oor 'n periode van twee jaar strek "en waarvan die leerplan feitlik al die belangrikste aspekte van die Departement se funksies dek, nuwelinge deur middel van die praktyk in 'n deurlopende proses en op 'n stelselmatige wyse, met die veelvuldige funksies van die Departement bekend te stel. Sodoende kan hierdie beamptes binne die kortste moontlike tyd tot volwaardige werkkragte ontwikkel wat in die beoefening van die beroep, die verlangde standaard sal handhaaf"[1]. Verder word beoog om deur middel van hierdie kursus die beamptes te help om die teoretiese kennis by die praktyk aan te pas, onder leiding vaardighede te ontwikkel, die regte houding en benadering tot die werk aan te kweek, en "eienskappe soos denke, vindingrykheid, selfvertroue, objektiwiteit, die vermoë om gevalleverhoudings te skep, hoflikheid in optrede, ewewigtigheid, karaktervastheid en rypheid langs die regte kanale te laat ontwikkel"[2].

'n Ontleding van die leerplan en take wat vir beoordeling aan die Hoofkantoor voorgelê moet word, dui daarop dat die klem op gevallewerk val en dat slegs gevallewerktake vir die beoordeling voorgelê

---

1. Departementele omsendbrief oor die indiensopleidingskursus. (L.W. skrywer onderstreep).

2. Ibid. (L.W. skrywer onderstreep).

moet word. In hierdie program word geen voorsiening gemaak vir indiensopleiding in verband met groepwerk en gemeenskapsorganisasie nie.

Die afleiding wat hieruit gemaak moet word, is dat aangesien dit gestel word dat "die leerplan feitlik al die belangrikste aspekte van die Departement se funksies dek", groepwerk en gemeenskapsorganisasie nie by hierdie funksies ingesluit word nie. Trouens, in hierdie program is die enigste aspek van gemeenskapsorganisasie wat wel aandag geniet enkele administratiewe maatreëls onder die opskrif "opleiding in algemene kantoor administrasie". Die opleiding is egter beperk tot slegs 'n verduideliking van die doel en werksaamhede van onder andere die Streekwelsynsraad, Onderafdeling Beheer en Inspeksiedienste, ens. Dit is egter 'n bloot terloopse deel van die hele indiensopleidingskema.

Dit dien dan ook om die bewering van prof. Erika Theron te staaf, dat die Departement gemeenskapsorganisasiewerk, wat dit onderneem, nie altyd so sien nie, asook dat hierdie belangrike werk nog nie so sistematies en doelgerig deur die Departement aangepak word dat dit by wyse van formele indiensopleiding bevorder word nie.

Hierdie onduidelikheid beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n duidelike en helder beeld van die beplannings- en organiseringsaspekte van gemeenskapsorganisasie, en die toepassing daarvan as metode in die Maatskaplike Werk.

3. <u>Die behoefte aan gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk in die algemeen en in besonder in Suid-Afrika</u>

Tegnologiese ontwikkeling het sy invloed laat geld op die

samestelling van die gemeenskap. Nywerheidsontwikkeling, hetsy as gevolg van die ontdekking van minerale soos in Suid-Afrika, of kragtens 'n normale ontwikkeling, bring mee 'n bevolkingsaanwas en bevolkingsdigtheid in stedelike en nywerheidsgebiede. Hierdie bevolkingsaanwas (en waar dit gepaard gaan met massamigrasie en veral immigrasie) lei tot vinnig veranderde omgewings en het 'n invloed op die demografiese samestelling van die gemeenskap. Hierdie veranderings laat maatskaplike behoeftes ontstaan, wat, indien daar nie betyds opgetree word nie, maatskaplike probleme skep. Mense wat hulle in hierdie nuwe omgewings vestig, ondervind aanpassingsprobleme. Die intensiteit van hierdie probleme wissel volgens die kulturele en godsdienstige agtergrond van die betrokkenes.

Waar die plattelander aanpassingsprobleme in die stedelike gebiede ondervind, daar is die immigrant se ontwrigting en aanpassingsprobleme oneindig groter in 'n kultuur wat vir hom volksvreemd is, te meer nog waar hulle massagewyse die land binnestroom en dus nie so maklik soos die enkeling geabsorbeer en geassimileer kan word nie. Sowel die immigrante as die gevestigde inwoners ervaar verder ook 'n mate van onsekerheid oor hulle "veiligheid" wat varieer in intensiteit by die verskillende groepe.

Hierdie massavolksverskuiwings in en na die Republiek van Suid-Afrika se stedelike gebiede vererger die probleme van konsentrasie veral weens die heterogeniteit van die bevolking en die verskillende stadia van hulle ontwikkeling. Indien nie betyds opgetree word nie kan dit die teelaarde skep vir misdaad, maatskaplike afwyking en probleme. Wat die aard hiervan betref, let ons op die volgende:

"Industrial development is accompanied by an excessive concentration of both secondary industries and population in a few large urban complexes ...... Such concentrations create enormous, and in some cases almost insurmountable social, physical, strategic and economic problems" [1].

Mej. Boer[2] beklemtoon ook die maatskaplike en tegniese probleme wat hulle voordoen "in die miljoenensteden".

Hieroor laat Engelbrecht hom soos volg uit: "at no time in human history, had mankind experienced so many forms of maladjustment and frustration, as we find at present ..... we do know that societies of today have to cope with a tremendous amount of social problems. We are told the population of our present penal institutions is approximately 27,000; one hundred and fifty thousand alcoholics. I have just completed a survey of suicide in Johannesburg, revealing about 200 yearly, and about 10 who attempted suicide every month"[3].

---

1. De Wet, C. : Minister of Mines and of Planning at official opening of the Ray-lite Battery Factory at Benoni on the 6th December, 1967.

2. Boer, J. L "Het 'andere' Amerika". p.33 - 35.

3. Engelbrecht, G.K. : "Social problems - theoretical exposition": Notule van die Streekkonferensie, Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Streekkantoor, (Durban), 1965.

In 'n poging om hierdie probleme die hoof te bied, het verskeie welsynsorganisasies ontstaan. Stulting[1] dui aan dat die grootste voorkoms van akkumulasie van organisasies na 1941 plaasgevind het. Dit is opvallend dat die toename in die stigting van welsynsorganisasies nie soos in Amerika plaasgevind het gedurende die depresiejare nie[2], maar in die tydperk van ekonomiese opbloei. In die geordende gemeenskap is dit noodsaaklik dat daar beplande en gekoördineerde welsynsoptrede sal wees, en dat die pogings van die private inisiatief en die kerklike instansies geïntegreerd sal raak met die van die plaaslike en provinsiale owerhede, en dat hierdie geïntegreerde dienste uiteindelik aansluiting sal moet vind by die werksaamhede van die Staat, en sal moet aanpas en inpas by staatsbeleid.

Maatskaplike werk, as 'n relatiewe jong wetenskap, het in sy ontwikkelingstadium hom stap vir stap bewys eers deur die gevallewerkmetode opgevolg deur die groepwerkmetode wat enersyds aansluiting gevind het by die gevallewerkmetode deur die suksesvolle inskakeling van die indiwidu binne groepsverband, andersyds beklemtoon dit weer die groepsverhouding tot die breëre gemeenskap.

Met ander woorde die waarneming van die mens in sy groepsverband het die menslike verhoudinge, onderlinge groepsverhoudinge, gedragspatrone en maatskaplike verhoudinge sterk op die voorgrond gebring. Dit noop Hendriks tot die bewering "It may be said of social work

---

1. Stulting, A.A. : Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. p. 60 - 64.

2. Vgl. onder andere Green, Helen D. : Social Work practice in community organisation. p. 18 - 20.; en Dunham, A. : Community welfare organization : principles and practice. Third printing, 1962. p. 78 - 79.

that its function is to deal with social problems arising from the interaction between man and his environment"[1].

Die aanvanklike materiële hulpverlening word geleidelik deur meer doeltreffende en permanente skemas soos versekering en wetgewing oorgeneem. Dit het die geleentheid gebied aan die maatskaplike werk om tot dienslewering aan die persoon oor te gaan. Hierdeur word die aandag bepaal op die maatskaplike omgewing van die mens met die doel om dit so te hervorm dat dit aan die behoeftes van die indiwidu kan voorsien, "This work (social work) is no longer limited to the individual, but now also stimulates and guides <u>social development</u> and social reconstruction of the wider social environment of man"[2].

Daar het dus 'n klemverskuiwing plaasgevind van die probleme van die indiwidu en die behandeling daarvan na die aard, struktuur en probleme van die maatskaplike omgewing. Omdat die behandeling van die indiwidu met sy probleme bloot as maatskaplik genesend gesien kan word en nie as voorkomend nie, is dit noodsaaklik om die aandag toe te spits op die gemeenskappe in die samelewing en die indiwidu so te betrek dat hy volgens behoefte en vermoë volkome uitlewing sal vind. Onorevole beklemtoon die belangrikheid van die indiwidu as volg "Nothing remains of the state, nothing of the community, if the individual is lost sight of....."[3].

---

1. Hendriks, G.: Community organisation: A collection of readings on social planning and community organization. Ministry of Social Work in the Netherlands 1964. p. 11.

2. Ibid.: p.5.

3. Onorevole, Fiorentino Sullo; Social work in a changing world: Its functions and responsibilities. Proceedings of the tenth international conference of social work. Rome 1961. p. 19.

In die studie van die samelewing word veral gelet op samelewingsverhoudinge. Hierdie verhoudinge is die uitvloeisel van groepe en groepverhoudinge wat beïnvloed word deur handeling en gebeurtenisse. Kennis van die samelewing is nodig om te kan uitwys hoe maatskaplike instellings aangepas kan word by veranderde omstandighede om sodoende deur maatskaplike aksie oplossings te vind vir blootgelegde maatskaplike behoeftes. Die uitwys van toestande wat verbeter kan word kry eers werklike betekenis wanneer aangetoon word hoe dit verbeter kan word en as daar tot werklike aksie oorgegaan word.

Dit is die taak van die Sosiologie om sodanige toestande uit te wys, "Sociology attempts to describe the facts in any given age concerning these matters, and to ascertain the conditions which produce these maladjustments"[1]..

Die aksie-taak is die verantwoordelikheid van die Maatskaplike Werk, "De socioloog gaat uit van de maatschappelijke werkelijkheid als object van onderzoek en studie, de maatschappelijke werker en de sociaal paedagoog willen deze maatschappelijke werklikheid helpen veranderen in de richting van een op grond van bepaalde normen, gevormd ideaal-beeld"[2].

Met sy akkumulatiewe kennis en metodes van ondersoek is die sosiale

---

1. Gillen, J.L. & Blackmar, F.W.: Outlines of sociology. p. 25 -26
2. Boer, J.: op. cit., p. 34.

wetenskappe, veral die sosiologie met sy kritiese ontleding, in staat om tekortkominge en behoeftes te identifiseer. Dit kan ook die wyse aandui waarop die gemeenskap tot aksie geaktiveer kan word om in hierdie leemtes te voorsien om sodoende probleme te voorkom. Met ander woorde, deur met die gemeenskap te werk word dit opgebou tot 'n aktiewe, strukturele, normatiewe en doelgerigte gemeenskap. In hierdie verband sê Fink, Wilson en Conover "the community is the client of the community organization worker rather than the individual or group" [1]. Boer laat haar soos volg hieroor uit: "Bij deze ..... benaderingswijze manifesteert zich de sameleving zelve als het ware als 'object', waaraan gewerkt kan worden" [2].

Die uitdrukking maatskaplike werk dui die prosesse aan in hulpverlening aan persone wat as gevolg van onvermoë in probleemsituasies beland het, en dat hierdie hulpverlening doelbewus gebaseer moet wees op 'n maatskaplike benadering, en beoefen moet word deur persone wat daarvoor opgelei is [3].

---

1. Fink, A.E., Wilson, E.E. & Conover, M.B. : The field of social work. (Third ed.) p. 564.

2. Boer, J. : op. cit., p. 14.

3. Vgl. ook die definisie deur Fairchild, H.P. : Dictionary of sociology; Kamphuis, M. : Vaart en tucht. p. 7 - 19; "Wat is maatschappelijk werk", Tijdschrift voor maatschappelijk werk, p. 113; en
Van Loon, P.C.J. : Doelmatigheid van het maatschappelijk werk. p. 5 - 20, sowel as ander skrywers oor maatskaplike werk.

Hierdie prosesse in maatskaplike werk het uitgekristalliseer in drie metodes naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapsorganisasie. Elk een het sy eie gespesialiseerde terrein dog die een vul die ander een aan. "The case work and group work are by no means alternative to the community organization; on the contrary, they enable the client to prepare himself for effective collaboration in the community. Group techniques enable us to resolve or to treat the collective aspects of the individual problem. Group work enables its clients to participate effectively in the social process..... group work is therefore an essential instrument for preparing individuals and groups to accept the changes involved in development"[1]. Die mees algemene en bekende metode in die maatskaplike werk is die gevallewerkmetode, wat die eerste beoefen was, en wat met verloop van tyd wetenskaplik gefundeerd geraak het.

Groepwerk as metode in maatskaplike werk volg eers baie later en volgens Botha[2] is groepwerk in Suid-Afrika nog baie jonk en moet dit nog uitgebou word. Dit is nie die doel van hierdie studie om die metodes gevallewerk en groepwerk te omskryf nie, trouens dit is reeds deur verskillende outoriteite, ook hier te lande, duidelik omskrywe en word reeds doelbewus beoefen.

---

1. "Method and technique in social work". International social work, p. 41.

2. Botha, D. : Groepwerk in inrigtings. p.20.

Die gemeenskapsorganisasieprosesse, wat as metode in maatskaplike werk saam met die gevallewerk en groepwerk ontwikkel het, moet egter in die beoefening van maatskaplike werk geïdentifiseer en gesistematiseer word. "'n Departement van maatskaplike werk, soos hierdie (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), het reeds van die begin af belangrike gemeenskaporganisasiewerk gedoen, ofskoon dit nie altyd so gesien is nie. Deurgaans waar mense maatskaplike werk gedoen het, het hulle in 'n groot mate gemeenskapsorganisasie beoefen"[1].

Gemeenskapsorganisasie word in veral die Amerikaanse vakliteratuur sterk beklemtoon en dit is duidelik dat die Amerikaners reeds hierdie proses gesistematiseer het. Volgens Boer blyk dit dat die Amerikaners eerste hierdie metode doelbewus begin toepas het. "In Amerika is men er op verschillende terreinen zoals maatschappelijk werk ..... toe overgegaan het 'Community Organization' -proces bewust in te zetten en te hanteren .... In de kringen van het maatschappelijk werk in Amerika heeft men het 'Community organization'-proces tot onderwerp van methodologische studie gemaakt door zich af te vragen: hoe moet dit proces gehanteerd worden om tot gewenste resultaten te leiden" [2].

Dat van gemeenskapsorganisasie as doelbewuste toegepaste metodiek in Suid-Afrika nog nie veel tereg gekom het nie, word beklemtoon deur Brümmer, as hy beweer "Gemeenskapsorganisasie in 'n ander metode wat in hierdie land nog baie min toegepas word. Dit is nodig dat die staat en die partikuliere organisasies die veld sal verken ten

---

1. Theron, Erika : op cit.

2. Boer, J. : op. cit., p. 79

einde te bepaal waar die verskillende metodes wyer toepassing kan vind sodat dienslewering effektiewer gemaak kan word. Die besondere aard van ons maatskaplike werk moet egter ook daarby in gedagte gehou word"[1].

Hierdie siening word ook beklemtoon deur Stulting met die stelling dat "Ons staan in Suid-Afrika nog grotendeels op die vooraand van die gebruikmaking en die toepassing van hierdie metode (Gemeenskapsorganisasie) in hierdie land met sy eie omstandighede, eie lewensbeskouings en waardesisteme. Dit word erken dat Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk nog nie die ontwikkeling bereik het wat die gevallestudiemetode, en in 'n mindere mate, die groepwerkmetode kenmerk nie, maar dit is nog heeltemal geen nuwe metode nie en in die jongste tye is daar 'n sterk en toenemende belangstelling daarvoor"[2].

Hierdie siening van Brümmer en Stulting word verder bevestig deur prof. Erika Theron se bewering (p.1) dat maatskaplike werkers besig is met gemeenskapsorganisasie, dog dit nie besef nie, omdat dit nog nie as sulks gesistematiseer is nie, en steeds in die agtergrond versluier bly.

Hoewel volgens Brümmer en Stulting gemeenskapsorganisasie as metode in die maatskaplike werk nog baie min toegepas word, is dit soos later aangedui sal word duidelik dat die proses van gemeenskapsorganisasie reeds vir 'n geruime tyd aan die gang is.

---

1. Dr. Brümmer, Felix: "Die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief in die professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika": Professionele maatskaplike werk. p. 49.

2. Stulting : op. cit., p. 13.

Die probleem kan nou samevattend as volg gestel word: (i) Daar is min duidelikheid oor die begrip gemeenskapsorganisasie, nie net in die algemeen nie, maar ook maatskaplike werkers in diens van die Staat en welsynsorganisasies is nie bewus wat dit behels nie en beoefen gemeenskapsorganisasie sonder om daarvan bewus te wees; (ii) Daar is ook onduidelikheid oor wie dit moet beoefen, hoe, waar, wanneer en waarom dit beoefen moet word. In Suid-Afrika is daar nog nie doelgerigte akademiese opleiding in gemeenskapsorganisasie nie; (iii) Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika het tot gevolg 'n konsentrasie van mense in nywerheidsgebiede en die groot stede, intrekkers in hierdie gebiede en immigrante ondervind aanpassingsprobleme; nuwe gemeenskappe ontstaan, hervestiging van gesinne weens slumopruiming en in behuisingskemas vind plaas sonder om die maatskaplike behoeftes van hierdie mense in aanmerking te neem. Maatskaplike probleme van groot omvang ontstaan - dit lei tot wanaanpassing van die individue en groepe - en kan nie deur die gevallewerk- of groepwerkmetodes die hoof gebied word nie.

B. Die probleemstelling van hierdie ondersoek

Uit die voorgaande inleiding is daar enkele feite genoem om aan te toon dat daar beslis onduidelikheid bestaan nie net oor die begrip gemeenskapsorganisasie nie, maar ook met betrekking tot sulke belangrike aspekte soos, onder meer, beplanning en organisasie met die integrale faset van verantwoordelikheid, en verder ook wat die posisie, rol en taak van die Maatskaplike Werk in die opset van Gemeenskapsorganisasie in die algemeen, en in die besonder in die Republiek van Suid-Afrika is. Dit is juis hierdie onduidelikhede wat die behoefte aan Gemeenskapsorganisasie in ons land onderstreep.

Teen voorgaande agtergrond is die probleemstelling van hierdie navorsing om aan te toon:

. hoedanig 'n ontleding van sekere kernbegrippe en 'n kort historiese oorsig van die opkoms van Gemeenskapsorganisasie in enkele oorsese lande en in die Republiek van Suid-Afrika is, met die bydraes van verskillende instansies wat uitloop in doelgerigte gemeenskapsorganisasie. Hiermee word beoog om die belangrikheid van hierdie metode vir die praktyk, doel, rol en taak van die maatskaplike werker in gemeenskapsorganisasie aan te toon;

. hoedanig die doel en taak van sekere instollings, rade en ondernemings is, asook veral wat die aard van die verskillende staatsdepartemente se welsynsaktiwiteite en verantwoordelikhede is, en hoedanig hierdie bydraes is wat gekoördineer word deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene deur middel van sy strukturele hulpmiddels; en

. hoedanig die voorgenome gegewens bydra tot 'n verreiking van, en resulteer in die doel en taak van Gemeenskapsorganisasie.

. In 'n slothoofstuk word aangetoon wat die bevindings is met betrekking tot die voortreflikhede maar ook die leemtes wat voorkom en hoe laasgenoemde verbeter kan word met voorgestelde riglyne vir die toekoms as aanbevelings vir die praktyk van die doel en taak van Gemeenskapsorganisasie soos beoefen deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

C. Die metodes van ondersoek

By die versameling van gegewens is hoofsaaklik gebruik gemaak van literatuurstudie, die sosiaal-historiese metode, die begrypende me-

tode, onderhoudvoering en sintese. Die genoemde metodes word gebruik om die gegewens vir die probleemstelling sistematies te deurdink, en dit dan in die opeenvolgende hoofstukke as 'n logiese geheel te beskryf en uit een te sit. Hierdie metodes behels onder meer in breë trek die volgende:

1. Literatuurstudie

By die afbakening van die veld van ondersoek deur die probleemstelling, moet die navorser in die studie van die bestaande literatuur hom deeglik oriënteer en dus selektief te werk gaan. Oorsese literatuur oor gemeenskapsorganisasie kon maklik bekom word, terwyl literatuur hieroor in Suid-Afrika grotendeels beperk is tot enkele bronne soos byvoorbeeld die werk van Stulting en mej. Van der Walt, en enkele artikels of verwysings na gemeenskapsorganisasie en die interpretasie daarvan in bv. jaarverslae van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, ander Staatsdepartemente, jaar- en ander verslae oor kongresse en konferensies, notules van organisasies en rade, ens. In hierdie ondersoek word in besonder verwys na die volgende skrywers: Dunham, Harper en Dunham, Green, MacMillen, Hillman en Boer[1)] sowel as verskeie ander werke wat oor gemeenskapsorganisasie handel.

2. Sosiaal-historiese metode

Die feitemateriaal van die hede moet noodwendig aangevul word deur gegewens van die verlede waarop dit gebou is, om meer lig te werp op maatskaplike toestande, tendense, neigings en rigtings. Vol-

---

1. Dunham, A.: Community organisation: Principles and practice,
Harper, E. & Dunham, A.: Community organization in action;
Green, Helen: Social work practice in community organization;
MacMillen, W.: Community organization for social welfare;
Hillman, A.: Community organization and planning; en
Boer, J.: Maatschappelijk opbouw werk.

gens Lundberg "all the raw material of natural science is historical, i.e. it represents events which have taken place in the past. From the standpoint of verification, corroboration, and objectivity of statement, their usefulness varies greatly according to the remoteness of their occurrence, the accuracy with which they are observed and the form in which they are recorded"[1]. Sonder die historiese perspektief sal aspekte van gemeenskapsorganisasie moeilik sinvol ontleed, verklaar en verstaanbaar uiteengesit kan word.

3. Die begrypende metode en onderhoudvoering

Dit het duidelik geword dat blote literatuurstudie nie aan die vereistes vir versameling van gegewens sal voldoen nie, tensy dit aangevul word met persoonlike onderhoude met die betrokkenes. Hierdeur is dit moontlik om die optrede, reaksie en handelswyse van mense betekenisvol te verklaar, gedagtig daaraan dat objektiwiteit 'n uiters belangrike rol speel.

In hierdie verband en ter aanvulling van die genoemde metodes het die navorser 'n wye ervaringskennis opgedoen in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in verskillende kapasiteite, wat onder meer ook oorsese navorsing oor gemeenskapsorganisasie insluit[2]. Hierdie studie het onder meer die weg gebaan om 'n tersaaklike vergelyking te maak. (In latere hoofstukke word aandag hieraan gegee.)

---

1. Lundberg, George A.: Social research. A study in methods of gathering data. p. 117.

2. Gemeenskapsorganisasie in Finland en Denemarke en spesifieke praktiese toepassing in Noorweë, Nederland en Engeland. Bylae A dui die aard van hierdie navorsing aan.

4. <u>Sintese</u>

Dit is die plig van 'n navorser om tot 'n sintese van die reeds bestaande en beskikbare kennis van sy ondersoek te kom.

Teen hierdie agtergrond word die stof soos volg in hoofstukke ingedeel:

Deel I handel oor <u>Die probleemstelling van hierdie ondersoek, die en die betekenis van Gemeenskapsorganisasie.</u>

Hoofstuk 1 bevat die inleiding, onduidelikheid oor en noodsaaklikheid van Gemeenskapsorganisasie met die probleemstelling en metodes van ondersoek.

Hoofstuk 2 handel oor 'n ontleding van kernbegrippe met samevattende definisies van Gemeenskapsorganisasie en Gemeenskapsontwikkeling en hulle konnotasies met maatskaplike werk.

Hoofstuk 3 bevat 'n kort historiese oorsig van Gemeenskapsorganisasie in die Verenigde State van Amerika en Engeland, gevolg deur die ontwikkeling hiervan in die Republiek van Suid-Afrika.

Deel II handel oor <u>Die beoefening van georganiseerde en doelgerigte Gemeenskapsorganisasie in die algemeen en spesifiek in Suid-Afrika.</u>

Hoofstuk 4 behandel die toenemende belangrikheid en doel van Gemeenskapsorganisasie as metode in die Maatskaplike Werk.

Hoofstuk 5 behandel die doel en praktyk van Gemeenskapsorganisasie ten opsigte van programmering; koördinasie en integrasie; opvoeding; finansiering en strukturele hulpmiddels.

Hoofstuk 6 behandel die rol en taak van die maatskaplike werker in Gemeenskapsorganisasie.

Hoofstuk 7 behandel die instellings wat bydra tot die einddoel van Gemeenskapsorganisasie.

Hoofstuk 8 behandel die doel en aandeel van staatsdepartemente met welsynsaktiwiteite wat betrokke is by Gemeenskapsorganisasie.

Hoofstuk 9 behandel die doel en taak van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Hoofstuk 10 behandel die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en die doel en taak van Gemeenskapsorganisasie.

Deel III Hoofstuk 11 handel oor <u>Bevindings en enkele riglyne vir die doel en taak van Gemeenskaporganisasie in die toekoms</u>.

# HOOFSTUK 2

## 'N ONTLEDING VAN DIE VERSKILLENDE FASETTE VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE IN DIE ALGEMEEN

### A. Ontleding van kernbegrippe

#### 1. Inleiding

Nadat hierbo op sekere onduidelikhede gewys, die probleemstelling en die metodes van navorsing uiteengesit is, moet in hierdie hoofstuk vooraf duidelikheid verkry word oor sekere begrippe in verband met Gemeenskapsorganisasie.

#### 2. Welsynswerk

Welsynswerk, wat ook met die begrippe welsynsdiens en maatskaplike sorg vereenselwig word, word dikwels verwar met die begrip maatskaplike werk en daarom is dit nodig dat hierdie begrippe duidelik omskryf moet word.

Hoewel maatskaplike werk in Suid-Afrika statutêr omskryf is, is dit noodsaaklik dat hierdie begrippe in hul sosiologiese verband omskryw word en aldus met mekaar in verband gebring word.

Dunham beskrywe welsynswerk as: "organized activities for the promotion of social wellbeing through helping people to meet needs in such areas as family and child life, health, social adjustment, leizure time, standards of living, and social relationships"[1).
Walter Friedlander 2) omskryf dit as georganiseerde sisteem van

---

1. Dunham, A.: op. cit., p. 5.
2. Friedlander, Walter A.: Introduction to social welfare. p. 4.

maatskaplike dienste en instellings waardeur persone en groepe gehelp word tot bevredigende lewenstandaarde en gesondheid. Dit beoog persoonlike en maatskaplike verhoudinge waardeur die mens, volgens vermoë, tot volle ontwikkeling kom en die bevordering van sy algemene welsyn in harmonie met die behoeftes van die gemeenskap gebring word. Hy wys daarop dat Harry Cassidy welsynswerk uitsonder as: "those organized activities that are primarily and directly concerned with the conservation, the protection, and the improvement of human resources"[1]. Welsynswerk word deur Coetzee aangedui as: "al daardie aktiwiteite, hetsy voorkomend, genesend, noodlenigend, rehabiliterend en nasorgend, wat gerig is op die bereiking van die hoogsmoontlike selfstandigheid en natuurlike behoeftebevrediging van elke lid van die samelewing en die beswil van die gemeenskap as sodanig - met ander woorde ook woningsvoorsiening, inrigtingsorg, ens."[2] Van Zyl praat van <u>maatskaplike sorg</u> en omskryf dit soos volg: "Maatskaplike sorg dek die hele terrein van die gemeenskapslewe en bestaan uit maatreëls wat getref en fasiliteite wat daar gestel word om die maatskaplike lewe gesond en sterk te maak en dit so te hou. Dit sluit dinge soos gesondheidsorg, werkverskaffing, woningvoorsiening, onderwys, ens. in"[3].

Op die Dertiende Internasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk word die volgende omskrywing van welsynswerk aanvaar: "Social Wel-

---

1. Friedlander: op. cit., p. 4.

2. Pieterse, J.E.: "Groepwerk as metode in die maatskaplike werk": Professionele maatskaplike werk. p. 140.

3. Pieterse: op. cit., p. 140.

fare is characterized by organized effort, through a range of programs, services, and agencies under governmental and voluntary auspices, to promote social well-being and to prevent or alleviate social disfunction"[1].

Volgens hierdie en ander omskrywings van welsynswerk is dit duidelik dat dit die alles omvattende en oorkoepelende begrip is wat daardie georganiseerde dienste en doelstellings aandui wat die algemene welsyn van die mens beoog, afgesien van hoe, waar, en deur wie hierdie dienste gelewer word, en behels eintlik die totale begrip van 'menswees' met voorsiening in sy alles insluitende behoeftes soos onder andere maatskaplike hulp, voeding, kleding, huisvesting, mediese dienste, opvoeding en opvoedkundige dienste, geestelike (godsdiens) en kulturele uitlewing, ontspanning, ens.

Welsynsdienste het dus te make met individue, groepe, gemeenskappe en groter bevolkingseenhede. Die dienste behels op georganiseerde en beplande basis versorging, behandeling en voorkoming met die doel "to afford to the individual the highest degree of freedom of thought and action commensurate with the like priviledges in his fellows, which holds out to him an equal opportunity (volgens sy vermoë) to secure for himself and his dependents the advantages of place, property and power conducive to his happiness, his contentment and the necessities of his existence; and yet which affords to society collectively the continuing opportunity to live at peace, functioning as the fountain of authority from which flow the means for attaining this welfare ideal"[2].

---

1. Urban development - its implications for social welfare. Report by the pre-conference working party to the thirteenth international conference of social work, 1966. p. 20.

2. Kelso, R.: The science of public welfare. p. 405.

In hierdie alles omvattende diens (welsynswerk) vind De Jongh drie faktore wat die aard en omvang van die probleme en/of behoeftes wat gehanteer en dienste wat gelewer moet word sal bepaal, naamlik:
"(a) The social reality of a country and its needs;
(b) The philosophy of that nation, its awareness of the needs, its value system, according to which it feels itself responsible for doing something about those needs;
(c) The social resources of that country including the human resources in terms of the citizens awareness of responsibilities for each other"[1].

Opsommend kan dit dus gestel word dat welsynsdienste ŉ georganiseerde aangeleentheid is van alle mense, vir alle mense wat deur organisasies onderneem word in antwoord op behoeftes hetsy van die persoon, groep gemeenskap of bevolkingsgroep. Die uiteenlopende aard van behoeftes hetsy behuising, voeding, bejaardesorg, kindersorg, alkoholisme, ens., bring mee dat dit ŉ gespesialiseerde, uitgebreide en duur funksionele - geografiese diens is wat óf direk óf indirek gelewer word.

3. Maatskaplike werk

Uit hierdie voorgenoemde doelstellings en gepaardgaande dienste "social work emerges as an enabling or helping activity which takes the form of services to individuals, groups and communities. Frequent reference has been made, in this connection, to professional social work methods, such as casework, groupwork and community organisation"[2].

1. De Jongh, J.F.: "The function of social work": social work in a changing world: its functions and responsibilities. Proceedings of the tenth international congress of social work, Rome 1961. p. 55.

2. Urban development: op. cit., p. 20. (Let wel skrywer onderstreep).

Dunham omskrywe maatskaplike werk as volg: "whether the emphasis is on individual or group activities, modern social work may be described as a professional service to people for the purpose of assisting them, as individuals or in groups, to attain satisfying relationships and standards of life in accordance with their particular wishes and capacities and in harmony with those of the community"[1].

Volgens Van Dam is: "Maatschappelijk werk het systematische en methodische helpen door deskundigen dat het bewerkstelligen en bevorderen van de maatschappelijke aanpassing - in onderlinge wederkerigheid - van personen, kleinere groepen en instituties bedoelt"[2].

Friedlander sê: "Social Work is a professional service, based upon scientific knowledge and skill in human relations, which assists individuals alone or in groups, to obtain social and personal satisfaction and independence"[3]. Verder stel hy dit dat "Social Work is both a science and an art and is carried on in its practical application in six different forms, which are all based upon a common core of knowledge and skill which we call 'generic social work'. The six processes of social work are:

1. Social case work; 2. Social group work; 3. Community organisation; 4. Social welfare administration; 5. Social welfare research; and 6. Social action (the organised group process solving

---

1. Dunham, A.: op. cit., p. 5. (Let wel skrywer onderstreep).

2. Soos aangehaal deur dr. Van Roosmalen, H.P.A.: "De funksie van het maatschappelijk werk in onze hedendaagse maatskappij". Maatschappelijk werk onder redaksie van dr. Broekman, J.M. p. 253. (Let wel skrywer onderstreep).

3. Friedlander, W.A.: op. cit., p. 4. (Let wel skrywer onderstreep.)

general social problems and furthering social welfare objectives by legislative, social, health, or economic progress)"[1].

Aan die hand van hierdie outoriteite is dit duidelik dat maatskaplike werk as 'n integrerende deel van welsynswerk sig onderskei, eerstens deur deskundigheid wat daarop dui dat dit 'n besondere vakkundige en professionele diens is waarvoor 'n deeglike teoretiese en praktiese skoling vereis word; en tweedens is dit duidelik dat die plek wat maatskaplike werk in welsynswerk inneem bepaal word deur die kennisgeheel, onderliggende beginsels en doelstellings van die beroep wat deurgaans deskundige hulpverlening tot gesonde aanpassing sterk beklemtoon.

Die vakkundigheid as vereiste by maatskaplike werk word deur mej. Bakker[2] sterk na vore gebring waar sy verwys na diegene wat voorgee dat hulle wel maatskaplike werk beoefen maar sonder die erkende opleiding "nog niet self tot maatschappelijk werker gevorden".

Die doel van die vakkundige hulpverlening is gerig op die aanpassing van die persoon en groep tot die gemeenskap, terwyl die funksie daarvan is om die mens met sy aanpassing aan sy omgewing of maatskaplike struktuur waarin hy hom bevind, te help. Hierdie hulpverlening werk in twee rigtings: aan die eenkant word die persoon gehelp om aanpassing te vind terwyl aan die anderkant deur omgewings- of gemeenskaps-

---

1. Friedlander: op. cit., p. 5-6.

2. Bakker, Dr. J.K.: "Opleidingsproblemen": Helpen als ambacht. Kamphuis en ander. (tweede druk). p. 271.

manupilasie dit moontlik gemaak word vir die persoon om aanpassing te vind. Die mens as sosiale wese vind uiting vir sy gevoelslewe onder meer veral in die godsdienstige en kulturele sy van die samelewing. Daarsonder word hy blootgestel aan aanpassingsprobleme. Hier kan slegs verwys word na die aanpassingsprobleme van die immigrant by vir hom ŉ volksvreemde land en kultuur wat verder bemoeilik word as dit ook "kerk"-vreemd is.

Dit is dan ŉ leemte wat by hierdie definisies gevind word naamlik, die verswyging van veral die aanpassing binne kerk- en kultuurverband. Met die Amerikaanse integrasiebeleid is dit verstaanbaar dat hierdie essensiële aspek doelbewus verswyg sal word, terwyl die kulturele aspek sig nie so sterk na vore opdring in ŉ land soos Nederland nie. In die veelrassige Republiek van Suid-Afrika is dit egter ŉ aspek waarmee deeglik rekening gehou moet word en waarvoor in ŉ eie definisie voor voorsiening gemaak sal moet word.[1)]

Hierdie aspek kom veral sterk na vore waar by aanpassing, ook die verhoudings-element ingedagte gehou word. Dit is die wedersydse verhouding tussen die persoon en die omgewing en gemeenskap gedag-

---

1. Suid-Afrikaanse wetgewing is so opgestel dat dit ewe van toepassing is op die verskillende rasse, tensy spesifiek anders vermeld word In die Kinderwet, 1960, word by Artikel 35 (2) bepaal dat "die geloofsverband, kultuurverband en etniese groepering van die kind" in ag geneem moet word by die plasing van sodanige kind in substituut sorg. In gekonsolideerde omsendbrief nr. 25 uitgereik deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene word bepaal dat, met die inskakeling van ŉ geval of ŉ gesin by ŉ welsynsorganisasie, die vryheid van die individu, sowel as sy kerk- en kultuurverband en faktore soos ras, geslag, probleem, ens., in aanmerking geneem moet word.

tig daaraan dat die vryheid, die demokratiese reg, van die mens tot eie denke en selfbeskikking nie aangetas behoort te word nie. Dus daar moet by die mens 'n omgewings-, 'n gemeenskapsgebondenheid en belewenis wees wat vir hom sinvol kan en sal wees.

Vir die doel van hierdie navorsing verkies navorser die samevattende omskrywing van Theron oor maatskaplike werk waar hy dit as volg stel: "'n metodiese beïnvloeding van die rangorde van waardes van medemense (helpende handeling); binne 'n organisasie wat maatskaplike werk onderneem (welsynsorganisasie); gedelegeer en gedra deur en tot voordeel van 'n volk of gemeenskap; gegrondves of sowel mens- en lewensvisies (waardesgrondslag) as 'n sisteem van kennis oor die fenomeen maatskaplike hulpbetoon en alles wat daarmee saamhang (wetenskapsgrondslag); verrig met die doel om diegene van wie die maatskaplike funksionering so problematies is dat hulle self of die gemeenskap daardeur bedreig voel (kliënte) te laat vorder op hulle wordingsweg (selfverwesentliking) en hulle dus maatskaplik beter sal laat funksioneer. Hierdie hulpaksie kan verrig word met die mens in nood self in die een-tot-een-verhouding of in die groepsopset of dit kan via die gemeenskap verrig word. Maatskaplike werk konsentreer in die beïnvloedingsproses op die psigo-sosiale"[1].

Dit is ook nodig om daarop te wys dat maatskaplike werk statutêr as volg omskrywe word:

---

1. Theron, J.S.: Die begrip maatskaplike werk met besonder aandag aan mens- en lewensbeskouing. p. 171-172.

"(a) Individuele behandeling (gevallewerk) as wyse of vorm van maatskaplike hulpbetoon;

(b) groepwerk as wyse of vorm van maatskaplike hulpbetoon;

(c) gemeenskapsorganisasie ter bevordering van maatskaplike hulpbetoon;

(d) die administrasie van enige van of al die bedrywighede in paragraaf (a) of (b) bedoel;

(e) navorsing in verband met enige van of al die werksaamhede in paragraaf (a), (b), (c) en (d) bedoel;

(f) beroepsopleiding vir die behartiging van enige van of al die bedrywighede in paragraaf (a), (b), (c), (d) en (e) bedoel"[1].

Suid-Afrika is dan ook sover vasgestel kon word die enigste land ter wêreld waar die begrip "maatskaplike werk" statutêr omskrywe is. Ook die beroep maatskaplike werk word deur die wet beskerm deur die bepalings: dat niemand hom as ŉ "geregistreerde maatskaplike werker" mag voordoen tensy hy aldus geregistreer is nie[2]; dat na verloop van ŉ vermelde tydperk slegs ŉ "geregistreerde maatskaplike werker" as "vakkundige beampte (welsyn)" aangestel mag word"[3] en dat bydraes deur die Staat tot die besoldiging van slegs ŉ "geregistreerde maatskaplike werker" in diens van ŉ welsynsorganisasie gemaak kan word[4].

---

1. Wet 79 van 1965. Artikel 1(vii).
2. Ibid. Artikel 37 en 1(viii).
3. Ibid. Artikel 38.
4. Ibid. Artikel 39.

Genoemde artikel bepaal onder andere verder dat: "enige persoon wat die voorgeskrewe kwalifikasies besit, kan op die voorgeskrewe wyse by die Raad om registrasie as 'n maatskaplike werker aansoek doen, en die Raad kan so 'n persoon wat die voorgeskrewe besonderhede verstrek het aldus registreer"[1].

Die "voorgeskrewe kwalifikasies" word in die Regulasies, uitgevaardig ingevolge Artikel 42(1)(b)(ii), vervat.

Die vereistes vir registrasie is kortliks dat die persoon 'n Universiteitsgraad of Diploma in die Republiek behaal met Maatskaplike Werk as hoofvak en óf Sosiologie óf Sielkunde óf Kriminologie as ander hoofvak; of opleiding in maatskaplike werk in die Republiek voltooi het en na oordeel van die Kommissie vir registrasie kwalifiseer, of voor die inwerkingtreding van die Wet vir minstens 10 jaar in die Republiek praktiese maatskaplike werk soos omskrywe, gedoen het, en minstens in die matrikulasie of gelykwaardige eksamen geslaag het, of voor die inwerkingtreding van die Wet vir minstens 5 jaar maatskaplike werk as vak aan 'n erkende opleidingsinrigting in die Republiek doseer het.

## 4. Gemeenskap

By die bestudering van gemeenskapsorganisasie, gemeenskapsbeplanning, gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapswerk is dit nodig dat 'n helder en duidelike beeld verkry word wat deur die begrip 'gemeenskap' bedoel word. Skrywers beklemtoon in die gemeenskap daardie aspek wat vir hulle besondere doel die belangrikste is[2].

---

1. Wet 79 van 1965. Artikel 33(1).
2. Vgl. Fink, Wilson & Conover: The field of social work. p. 555.

Die geografiese aspek is byvoorbeeld die duidelik omlynde en identifiseerbare fisiese gebied. Sodanige omlyning kan wees deur natuurlike grense soos berge, riviere, see, ens., of ander grense wat omskrywe is en die gebied duidelik identifiseer om sodoende 'n buurt dorp, stad, streek of selfs 'n wyer gebied duidelik aan te dui, wat ook die geografiese verspreiding van instellings en sosiale groepe insluit[1].

Vervolgens word die menslike aspek in die gebied beklemtoon, sy funksionering, interaksie, belange, doelstellings, en gekoördineerde optrede om daardie doelstellings te verwesenlik. Die onderlinge menslike verhoudings in 'n geordende maatskaplike struktuur is hier van belang. Volgens Gillen en Blackmar beskou Queen bv. 'n gemeenskap as 'n plaaslike groepering van mense met 'n aantal aktuele belange en aktiwiteite. Na analogie van hierdie omskrywing en met die klem op die gemeenskaplike belange en aktiwiteite kom Gillen en Blackmar tot die slotsom dat "a community is a group of people living within such an area that they may share common interests and activities to such a degree that they are partners in the enterprise they undertake toegether"[2].

Hierdie omskrywing van gemeenskap is egter nie omvattend genoeg om die totaliteit van beide fisiese en maatskaplike aspekte van die gemeenskap en gemeenskapslewe in te sluit nie.

In menslike gemeenskappe is daar prosesse in werking en 'n ver-

---

1. Park & Burgess: Introduction to the science of sociology. p. 161.
2. Gillen & Blackmar: Op. cit., p. 17.

skeidenheid van aspekte waarmee rekening gehou moet word en wat die besondere gemeenskap as sulks identifiseer en onderskei. Daar is bv. aspekte soos 'n ekonomiese basis wat gebaseer is op die beginsel van mededinging wat op sy beurt weer 'n kommunikasie stelsel uitbou, "Men live in a community by virtue of the things they have in common. What they must have in common in order to form a community or society are aims, beliefs, aspirations, knowledge, - a common understanding - like mindedness as the sociologists say .... The communication which insures participation in a common understanding is one which secures similar emotional and intellectual dispositions - like ways of responding to expectations and requirements"[1]. Hiernaas moet melding gemaak word van onderlinge gemeenskaplike idees en houdings van groepe soos vriende, lede en andere wat deelneem aan die aktiwiteite, en hulle dus vereenselwig met die doelstellings van organisasies en ander instellings, instansies, godsdienstige oortuigings, ens. Hoewel hierdie groepe nie as gemeenskappe geidentifiseer kan word nie, bevind hulle hulle dikwels binne onderskeidende geografiese omlynde gebiede. Dit bring dan mee dat soms na sekere minderheidsgroepe met eie godsdienstige oortuigings en kulturele uitlewings verwys word as gemeenskappe - bv. konsentrasie van immigrante in 'n stad waar gepraat word van die 'Grieks gemeenskap', ens.
Aan die ander kant kan dit egter ook sekere funksionele groepe

---

1. Dewey, J.: Democracy and education. p. 5. (Let wel skrywer onderstreep).

aandui, Dit is mense in 'n geografiese geheel met gemeenskaplike belangstellings, doelstellings en funksies wat vir hulle so belangrik is dat dit 'n gemeenskaplike band beklemtoon wat hulle in 'n organisasie saamsnoer. Doeltreffende kommunikasiestelsels en middele bring hierdie groepe of organisasies in kontak met mekaar. Hierdie kontak kan daartoe lei dat sodanige groepe/organisasies vir die bevordering van doeltreffende funksionering besluit om nouer te skakel. Sodanige koördinasie en samesnoering van plaaslike tot nasionale vlak lei tot die vorming van provinsiale en/of nasionale organisasies bv. die Suid-Afrikaanse vroueverenigings op provinsiale vlak en die onderskeie nasionale rade van erkende welsynsorganisasies op nasionale vlak.

Hiernaas is daar egter ook die onderlinge verhoudingsaspek en interaksie tussen mense en tussen groepe wat hulle op 'n besondere wyse tot 'n eenheid bind. Die mens funksioneer immers binne groepsverband, "isolated he knows little, experiences little, and has little consciousness of his true existence"[1] en het dus sonder sy groep min betekenis. Die mens moet om tot volle ontwikkeling en ontplooiing te geraak, leer om ander mense te aanvaar en terselfdertyd aanvaarbaar op te tree, met ander woorde hy moet dink, voel en handel soos 'n sosiale wese volgens sy geskape aard as indiwidu en sosiale wese.

Hierdie groepe waarin die mens hom bevind in sy maatskaplike funksionering kan een of meer van 'n groot verskeidenheid wees, bv. 'n ge-

---

1. Gillen & Blackmar: Op cit., p. 383.

sinsgroep, 'n familie-groep, 'n godsdiensgroep, 'n vakunie, 'n professionele- of personeelvereniging of enige nie-staatlike groep.

Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat, voordat daar van 'n gemeenskap gepraat kan word, moet daar samewerkingsverhoudinge en interaksie tussen die mens en sy medemens, laasgenoemde met groepe, en die groepe onderling, wees. Blote teenwoordigheid van die mens met geen verwantskap, belange en doeleindes, is nie voldoende nie. Daar is baie sosiale prosesse werksaam in enige gemeenskap. Samewerking in 'n gemeenskap geskied deur middel van die gelykgerigte handelinge of aktiwiteite wat alle sosiale groepe volgens aard en soort uitbou en instand hou. "In return each institution tends to shape the conduct of its members."[1] Hierdie gedrag van mense bepaal weer wat die aard van sy verhoudinge tot sy medemens gaan wees in die verskillende groepe waarmee hy kontak het of waarin hy arbei. Hierdie sosiale proses is so eie aan die menslike natuur want "it is part of the societal functioning which cannot be avoided"[2] en in 'n gemeenskap is so iemand 'n "interacting member of the social order"[3].

Hierdie orde in 'n gemeenskap is 'n orde van saamwoon, saamlewe, saamarbei en saamgeniet in talle situasies wat onderhewig is aan ontwikkeling, vooruitgang (agteruitgang), verandering, ens., almal en

---

1. Murray, R.W.: Introductory sociology. 1946. p. 245.
2. Kinneman, J.A.: Society and education. 1932. p. 271.
3. Park, R.E.: An outline of the principles of sociology. p. 111.

alles onderhewig aan die uitleef en waarmaking van Godgegewe wette en norme. Dit beklemtoon dan ook die dinamika van 'n gemeenskap wat aanpassing moet vind aan veranderende omstandighede. In die hedendaagse dinamiese, gekompliseerde, en gedifferensieerde samelewing wat op die welsyn van almal ingestel is, werk die onegalige en snelle tempo van veranderings verwarrend in op die indiwidu[1]. Dit bring mee dat hy nie altyd aanpassing aan en inskakeling met die veranderingstempo kan volhou nie en hulpverlening van buite noodsaaklik word.

Omdat dit so belangrik is dat vir doeltreffende gemeenskapsorganisasie 'n duidelike begrip verkry sal word oor wat presies met die begrip gemeenskap bedoel word en hoedat doeltreffende kommunikasiemiddels verseker kan word, het Harper en Dunham[2] die verskeie definisies van gemeenskap in drie kategorië ingedeel te wete eerstens waar die klem val op die geografiese aspek, tweedens waar daar 'n ewe belangrike waarde geheg word aan beide die geografiese- en sosiale aspekte en derdens, waar die klem val op die gemeenskap as 'n maatskaplike homogene gebied gekenmerk deur groepinteraksie en wisselwerking. "This conception stresses consensus, identification, a common way of life, shared interests and values, and joint effort. The community is viewed as a selfcontained area possessing distinguising social characteristics which set it off from other areas"[3]. Hulle wys daarop dat die definisies van die derde groep weer in drie groepe

---

1. Vgl. hier Theron, J.S.: (p. 327-329) se diagram van menslike verhoudings en die uitwerking van die kragnetwerk op die "ek".

2. Harper & Dunham: Op cit., p. 23-27.

3. Ibid. p. 25.

uitkristaliseer nl. eerstens, die afwesigheid van geografiese omlyning, tweedens die aanvaarding dat die klein gemeenskap die behoud vorm van demokrasie, en derdens, die belang en dinamika van maatskaplike interaksie waarin die verskillende maatskaplike aspekte en onderlinge kontakte beklemtoon word.

Ook Young stem saam met die voorgaande uiteensetting van 'n gemeenskap[1] en, sonder om te herhaal, bevat die voorlopige Woordeboek vir Maatskaplike Werk grotendeels dieselfde begrippe[2]. Dat 'n gemeenskap struktuurfunksioneel benader word is vir die doel van hierdie navorsing die mees aanvaarbare omdat dit die mees omvattende is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat 'n omvattende kennis van 'n gemeenskap verkry moet word alvorens met gemeenskapsorganisasie begin kan word. Young noem 'n aantal aspekte[3] wat die nodige kennis in hierdie verband kan verskaf.

Met hierdie kennis van gemeenskap tot ons beskikking kan nou oorgegaan word tot die volgende begrip.

5. <u>Gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling</u>

<u>Inleiding</u> Gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling "duiden processen aan die onder zeer verschillende omstandigheden tot ontwikkeling gekomen zijn".[4] Albei verwys na soortgelyke begrippe

---

1. Young, P.V.: Scientific social surveys and research. (third ed.). p. 471.
2. Voorlopige vrystelling van die woordeboek vir maatskaplike werk.
3. Vgl. Young, P.V.: Op. cit., p. 446-523 vir volledige besonderhede; ook Hoefnagels, H.: De problemen van het menselijk samenleven. Hoofstukke X-XIII.
4. Boer, J.: op. cit., p. 44.

in verband met ontwikkeling deur plaaslike optrede. "The term community development is currently used mainly in relation to the rural areas of less developed countries, where major emphasis is placed upon activities for the improvement of the basic living conditions of the community, including the satisfaction of its non-material needs. The complimentary term 'community organization' is more often used in areas in which levels of living are relatively high and social services relatively well developed, but in which a greater degree of integration and community initiative is recognised as desirable. Both terms as well as the combined form 'community organization and development' refer to similar concepts of progress through local action"[1].

Histories het gemeenskapsontwikkeling ongeveer 25 jaar gelede sy beslag gekry toe 'n aantal projekte in Indië van stapel gestuur is om die ekonomiese ontwikkeling van sekere gemeenskappe te bevorder. Dit het egter spoedig duidelik geword dat hierdie ondernemings veel meer behels as kapitale belegging en die verskaffing van tegniese hulp en advies. Die onderliggende beginsel was en is nog dat die gemeenskap die noodsaaklikheid vir die veranderings en verbeterings self moet besef en begeer, en dus van die begin af sal meedoen in die beplanning en die uiteindelike uitvoering daarvan. Hendriks sien hierdie proses as: "This working method was then referred to as community organisation and that concept was combined with economic development to form community development"[2].

---

1. Harper and Dunham: Op. cit., p. 525.

2. Hendriks G.: "Community development in highly developed countries": social planning and community development. p. 16.

Die Studiekomitee van die Verenigde Volke Organisasie huldig min of meer dieselfde mening deur die volgende bevinding: "Community Organization is the process of creating, exploiting and co-ordinating social institutions, both formal and informal, for the purpose of Community Development. By social institutions are meant organisation concerned primarily with social welfare and adult education in the broadest sense.[1)]

Dat gemeenskapsontwikkeling vir sy suksesvolle toepassing afhanklik is van die hulp van gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk word deur Fasteau as volg uitgebeeld: "there is an important role in community development for social workers, particularly those trained in community organisation who have sharpened their skills in structuring communities and in identifying, developing, and mobilizing leadership to deal with felt needs of communities"[2)]

In beide gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling word dieselfde prosesse, tegnieke en metodes geidentifiseer en aangewend en tog word uitgegaan van die standpunt dat gemeenskapsorganisasie 'n normale proses in die samelewing is wat natuurlik ontstaan en ontwikkel. "Community organization is found wherever people have learned to live together. In simple societies it rests upon customs or traditional ways of regulating social relationships. These customs have come to be called folkways and mores. Mores change slowly, perhaps imperceptibly"[3)]. Hillman beskou hierdie traagheid tot verandering

---

1. Appendix II, 'A note on terminology', report of the European seminar on community development and social welfare in urban areas, United Nations, Geneva, 1959.

2. Fasteau, I.J.: "International social welfare: Social work yearbook, 1957. p. 13.

3. Hillman, A.: Community organization and planning. p. vii.

van die gedragspatrone wat die sedes van die samelewing aandui as 'n behoudende faktor waarmee rekening gehou moet word veral in die studie van die hedendaagse samelewing, en by name die moderne industriële en stedelike gebiede. Maar doelbewuste en beplande veranderings is 'n afwyking van die normale natuurlike proses en tradisionele organisasie van die gemeenskapslewe. Die metodes waarmee hierdie doelbewuste prosesse van verandering aan die gang gesit word, kan as maatskaplike beplanning en gemeenskapsontwikkeling, en waar van toepassing, as gemeenskapsorganisasie bestempel word.

Vermeulen gaan ook van die standpunt uit dat die gemeenskap normaal ontwikkel en self die inisiatief neem om op die regte momente tot aksie of hervorming oor te gaan. "Een kernpunt van het maatschappelijk opbouwwerk is dan ook terecht, dat het in eerste instansie niet meer wil doen dan het natuurlijke proces behulpsaam zijn. Deze hulp kan gevarieer van vorm zijn, maar moet hulp blijven en niet op een overnemen van het inisiatief en de leiding uitlopen"[1)]

Daar is ook die standpunt dat gemeenskapsorganisasie te make het met baie ander tipes van gemeenskapsondernemings wat geen of weinig verband met maatskaplike werk of maatskaplike probleme het nie "community organization in its simplest sense is concerned with meeting the needs of the individuals and groups that compose the community"[2)].

---

1. Vermeulen, A.P.: "De beroepskracht in het maatschappelijke opbouwwerk" in tijdschrift voor maatshappelijk werk. 16de jaargang nummer 22, 20 Oktober 1962. p 427.

2. Fink, A.E.: Wilson, E.E. en Conover, M.B.: The field of social work. p 547.

Kurtz weer huldig die mening dat "Community Organization is a process of human relations having wide application in many fields, of which social work is only one ...."[1]. Hy wys dan daarop dat die mens hom in 'n gemeenskap bevind waar sekere kontrolerende magte reeds werksaam en geldend is. Hierdie magte kom tot uiting in die denke en handelinge van persone in hul bevordering van sekere belangstellings, bv., wanneer 'n politikus probeer om deur die propagering van die doelstellings van sy party steun te verwerf; waar die kamer van koophandel trag om die besigheidslewe van die gemeenskap te bevorder deur die besigheidsektor in die besondere rigting te mobiliseer; 'n groep probeer om wetgewing te verkry om belastings te verminder, ens. "These efforts to affect the community pattern may all be regarded as illustrations, it seems to me, of the use of the community organization process outside the usually accepted boundaries of the field of social work. They differ in objective, .... but by broad definition they may be said to be generically related to the latter activities ...."[2].

Boer wys ook daarop dat van oudsher af die mense probeer het om die gemeenskap en die samelewing so te beïnvloed dat dit vir hom meer leefbaar sou wees. Waar die samelewing egter aan vinnige en ingrypende veranderinge blootgestel word "verandert het patroon van behoeften en voorzienigen, veranderen de tussen menselijke verhoudingen en

---

1. Kurtz, R.H.: "Bench marks of community organisation". Community organization in action: Harper and Dunham. p. 72.

2. Kurtz; Op cit., p. 72.

ontstaat de behoefte herscheppend aan de samenleving te gaan werken"[1].

Die vraag ontstaan tot watter mate hierdie prosesse wat veranderings ten goede vir die gemeenskap beoog, wel as gemeenskapsorganisasie of gemeenskapsontwikkeling vertolk moet word. Die verwarring word groter wanneer die Engelse literatuur betrek word. Histories het die begrip gemeenskapsorganisasie ontstaan met die sogenaamde "Charity Organization Movement" wat sy beslag in Engeland gekry het en deur Amerika oorgeneem is. Hierdie ontwikkeling in Suid-Afrika word in 'n volgende hoofstuk volledig behandel.

Groves[2] wys daarop dat gemeenskapswerk in Engeland nie nuut is nie, maar wel die belangstelling van mense wat op professionele vlak gemoeid is met welsynswerk en veral in die opleiding van personeel vir die doel.

Hiervolgens kan ook die aard van gemeenskapsontwikkeling getipeer word wat redelik onlangs in die ontwikkelingswerk van ontwikkelende of onderontwikkelde lande gedoen is.

Hedendaagse terminologie van "the use of the term 'community development' in the U.S. is rather new, for until recently it was common for all forms of community work there to be described as 'community organisation' which is the more widely used term"[3]

---

1. Boer, J.: Maatschappelijk Opbouwwerk. p. 15.
2. Groves, D.: "Community self-help groups": Case conference. (16), 4, August, 1969. p. 123.
3. Ibid. p. 123.

Groves verwys verder na die totstandkoming van groepe (organisasies) ter bevordering van eie- of gemeenskapsbelange bv. "tenants and residents associations, parent and teacher associations, alcoholics anonomous, mothers in action (ongehude moeders)" as gemeenskappe-- ontwikkelings. Omdat baie van hierdie groepe nie oor die nodige middele en kennis beskik nie, moet hulle hul dikwels wend tot bronne buite hulle eie kring in die verkryging van "expert advice and technical assistance"[1]. Dit is duidelik dat gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling vertolk word as begrippe wat dieselfde aktiwiteite en prosesse aandui en dat daar derhalwe geen verskil bestaan nie.

Owens weer sien die posisie in 'n ietwat ander lig[2] wat ook die uitsondering is[3]. Hierdie uitsondering deur middel van uitkyk en interpretasie word duidelik wanneer gelet word na die omskrywing van die Seebohm-verslag[4] oor gemeenskapsorganisasie waarin die term 'community organization' nêrens voorkom of gebruik word nie.

Nieteenstaande die voorgenoemde is die inhoud van gemeenskapsontwikkeling dieselfde as die begrip, proses en taak van gemeenskapsorganisasie. Dit word verder duidelik wanneer gelet word op die verantwoordelikhede wat in hierdie verband aan die verantwoordelike in-

---

1. Groves: Op cit., p. 125.

2. Owens, J.K.: "The Seebohm report and the future role of the voluntary bodies. Social service quarterly. Spring 1969. p. 134.

3. Owens, J.K. in 'n persoonlike onderhoud met skrywer. September 1968.

4. Report of the committee on local authority and allied personal social services. p. 148.

stansie toegesê word. "A clear responsibility then should be placed upon the social service department for developing conditions favourable to community identity and activity .... which affect the community environment"[1].

Omdat beide gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling te make het met die mens as aksiesentrum in die gemeenskap, hang die sukses van enige sodanige onderneming geheel en al af van die houding en beskawingspeil van diemense in die gemeenskap, hulle belangstelling en bereidwilligheid tot deelname en om op 'n demokratiese wyse betrek te word in besluite en in die aksieprogramme. Veranderings wat deur hierdie prosesse beoog word kan nooit net die suiwer ekonomiese aspek behels nie omdat "the structure of every society is a composite of economic, socio-psychological and political sub-structures. If the economic substructure is developing, the others change also necessarily."[2]

Froneman beklemtoon byvoorbeeld die noodsaaklikheid dat by 'n ontwikkelingsprogram en moontlikhede van elke streek die streekverenigings se funksie is om "hulp te verleen met die insameling en vertolking van inligting oor die streek sodat die moontlikhede en vraagstukke van die streek in perspektief gesien kan word. 'n Streeksontwikkelingsvereniging se belangrikste taak is egter om te help dat die streek homself help, want sonder plaaslike ondernemingsgees en deursettingsvermoë kan geen ontwikkeling met welslae plaasvind nie.

---

1. Report of the committee on local authority. op. cit., p. 149.
2. Van Loon, P.C.J.: "Priorities from the point of view of integral development strategy." p. 1.

Alvorens 'n streek se ontwikkeling beplan kan word, is dit nodig om deskundige inligting te hê, nie net oor die bodem en sy potensialiteite nie, maar ook oor sy ekonomiese en sosiale struktuur. 'n Analise en opname van hierdie struktuur sal wys tot hoe 'n mate die streek afwyk van die optimale standaarde vir 'n ekonomies- en sosiaal-gebalanseerde gemeenskap"[1].

Dat veranderings wat in die ekonomiese struktuur aangebring word die ander substrukture beinvloed en dus die samewerking van die mense in die betrokke gemeenskap verg, word verder beklemtoon deur onder andere Hendriks en Mulder.[2]

In die toepassingsproses van gemeenskapsontwikkeling kom die mens met sy maatskaplike funksionering so sterk op die voorgrond dat hy gebruik moet maak van die metodes en tegnieke van gemeenskapsorganisasie[3]. Laasgenoemde beoog ook die algemene ontwikkeling, dog met die verskil dat die ekonomiese einddoel sekondêr en ondergeskik gestel word aan die doeltreffende maatskaplike funksionering van die mens in die gemeenskap. Die verwarring in die begrippe ontstaan deurdat gemeenskapsontwikkeling doelbewus gebruik maak van gemeenskapsorganisasie om in sy doel te slaag, dog dat die proses,

---

1. Froneman, G.F.: Adjunk Minister van Beplanning by geleentheid van die opening van die kongres van die Noord Kaaplandse en aangrensende gebiede streeksontwikkelingsvereniging op 7 November 1968.

2. Vgl. Hendriks, G.: "Social planning in Netherlands development areas" en
Mulder, C.P.: Minister van Volkswelsyn en Pensioene in sy openingsrede tydens die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969.

3. "Method and technique in social work", brief report of a seminar, international social work. XII (3), 1969. p, 41.

metode en werksterrein van gemeenskapsorganisasie in gemeenskapsontwikkeling nie as sulks afgebaken word nie. Boer som die posisie dan soos volg op: "Wanneer het echter door middel van het 'community development'-proses lukt om dit oorspronkelijke initiatief van buitenaf tot activiteit van binnen uit te maken, bestaat er practish geen verschil meer met het 'community organization'-proces"[1].

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat beplanning en organisasie essensiële aspekte uitmaak van die hele proses van gemeenskapsorganisasie. Dit is derhalwe nodig dat ook oor hierdie begrippe meer helderheid verkry word voordat daar oorgegaan word tot die omskrywing van die terme gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling.

6. Maatskaplike beplanning en -organisasie

In die hedendaagse samelewing word veranderings as onvermydelik aanvaar en lei tot strukturele differensiasie en integrasie wat die beste deur die proses van gemeenskapsorganisasie gehanteer kan word. Hierdie maatskaplike vraagstukke, - probleme en -behoeftes verg beplanning op die welsynsterrein en kan alleen sinvol en suksesvol toegepas word indien dit gefundeer word op 'n duidelike welsynsbeleid.

Beplanning en organisasie vorm 'n integrerende deel van gemeenskapsorganisasie - die een vul nie net die ander aan nie, maar "planning may be broader in scope than the community, but its essentials can be illustrated by organized local action"[2]. Maatskaplike beplanning

1. Boer, J.: Maatschappelijk öpbouwwerk. p. 45.

2. Harper and Dunham.: op cit., p. 97.

is die sistematiese wyse waarop mense hulle probleme probeer oplos. Dit behels nie net voorstelle vir toekomstige optrede nie, maar is ook die proses waarop hierdie voorstelle toegepas en die resultate ge-evalueer word met die slotsom, "these terms community organization, social welfare administration, and social planning, even if not entirely synonomous, have a great deal in common"[1].

Beplanning dui op die wysiging van en ingryping in die natuurlike verloop van sake om 'n spesifieke doel[2] te bereik, "any method of community organization is based on some type of theory about planned change"[3].

Sodanige beplande verandering kan, indien dit nie reg hanteer word nie, 'n aggressiewe weerstand laat opbou, hetsy weens gevestigde idees of belange, of vanwee die mens se natuurlike teensin teen veranderinge, en veral waar sodanige veranderinge gepaard gaan met 'n mate van regimentering. Beplanning wat verandering van gevestigde idees of belange meebring, behels sonder uitsondering ook opoffering terwille van die nageslag wat teoreties aanneemlik is, maar in die praktyk tog weerstand kan wek indien die volle samewerking van die betrokkenes nie verkry word nie[4].

---

1. Jones, D.: "Co-operation, co-ordination and social planning" in New approaches to community work: Report of the biennial conference of the standing conference of councils of social service 15th - 17th September, 1967, at Culham College, Abingdon, Berkshire. p. 26-27.

2. Dahl & Lindbohm: Op cit., p. 20

3. Pruger, R. and Specht, H.: "Assessing theoretical models of community organization practice". The social service review. 43 (2), June 1969, p. 125.

4. Alinsky, S. : soos aangehaal deur Pruger & Specht. ibid. p. 126.

Dit word aanvaar dat deur beplanning die verwagte resultate waarskynliker bereik sal word dan deur bv. die luk-raakmetode.

Deur beplanning word alternatiewe moontlikhede ook steeds in gedagte gehou en daarom is evaluasie van die resultate nodig om aan die hand daarvan die nodige aanpassings te maak omdat mens uit administratiewe ervaring weet dat alles selde presies volgens plan verloop. Met ander woorde beplanning voorsien veranderings en aanpassings, wat op hul beurt weer die element van organisasie sterk na vore bring. Beplanning op maatskaplike gebied is ɱ vereiste vir ordelike ontwikkeling, en vorm die grondslag vir rasionele optrede.

Murray Ross[1)] gee ɱ uiteensetting van die stadia van beplanning. Dit is interessant dat die stadia wat hy aangee ɱ baie noue ooreenkoms toon met die vorderingstadia van die proses van gemeenskapsorganisasie. Hierdie stadia is

(1) Beskrywing van die probleem,

(2) Ondersoek na die aard en omvang van die probleem,

(3) Besluite in verband met oplossings en

(4) Aksie.

Beplanning is ɱ breed omvattende begrip wat alle elemente insluit - van die suiwer fisiese beplanning, wat betrekking het op bv. grond of ruimtelike gebruik en benutting, tot die maatskaplike beplanning waarby die mens met al sy behoeftes deurslaggewend is. Eintlik neem

---

1) Ross, Murray G.: Community organization. p. 137-152.

enige vorm van beplanning die maatskaplike implikasie in aanmerking. "All plans, including economic and physical plans, are in the last analysis social, for they all have social implications"[1]. Maar afgesien daarvan is daar ook aspekte in beplanning wat spesifiek te make het met geriewe, dienste en toestande wat die mens die geleentheid bied om 'n vol lewe te ly. Aanvanklik was die taak van die stadsbeplanner die afbakening (zoning)[2] van die stad vir sekere tipes van benutting maar, dit word nou aanvaar dat "physical planning must be governed by social needs, and that the physical aspects of urban communities should, therefore, be organized in such a way as to facilitate the provision and use of the different functions that the town performs"[3]. Hierdie gedagterigting behoort van toepassing te wees by enige ontwikkelingsprogram, en by implikasie dui dit op die samestelling van 'n Nasionale Beplanningskomitee, die toepassing van die stigting van plaaslike komitees, waarop onder meer sosioloë en maatskaplike werkers, vanweë hul akademiese en professionele agtergrond, sitting sal hê. Hierdie gedagte vind aansluiting by (soos later aangetoon word) die belangrike rol van gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk by enige ontwikkelingsprogram, hetsy by streeksontwikkeling, nuwe dorps- of stedelike aanlegte, slum ontruiming en hervestiging.

---

1. Urban development - Its implications for social welfare. Report by the pre-conference working party to the thirteenth international conference of social work 1966. p. 10.

2. Fairchild: Op. cit., p. 342.

3. Urban development. Op cit., p. 11.

In hierdie verband verwys Robert Morris na die oorgangstadium in maatskaplike beplanning as "co-ordinating and rationalizing established services to developing new approaches to the solution of major social problems"[1]. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van navorsing veral teen die agtergrond van die ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie wat aanvanklik gebuk gegaan het onder die enge begrip met baie tekortkominge. Volgens hom moet navorsing ten opsigte van gemeenskapsorganisasie en maatskaplike beplanning beweeg in die rigting van "(1) analysis of the national as well as the local community and the inter relationships between the two; (2) an attempt to understand welfare problems as a function of society involving total populations; (3) Planning for the solution of social problems that have complex causes; and (4) study of social policy and decision making in social change"[2].

In die lig van die vorige het organisasies in en van die gemeenskap sy oorsprong deur die verbintenis of saamvoeging van dit wat saam hoort, naamlik man en vrou, sodat die voortplantingsproses kan voortgaan. Hierdie verbintenis van man en vrou is die eerste vorm van organisasie en vorm die kern-eenheid van die gemeenskap. Sosiologies groei uit die huisgesin alle groepe. Namate meer en meer gesinne hulle geografies verbind, word die gemeenskap gevorm. Omdat die gemeenskap vir goeie funksionering aan sekere norme moet beantwoord verg dit die totstandkoming van die masjienerie wat wet en

---

1. Morris, R. : "Social planning": Five fields of social service. Edited Maas & Henry, S. p, 185.

2. Morris : Op cit. p. 185.

orde kan handhaaf terwille van die algemene welsyn van alle betrokkenes. Hierdie gesagsliggaam is die Staat. Die mens het 'n verskeidenheid van belange wat hy nastreef. In sy strewe na bereiking van hierdie ideale vind hy weldra dat deur samewerking met andere hierdie doelstellings makliker en gouer bereik kan word. Hy vind ook dat deur hierdie proses van ge-organiseerde en beplande samewerking die doel makliker bereik kan word. Omdat die belange van die mens verskil word nie net een binding gevorm wat almal insluit nie. Die homogene belange sorteer hulleself uit in verskillende organisasies volgens bindinge, wat weer op hulle beurt 'n basis van samewerking op sekere vlakke binne die geordende gemeenskap vind. "The problem of organization is the problem of the one and the many, of relating individuals to their institutions, of fitting modern man and his activities into an impersonal multi-group society"[1).]

Organisasie vereis die aanvaarding van die beginsel van die hiërargiese indeling van werk met die ooreenstemmende gesagsposisie en verantwoordelikheid in 'n deurlopende lyn tot koördinasie. "In short, organization is the means of informing each participant where he fits and of assigning to each those elements of the total administrative process for which he is to be responsible"[2)]

Organisasie beteken dus om mense doeltreffend te laat saamwerk en

---

1. Lepawsky, A.: Administration: The art and science of administration and management. p. 220.

2. Ibid., p. 247.

dat die mens in sy bindinge en handelinge bewus bly en hom onderwerp aan 'n groter en doelgerigte struktuur waarby hy aansluiting moet vind en waarvan hy afhanklik is.

In hierdie verband onderskei van Doorn[1)] drie elemente in die organisasie proses, naamlik:-

(1) Die funksionele element: dit is die formele toewysing van 'n taak wat tot aksie lei;

(2) Die koördinerende element; dit is die doelbewuste samevoeging van funksies, en

(3) Die rasionele element: dit is doelbewuste inspanning van gekoordineerde funksies om 'n doel te bereik - dit is beplan en daar is geen sprake van toevalligheid nie. Ook vir Mannheim is die rasionaliteitselement die belangrikste kenmerk van organisasie[2)]. Organisasie is dus 'n aksie-proses waardeur 'n struktuur, wat aan veranderende omstandighede en behoeftes aangepas word, byvoorbeeld: as 'n element uitval moet dit vervang word volgens vooraf beplanning; as spesiale opleiding vir 'n taak nodig is moet dit gereel word; die hierargie moet waar en wanneer nodig hersien word; die beleid, doelstellings, voorskrifte, opdragte en bevele wat duidelik moet wees moet desgelyks aangepas kan word. "Gaat men ervan uit, dat een organisatiestructuur aan voortdurende verandering onderhewig is, dat het organiseren als actie dus zonder ophouden voortduurt, dan kan men de organisatiestructuur ook omschrijven als een momentopname uit het organisatieproces"[3)].

---

1. Van Doorn, J.A.A. : "Professionalisering in het maatschappelijk werk" in Maatschappelijk werk: Krachten, terreinen, methoden. p. 37-39.

2. Mannheim, K. : Man and society in an age of reconstruction. p. 49-66.

3. Van Doorn. Op cit., p. 35

B. Gemeenskapsorganisasie gedefinieer en die konnotasie met maatskaplike werk.

Harper en Dunham[1] wys op moeilikhede wat ondervind word om tot ŉ werkbare definisie of omskrywing van gemeenskapsorganisasie te kom. Uit ŉ groot aantal definisies kwoteer hulle dertien wat verteenwoordigend van die kerngedagte of konsepte daarin is:-

Eerstens die gedagte van koöperasie[2] en integrasie[3]. (Devine, Steiner, McMillan, King, Ross, terwyl Devine ook nog die opvoedkundige aspek[4] beklemtoon);

Tweedens die gedagte van voorsiening in behoeftes[5] en om ŉ verhouding te bewerkstellig tussen behoeftes en hulpbronne[6]. (Pettit, Lane, Mayo, Dunham, NcNeil, Ross);

Derdens die gedagte dat gemeenskapsorganisasie te make het met programmering[7] in teenstelling met die direkte dienslewering soos aangetref by die gevallewerk en die groepwerk[8] (Kurtz); en

---

1. Harper and Dunham: op. cit., p. 54.

2. & 3. Devine, E.T.: Social work. p. 67-68.
Steiner, J.F.: From Harper & Dunham, op. cit., p. 56.
McMillan, W.: "Community organization in social work". Social work year book, 1947. p. 110.
King, C.: Organizing for community action. p. 17-18.
Ross, op. cit., p. 39.

4. Devine, op. cit., p. 67-68.

5 & 6. Pettit, W.W.: From Harper & Dunham, op. cit., p. 56.
Lane, R.P.: op. cit., p. 500.
Mayo, L.W.: From Harper & Dunham. op. cit., p. 57.
Dunham. op. cit., p. 162.
McNeil, C.F.: "Community organization for social welfare". Social work year book, 1954. p. 121.
Ross. op. cit., p. 39.

7. & 8. Kurtz. op. cit., p. 401.

Vierdens die breë filosofiese[1] begrip dat deur gemeenskapsorganisasie 'n werkbare verhouding geskep word tussen die demokratiese proses en spesialisme. (Lindeman).

Dit sal opgemerk word dat slegs Devine, King, Lane, Dunham, McNeil en Kurtz gemeenskapsorganisasie direk koppel aan welsynswerk of maatskaplike werk, terwyl Mayo 'n duidelike onderskeid maak tussen gemeenskapsorganisasie in die algemeen en gemeenskapsorganisasie in die maatskaplike werk. In die Woordeboek vir Maatskaplike Werk word gemeenskapsorganisasie as 'n 'metode' in die maatskaplike werk aangegee, naamlik onder meer "om maatskaplike behoeftes en hulpbronne in die gemeenskap te benut of nuwe hulpbronne te ontwikkel en om die inskakeling, samewerking en koördinasie van welsynsdienste sowel op geografiese as op funksionele gebied te bevorder"[2].

Hierteenoor word na gemeenskapsorganisasie deur die Verenigde Volke verwys as "The purpose of community organization is similar to that of other forms of social work, except that the focus is upon communities or group interaction rather than upon individual or groups. Its aim is to help communities and groups in interaction"[3].

Groves omskrywe gemeenskapsorganisasie met "its methods and process being concerned with co-operation and co-ordination between statutory and voluntary agencies. Community organisation involves the mobi-

---

1. Lindeman, E.C. : The community. p. 139.

2. Voorlopige vrystelling van die Woordeboek vir maatskaplike werk.

3. "Training for social work", aangehaal in Community organization: Work in progress. p. 101.

lisation of resources within the community in support of services for health, welfare and education and pre-supposes opportunity for democratic citizen involvement in decision making and in the operation of services."[1]

Arnold Gurin laat in die beskrywing van gemeenskapsorganisasie die klem val op die "organizing and planning functions in social welfare"[2] wat deur professionele personeel onderneem moet word. Hierdie take behels die hele proses van die identifisering van die probleem tot die ontwikkeling van die struktuur om hierdie probleme te hanteer, die beleidsformulering, programmering en die implementering van die beplanningsprojek.

C. Gemeenskapsontwikkeling gedefinieer en die konnotasie met maatskaplike werk

"Community development may be defined as organized efforts to improve the conditions of community life, primarily through the enlistment of selfhelp and co-operative effort from the villagers, but with technical assistance from government or voluntary organizations[3].

In hierdie definisie dra die volgende konsepte of kernbegrippe besondere inhoud en betekenis in gemeenskapsontwikkeling en hulle konnotasie met die maatskaplike werk.

Om onnodige herhaling te voorkom word die kernbegrippe in die voorgenoemde definisie "organized efforts, improve conditions of com-

---

1. Groves, D.: "Community selfhelp groups": Case conference. (16) 4, August, 1969. p. 123.

2. Gurin, A.: op. cit., p. 424.

3. Dunham, A.: Community welfare organization. p. 246.

munity life, selfhelp, co-operative effort, technical assistance form Government and voluntary organizations" aangevul met meer wat uit verdere definisies gehaal word naamlik: "process, expert services, villages, smaller communities[1]; united with authorities, improve cultural and social conditions[2]; encourage inisiative[3]; solve problems, essential needs for housing, education, facilities for maternity and child care, rehabilitation, best use of resources and talents available[4]; execute these plans, supplement services and materials from governmental and other agencies outside the community"[5], ens.

Die implikasies wat implisiet en eksplisiet opgesluit lê in die konsepte van hierdie en ander definisies is onder meer die volgende: Die mense kom saam en kom tot 'n vergelyk in verband met die behoeftes van hulle gemeenskap; beplan gesamentlik oor wat hulle gaan doen; deur eie pogings word die plan waarop besluit is in werking gestel en indien nodig bygestaan deur professionele advies en tegniese hulp deur instansies van buite hulle eie geledere wat oor meer bronne beskik as hulle self.

In sy breedste konnotasie dui gemeenskapsontwikkeling dan op daardie prosesse wat in 'n gemeenskap inwerking gestel word waardeur ekono-

---

1. Dunham, op. cit., p. 246.
2. Harper & Dunham. op. cit., p. 501,
3. Quoted by Leaper, R.A.B.: Community work. p. 117.
4. Ibid. p. 117.
5. Proceedings of the tenth international conference of social work. Rome, 1961. p. 227.

miese en maatskaplike vooruitgang be-oog word.

Gemeenskapsontwikkeling kan op verskeie einddoele toegespits wees, bv. ten opsigte van ontwikkelende gebiede, en om reeds ontwikkelde gebiede na groter hoogtes te stuur.

'n Goeie voorbeeld van gemeenskapsontwikkeling hier te lande is die Streeksontwikkelingsverenigings onder beskerming van die Departement van Beplanning. Om die aard hiervan aan te dui kan 'n aanhaling gebruik word naamlik: "Die snelheid in kompleksiteit van ontwikkeling... vereis dat die tegniek van wetenskaplike beplanning gebruik word om die optimale ontwikkeling van die land se hulpbronne op 'n gekoördineerde grondslag te bevorder" [1].

Hierdie streekontwikkelingsverenigings waarby onder andere betrek word, plaaslike owerhede, die handel en nywerheid, finansiële instellings, boere- en landbou verenigings, vroue organisasies, opvoedkundige instellings ens. het ten doel en taak om "streksbewustheid en die gedagte van koördineerde sienswyse van die streek te bevorder, om ondersoek in te stel na die vernaamste ontwikkelingsmoontlikhede en probleme in verband daarmee in die besondere streek; om te besluit oor die wyse en die middele waarmee die ontwikkeling moet geskied en die probleme opgelos moet word; om hierdie dinge onder die aandag van die owerheid te bring en gedurig te propageer" [2].

---

1. Haak, J.F.W. : (Minister van Beplanning) Boodskap soos vervat in die agenda en notule van die stigtingskongres van die Wes-Transvaalse Ontwikkelingsvereniging, 11 September 1964.

2. Van Tonder, J.: Voorsitter van die Wes-Transvaalse Ontwikkelingsvereniging: Openingsrede tydens stigtingsvergadering op 11 September 1964.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat mens hier te make het met verskillende benaminge vir dieselfde proses in 'n normale gemeenskap, wat reeds behandel is. Deur die klem te laat val soos Hillman doen op die organisatoriese aspek van die proses blyk dit geregverdig te wees om die term gemeenskapsorganisasie te gebruik.

In hierdie verband en tydens die Tiende Internasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk in Rome word bevind at maatskaplike werkers 'n bydrae te lewer het ingemeenskapsontwikkeling. Hulle kan deur middel van bestaande instellings die doel van gemeenskapsontwikkelingsprojekte aan die mense in die gemeenskap verduidelik om sodoende hulle samewerking vir die uitvoering van die beleid te verkry. In industriële gebiede het die maatskaplike werker ook die taak om by mense, nuwe intrekkers en gevestigde lede van die gemeenskap die gevoel van 'te behoort' te bevorder en aldus 'n gevoel van gemeenskapsbewustheid en verantwoordelikheid te laat ontwikkel en posvat. "Social Work, so conducted, will help to achieve community development and will lead to therealization that social work is an important and integral part of community development"[1].

In die verskillende fases van die toepassing van gemeenskapsontwikkeling kan verwys word na die rol van die maatskaplike werk in onder andere die volgende:

In die beplanning stadium het die maatskaplike werker ten taak om

---

1. Proceedings of the tenth international conference of social work. Ibid., p. 229.

die beplanningskomitee met raad, advies en hulp te bedien. Dit kan geskied op grond van kennis van die demografiese, ekonomiese en kulturele aspekte van die gemeenskapslewe en vermoë om die maatskaplike gevolge van be-oogde veranderings te interpreteer. Dit impliseer die voorbereiding van mense in die gemeenskap vir die veranderings en kry soveel meer betekenis wanneer die gemeenskap saamgestel is uit verskillende etniese, kulturele en godsdienstige groepe. Deur die bemoeiinge van die maatskaplike werker kan spanningstoestande voorkom en uit die weg geruim word.

Wanneer die stadium van implementering bereik word, moet daar voortdurend 'n evaluasie gemaak word van daardie aspekte wat die ekonomiese, veral die maatskaplike en kulturele lewe raak en beinvloed sodat voorkomende en remediële stappe oorweeg en geneem kan word. Verder moet met die stimulering tot aktiewe deelname aan die ontwikkelingsprogram die mense gehelp word om bykomende behoeftes te identifiseer en te formuleer. In hierdie proses moet hulp verleen word om potensiële leiers te identifiseer en aan te moedig om die nodige verantwoordelikhede te aanvaar.

Namate die ontwikkelingsprojek vorder en gestabiliseerd raak sal die dienste die volle verantwoordelikheid van die gemeenskap word, en sal die maatskaplike werker aandag toespits op meer vakkundige dienste en maatskaplike behoeftes wat ontstaan[1].

---

1. Vgl. Proceedings of the tenth international conference of social work. p. 175-179.
   Harper & Dunham.: op. cit., 501-537.
   Boer, J.: Maatschappelijk opbouwwerk. veral p. 96-153.

Sover dit die taak van gemeenskapsorganisasie betref praat Arnold Gurin van sy "useful description of community organization ... or what we are now calling 'organizing and planning functions in social welfare'"[1]. Hy verwys na die rol en funksies van die gemeenskapsorganisasie werkers waar "professional workers performing organizing and planning functions carry out both analytical and interactional tasks, and they follow a process that has a problem solving logic, but the way in which they group these tasks into roles and functions is shaped by the organizational context in which their work is imbedded. It appears from our observations that many practioners seem to have an inadequate understanding of the organizational context of their practice"[2].

Hierdie funksies van organisasie en beplanning is meer bepaaldelik toegespits op die integrering van groepe, organisasies en ander instellings wat bymekaar hoort. "Community organization process, with its emphasis on the co-operative work undertaken by various groups in the community, grows from the interaction between groups, agencies and organisations. The relationship is ... if it may be put this way, committee-to-committee and board-to-board."[3]

Newstetter beklemtoon die belangrikheid van intergroepwerk in gemeenskapsorganisasie, en die verhouding tussen groepe, wat betrokke is of in 'n posisie is om 'n onderneming te beïnvloed, en laat die klem val op die verteenwoordigers van die betrokke instansies en die ge-

---

1. Gurin, A.: op. cit., p. 424.
2. Ibid., p. 426.
3. Anno: Community organization: Work in progress. p. 9.

meenskapsorganisasie-werker se rol.

Newstetter definieer dan intergroepwerk as 'n doelgerigte opvoedkundige proses waarmee be-oog word "(1) to promote mutually satisfactory relations between groups through formal or informal means; and (2) to use these relations to further social work goals selected by the groups involved"[1].

Dit blyk dus of daar nog steeds verwarring omtrent die begrippe gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling bestaan wat blykbaar al hoe groter word met die beklemtoning van die rol van die maatskaplike werker in beide prosesse en deur die bewering dat gemeenskapsorganisasie gebruik word om gemeenskapsontwikkeling te bevorder. Die primêre doel van gemeenskapsontwikkeling is die ekonomiese ontwikkeling met gepaardgaande maatskaplike voorsiening wat sekondêr is. By gemeenskapsorganisasie blyk die primêre doel te wees die op mekaar afstemming van maatskaplike behoeftes en hulpbronne. Albei be-oog egter die uiteindelike wording van die gemeenskap.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die doelstellings en praktyk van albei prosesse dieselfde is naamlik die ekonomiese, maatskaplike, politieke, ens., ontwikkeling van individue en groepe in 'n gemeenskap tot 'n groter mate van selfstandigheid byvoorbeeld tot 'n verhoging van lewensstandaard - hetsy deur beter voorsiening in

---

1. McMillan, W.: op. cit., p. 61.
Dat die gemeenskapsorganisasiewerker voortdurend met groepe werk word ook deur Johns & de Marche beklemtoon. op. cit., p. 157.

die basiese behoeftes van voeding, kleding en behuising of verbeterde voorsiening in dienste soos opvoedings-, gesondheids-, welsyns-, en ander dienste; tot beter benutting en ontginning van alle hulpbronne en talente; tot die vermoë om gemeenskaplike behoeftes, node en probleme te identifiseer, te definieer en volgens prioriteite te rangskik, oplossings te beplan en deur groepsoptrede uit te voer; en waar nodig professionele tegniese en ander eksterne hulp en advies te verkry.

Gemeenskapsorganisasie kan egter van gemeenskapsontwikkeling onderskei word deurdat gemeenskapsorganisasie 'n proses aandui wat tot 'n metode in die maatskaplike werk ontwikkel het.

Volgens van Rooyen is dit "een van die vereistes dat duidelikheid oor die begrippe van 'n vakgebied verkry moet word, anders kan die student en be-oefenaars daarvan mekaar nie begryp of vrugbare besprekings voer nie"[1]. Newstetter stel dieselfde beginsel as volg "if we could ever decide among ourselves what it is we are talking about, we could use 'community organization' or any other term as far as the public is concerned"[2]. Daar is reeds aangedui dat gemeenskapsorganisasie in die maatskaplike werk die gemeenskap as sulks as kliënt aanvaar. Terselfdertyd word die gemeenskap as opset vir die mens in nood aanvaar.

---

1. Van Rooyen, I.J.J. : Praktykopleiding en indiensopleiding van professionele personeel. p. 5

2. Newstetter, W.I.: Teaching community organization in schools of social work": Community organization for social welfare by Wayne McMillen, op. cit., p. 61.

Na analogie van die gebruik van die terme gevallewerk en groepwerk, en terwille van eenvormigheid in die logiese gebruik van die vakterminologie, huldig navorser die mening dat die term gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk aangedui behoort te word as gemeenskapswerk. (Gemeenskapswerker). Vir die doel van hierdie ondersoek word die begrip gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk egter aangedui as gemeenskapsorganisasie.

D. Samevatting en eie opvatting

Maatskaplike werk as 'n gesistematiseerde wetenskaplike diens het ontwikkel uit welsynsdienste as 'n doelbewuste helpende handeling binne die raamwerk van 'n organisasie wat maatskaplike werk onderneem; dit is gebaseer op 'n waarde en wetenskaplike grondslag; dit word verrig met die doel om die persoon in nood tot beter maatskaplike funksionering te beïnvloed en te help. Dit word verrig deur die metodes van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapsorganisasie. Hierdie metodes is ewe belangrik en vul mekaar aan.

Daar bestaan heelwat verwarring oor die begrippe gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling. Beide begrippe word gebruik om sekere prosesse in 'n gemeenskap aan te dui sowel as dieselfde tegnieke wat aangewend word om voorafbepaalde doelstellings te verwesentlik.

Na ontleding van die verskillende omskrywings van hierdie twee begrippe word tot die gevolgtrekking gekom dat die doelstellings en die praktyk van gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapsorganisasie dieselfde is naamlik, die wording van die gemeenskap met die verskil dat die primêre doel van gemeenskapsontwikkeling op die ekonomiese

ontwikkeling van die gemeenskap gesentreerd is met gepaardgaande maatskaplike voorsiening wat sekondêr is.

By gemeenskapsorganisasie blyk die primêre doel te wees die op mekaar afstemming van maatskaplike behoeftes en -hulpbronne en aldus ŉ proses aandui wat tot ŉ metode in die maatskaplike werk ontwikkel het. Dit word dan ook aan die hand gedoen dat die term gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk aangedui behoort te word metdie term gemeenskapswerk. Vir die doel van die boekstelling van die ondersoek word hierdie begrip aangedui as gemeenskapsorganisasie.

Waar daar nou standpunt ingeneem is oor die begrip gemeenskapsorganisasie is dit aangewese dat ŉ historiese oorsig van die ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie verstrek word.

## Hoofstuk 3

## 'N KORT HISTORIESE OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN GEMEENSKAPS-ORGANISASIE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### A. Inleiding

Alvorens aan hierdie aspek aandag gegee kan word, is dit noodsaaklik om daarop te let dat die situasie in Suid-Afrika gesien en geinterpreteer moet word in terme van breë trekke van gemeenskapsorganisasie (sonder die koordineringsgedagte) soos dit histories uit die wortel[1] vanuit Engeland na Amerika na Suid-Afrika en vanaf onder meer Nederland na Suid-Afrika oorgedra is met die Stigting van 'n Volks-planting met Immigrante uit genoemde lande aan die Suid-punt van Afrika. 'n Geheelbeeld van die historiese ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie in oorsese lande is deur verskeie skrywers in standaardwerke saamgevat. Tot die Suid-Afrikaanse literatuur hoort die bydraes tot die werke van Stulting[2] en Van der Walt[3]. Albei swyg egter oor die geskiedkundige agtergrond en ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie in Suid-Afrika.

Gemeenskapsorganisasie dateer uit die dae van die "Charity Organiztions Societies" (C.O.S), 1869 in Engeland.[4] Daar is egter aanduidings dat sekere gemeenskapsorganisasieprosesse reeds inwerking was nog lank voordat die C.O.S.gestig is[5]. Die C.O.S. dui egter die

---

1. Die wortel veronderstel gemeenskapsorganisasie in Engeland deur middel van die "Charity Organization Societies".

2. Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van Gemeenskapsorganisasie.

3. Van der Walt, Hester J.: 'n Ondersoek na die wyse waarop die metode van Gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk deur die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie toegepas is tydens die oorname van sekere dienste van 'n stadsraad.

4. Vgl. onder meer: Green. op.cit., p. 15-23; Friedlander op.cit., p.591-594; Dunham, op.cit., p. 69-89; McMillan. op.cit., p. 318-321; Warner, Queen & Harper. op.cit., p.28; Watson, F.D.: The Charity organization movement in the United States. p. 530-531.

5. Dit is die interpretasie van navorser uit hoofde van die literatuurstudie vir hierdie navorsing.

eerste poging tot doelbewuste koördinasie aan, asook die embrio-stadium van die gemeenskapskas[1]. Die C.O.S.-beginsel sowel as die Settlement-beweging wat ook in Engeland begin is, is deur die Amerikaners oorgeneem[2]. Sekere toestande in Amerika soos onder meer die twee depressies, die Eerste Wereld Oorlog en ander toestande het meegebring dat gemeenskapsorganisasie in Amerika gesistematiseer is, en tot 'n metode in die Maatskaplike Werk ontwikkel is[3]. Aspekte wat hierin 'n belangrike rol gespeel het was onder andere die stigting van gemeenskapsrade, gemeenskapskaste en ander doelbewuste pogings om koordinasie te bewerkstellig. Maatskaplike wetgewing het nie net 'n besondere bydrae gelewer om aan gemeenskapsorganisasie gestalte te gee nie, maar het ook die Staatsdeelname, verantwoordelikheid en leierskap sterk op die voorgrond gebring.[4]

Hoewel die "Settlement"-beweging aangedui word as een van die hoekstene van gemeenskapsorganisasie het dit in Engeland ontwikkel in 'n blote diensleweringsprojek[5] teen die sukses wat daarmee in Amerika en veral in Nederland[6] behaal is.

---

1. Vgl. Bruno. op.cit., p. 199-206.

2. Vgl. Warner, Queen & Harper. op.cit., p. 28-29 en Blackfriars settlement annual report, 1968.

3. Woodroofe, Kathleen.: From charity to social work.

4. Vgl. onder meer Boer, J.: "The war on poverty": Tijdschrift voor maatschappelijk werk.

5. Woodroofe. op.cit., p. 77.

6. Vgl. onder meer: Louwerse, C.: "1892, Sixty years of settlement work in the Netherlands"; De Ruwe, J. Th.: "Enige bestuurlijke aspecten van de nieuwe woonwagenwet": Tijdschrift voor maatschappelijk werk 22 (9), 5 Mei 1968. p. 175-182; en Klompe, M.A.M.: (Minister van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk) Woonwagendag te Utrecht: Trefpunt van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk. Juni 1968.

Ten einde 'n duidelike beeld te kry van die ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie in die Republiek van Suid-Afrika, moet dit in verband gebring word met die vroeëre geskiedenis alhier te lande.

Dit is nie die doel om 'n volledige historiese weergawe van die ontstaan en ontwikkeling van welsynsdienste in Suid-Afrika te verstrek nie, maar slegs 'n beknopte en oorsigtelike weergawe van bepalende fases en fasette word verstrek.

Die ontwikkelingsgeskiedenis van welsynsdienste in die Republiek van Suid-Afrika kan in die volgende fases ingedeel word:-

a. Die kerklike bedrywighede.

b. Die selfversorgende familie.

c. Die ontstaan en ontwikkeling van die partikuliere welsynsorganisasies.

d. Die toetrede van die owerheidsektor tot die welsynsterrein.

e. Funksionele en gebiedskoördinasie deur die samesnoering van welsynsorganisasies met gemeenskaplike doelstellings in Nasionale en Provinsiale Rade en plaaslike koördinerende rade en die gebruikmaking van die sentrale gevalle register en die gemeenskapskas.

f. Die erkenning en aanvaarding van 'n wetenskaplike benadering deur die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers.

g. Die stigting van 'n Departement van Volkswelsyn.

h. Die toetrede van sekere Kerke tot die lewering van 'n wetenskaplik gefundeerde gesinsorgwelsynsdiens aan lidmate.

i. Werksooreenkoms tussen die Staat aan die een kant en welsynsorganisasies (waarby die Kerke se welsynsdienste ingesluit is) aan die anderkant en welsynsorganisasies onderling.

j. Die erkenning van maatskaplike werk as 'n professionele diens.

B. Die kerklike bedrywighede

Enkele glanspunte uit die Kerk se bydrae is onder meer die volgende: Hoewel die Kerk deurgaans sterk op die voorgrond getree het, en sedert die volksplanting verantwoordelikheid aanvaar het vir maatskaplike versorging[1] en sekere welsynsdienste van 'n gespesialiseerde aard[2], was daar aanvanklik weinig sprake van 'n georganiseerde en beplande diens, omdat die bevolking nog nie gemeentelik georganiseerd was nie, en waar gemeentes wel bestaan het, was die 'pastorie' verafgeleë met die gevolg dat die selfversorgende patriargale-stelsel hoofsaaklik van toepassing was.

Die Kerk was die liggaam wat die mobiele bevolking met mekaar in verbinding gehou het en kan sonder twyfel beskou word as die instansie wat verantwoordelik was dat maatskaplike orde onder die verspreide en trekkende bevolking gehandhaaf is en dat selfs verbastering op grens toestande voorkom is.

Afgesien van alimentasie het die Kerk reeds gedurende die 17de eeu onversorgde kinders in pleegsorg geplaas, en in 1809 word die Zuid-Afrikaanse Weeshuis deur die N.G. Kerk in samewerking met die Lutherse Kerk gestig, asook die "Weduwee en Oude Vrouwen Fonds".

---

1. Vgl. Greyling, P.F.: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en armesorg; Coetzee, J.H.: Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; en Albertyn, J.R.: Die helpende hand.

2. Olivier, G.F.: Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg. p. 42-43.
Vgl. ook Anno.: Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis: p. 36-51. vir volledige besonderhede in verband met die versorging van kinders wat in nood verkeer het.

Die kerklike bydrae tot die algemene welsyn van die volk op die terreine van die onderwys, gesondheid en maatskaplike sorg, besorg daaraan 'n besondere plek in die maatskaplike ontwikkeling van die land en op die breë welsynsterrein.

Afgesien daarvan dat Suid-Afrika 'n veelrassige land is, is daar 'n verskeidenheid van erkende Kerke en godsdienstige liggame. (Sedert die Volksplanting tot 1780 toe die Lutherse Kerk toegelaat is, was die Nederduits Gereformeerde Kerk die enigste Kerk in die land. Na Britse oorname in 1806 word ander Kerke en Kerkgenootskappe egter in die land toegelaat.) Hiervan het die volgende 'n belangrike bydrae tot die welsynsdienste in Suid-Afrika gelewer:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk; Die Hervormde Kerk; die Gereformeerde Kerk; die Apostoliese Geloofsending; die Rooms-Katolieke Kerk; die Lutherse Kerk; die Baptiste Kerk; die Joodse Kerk; die Heilsleër; die Sewendedag Adventiste.

Die bydrae van die onderskeie Kerke en godsdienstige liggame kan soos hieronder uiteengesit, saamgevat word.

1. <u>Die Nederduitse Gereformeerde Kerk</u> bepaal sy maatskaplike versorging hoofsaaklik op:

a. Stigting van weeshuise en inrigtings vir die verweesde kind.

b. Stigting van industrieskole, en skoolkoshuise vir blanke seuns en dogters. (Tussen 1894 en 1922 is bv. 12 industrieskole gestig).

c. Stigting van tehuise vir ongehude moeders.

d. Stigting van 'n skool vir blindes, 'n skool vir dowes en 'n skool vir epileptici.

e. Stigting van vier Kerknedersettings. (Kakamas 1898, Lagersdrift 1904, Goederman 1910 en Olifantshoek 1915).

f. Stigting van 'n arbeidsburo in 1895.

g. Stigting van tehuise vir bejaardes. (In 1882 is 'n tehuis vir afhanklike mans en in 1896 een vir afhanklike vroue gestig).

h. Stigting van jeugsentrums.

i. Belê in 1893 die eerste konferensie oor die arm-blanke vraagstuk, gevolg deur verdere konferensies in 1916 en 1923 en het 'n belangrike aandeel gehad in die Volkskongres van 1934 te Kimberley.

j. Sinodale Armsorgkommissie wat die welsynsaangeleenthede behartig.

k. In 1937 word eers die Armesorgraad van die Witwatersrand gestig en daarna die Christelike-Maatskaplike Raad van Pretoria. Christelike-Maatskaplike Rade word hierna ook in die ander Provinsies gestig. Dit het die Kerk aktief op die gesinsterrein as 'n welsynsorganisasie geplaas. Die werksaamhede van die Armesorgraad van die Witwatersrand en die Christelik-Maatskaplike Rade het met verloop van tyd sodanig uitgebrei dat dit tans 'n alomvattende welsynsdiens en maatskaplikewerkdiens beoefen.

l. Die Federale Armesorgraad onderneem die beleidbepaling, koördinasie, inligtings- en bevorderingsdiens, maatskaplike navorsing, onderhandelinge, ens. ten opsigte van al die welsynswerksaamhede van die N.G. Kerk.

2. Die Gereformeerde Kerk bepaal sy maatskaplike versorging hoofsaaklik op:

a. Alimentasie

b. Stigting van Dorkas verenigings (Susterverenigings).

c. Stigting van kinderhuise.

d. Stigting van tehuise vir bejaardes.

3. Die Nederduits-Hervormde Kerk bepaal sy maatskaplike versorging hoofsaaklik op:

a. Stigting van kinderhuise.

b. Stigting van tehuise vir bejaardes.

c. Stigting van Nederduits-Hervormde Susterverenigings.

d. Stigting van die Ondersteuningsraad in 1934. Hierdie Raad onderneem die beleidsbepaling, koördinasie, maatskaplike navorsing, inligtings- en bevorderingsdienste, onderhandelings, ens. ten opsigte van al die welsynswerksaamhede van die Kerk.

e. Toetrede tot die gesinsorgterrein in 1942 toe die eerste maatskaplike werkers deur die Ondersteuningsrade in diens geneem word[1].

4. Die Apostoliese Geloofsending bepaal sy maatskaplike versorging hoofsaaklik op:

a. Stigting van Dorkas verenigings.

b. Stigting van kinderhuise.

c. Stigting van jeughostels.

---

1. Oelrich, P.S. : Die ontstaan en taak van die Ondersteuningsraad

d. Stigting van tehuise vir bejaardes.

e. Hoewel die Apostoliese Geloofsending sedert sy stigting maatskaplike sorg onder sy geledere gedoen het, word dit eers in 1938 op georganiseerde grondslag geplaas met die stigting van die A.G.S.-kinderhuis te Mayfair-Wes, Johannesburg.

f. In 1945 word die Apostoliese Geloofsending-Welsynsraad gestig om die maatskaplike sorg wat deur die Diakonie en die Dorkas verenigings onderneem word te koördineer, en die sending se algemene welsynsbeleid te bepaal en te beplan. Hierdie liggaam onderneem die beleidbepaling, koördinasie, maatskaplike navorsing, inligting- en bevorderingsdienste, onderhandelings, ens. ten opsigte van al die welsynswerksaamhede van die Sending.

g. Toetrede tot die gesinsorgterrein in 1965.

5. <u>Die Rooms-Katolieke Kerk</u>

a. Naas geestelike be-arbeiding en versorging het materiële hulpverlening nog altyd een van die werksaamhede van die Rooms-Katolieke Kerk uitgemaak met ŉ sterk beklemtoning op die behoud van die gesinsverband.

b. Deur middel van sy kerklike instellings het die Rooms-Katolieke Kerk verskeie inrigtings, kleuter-en bewaarskole gestig vir die versorging van kinders, tehuise vir bejaardes, jeughostels, tehuise vir volwasse dowes, spesiale skole met hostels vir opleiding van dowes en ander fisiese en psigiese belemmerde kinders. Deur hospitale en klinieke word gesondheidsdienste bevorder.

c. Maatskaplike sorg word verder beoefen deur die volgende kerklike organisasies:

a. The Society of St. Vincent de Paul, (reeds gestig in 1854).

b. The Catholic Women's League.

c. The Catholic African Union.

d. In 1947 word 'n Departement van Maatskaplike Welsyn gestig onder die Katolieke hiërargie in Suid-Afrika met 'n Biskop aan die hoof en 'n voltydse Sekretariaat. Hierdie liggaam onderneem die beleidbepaling, koördinasie, inligtings- en bevorderingsdienste, onderhandelings, ens., van al die welsynswerksaamhede van die Kerk.

6. Ander Kerke

The Church of the Province of South Africa, The Church of England, Die Lutherse Kerk, die Presbyteriaanse Kerk, die Baptiste Kerk, en andere spits hulle aandag toe op inrigtingsversorging van kinders, en behartig die belange van sekere groepe volwassenes soos bejaardes, verwagtende moeders, besoekende seelui, ens. en die lewering van sekere algemene welsynsdienste aan lidmate. X

7. Godsdienstige liggame

a. Die Heilsleër

Hierdie liggaam lewer sedert die einde van die 19de eeu omvangryke maatskaplike versorgingsdienste aan alle rassegroepe onafgesien van geloof en maatskaplike status. Die dienste val in twee kategorieë naamlik:

Inrigtingsversorging, te wete: Kinderhuise; tehuise vir ongehude verwagtende moeders; tehuise vir werkende jongmans en meisies; beskermingshuise vir ongebonde en hawelose; en 'n gesertifiseerde toevlug vir verslaafde mans; en

algemene welsynsdienste waardeur leke werkkragte aandag bestee aan die rehabilitasie van ontslane gevangenes, gesinsorgdienste, materiële hulpverlening en gesondheidsdienste.

b. Sewende-Dag-Adventiste

Hierdie liggaam beywer hom vir die maatskaplike versorging van behoeftiges en tehuise vir bejaardes. Verder het hy homself reeds onderskei op die gesondheidsterrein deur die beheer en bestuur van verskillende kolonies vir melaatses, hospitale en apteke dwarsdeur Suidelike-Afrika.

C. Die selfversorgende familie

Vanaf die Volksplanting tot net na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) was gesinne en families in die ylverspreide plattelandse en dunbevolkte gebiede op hulle self aangewese om in hulle eie behoeftes met sy patriargale-stelsel[1] te voorsien. Daar was geen organisasie of inrigting waartoe hierdie mense hulle in tye van nood kon wend nie. Aanvanklik het die gebrek aan maatskaplike instellings skaars die bevolking geraak. Sekere faktore soos afsondering, gebrek aan onderwys en ander aangeleenthede het egter later met die ontdekking van diamante en goud, toe aanpassings aan veranderde maatskaplike en ekonomiese omstandighede gemaak moes word, sy tol geëis. Armoede en verwaarlosing het nie net sy verskyning gemaak nie, maar sulke afmetings aangeneem dat georganiseerde hulpaksie nodig geword het. Die aard, omvang en intensiteit van maatskaplike

1. Venter, J.D. & Cronje, G.: Die patriargale familie.

behoeftes en -probleme wat onstaan het, was sulks dat dit nie meer deur die indiwidu,gesin of familie die hoof gebied kon word nie en optrede,deur die Staat en die gemeenskap vir oplossings binne die gemeenskap, genoodsaak het.

D. Die ontstaan en ontwikkeling van welsynsorganisasies

Namate bevolkingsdigtheid toeneem ontwikkel gemeenskapsbehoeftes waaraan deur georganiseerde optrede deur sekere instansies voorsien moet word.

Volgens Helm[1] was daar 50 liefdadigheidsorganisasies gedurende die negentiende eeu gestig. Hiervan was 30 deur kerke en kerklike liggame gestig.

Dit is dus duidelik dat reeds vanaf die begin van die 19e eeu deur die vorming van welsynsorganisasies aan die behoeftes van sekere groepe persone bywyse van welsynsdienste voorsien is[2].

2. Vroue Verenigings

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het Emily Hobhouse die behoeftes vir hulpverlening aan die oorlog-geteisterde boeregesinne raakgesien en buitelandse simpatie en hulpverlening georganiseer.

Na hierdie tydperk ontstaan die vier Afrikaanse Vroue Verenigings:

---

1. Helm, Brunhilde.: Social Work in a South African city. p. 51.

2. Dit stem nie ooreen met Theron en Stulting: Maatskaplike dienste in Suid-Afrika. p. 14 en die Sekretaris van Volkswelsyn verslag vir die boekjaar 1937-1939. p. 17. nie waar beide beweer dat die verskyning van die welsynsorganisasies dateer uit die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902).

in Transvaal die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie - (S.A.V.F.) - gestig in 1904; in die Kaapprovinsie die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging - (A.C.V.V.) - gestig in 1904; in die Oranje-Vrystaat die Oranje Vroue Vereniging - (O.V.V.) - gestig in 1908 en in Natal die Natalse Christelike Vroue Vereniging - (N.C.V.V.) - gestig in 1915[1].

Wat in hierdie verband genoem moet word is die groot ontwikkeling wat hierdie verenigings gemaak het omdat die behoefte aan sekere soorte van hulpverlening daar was en om leniging gevra het.

3. Die Kindersorgbeweging

Een van die soorte van behoeftes wat om hulpverlening van 'n besondere aard en soort gevra het, en wat in kiem by die Vroue Verenigings aanwesig was, tree nou op die voorgrond as 'n belangrike fase in die ontwikkeling van welsynsorganisasies, naamlik die kindersorgbeweging waarvan Dowling die ontstaan as volg skets:

"The Child Welfare Movement in South Africa owes its origin to the publication of certain vital statistics in 1906 by the Medical Officer of Health for Cape Town, who drew the attention of the public to the infant mortality rate which was then, for Europeans, more than 100 per thousand births"[2].

---

1. Vir besonderhede van hierdie Afrikaanse Vroue Verenigings kan die werk vanLambrechts & Theron: Vroue volksdiens, geraadpleeg word.

2. Dowling, E.M.: Direktrise, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg: "History of the South African National Council for Child Welfare" (up to January 1966).

Volgens Theron en Stulting[1] en die Sekretaris van Volkswelsyn[2] is hoofsaaklik as gevolg van hierdie verslag "De Wet ter Bescherming van het Leven van Jonge Kinderen" in 1907 deur die Kaapse Parlement en 'n dergelike wet die volgende jaar deur die Transvaalse Parlement aangeneem.

Die belangrikheid van 'n verslag van die Stadsgeneesheer van Kaapstad en die daaropvolgende wetgewing dui op georganiseerde pogings om in belang van die kinders op te tree.

Vanaf 'n klein begin word kindersorgverenigings in ander sentra gestig, en ontstaan 'n behoefte vir onderlinge raadpleging en samewerking. Die eerste Kindersorg-konferensie word in 1917 in Kaapstad gehou deur die twaalf bestaande kindersorgverenigings wat opgevolg word met konferensies totdat in 1924 die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg gestig is[3]. Hierdie Raad het byvoorbeeld in 1966 nie minder nie as 155 geaffilieerde kindersorgverenigings gehad.

Die werksaamhede van die vier Vroue Verenigings en die kindersorgverenigings was toegespits op gesinsorgdienste waarby later verskillende Kerkgenootskappe volgens eie hoofdoelstellings en organisasie toegetree het.

---

1. Theron & Stulting,: op.cit., p.15
2. Verslag van die Departement Volkswelsyn vir die boekjare 1937-1939. p. 18 en p. 46.
3. Dowling.: op. cit.

4. Spesialiserende welsynsorganisasies

Met die toename in bevolkingsdigtheid ontstaan ook ander behoeftes van bv. die fisiese en geestelike belemmerde persone wat aanleiding gee tot die stigting van welsynsorganisasies vir dowes, blindes, die kreupele, epileptici, geestesversteurdes, ens.
Daar was ook welsynsorganisasies gestig vir groepe persone met gemeenskaplike probleme soos gevangenes, alkoholiste ens. om in hulle behoeftes te voorsien.
Mettertyd het ook hierdie organisasies dit nodig gevind om hulle funksioneel in afsonderlike nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies saam te snoer.

5. Diverse welsynsorganisasies

Daar het ook kleiner, plaaslike welsynsorganisasies met 'n sterk lokale en met beperkte plaaslike taak- en doelstellings ontstaan. Die element van koördinasie met ander welsynsorganisasies is egter ook in hulle funksionering waarneembaar.
Die inslag wat welsynsorganisasies in die land het blyk daaruit dat daar op 1 April 1967, 2132 welsynsorganisasies kragtens die Nasionale Welsynswet, 1965, geregistreer was met 'n verdere 1600 geregistreerde takke sodat van die 3,732 daar 116 nasionale en provinsiale welsynsorganisasies is.
Tydens die Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning, Junie 1969, stel Winckler die probleem dat die tyd vir ongekoördineerde welsynsplakkery verby is [1].

---

1. Winckler, A.T.: "Die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur as 'n faktor in welsynsbeplanning met besondere verwysing na die verhouding tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en vrywillige welsynsorganisasies": Konsepverslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969, Hoofstuk 2.

Na aanleiding van die groot verskeidenheid van en alleenstaande welsynsorganisasies vra Piek "kan hulle nie ook op een of ander wyse saamgesnoer en onder dak gebring word nie"[1].

Erika Theron is meer uitgesproke en sê: "die geheelbeeld skep dus beslis die indruk van 'n onsamehangende komplekse hulpverleningstruktuur"[2].

HOewel die Nasionale Welsynsraad en die Streekswelsynsrade reeds veel vermag het word laasgenoemde se koördinerende funksie tot 'n sekere mate gekortwiek weens die afwesigheid van statutere magtiging om op te tree ten opsigte van bestaande welsynsorganisasies.

E. Die toetrede van owerheidsektor tot die welsynsterrein

Die owerheidsektor, dit wil sê die plaaslike owerhede[3], provinsiale owerhede, en die sentrale Regering, se handelinge word by wyse van wetgewing en verordeninge bepaal. Wetgewing is een van die vernaamste instrumente waardeur beleid tot uitvoering gebring word. In die Republiek van Suid-Afrika is die bepalende en deur-

---

1. Piek, H.J.: "Die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur as 'n faktor in welsynsbeplanning: Verhouding tussen vrywillige welsynsorganisasies". Konsepverslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning. Hoofstuk 2.

2. Theron, Erika.: "Gemeenskapsorganisasie as 'n faktor in welsynsbeplanning gesien vanuit die rol van die vrywillige welsynsorganisasies": Konsepverslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning. Hoofstuk 3.

3. 'n Plaaslike owerheid beteken:

   a) In die Kaapprovinsie volgens artikel 2 van die Munisipale Ordonnansie, nr. 19 van 1951, 'n munisipaliteit, dorpsbestuursraad, plaaslike bestuur of afdelingsraad.
   b) In Transvaal volgens artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur nr. 17 van 1939 'n stadsraad of dorpsraad of gesondheidskomitee.
   c) In Natal volgens artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Besture, nr. 21 van 1942, 'n stadsraad, 'n dorpsraad of 'n gesondheidskomitee.

slaggewende wet Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet nr. 32 van 1961, waarin die beginsels van die welsynsaksies van die Staat en van finansiële administrasie vasgelê is.

Histories is dit noodsaaklik om die grondwetlike magtiging vir owerheidsoptrede ten opsigte van beheer oor die private inisiatief op die welsynsterrein deur middel van Provinsiale Ordonnansies in oënskou te neem, waarvan die hooftrekke die volgende is:

In die Kaapprovinsie : Ordonnansie op Armenverzorging en Inrichtingen van Liefdadigheid, nr. 4 van 1919, soos gewysig. Hierdie Ordonnansie maak voorsiening vir:

a. die verlening van gewone armesorg, addisionele armesorg en spesiale armesorg;

b. die registrasie en subsidiëring van inrigtings;

c. die oprigting van 'n Algemene Onderstandsraad vir die verlening van armesorg en die bestuur van en beheer oor bykomende sake binne die munisipale stadsgebied van Kaapstad; en vir algemene Rade om addisionele armesorg in munisipale gebiede anders as in Kaapstad, te administreer;

d. die instelling van bystandswerke wat as gevolg van spesiale nood vereis word.

Transvaal : Liefdadige Instellings (Kontrole) Ordonnansie, nr. 5 van 1926, soos gewysig. Hierdie Ordonnansie maak voorsiening vir:

a. die registrasie van en beheer oor liefdadigheidsinrigtings;

b. die instelling van adviserende- of bestuursrade met betrekking tot liefdadigheidsinrigtings.

c. die koördinasie van die werksaamhede van liefdadigheidsinrig-

tings (hierdie Ordonnansie is by Artikel 27 van die Wet op Welsynsorganisasies, Wet nr. 40 van 1947, herroep).

Natal : Ordonnansie op Liefdadigheidsorganisasies, nr. 8 van 1932, soos gewysig. Hierdie Ordonnansie maak voorsiening vir :

a. die registrasie van en beheer oor liefdadigheidsinrigtings.

b. die instelling van adviserende- of bestuursrade met betrekking tot liefdadigheidinrigtings.

Hierdie Ordonnansie is herroep by Proklamasie nr. 71 van 1950, gepubliseer in die Staatskoerant van 24 Maart 1950. By Proklamasie nr. 78 van 1950 gepubliseer in die Staatskoerant van 31 Maart 1950 word die Wet op Welsynsorganisasies, Wet nr. 40 van 1947, soos gewysig, van toepassing op Natal.

Oranje-Vrystaat: Hierdie provinsie het nog nooit ꞌn dergelike Ordonnansie gehad nie. Die Ordonnansie op Hospitale en Liefdadige Instellings, nr. 8 van 1913, en wat herroep is by die Hospitale Ordonnansie, nr. 13 van 1933, het voorsiening gemaak vir die stigting en instandhouding van en beheer oor openbare hospitale en "verwante liefdadigheidsinrigtings" wat egter almal inrigtings is vir "die ontvangs van of hulpverlening aan persone wat medies of chirurgiese behandeling nodig het".

Namate sekere behoeftes ontstaan, voorsien die owerheidsektor maatskaplike wetgewing as sy metode van ingrype. Aan die begin van die dertigerjare was daar reeds bykans 220 wette en 120 Ordonnansies met ꞌn welsynstrekking op die Wetboek geplaas[1].

---

1. Verslag van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. op. cit., p. 10 par. 19.

Hoewel aanvanklik blykbaar min hiervan in die praktyk uitgevoer is, is die aard en omvang van die probleem egter sodanig dat dit die beste deur die Staat die hoof gebied kon word, en het laasgenoemde nie gehuiwer om self in te gryp nie. Sover nagegaan kon word was die eerste werklike aksie-toetrede van die Staat tot die welsynsterrein juis bedoel om verarmde gesinne aan 'n heenkome te help, deur eerstens die Bosbou Nedersettingskema en later ander nedersettings te stig [1]. Ook hierin het die N.G. Kerk 'n aandeel gehad [2].

Die Departement van Arbeid was verantwoordelik vir die plasing van Nedersetters en vir die kontrole, dissipline en hulle algemene welsyn [3]. Ten einde hierdie verantwoordelikheid na te kom, het die Departement van Arbeid 'n welsynsbeampte by elke nedersetting aangestel.

Nie net is die beginsel van koördinasie hierdeur in 'n mate uitgevoer nie maar afgesien van die tasbare ekonomiese bate wat hierdie skema vir die Staat ingehou het, het die bosbou-nedersettings hulself geleen tot ware opbouende maatskaplike werk [4].

Dit geld ook vir die stigting van nedersettings vir oues van dae en liggaamlik ongeskikte persone wat in 1938 oorgedra is aan die Departement van Volkswelsyn. Na die beëindiging van die Tweede Wêreld Oorlog word nedersettings gestig om halfgeskikte oud-vrywilligers van 'n heenkome te voorsien. Later word ook burgerlike persone tot

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn. 1937-1939. p. 134.

2. Spies, Lod.P.: Oom Danie Vertel: Hulp aan bosbouers in die Voorligter. Oktober 1968. p. 10. & Verslag van die Departement van Volkswelsyn. 1937-1939. p. 136 vir statistieke.

3. Verslag van die Departement van Volkswelsyn. 1937-1939. p. 136.

4. Verslag. Op.cit., p. 140.

hierdie nedersettings toegelaat met die doel om hulle tot selfprestasie aan te moedig en 'n beter toekoms vir die kinders te voorsien[1]. Die waarde van hierdie skemas was dat dit persone maatskaplik opgehef het, met 'n gevoel van eie waarde en die gesinslewe verbeter het[2].

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die fisiese opset van hierdie nedersettings homself by uitstek daartoe leen om al drie die metodes van die maatskaplike werk, te wete, die gevallewerk, die groepwerk en "gemeenskapsorganisasie" met besondere sukses toe te pas. Daarom is dit jammer dat besluit is om die nedersettings vir halfgeskikte persone met ingang 1 September 1954 na die Departement van Lande oor te plaas.

Die nedersetting-skema was dan ook die eerste stap wat deur die Staat geneem is om hulpbronne te ontgin om 'n maatskaplike probleem, naamlik werkloosheid en verdere verarming van 'n deel van die bevolking, die hoof te bied. Later, gedurende die depressiejare, word ander skemas met sukses geloods. Die vernaamste hiervan was:

Die Spesiale Diensbataljon wat in 1933 ingestel is en waarin talle manlike jeugdiges opgeneem is en na van ses tot twaalf maande militêre opleiding in diens geplaas is[3]. Volgens hierdie welsynsmaatreel is in 1939 ook die Kappie Kommando gestig vir minderbevoorregte Blanke dogters wat onderrig in huishoudkunde, gesondheidsleer en

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1952 tot 1959. p. 26.

2. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949. p. 103.

3. Verslag van die Departement van Arbeid. 1933. p. 6

liggaamsoefeninge ontvang het. Besproeiingskemas is ingestel by die bou van onder andere die Loskop- en die Vaalhartsdam om die probleem van werkloosheid met gepaardgaande euwels teen te werk. Behuisingsmaatreels. As gevolg van die depressie en die droogte (1929-1933) kon letterlik duisende boere nie meer 'n bestaan op die platteland maak nie. Die stadwaartse trek het vanaf 1932 toegeneem. Reeds tydens die gesamentlike Kongres oor die Armblanke Vraagstuk was die Kerk van mening dat pogings aangewend moet word om die mense instaat te stel om op die platteland 'n bestaan te maak. In April 1934 volg die Rehabilitasieskema vir Bywoners, Plaasopsigters en Plaasassistente, wat algemeen bekendgestaan het as die Plattelandse Rehabilitasie-Behuisingskema. Hierdie skema het na vyf jaar ten einde geloop nadat 14,000 huise gebou is om aan bykans, onder meer 43,000 kinders van die platteland huisvesting te bied [1].

Die werkloosheidsprobleem op die platteland het die stadwaartse trek van jongmense na die industriele gebiede verhaas, en veral huisvestingsprobleme tydens die opleidingsjare veroorsaak.

Die Kaapse Armesorgkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het moontlik maatskaplike euwels op groot skaal voorsien, voorstelle van die Kerk is deur die Regering oorweeg en in 1930 is voorsiening gemaak vir R5,000 (R10,000) om private welsynsverenigings vir tehuise van laagbesoldigdes te subsidieer. Aan die begin van 1937 word die administrasie van die skema oorgedra aan die Departement van Arbeid en Volkswelsyn en met die stigting van die Departement

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949. p. 88

van Volkswelsyn word die skema aan hierdie Departement toevertrou[1]. Met hierdie stap, die finansiële hulpverlening deur die Staat aan welsynsorganisasies ten opsigte van 'n bewese diens, word dan ook die grondslag gelê vir die volgende stap in die proses van gemeenskapsorganisasie naamlik, samewerking wat op koördinasie moet uitloop. Hierdie poging om samewerking te bewerkstellig kry 'n stimulus met die verskyning van die Carnegieverslag oor die Armblanke Vraagstuk (1932)[2]. Die aandag word gevestig op die probleem dat die armblankevraagstuk alleenlik die hoofgebied kan word indien die Staat, die Kerk en die liefdadigheidsorganisasies gesamentlik 'n werkplan ontwerp en deurvoer. Maar die Staat het nog geen sentrale welsynsliggaam gehad om sy eie dienste te koördineer nie, en aan die hand van die aanbevelings van die Carnegie-kommissie het die Minister van Arbeid en die sekretarisse van die Provinsiale Armesorgkommissies van die N.G. Kerk in 1933 ooreengekom dat die bestaande liefdadigheidskomitees (Kerkrade) van die N.G. Kerk as "Kerk-Staat-Skema" moet dien[3], waarby ook 'n sekretaris, wat by voorkeur in die maatskaplike werk opgelei is, vir elke plaaslike komitee deur die Kerk aangestel moet word.

Die funksies en pligte van die Armesorgkomitees met hulpkomitees was in ooreenstemming met die aanbevelinge van die Carnegie-Kommissie naamlik:

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die boekjaar 1937-1939. p. 129.

2. Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika - verslag van Carnegie-kommissie. p. V-XXXIII.

3. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die boekjaar 1937-1939. p. 42

"i) om betroubare statistiek in te win en te hou in verband met alle huisgesinne en persone wat in die verskillende klasse van armblankes en werkloses val asook hulle behoorlike klassifikasie, volgens die oorsake waarin hulle toestande toe te skryf is en hulle geskiktheid vir die verskillende soorte werk;

ii) die intensiewe maatskaplike dienste ten behoewe van sulke gesinne en persone te verrig;

iii) om koördinasie te bewerkstellig van alle liefdadigheidsliggame en spesiale subkomitees vir die versorging van jeugdiges aan te stel;

iv) om geskikte werk vir die werklose in medewerking met plaaslike outoriteite te verkry;

v) om in die behuisingstoestande en die gesondheid van die armes belang te stel;

vi) om opdragte wat deur die Departement van Arbeid gegee word, uit te voer;

vii) om die Departement van Arbeid raad te gee in verband met die subsidiëring van voorgestelde plaaslike ondernemings; en

viii) om as werkverskaffingsburo op te tree wanneer nodig of deur die Departement van Arbeid versoek"[1].

In hierdie funksies is die beginsels van gemeenskapsorganisasie onmiskenbaar vervat.

Die Kerk-Staatskema is in 1938 ontbind weens veranderde omstandig-

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die boekjare 1937-1939. p. 42

hede terwyl die Departement van Volkswelsyn 'n skema in werking gestel het om maatskaplike werkers in diens van welsynsorganisasies te subsidieer.

F. Funksionele- en gebiedskoördinasie van welsynsorganisasies

1. Nasionaal- en Provinsiaal -georganiseerde welsynsorganisasies

Die Federale Vroue Raad is in 1920 [1] en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid in 1920 gestig [2] as die eerste twee Nasionale Rade. Hierna volg die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg in 1924; die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes in 1929. In 1936 word die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, 'n statutêre liggaam ingevolge die Wet op Blindes, 1936, (Wet nr. 11 van 1936) gestig. Dit is die tweede Nasionale Raad wat kragtens wetgewing of regulasie met statutêre magte beklee word.

Die Nasionale Raad vir Maatskaplike Dienste is in 1935 gestig [3] met die samestelling van die Vereniging vir Hulpverlening aan Gevangenes [4] en die Proefdienste Vereniging.

Die verandering van die name in G.K. 169 (Staatskoerant nr. 2234 van 7 Februarie 1936) dui daarop dat hierdie organisasie toe reeds op

---

1. Lambrechts & Theron.: op.cit., p. 18.

2. Theron & Stulting.: op.cit., p. 73

3. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die boekjaar 1937-1939. p. 38.

4. G.K. nr. 1551. Staatskoerant, 8 September 1911, vir besonderhede en veral (g) nl. "Tak verenigingen oprichten en verteenwoordigers benoemen......".

nasionale basis funksioneer en as sulks owerheidserkenning geniet.

In 1939 word die Nasionale Raad vir die Versorging van Kreupeles in Suid-Afrika gestig. Die jongste toevoegings tot Nasionale Rade vir welsynsorganisasies is die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe (1954); die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir die Welsyn van Bejaardes (1955); die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir die Bestryding van Alkoholisme (1956); en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Epileptici (1967).

Volgens die doelstellings en aktiwiteite van die konstitusies is hierdie Nasionale- en Provinsiale Rade saamgestel om in breë trekke te dien as: amptelike kanaal rakende algemene beleidsake; om nouer samewerking met alle betrokke instansies op die spesifieke gebied te bewerkstellig ten einde oorvleueling en verspilling van kragte te voorkom; om deur middel van reklame die werk van die verenigings bekend te stel en te bevorder, (sommige van hierdie organisasies het 'n eie tydskrif of nuusbrief); om in belang van die spesifieke diens en namens geaffilieerde verenigings met die owerheidsektor en ander instansies te onderhandel; om navorsing te onderneem of die onderneming daarvan te motiveer; om behoeftes te bepaal vir uitbreiding van en instelling van dienste; en om 'n hoë standaard van dienslewering te bevorder en te verseker.

Ten einde aan hierdie dienste uitvoering te gee het die meeste van die Nasionale Organisasies wat maatskaplike werkers in diens neem, 'n direkteur of algemene sekretaris met maatskaplikewerk-opleiding in die hiërargie van die postestruktuur. Hulle word bygestaan deur senior opgeleide personeel wat ten taak het die indiensopleiding van

maatskaplike werkers, die uitoefening van kontrole oor die gehalte van die diens wat gelewer word en die beplanning van dienste op 'n streekbasis.

2. Plaaslike koördinerende rade

Daar was ook doelbewuste pogings aangewend om plaaslike koördinerende rade bestaande uit verteenwoordigers van die plaaslike welsynsorganisasies te stig. Onder meer was "The Cape co-ordinating Council of Social Welfare Organizations" in 1939 gestig, dog het ontbind omdat "Responsibility for its former functions had been accepted by the Union Department of Social Welfare and the Western Province Local Welfare Board"[1).

Heelwat ander plaaslike koördinerende liggame het in ander plekke ontstaan dog net die"Johannesburg Co-ordinating Counci of Social Welfare Organizations" bestaan vandag nog.

Waar die Nasionale Welsynsraad en Streekswelsynsrade statutêr gemagtig is om gebiedskoördinasie te onderneem, onderneem die Nasionale en Provinsiale Rade die koördinasie van welsynsorganisasies wat soortgelyke dienste verrig, met ander woorde funksionele koördinasie.

3. Sentrale gevalle registers

Die eerste sentrale gevalle register in Suid-Afrika word in 1934 in Johannesburg gestig as die "Social Service Exchange", en die "Confidential Registration Exchange" (1938) in Durban word later onder die beheer van die "United Council of Social Agencies" van die Maatskaplike Dienste Vereniging geplaas.

---

1. Helm, Burnhilde: A Cape Town directory of social welfare. p. 13.
   Stulting ontken hierdie stelling.

In 1940 stig die Maatskaplike Dienste van Suid-Afrika se tak te Port Elizabeth 'n sentrale gevalle register wat in 1944 onder beheer van die Volkswelsynbeampte, Departement van Volkswelsyn, Port Elizabeth, geplaas word.

Sentrale gevalle registers word ook op die volgende plekke gestig: Pietermaritzburg in 1939; Bloemfontein in 1942; Pretoria in 1944; en te Kaapstad in 1945. Verskeie ander pogings het misluk omdat ondersteuning ontbreek het, en die Departement van Volkswelsyn nie fondse beskikbaar gehad het om dit te subsidieer nie[1].

Die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies het na sy ondersoek in verband met die instelling en doeltreffendheid van sentrale gevalle registers aanbeveel dat dit bekend sal staan as 'sentrale welsynsregisters' en dat die Departement van Volkswelsyn die bestaande registers 'as hulpmiddels in die bevordering van koördinasie' moet oorneem, beheer en administreer[2] en word vanaf 1957 geleidelik by alle streekkantore en alle takkantore van die Departement van Volkswelsyn ingeskakel.

4. Die Gemeenskapskas

Die gemeenskapskasmetode vir die fondsinsamelingsbeheer bestaan slegs in vier sentrums, te wete, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth,

---

1. Vgl. Verslag van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. paragrawe 1863-1867.

2. Aanbevelings van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. p. 60.

in Krugersdorp. In nie een van hierdie sentrums is die gemeenskapskas 'n besondere sukses nie, nog minder verteenwoordig dit die welsynspoging van die gebied[1].

Dit is hieruit dan duidelik dat die gemeenskapskas nog nie inslag gevind het in die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur nie.

## G. Die erkenning en aanvaarding van 'n wetenskaplike benadering deur die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers

### 1. Inleiding

Die 'proefbeampte' (Wet ter Bescherming van Kinderen, 1913, en later die Kinderwet) het veel later deel van die werksaamhede van die Departement van Volkswelsyn geword. Die diens is ingestel deur die Departement van Justisie in Pretoria vir hulp en onderstand aan die gevangenes[2].

### 2. Opleiding van maatskaplike werkers

Formele opleiding vir maatskaplike werk word volgens Annette Muller[3] reeds in die laaste dekade van die negentiende eeu in Amsterdam, London en New York onderneem. Hierdie opleidingsinrigtings het 'n direkte invloed gehad op die opleiding in Suid-Afrika
"Die eerste Universiteit wat 'n kursus georganiseer het waaraan 'n sertifikaat vir maatskaplike studies verbonde was, is die Universiteit van Kaapstad, 1924"[4].

---

1. Aanbevelings van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. p. 18.

2. De Kock.: op.cit., p. 59.

3. Muller, Annette: Opleiding vir maatskaplike werk met spesiale verwysing na Suid-Afrika. p. 29.

4. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 1 par. 2.

Volgens Muller is formele opleiding vir maatskaplike werk by die onderskeie Universiteite en opleidingsinrigtings as volg ingestel: Pretoria 1929; Stellenbosch 1931; Kaapstad 1933; Potchefstroom 1933[1]; Universiteit van Suid-Afrika 1934; Friedenheim, Wellington, 1934; Witwatersrand 1937; Oranje-Vrystaat 1938[2]. Die Suid-Afrikaanse universiteite en opleidingsentrums het reeds begin met hulle opleiding en skoling in maatskaplike werk en latere vertoë insake die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers moet dan gesien word as motiveringe vir die uitbreiding van hierdie diens. Die aanbeveling van die Carnegie-Kommissie dat "die opleiding van maatskaplike werkers sonder versuim op tou gesit moet word"[3] het die behoefte en tekort beklemtoon[4].

Die behoefte was ook om op ꞌn breër grondslag navorsing oor hierdie probleme te doen in goed toegeruste inrigtings. Aan hierdie aanbeveling word veel later op ꞌn meer omvangryke basis uitvoering gegee deur die stigting in 1938 van die Suid-Afrikaanse-Universitêre Komitee vir Maatskaplike Studies, en later die Gesamentlike Universiteitskomitee vir Sosiologie en Maatskaplike Werk, en tans die Gesamentlike Universiteitskomitee vir Maatskaplike Werk.

---

1. Weens ꞌn ongelukkige toeloop van omstandighede het die kurus gedurende die vyftigerjare verwater en tot niet gegaan. Deur die direkte bemoeiinge van prof. J.P. van der Walt, Departement van Sosiologie, P.U. vir C.H.O., word die opleidingskursus aan die begin van 1965 heringestel..

2. Muller.: op. cit., p. 52.

3. Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. Verslag van die carnegie-kommissie. Deel V: Sosiologiese verslag. p. 159 aanbeveling 4.

4. Ibid., XXXI, p. 114.

Tydens die Kerklike Armesorg-Konferensie van 1934 word die noodsaaklikheid vir opgeleide maatskaplike werkers sterk beklemtoon[1] en van owerheidsweë word hierna daadwerklike aandag gegee aan die opleiding vir maatskaplike werk deur die hou van 'n reeks nasionale konferensies en 'n Departementele Komitee van Ondersoek. Die eerste, Die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk,[2] word in September/Oktober 1934 gehou en kort na die stigting van die Departement van Volkswelsyn, word dit opgevolg deur 'n konferensie op 25 Februarie 1938 waartydens die opleidingsfasiliteite vir maatskaplike werkers bespreek is.[3]
Na hierdie konferensie en ook die ondersoek wat deur Brummer onderneem is, word drie baie belangrike konferensies gehou. Die eerste was die Suid-Afrikaanse Nasionale Konferensie oor Na-oorlogse Beplanning van Maatskaplike Welsynswerk gehou te Johannesburg in September 1924[4]. Die tweede was 'n eendaagse konferensie op 30 Julie 1946[5] waartydens die Minister van Volkswelsyn versoek is om 'n Komitee van Ondersoek te benoem en verslag uit te bring oor die opleiding van

---

1. Du Toit, P.: "Beginsels in opbouende armesorg": Verslag van die Kerklike armesorg-konferensie, Kimberley, 6 en 7 Oktober 1934.

2. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk 1936.

3. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 2.

4. Verslag van die Suid-Afrikaanse nasionale konferensie oor na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynswerk. September 1944. p. 166-145.

5. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 4.

maatskaplike werk. Hierdie verslag word opgevolg deur die verslag van die Nasionale Konferensie insake Maatskaplike Werk 1951 te Kaapstad en dat die opleiding nou verhef is tot universiteitsopleiding vir 'n graad[1].

Ook die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens het besluit om hulle eie maatskaplike werkers op te lei. Die Departement van Onderwys het hierdie indiensopleiding erken[2]. Hierdie kursus het vanaf 1938 tot 1948 geduur.

3. Indiensneming van opgeleide maatskaplike werkers

Tydens die 1922 kongres van die S.A.V.F. word besluit om fondse in te samel vir finansiële hulp aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege (tans die Universiteit van Pretoria) sodat begin kon word met 'n opleidingskursus in sosiale werk. Die oogmerk was £2,500 (R5,000)[3] en is in 1929 verwesentlik met die stigting van 'n Kinderleidingskliniek waar 'n dosent ook Maatskaplike Werk sou doseer[4].

Verder was die vrug van die verslag van die maatskaplike werkster van die A.C.V.V. oor die swak behuisingstoestande in Kaapstad (waarvan tevore melding gemaak is) die totstandkoming van die Stedelike Behuisingsbond van Kaapstad, in 1926.

---

1. Verslag van die nasionale konferensie insake maatskaplike werk 1951. p. 8.

2. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 36-41.

3. Notule van jaar-kongres van die S.A.V.F., 1923. S.A.V.F. hoofbestuur, Skinnerstraat, Pretoria.

4. Muller, Annette.: op.cit., p. 19.

Die beleid van die Stedelike Behuisings Bond was: "Die Utiliteits-Maatskappy glo aan verdeling van arbeid en skei daarom die pos van administrasie, toesig van eiendomme en sosiale welvaartdiens. Die sosiale werkster is alleen verantwoordelik vir die sosiale welvaartdiens in verband met die skema"[1]. Hierdie beleid word sedertdien konsekwent gehandhaaf en is vandag nog die enigste liggaam verantwoordelik vir behuisingskemas wat maatskaplike werkers in diens neem en vakkundige aandag aan hervestigde persone verleen.

Ook in Transvaal is reeds in 1934 deur die Provinsiale Komitee van Ondersoek na Sosiale en Liefdadigheidswerk op die Witwatersrand die noodsaaklikheid vir die indiensneming van opgeleide maatskaplike werkers beklemtoon[2], en aanbeveel dat "charitable institutions performing outdoor relief should be encouraged to employ one or more trained social investigators"[3].

Gedurende 1935 het ook die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg die behoefte aan die aanstelling van opgeleide en waar moontlik ervare maatskaplike werkers beklemtoon. In 1937 het hierdie Raad by die Regering aangedring om slegs persone met opleiding in sosiale wetenskappe of maatskaplike werk as maatskaplike werkers in Regeringsposte aan te stel[4]. Die Carnegie Verslag was "die eerste

---

1. Bosman, Paul A.E.: Behuising in Kaapstad. D. Phil.-proefskrif (ongepubliseer) Universiteit van Stellenbosch, 1941, p. 267.

2. Report of the provincial committee of inquiry into social and charitable work on the Witwatersrand. p. 53 & 56.

3. Ibid., p. 85 par. 29.

4. Auret.: Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika. p. 44

met 'n direkte formele versoek vir die indiensneming van opgeleide maatskaplike werkers"[1], en beklemtoon by die Regering en "alle liefdadigheidsorganisasies in die land" om gebruik te maak van opgeleide 'sociale werkers'[2].

In 1938 was daar 77 poste vir maatskaplike werkers en tien jaar later 229 poste[3].

Die indiensneming van opgeleide en gekwalifiseerde maatskaplike werkers deur private welsynsorganisasies is bevorder deur die besluit van die Regering om 'n subsidie aan sulke welsynsorganisasies te betaal en tree op 1 April 1938 in werking[4].

Die aanvanklike doel van die skema was om die finansiële administrasie van gesubsidieerde welsynsorganisasies te vergemaklik en om die gehalte van veral die gevalle-werk te verbeter en koördinasie te bevorder deur die vereiste dat die organisasie met 'n nasionale welsynsorganisasie geaffilieer moet wees.

---

1. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 1 par. 3.

2. Verslag van die volkskongres oor die armeblanke-vraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934. p. 266.

3. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 2.

4. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949. p. 26.

Op 1 April 1955 word die skema hersien en om die administrasie daarvan te vergemaklik, word besluit om die skema van toepassing te maak net op nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies. Die doel van hierdie skema was:-

"(a) om welsynsorganisasies finansieel op 'n vaste en meer eweredige grondslag te ondersteun en hulle in staat te stel om hulle werksaamhede vooraf te beplan:

(b) om self die benodighede van hulle organisasie en die diensvoorwaardes van hulle personeel te bepaal sonder inmenging van die kant van die Staat; en

(c) om die administratiewe beheer van die toekennings aan hulle takke en geaffilieerde liggame voortaan in die hande van die betrokke nasionale of provinsiale welsynsliggame oor te laat"[1].

Hierdie skema is van tyd tot tyd hersien om dit aan te pas by veranderde omstandighede. So word daar onder dié skema voorsiening gemaak vir die subsidiëring van die salarisse van maatskaplike werkers wat deeltyds in diens geneem word en vanaf 1 April 1966 word voorsiening gemaak vir die subsidiëring van sekere poste van toesig en beheer.

Reeds met die aanvang van hierdie skema het die bevordering van die beginsel van gemeenskapsorganisasie baie duidelik na vore getree, naamlik om sekere beheerposte te subsidieer waarmee die organisasies finansieel in staat gestel is om die so noodsaaklike organisasiewerk te laat verrig deur opgeleide personeel.

---

1. Subsidiëring van maatskaplike werkers: departementele leer.

Die volgende tabel dui die uitbreiding van die skema aan:-

| Boekjaar | Aantal poste |
|---|---|
| 1938/39 | 30 |
| 1948/49 | 186 |
| 1958/59 | 413 |
| 1968/69 | 578 |
| 1969/70 | 629 |

Hierdie goedgekeurde poste vir subsidiedoeleindes is nog hoofsaaklik ten opsigte van die gevallewerk metode. Enkele organisasies het reeds groepwerkers in diens maar 'n formule vir die subsidiëring vanposte vir groepwerkers en gemeenskapsorganisasiewerkers is nog nie deur die Departement uitgewerk nie.

Met die inwerkingtreding van die Nasionale Welsynswet, 1965, word vir die eerste keer in Suid-Afrika statutêre voorsiening gemaak met die bepaling dat "Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde deur die Parlement vir die doel bewillig, en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, bydra tot die besoldiging van enige persoon wat maatskaplike werk in diens van 'n welsynsorganisasie verrig, indien hy ingevolge artikel 33 as 'n maatskaplike werker geregistreer is of te eniger tyd voor die verstryking van 'n tydperk van vyf jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie artikel by daardie organisasie diens aanvaar het"[1].

---

1. Nasionale welsynswet, nr. 79 van 1965, artikel 39.

## H. Die stigting van die Departement van Volkswelsyn

Daar is reeds aangedui dat die welsynsaktiwiteite van die Staat op 'n ongekoördineerde basis deur verskillende Staatsdepartemente onderneem is. Die Carnegie-kommissie verwys in sy verslag daarna en beveel aan: die oprigting van 'n staatsbureau vir maatskaplike welvaart wat onder een van die bestaande Staatsdepartement kan sorteer [1]. Aan hierdie voorgestelde bureau sou volgens aanbeveling opgedra kan word die belangrike funksies van koördinasie van die welsynsaktiwiteite van die verskillende Staatsdepartemente en Provinsiale Administrasies; samewerking met vrywillige welsynsorganisasies; verspreiding van inligting en voorligting en om 'n 'liefdadigheidsbeleid' vir die land te bewerkstellig: en om deur samewerking met die Universiteite 'n wetenskaplike studie en behandeling van sosiale vraagstukke te bevorder.

In hierdie funksies word, hoewel dit nie so gestel word nie, die beginsels van gemeenskapsorganisasie as die vernaamste doelstelling van die beoogde nuwe Staats-bureau beliggaam.

Aan hierdie aanbeveling word in 1935 uitvoering gegee toe die naam van die Departement van Arbeid verander is na "Departement van Arbeid en Volkswelsyn" en 'n "Kommissaris van Volkswelsyn" aangestel is om aan die hoof te staan van die "Maatskaplike welsyns"-afdeling.

Dit is bekend dat vanuit die Volkskongres te Kimberley besluit is om by die Regering die stigting van 'n aparte Departement van Volkswelsyn aan te beveel.

---

1. Die armeblanke-vraagstuk in Suid-Afrika. p. XXX, par. 124.

Resolusie (let wel) no. 1 van die Volkskongres het soos volg gelui: "Die Kongres is ernstig van mening dat armoede en agteruitgang 'n volksvraagstuk van so 'n groot omvang geword het, dat die Staat op die mees direkte wyse die inisiatief moet neem in die bestryding ook van maatskaplike oorsake en gevolge daarvan, en versoek dringend die Regering om so gou moontlik die voorbereidende stappe te doen tot die instelling van 'n definitiewe Staatsdepartement vir Maatskaplike Welvaart"[1].

Weens die sterk vertoë wat uitgegaan het van die Volkskongres wat ook algemene steun geniet het, het die destydse Eerste Minister, wyle Genl. J.C. Smuts met die opening van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk (1936), hom as volg uitgelaat:

"It will be a question for future consideration whether we should not have a separate department of social welfare not one tacked to the Department of Labour, but one which will make it its function to co-ordinate all or most of those social welfare activities in which various departments of the Government are now engaged"[2].

Kort na afloop van hierdie konferensie het die Regering opdrag gegee dat ondersoek ingestel word na die maatskaplike welsynsaktiwiteite wat oor 'n aantal regeringsdepartemente versprei was[3].

---

1. Verslag van die volkskongres oor die armblankevraagstuk. p. 266.
2. Verslag van die nasionale konferensie oor maatskaplike werk. 1936.
3. Verslag van die Departement van Volkswelsyn, 1937-1939. p. 2

Hierdie vertoë om 'n aparte Departement van Volkswelsyn het ten grondslag gehad behoeftes wat nou baie sterk na vore gekom het, naamlik eerstens die behoefte vir 'n daadwerklike welsynsbeleid deur die Staat en tweedens die beoefte dat maatskaplike vraagstukke geidentifiseer sal word en op gekoördineerde basis bekamp en voorkom sal word. Terselfdertyd het dit tred gehou met 'n neiging in die wêreld waarvolgens die staat 'n toenemende aandeel, veral ten opsigte van beleidsbepaling, in verband met welsynsdienste sal neem.

Die Voortsettingskomitee van die Volkskongres wat besig was om uitvoering te gee aan aanbevelings van die Kongres het die stigting van 'n afsonderlike Departement verder gevoer deur in Maart 1937 met 'n gemotiveerde memorandum waarin aangedring word op die stigting van 'n afsonderlike Departement na "Pretoria te kom"[1]. Kort hierna het ook die Voorsitter gemeld dat "die Staatsdienskommissie tot die gevolgtrekking gekom het dat die vraagstuk van maatskaplike wanaanpassing so 'n omvang aangeneem het dat dit nie meer op bevredigende wyse in verband met ander departemente se werksaamhede behandel kan word nie. 'n Aparte Departement om die vraagstuk in al sy vertakkinge te behandel, was dus aangewese"[2].

Met die besluit van die Regering om die Departement van Volkswelsyn te stig op 1 Oktober 1937, word nie net 'n nuwe fase in welsynswerk in Suid-Afrika betree nie, maar kry die struktuur waarop die uitvoering van welsynswerk in Suid-Afrika berus, naamlik die Staat,

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die boekjare 1937-1939. p.2.

2. Winckler, A.T.: Volkswelsynsbeleid. p. 67.

die Kerk en private inisiatief, beslag. So word die grondslag vir maatskaplike werk binne die kerk- en kultuurverband, wat egter veel later as sodanig formuleer word, gelê. Dit was die afronding van 'n ontwikkelingsgang waarvan die tempo verhaas is deur die verarming van 'n groot groep Blankes weens die vroeëre oorlog, latere depressie- en droogte toestande. 'n Sentrale Staatsinstelling word daargestel waarvan die funksies en verantwoordelikhede deur 'n subkomitee van die Kabinet opgestel is. Hierdie nuwe staatsinstelling met eie gesag sou verreikende invloed op die organisering en bevordering van 'n wetenskaplik gefundeerde welsynsdiens in Suid-Afrika hê.

Die funksieomskrywing lui soos volg:

"Die Komitee is van oordeel dat dit die funksie van die Departement van Volkswelsyn is om die maatskaplike onaanpasbare en swak aangepaste enkeling of gesin te rehabiliteer, asook om 'n studie te maak van die toestande wat tot maatskaplike onaanpasbaarheid aanleiding gee, of in noue verband daarmee staan, en om hierdie wantoestande te behandel. Dit is verder die taak van die Departement van Volkswelsyn om die maatskaplike opheffingswerksaamhede van die Staat, wat deur die verskillende departemente geadministreer word, te koördineer; dit beteken egter nie dat sulke aspekte van konstruktiewe maatskaplike skemas wat 'n noodwendige deel van die hoofaktiwiteite van ander Departemente uitmaak, na Volkswelsyn oorgedra moet word nie."[1)]

Hierdie funksieomskrywing behels beslis sekere gemeenskapsorga-

---

1. Memorandum van die Kabinet oor die Departement van Volkswelsyn, 27 Oktober 1938. p. 2. (Let wel skrywer onderstreep.)

nisasie-funksies wat nou hierdie nuwe Departement ten taak gelê word. Op 23 Oktober 1958 word die Departement van Volkswelsyn en Departement van Pensioene saamgevoeg en word in die doelstellings van die groter Departement hierdie funksies baie sterk en selfs op 'n breër grondslag beklemtoon, nl. "die studie en behandeling van maatskaplike toestande....." en "die koördinasie van alle maatskaplike opheffingswerksaamhede, veral ook die van die Staat"[1).
Noudat 'n Nuwe Departement onder meer ook wetenskaplike navorsing in verband met maatskaplike werk bepleit, moet ook gelet word op die funksies van die Kerk in hierdie verband.

## I. Die toetrede van Kerke tot die voorsiening van 'n wetenskaplike gefundeerde welsynsdiens aan lidmate

### 1. Inleiding

Van tyd tot tyd word die Kerk se bemoeiinge op die terrein van die professionele Maatskaplike Werk bevraagteken. Sonder om in besonderhede toe te tree, word slegs die hooflyne van die probleme gegee en daarna, die breë trekke van 'n prinsipiële fundering vir die toelaatbaarheid van die gebruikmaking van welsynsdienste by die barmhartigheidsdiens van die Kerk.
Die probleme wat geopper word, sentreer hoofsaaklik om die uitgangs- en standpunt dat die Kerk se taak en roeping tot die geestelik bearbeiding van sy lidmate beperk moet bly; verder dat die barmhartigheidsdiens wat die diakonaat aan lidmate van die Kerk betoon en voorsien, slegs tot die taak en roeping van hulpverlening en hulpbetoon

---

1. Memorandum van die Kabinet. op.cit., p. 7 en 8. (Let wel skrywer onderstreep).

van die diakonaat in die lig van die geestelike bearbeiding geïnterpreteer en daardeur beperk moet word; en laastens, dat die voorsiening van professionele dienste gelaat moet word in die hande van daardie instansies wat vakkundig en andersins die beste daarvoor toegerus is, met ander woorde die vraag- en probleemstelling is naamlik: of dit veroorloof is en op Bybelse gronde verantwoord kan word dat die Kerk van die dienste van die professionele opgeleide en gekwalifiseerde maatskaplike werker gebruik mag of kan maak.

Die barmharigheidsdiens van die diakonaat is gewortel in die beginsel van die liefde tot die naaste en wys heen en lei heen om te kulmineer in die liefde tot God as die bestemming van die Kerk, naamlik die geloof.

Maar nou is dit juis dieselfde beginsel van naasteliefde wat nie net in die Kerk onder die gemeenskap van die gelowiges nie, maar ook buite hierdie geloofs- en liefdesgemeenskap om volgens die gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10 die taak en roeping het met die opdrag: "Gaan en doen jy net so". (Luk. 10 : 37).

Die christelike naasteliefde, "hoe persoonlijk ze ook mag zijn, heeft met voorkeur niets te maken"[1], en soos in die genoemde gelykenis is die naasteliefde dus hulle met wie ek in kontak kom, die wat op my weg kom wat my hulp nodig het en aan wie ek hulp en liefde moet betoon. Die naasteliefde gaan by voorkeur tot die ellendige uit, maar met die bedoeling om 'n einde aan so iemand se **ellende** te maak. "Juist door lief te hebben, door onszelf aan hem te geven, werken wij aan zijn geestelijke en zedelijke verheffing mee"[2].

---

1. Brillenburg, Wurth, G.: Het christelijk leven. MCMLVII. p. 251.
2. Ibid., p. 253.

Die voorgaande hooftrekke van die beginsel van algemene naasteliefde vorm die christelike grondslag en uitgangspunt vir die opleiding van professionele Maatskaplike Werk en kan dien as antwoord op een van die probleemstellings.

Op grond van die vorige, met ander woorde die liefde tot God en liefde tot jou naaste, moet ook die grondslag gevind word vir die konnotasie en verhouding tussen die barmhartigheidsdiens van die kerk en die diens van die professionele gekwalifiseerde maatskaplike werk. Die kern van voorgenoemde probleem lê opgesluit in die volgende, naamlik: maatskaplike werk is allerlei arbeid wat geskied te leniging van armoede en ellende, "naast den steun van diaconie, armbestuur en particuliere liefdadigheid"[1]. Die staat se "roeping is om die kerk en die particuliere liefdadigheid te steunen, maar self trede zij aanvullend op"[2].

Samevattend kan die vorige uiteensetting dus aanvaar word as 'n prinsipiële fundering[3] vir die hulp wat die maatskaplike werker aan die diakonie bied as aanvullende diens om hulle taak en roeping in hulle besonder amp vandag beter te kan vervul. Dit is dus veroorloof

---

1. Grosheide, F.W.: Korte christelijke encyclopaedie, J.H. Kok, Kampen. 1934. p, 690.

2. Bouwman, H.: Gereformeerd Kerkrecht (eerste deel). J.H. Kok,

3. Van der Walt, J.P. : Ongepubliseerde memorandum: 'n Prinsipiële fundering van maatskaplike werk met die oog op die herinstelling van professionele maatskaplike werk aan die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. 1964.

en op Bybelse gronde verantwoord om maatskaplike werkers as hulp in die diens van die Kerk te gebruik. Die opleidingskursus van professionele gekwalifiseerde maatskaplike werkers is vanselfsprekend wetenskaplik en prinsipieel gefundeer.

Uit hierdie prinsipiële fundering blyk dat die historiese ontwikkeling van welsynsdienste en die maatskaplike werk in besonder, dui op ŉ klemverskuiwing van die materiële hulpverlening as ŉ doel op sigself, tot ŉ wetenskaplike gefundeerde dienslewering met materiële hulpverlening bloot as ŉ middel tot geestelike opheffing en rehabilitasie.

Sosiologies word die daadwerklike en aktiewe deelname van die Kerk aan welsyns- en maatskaplike-werkdienste verantwoord deurdat die mens aan die sosiale orde moet voldoen en aan die eis om die Godsgegewe wette en norme en waardes in die lewens van alle mense waar te maak, en is gegrond op die dieper geestelike behoeftes van die mens[1]. In baie gevalle werk die gebrek aan geestelike sekuriteit meer steurend in op die persoon - lidmaat - as die gebrek aan ekonomiese en maatskaplike sekuriteit.

Die kerk het dus hier ŉ taak te vervul en is mede-verantwoordelik vir die verkondiging van die Evangelie en geestelike bearbeiding en ook maatskaplike opheffing van sy lidmate en ook ander mense.

2. <u>Die Nederduitse Gereformeerde Kerk</u>

Die deurlopende welsynsdiens van die N.G. Kerk waarna reeds

---

1. Mannheim, Karl: Freedom, power and democratic planning.

verwys is, is volgens behoefte aangevul en uitgebrei. Die stadswaartse trek het verdere probleme vir die Kerk ontketen. Aanpassingsprobleme van die intrekkende lidmate in die stede was so omvangryk en ook ingewikkeld dat die ampte van die Kerk in die oorgrote meerderheid van gevalle nie welslae met die oplossing en behandeling kon behaal nie. Dit het noodsaaklik geword dat hierdie persone en gesinne in die stedelike- en nywerheidsgebiede in die netwerk van die kerklike lewe opgevang word. Die beste metode was deur die instelling van Christelik-Maatskaplike Rade (C.M.Rade) wat maatskaplike werkers aanstel om die Kerkrade behulpsaam te wees met die gespesialiseerde gevallewerk-dienste aan hierdie gesinne[1]. Die Randse Armesorgraad word in 1937, die Christelik-Maatskaplike Raad te Pretoria word in 1938[2] en die Christelik-Maatskaplike Raad, Kaapstad word op 26 April 1944[3] gestig. Hierna word Christelik-Maatskaplike Rade volgens behoefte deur die onderskeie Ringe gestig sodat daar vandag 'n netwerk van Christelik-Maatskaplike Rade bestaan. Hierdie stap het dan ook die fondament gelê vir die struktuur waarop die uitvoering van welsynswerk in Suid-Afrika berus naamlik die

---

1. Soos persoonlik deur dr. Piek, algemene sekretaris van die Federale Armesorg Kommissie op 30 Augustus 1967 aan skrywer verduidelik.

2. Albertyn, Ds. J.R.: Die armesorg van die Transvaalse Kerk" in Wonderdade van God. Jubileum gedenkboek 1842 - 1942. p. 193.

3. Botha, L.L.W.: Die maatskaplike sorg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. (1928 - 1953). p. 106.

Staat, die Kerk en die private inisiatief en soos in Deel II van hierdie studie aangedui word een van die doeltreffendste funksionele gemeenskapsorganisasie-ondernemings is.

Die prinsipiële beginsel en die noodsaaklikheid dat die Kerk se barmhartigheidsdiens aansluiting moet vind by die professionele maatskaplike werk word reeds tydens die Kerklike Armesorg-Konferensie van 1934 deur ds. P. du Toit beklemtoon [1]. In hierdie verband beklemtoon ds. J.R. Albertyn dat "Kerklike maatskaplike werk dus die kanale moet open, waardeur die Evangelisasie Boodskap met al sy krag kan deurvloei tot alle dele van die gemeenskap" [2].

Op die Christelike Nasionale Onderwys-Kongres van Bloemfontein (Julie 1939) word die "eenheidsgrondslag" geformuleer en deur die gesamentlike Onderwyskommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Enkel Gereformeerde Kerk in 1940 bevestig. Besluit no. 1 lees: "Die Kongres besluit dat die Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing die grondslag van die opvoeding en onderwys van die Afrikaanse volk moet wees en dat dit ten doel moet hê die voortplanting, beskerming en ontwikkeling van die Christelike en nasionale wese en aard van ons Volkslewe" [3].

---

1. Du Toit, ds. P.: "Beginsels in opbouende armesorg": Verslag van die kerklike armesorg-konferensies, Kimberley, 6 en 7 Oktober 1934. p. 17-18.

2. Albertyn: Verslag op.cit., p. 43-44.

3. Wonderdade van God. Jubileum gedenkboek 1842-1942. p. 317.

'n Verdere ontwikkeling op die terrein was dat die Ondersteuningsraad van die Nederduits Hervormde Kerk in Januarie 1948,[1] en die Welsynsraad van die Apostoliese Geloofsending gedurende 1965 onderskeidelik elkeen 'n eerste maatskaplike werker aangestel het[2].

J. Werkverdelingsooreenkoms tussen die Staat, die Kerk en die private welsynsorganisasies

1. Inleiding

Die verantwoordelikheid van die Kerk in die ontwikkeling van welsynsdienste is reeds aangetoon sowel as die ontstaan en opkoms van die private inisiatief. Die dienste van die Kerk en die private inisiatief was reeds op 'n hegte grondslag toe die Regering besluit het om sy eie losstaande pogings in 'n Departement van Volkswelsyn saam te snoer.

Die Kerk en die private inisiatief se dienste word gekenmerk deur 'n eie en aparte ontwikkelingsgang, en hoewel sekere van hierdie dienste identies skyn te wees, is die onderliggende motivering hiervoor geheel verskillend en sou dit verkeerd wees om hierdie dienste onder dieselfde hoof of indeling te plaas trouens, sekere wetgewing soos bv. die Kinderwet, 1960, beklemtoon Kerk- en kultuurverband. Verder het die Minister van Volkswelsyn en Pensioene byvoorbeeld met die opening van die een-en-vyftigste vergadering van die Nasionale Welsynsraad, gesê, een van die sake wat aandag moet geniet is "die

---

1. Oelrich, P.: Direkteur van die Ondersteuningsraad. Persoonlike mededeling.

2. Poggenpoel, pastoor F.P.: Direkteur, A.G.S.-Welsynsraad. Persoonlike mededeling.

verhouding, samewerking en duidelike afbakening van die werksterreine op welsynsgebied tussen die staat, die Kerk en die private sektor" [1]. Daar bestaan drie groot lewensgebiede te wete die van die private inisiatief, die van die Kerk en die van die Staat wat beteken dat elkeen soewerein in sy eie kring is, elk met 'n eie struktuur, doel, roeping en taak en dat wisselwerking en ineenverwewing nie uitgesluit kan word nie. Hiervolgens moet die Staat sorg dat reg en geregtigheid gehandhaaf word, die Kerk eis dat die mens en die maatskappy en die Staat getrou bly aan die beginsels van Gods woord en hulle belydenis sal uitlewe. Elkeen het sy taak en verantwoordelikhede binne sy eie gebied en die een mag die funksies van die ander nie oorneem nie.

Die kerk se maatskaplikewerk dienste spruit uit en is 'n uitbouing van die diens van barmhartigheid onder leiding van die Diakenamp wat hom nooit ontneem mag word nie. Kerklike maatskaplike werk moet altyd 'n hulp- en aanvullende diens bly soos tevore alreeds aangetoon is. Aangesien die voorgenoemde die situasie is, moet vervolgens ingegaan word op die werksverdeling tussen kerk, staat en private inisiatief op die welsynsterrein.

2. Werkverdelingsooreenkoms

Die eerste duidelike poging tot samewerking en koördinasie van dienste word gevind in die poging wat in 1933 aangewend is om 'n lands-

---

1. Notule van die een-en-vyftigste vergadering van die Nasionale Welsynsraad.

wye basis te vind vir 'n maatskaplike werk velddiens. Hierby is onder andere die Federale Vroueraad in die Kerk-Staatskema betrek. Hierdie poging wat na vyf jaar doodgeloop het, het getoon dat daar wel 'n basis vir samewerking gevind kan word.

Die eerste verslag[1] van die Departement van Volkswelsyn is deurspek met die idee van samewerking tussen die Departement van Volkswelsyn en die private inisiatief wat subsidies ontvang het. 'n Werksverdelingsbasis was 'n vereiste en realiseer tussen die Departement en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg volgens departementele omsendbrief nr. 19 van 1947. Die onderliggende beginsels was ook van toepassing op ander gesinsorgorganisasies. Die beginsel van standaardbepaling deur kanalisasie word reeds hier ingestel met die reëling dat verslae aan die Kinderhowe deur die Kindersorgverenigings by die Volkswelsynbeamptes ingehandig moet word vir deursending aan die Kommissaris van Kindersorg.

Met hierdie werkverdelingsooreenkoms word ook die beginsel aanvaar dat die departementele beamptes verantwoordelik sal wees vir statutêr-gerigte maatskaplike werk.

'n Ander beginsel wat ook met hierdie ooreenkoms vasgelê word is die van samewerking en onderlinge oorlegpleging tussen die belanghebbendes.

Op 24 Augustus 1951 word in die Staatskoerant[2], die opdrag van die

---

1. Departement van Volkswelsyn: verslag vir die boekjare 1937-1939.

2. Verslag van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillig welsynsorganisasies. p. 1.

Komitee van Ondersoek Insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies gepubliseer. Hierin word die volgende beginsels deur die Minister van Volkswelsyn vasgelê, naamlik dat die Staat en die private inisiatief elk 'n besondere bydrae te lewer het op die gebied van welsynswerk: dat die voortbestaan van welsynsorganisasies afhanklik is van toereikende fondse waartoe die Staat bydra; en dat die beste resultate verkry kan word deur die Staat en die private inisiatief as vennote op die gebied van welsynswerk te beskou.

In sy bevindings onderskryf die Komitee die beginsel van vennootskap tussen die Staat en die partikuliere inisiatief, sodat elkeen op eie terrein en deur gesamentlike optrede ook aanvullend kan bearbei om die maatskaplike welsynsterrein bevredigend te kan dek, met inagneming van die rol wat deur die plaaslike owerhede in hierdie verband gespeel word[1].

Ten opsigte van die verantwoordelikheid van die private inisiatief beveel die Komitee aan dat dit die funksie en die taak van die partikuliere inisiatief is om die breë terrein van die gesinsorg, waarby kindersorg ingesluit word, te behartig, asook groepsorg en bepaalde vorme van inrigtingversorging, en dat dit die gemeenskaplike taak van die Staat en welsynsorganisasies sal wees om die gemeenskap voor te lig en op te voed tot 'n beter insig en gesindheid teenoor maatskaplike sorg in die algemeen[2].

---

1. Aanbevelings van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. p. iv.

2. Ibid., p. iv en p. 2-3 en p. 12-15.

Hierdie aanbevelings word die basis van die Memorandum oor die Werksverdeling tussen Vrywillige Welsynsorganisasies en die Buitekantore van die Departement van Volkswelsyn in 1955.

Met hierdie stap word die eerste keer 'n basis van samewerking neergelê wat gebaseer is op 'n redelik duidelike werksverdelingsooreenkoms tussen die Staat en die vrywillige welsynsorganisasies en gee aan Suid-Afrika 'n besliste voorsprong bo ander lande op hierdie gebied[1].

K. Die erkenning van Maatskaplike Werk as 'n professionele diens

Van Doorn wys daarop dat maatskaplike werk nie net "een jong beroep" is nie maar "ook een beroep met veel vaagheid en twyfels, met een nog onvolgroeide opleidingstruktuur, een zwakke beroeps organisatie, een schimmige beroeps ethiek"[2]. Gray se in 1944 "what social workers are permitted to do falls far short of what they are equipped to do"[3], en wys dan verder daarop dat maatskaplike werk nie duidelik omskryf is nie, met uiteenlopende take wat nie as professionele dienste geklassifiseer kan word nie. Tydens die Suid-Afrikaanse Konferensie oor Na-oorlogse beplanning oor Maatskaplike Werk word die georganiseerdheid van die professie sterk beklemtoon.[4].

---

1. Die vrug van 'n vergelykende studie (deur die navorser wat met 'n oorsese studiereis onderneem is) tussen die Republiek van Suid-Afrika aan die een kant en aan die ander kant, Engeland, Nederland en die Skandinawiese lande.

2. Van Doorn: op.cit., p. 239.

3. Report of the South African national conference on the post-war planning of social welfare work. p. 117.

4. Ibid., p.120-121.

In sy verslag beveel die Departementele Komitee van Ondersoek oor die Opleiding en Indiensneming van Maatskaplike Werkers verskillende belangrike sake aan[1] wat realiseer met die volgende, naamlik: Die maatskaplike werker stig op nasionale grondslag die Maatskaplike Werkers Vereniging van Suid-Afrika in 1951[2] wat voorafgegaan is deur die erkenning van hierdie dienste as 'n volwaardige professie met vakkundige status[3], professionele status word ook aan Volkswelsynbeamptes in diens van Volkswelsyn in 1955 toegesê en by die Hoër Vakkundige Afdeling van die Staatsdiens ingedeel[4], en statutêre voorsiening vir die registrasie van maatskaplike werkers word gemaak[5]. Hierdie en ander sake rakende die beskerming van die professie Maatskaplike Werk word statutêr beliggaam in die Nasionale Welsynswet, 1965.

De Jongh[6] gee 'n uiteensetting van hoe maatskaplike werk ontwikkel het tot 'n professionele diens. Terwyl Van Doorn[7] wys op die ken-

---

1. Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. p. 81-82; p. 93-95 en p. 102.

2. Maatskaplike Werkers Vereniging van Suid-Afrika. Voorsittersverslag vir die tydperk 25 Oktober 1954 tot 8 Junie 1957.

3. Verslag van die komitee van ondersoek insake finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. par. 82 tot 89.

4. Ibid., p. 89.

5. Nasionale Welsynswet, nr. 79 van 1965. Artikel 33.

6. De Jongh, J.F. : The function of social work". p. 56.

7. Van Doorn.: op.cit., p. 239.

merke van die begrip 'professioneel' en Flexner[1] weer het sekere kriteria vir 'n professie neergelê.

Oor maatskaplike werk as 'n professionele diens in Suid-Afrika word volstaan met die volgende opmerkings oor die professionaliteit van maatskaplike werk wat deur Cronje as van fundamentele belang geag word:-

"(a) Opleiding vir die beroep maatskaplike werk: Die professionaliteit van die maatskaplike werk hou in dat persone wat hierdie werksaamheid wil beoefen, daarvoor opgelei moet wees. In die beginstadia van die ontwikkeling van die onderhawige beroep het hierdie implikasies nog nie na vore getree nie maar in die huidige stadium word dit as 'n vanselfsprekendheid aanvaar. Oor die opleiding as sodanig hoef hier nie veel gesê te word nie. Volstaan kan word met te konstateer dat die opleiding ten doel moet hê om die beroepsmens as professionele persoonlikheid te vorm. Hierdie beroepsmens moet oor die nodige wetenskaplike kennis beskik, hy moet die nodige professionele bedrewenheid verwerf en hy moet gemotiveer wees deur die professionele gesindheid van diens aan die mens en die gemeenskap tot die eer van God.

(b) Die begrensing van die beroep maatskaplike werk: Die professionaliteit van enige werksaamheid hou in dat dit begrens moet word. Die eenvoudigste manier om hierdie begrensing, wat die maatskaplike werk betref, te bewerkstellig, is om die standpunt te stel dat die

---

1. Flexner, A.: "Is social work a profession " in Proceedings of the national conference of charities and corrections. p. 576-590.

maatskaplike werk as beroepswerksaamheid eerstens bestaan in die opleiding vir maatskaplike werk as beroep, tweedens in die toepassing (deur opgeleide persone) van die metodes van die maatskaplike werk (te wete individuele behandeling, groepwerk en gemeenskapsorganisasie), derdens in die administrasie van die werksaamhede wat uit die toepassing van die metodes voortvloei, en vierdens in die navorsing wat met die voorafgaande verband hou. Hierdie begrensing is duideliker en buigsamer as ʼn begrensing wat op ʼn "definisie" van maatskaplike werk berus, indien daar wel sprake van ʼn bevredigende en houdbare omskrywing van hierdie bepaalde beroepswerksaamheid kan wees. Die begrensing van die maatskaplike werk as beroep is om twee redes noodsaaklik: eerstens, om die terrein waarop die professionele maatskaplike werker hom beweeg, te kan aandui; en tweedens, om die plek van maatskaplike werk naas ander beroepe te kan stel.

(c) Die verhouding van maatskaplike werk as beroep teenoor ander beroepe: Die professionaliteit van die maatskaplike werk as beroep vereis ook dat daar ʼn bepaalde verhouding van hierdie beroep teenoor ander (veral verwante) beroepe (byvoorbeeld die geneeskundige, kerklike, opvoedkundige en ander beroepe) sal wees. Met hierdie verhouding word nie soseer bedoel dat tussen die beroepe wedersydse (formele) "erkenning" sal bestaan nie; maar wel dat op die grondslag van taakdifferensiasie ʼn bepaalde samewerking as koördinasie tussen die betrokke beroepe sal ontwikkel sodat maatskaplike werk as beroep sy eie plek sal hê en sy beskore rol sal speel naas ander beroepe.

(d) Die gehalte van maatskaplike werk as professionele werksaamheid: Dit is van die allergrootste belang om met die groots moontlike nadruk daarop te wys dat die professionaliteit van die maatskaplike werk die eis stel dat in die beoefening van die maatskaplike werk die hoogsmoontlike werkgehalte nagestreef moet word en wel eerstens omdat die maatskaplike werk te make het met mense wat intrinsieke en oneindige waarde het, tweedens omdat professionele eerbaarheid dit vereis, en derdens omdat die maatskaplike werk alleen dan sy beskore rol naas en te midde van ander beroepe na behore kan speel. Beroepswelslae hang af van en hang saam met beroepsgehalte.

(e) Die beskerming van maatskaplike werk as beroep: Wanneer hier van beskerming van die beroep maatskaplike werk gepraat word, dan word nie aan sake soos salarisskale, verlofvoorregte, pensioenskemas, en dergelike meer gedink nie, maar wel aan die opleidingsvereistes, die status en die eerbaarheid van die beroep. Wat opleidingsvereistes betref, moet vasgelê word hoedanig die opleiding moet wees om aan die beroepsvereistes te kan voldoen. Die status van die beroep hou in dat bepaal moet word dat alleen opgeleide persone die bepaalde werksaamheid mag beoefen. Die eerbaarheid van die beroep stel die eis dat daar behoorlike beheer oor die beroep moet wees sodat persone wat hulle skuldig maak aan onbetaamlike en skandelike gedrag in professinnele sin, uit die beroep uitgeskakel kan word. Die beskerming van die beroep kan die beste gedien word deur die wetlike registrasie van maatskaplike werkers deur 'n liggaam wat met die opleidingsvereistes, status en eerbaarheid van die beroep kan handel".[1)]

1. Cronje, G.: Professionele maatskaplike werk. p. 17-19.

L. Samevatting en eie opvatting

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat op die terrein van die maatskaplike sorg die Kerk, en veral die N.G. Kerk, deurgaans 'n besondere rol gespeel het, en bewustelik en onbewustelik voortdurend op die terrein van gemeenskapsorganisasie beweeg het. Die eerste vorm van maatskaplike aksie word deur die Kerk geneem in sy optrede reeds in die tweede helfte van die sewentiende eeu ten behoewe van verwaarloosde en mishandelde kinders, daarna volg die daarstelling, in samewerking met die Lutherse Kerk, van die eerste kinderhuis en daarna tehuise vir bejaardes. Die Kerk het ook die eerste konferensie gereël en sodoende die belangstelling gestimuleer en die samewerking verkry van die gemeenskap in belang van diegene wat in nood verkeer het, en daarin geslaag om die nodige hulpbronne te ontgin. Afgesien van die openbare mening wat op die wyse aangewakker is, was die Kerk ook die eerste instansie wat onderhandelings met die Staat aangeknoop het om te voorsien in maatskaplike node en behoeftes deur onder meer die totstandkoming van die Bosbou en ander nedersettings, die Volkskongres 1934 en die Kerk-Staat-Skema. Die Kerk het ook tred gehou met hedendaagse ontwikkeling deur sy optrede en gebruikmaking van maatskaplike werk as hulpdiens.

Hoewel die private inisiatief reeds voor die begin van die twintigste eeu deur die stigting van welsynsorganisasies op die toneel verskyn, kry hierdie beweging eers werklik beslag na die tweede Vryheidsoorlog met die stigting van die A.C.V.V. en S.A.V.F. en daarna die Kindersorgverenigings en later die spesialiserende

welsynsorganisasies. Funksionele koördinasie word bevorder namate welsynsorganisasie met dieselfde breë doelstellings in Nasionale en Provinsiale organisasies saamgesnoer word.

Die staat se aanvanklike bydrae blyk sporadies te wees met toepaslike wetgewing as vernaamste bydrae ten opsigte van ingrype as gevolg van byvoorbeeld die depressie en droogtetoestande. Die eerste poging om koördinasie te bewerkstellig geskied met die skepping van 'n Afdeling vir Volkswelsyn in 1935 in die Departement van Arbeid en die verandering van die naam van die Departement van Arbeid na 'Departement van Arbeid en Volkswelsyn'. Aan hierdie afdeling word egter beperkte welsynsverantwoordelikhede opgedra en die ander Staatsdepartemente behou nog hulle verantwoordelikhede. Hierdie afdeling kon egter meer toegewyde aandag gee aan die Kerk-Staat-Skema wat reeds in 1933 ingestel is.

Met die stigting van 'n afsonderlike Departement van Volkswelsyn in 1937 het die Staat se pogings momentum verkry, en vir die eerste keer in die geskiedenis word aan 'n Staatsdepartement die verantwoordelikheid opgedra om 'n studie te maak van omstandighede wat tot maatskaplike wantoestande bydra, om sodanige omstandighede te behandel, en om koördinasie van pogings tot maatskaplike opheffing te bewerkstellig. Welliswaar het die Departement van Gevangenisse, en later die Departement van Onderwys, ten opsigte van die verantwoordelikheid vir proefdienste 'n dergelike mandaat gehad sover dit misdaad by kinders betref.

Hoewel die aktiwiteite van die Departement van Volkswelsyn aanvanklik gekortwiek is deur die land se deelname aan die Tweede Wêreld

Oorlog, het dit tog vanaf sy instelling daadwerklike pogings aangewend om samewerking met die Kerk en welsynsorganisasies te bewerkstellig. Sy pogings om koördinasie te bewerkstellig het reeds begin vrugte afwerp soos blyk uit die reeks konferensies wat belê is, die erkenning wat verleen is aan opgeleide maatskaplike werkers deur die subsidiëring van die salarisse van goedgekeurde maatskaplike werkers in diens van vrywillige welsynsorganisasies, en later die verkryging van professionele status vir sy eie beamptes wat meegebring het die erkenning van Maatskaplike Werk as 'n professionele diens. Koördinering van welsynsdienste word bevorder deur die werksverdelingsooreenkoms en die Wet op Welsynsorganisasies, tans die Nasionale Welsynswet.

Dit is duidelik dat die Staat se welsynspoging eers werklik beslag gekry het en op 'n hegte grondslag geplaas is met die stigting van die Departement van Volkswelsyn. Die Staat se positiewe aandeel aan gemeenskapsorganisasie soos in Deel II aangedui sal word het ook eers werklikheid geword na die stigting van die Departement van Volkswelsyn.

# DEEL II

## DIE BEOEFENING VAN GEORGANISEERDE EN DOELGERIGTE GEMEENSKAPSORGANISASIE IN DIE ALGEMEEN EN SPESIFIEK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# HOOFSTUK 4

## DIE BELANGRIKHEID EN DOEL VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

### A. Inleiding

Gemeenskapsorganisasie het betrekking op daardie organisasies en instellings in die gemeenskap wat hulle aandag bepaal by wanaanpassing soos finansiële nood en afhanklikheid, gesins desorganisasie, gesondheidsprobleme, persoonlikheidsprobleme en tekortkominge soos verslaafdheid aan drank en verdowingsmiddels, misdadige neigings, ens., en daardie organisasies en instellings wat hulle beywer vir ŉ gesonde lewe en tussenmenslike verhoudings. Laasgenoemde sluit in volwasse onderwys of onderwys buite skool verband, bevordering van gesondheidsdienste, konstruktiewe vryetydsbesteding en ontspanning, maatskaplike aanpassing, indiwiduele ontwikkeling binne groeps- en gemeenskapsverband. Welsynsdienste het dus te make met aanpassing tussen mense en groepe in ŉ gemeenskap in positiewe en negatiewe betrekkinge.

In die koördineringspoging ter bevordering van die algemene welsyn en in die breë voorkomingsaspek word in gemeenskapsorganisasie daarmee rekening gehou en gepoog om ŉ effektiewe samesnoering van al hierdie dienste op so ŉ wyse te bewerkstellig dat daardeur ŉ geintegreerde geheel van dienslewering verkry sal word.

Die hedendaagse samelewing raak al hoe meer ingewikkeld met toenemende behoeftes aan welsynsorganisasies en ander maatskaplike instellings. Dit verg ŉ groter mate van spesialisasie, wat hoër eise

stel aan die gehalte van diens en daarmee gepaardgaande doeltreffender administrasie. Om hierdie gespesialiseerde dienste tot 'n geïntegreerde geheel saam te snoer verg veel meer dan 'n gekoördineerde struktuur. Samewerking berus op tussenmenslike verhoudinge wat op so 'n wyse gemotiveer moet word dat 'n innerlike behoefte daaraan sal ontstaan. Om dit te bewerkstellig vereis doeltreffende beplanning en organisering van bestaande gemeenskapsdienste wat gekoördineer moet word met ook nuwe behoeftes wat van tyd tot tyd blootgelê sal word. Reëlings vir die voorsiening daarin moet op so 'n wyse geskied dat die instelling en ontwikkeling van die nuwe dienste en die nodige hulpbronne aansluiting sal vind by bestaande dienste en dit sal aanvul ten einde 'n ewewigtige balans tussen die behoeftes en die hulpbronne in 'n gemeenskap te verseker.

Dit dui op die noodsaaklikheid van gemeenskapsorganisasie in sy breë konnotasie en in besonder in die betrokke gemeenskappe, hetsy geografies of funksioneel, want "community organization ... is 'every bodies business' ... (and) must be based on the joint efforts of men and women in a community's different social welfare agencies"[1].

B. <u>Die toenemende belangrikheid van gemeenskapsorganisasie</u>

Die toenemende belangrikheid van gemeenskapsorganisasie word duidelik uit onder andere die volgende aanhaling: "The character of the social work services is determined by the social and economic

---

1. Johns & De Marche.: Community organization and agency responsibility. p. 647.

climate out of which they come; and it falls to community organization practice to co-ordinate and promote those services in a manner that orients the whole pattern more completely to the particular needs and thinking of the time,"[1] en kan die beste geïllustreer word deur in meer besonderhede te let op die volgende faktore[2].

1. Die toenemende ingewikkeldheid van die gemeenskap

Die hedendaagse maatskaplike lewe word al hoe ingewikkelder. Veranderings wat voortdurend plaasvind is die gevolg van ekonomiese ontwikkeling wat ʼn toename in bevolkingsdigtheid in stede en industriële gebiede meebring dikwels ten koste van die platteland wat met ontvolking bedreig word. Dit bring mee veranderings in die samestelling van die bevolking, dikwels ʼn versteuring van die natuurlike balans bv. in die verspreiding van die ouderdomsgroepe, seksgroepe, beroep, werkersgroep en kulturele homogeniteit deur ʼn abnormale toevoeging van immigrante, ens. Hierdie bevolkingsmobiliteit met gepaardgaande moderne kommunikasiemiddels bring mee ʼn verskuiwing van invloeds- en kontrole groepe, asook ʼn vermeerdering van die aantal maatskaplike groepe, -organisasies en ander instellings wat die onderlinge verhoudinge tussen mense raak.

Die meeste hedendaagse gemeenskappe, en veral in ʼn vinnig ontwik-

---

1. Murphy, C.G.: Community organization practice. p. 55.
2. Johns & De Marche.: op. cit., p. 3-6.

kelende en vooruitstrewende land soos Suid-Afrika, is gevolglik ŉ netwerk van informele organisasies en verhoudinge wat aanpassingsprobleme in die gemeenskap meebring.

2. <u>Die aantsal welsynsorganisasies neem toe</u>

Daar is reeds op gewys dat meer as 2,000 welsynsorganisasies in Suid-Afrika geregistreer is. Hierdie verskeidenheid van welsynsorganisasies en ander instellings wat hulle beywer vir die algemene welsyn van die gemeenskap beklemtoon die noodsaaklikheid van koördinasie en beplanning ter bereiking van ŉ geïntegreerde gemeenskapswelsynsdiens. Hierdeur word oorvleueling beperk en verseker dat daar nie in sekere gebiede ŉ oorbesetting van welsynsdienste sal wees nie, terwyl daar in ŉ ander gebied behoeftes bestaan of ontwikkel waarin nie voorsien is of doeltreffend in voorsien kan word nie. Hierby moet in gedagte gehou word dat die welsynsbehoeftes dinamies is en dat die welsynsdienste aangepas moet word by veranderende behoeftes. Om sulke dienste te kan voorsien is uiters moeilik want dikwels het organisasies "self hulp nodig om ŉ keuse te maak met betrekking tot behoeftes en dienste, die aanvaarding en nakoming van hul verantwoordelikheid as welsynsorganisasies. Die metode van gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk word aangewend om hierdie hulp te verstrek"[1].

---

1. **Stulting**: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. p. 56.

3. Maatskaplike welsynsbehoeftes vermeerder steeds

Hoewel mense in die huidige samelewing dit nie besef nie, het hulle in wese meer afhanklik van mekaar geword. Hulle kan nie langer hoofsaaklik op hulleself, hulle familie of hulle bure staat maak vir hulle welsyn nie. Op alle gebiede van die lewe, die verkryging van werk, van voedsel, van kleding is die mens onderling afhanklik van mekaar en van georganiseerde instellings vir hierdie doeleindes. Die mens se lewe is vandag ineenverweef met dié van ander. Maar ook hulp is in ꞌn toenemende mate nodig aan diegene wat in nood verkeer hetsy weens omstandighede waaroor hulle geen beheer het nie of omstandighede wat deur hulle eie toedoen veroorsaak is, dit wil sê deur óf indiwidueel patologiese óf sosiaal patologiese verskynsels wat as maatskaplike probleme van die gemeenskap en as sy verantwoordelikheid aanvaar word. Om in hierdie toenemende behoeftes te voorsien het beplanning van gemeenskapswelsynsdienste al hoe noodsaakliker geword.

4. Hoër standaarde van maatskaplike werkdienste en doeltreffender administrasie daarvan, word vereis

Veral oor die afgelope paar dekades het die standaarde van maatskaplike werk gestyg. Met die erkenning van maatskaplike werk as ꞌn professie, het ook die opleiding intensiewer geword en die standaarde van diens wat maatskaplike werkers moet lewer het geweldig gestyg. Daar is dan ook tasbare bewyse dat praktiserende maatskaplike werkers hulle doelgerig beter wil toerus vir hulle professie deur van gespesialiseerde nagraadse studie gebruik te

maak.. Dit gaan gepaard met groot uitbreidings en enorme finansiele uitgawes wat geregverdig word deur hoë eise te stel vir 'n doeltreffende maatskaplike werk administrasie en standaarde van dienste.

5. Die toenemende spesialisasie vereis doeltreffende integrasie

Gevalle werk, groepwerk, gemeenskapsorganisasie, kindersorg-, gesinsorgwerk, maatskaplike werk in 'n mediese en psigiatriese opset, ens., is vandag nie alleen gespesialiseerde rigtings op sigself nie, maar sommige het selfs gespesialiseerde onderafdelings ontwikkel. Dit dra beslis aansienlik by tot die welsyn van diegene aan wie die dienste gelewer word. Ten einde elkeen van hierdie gespesialiseerde afdelings en onderafdelings van die maatskaplike werk mekaar te laat aanvul tot voordeel van die gemeenskap, en die individu nie te verwar met die verskeidenheid van dienste nie, moet elkeen van hierdie spesialiteitsrigtings duidelikheid hê oor sy rol en funksies. Dit beklemtoon nogeens die noodsaaklikheid van beplanning, koördinasie en integrasie van welsynsdienste.

6. Struikelblokke in die weg van eenheid en koördinasie moet uitgeskakel word

Om te verwag dat daar ten alle tye eenheid tussen die groot verskeidenheid van welsynsorganisasies en liggame sal wees is onrealisties. Dit is egter noodsaaklik dat die nodige stappe geneem sal word om groter eenheid te bewerkstellig. Gebiede waar groter eenheid bewerkstellig kan word is bv. ten opsigte van gesamentlike welsynsbeplanning op sowel plaaslike as nasionale vlak, internasionale

skakeling, fondsinsameling, en terrein besetting.

Tydens die Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning, Junie 1969, het dit bv. weer baie duidelik geblyk dat daar 'n mate van onrus bestaan omdat sekere organisasies fondse insamel oor die hele land, en sodoende plaaslike bronne dreineer. Die gemeenskapskas het nog nie inslag gevind nie en waar gemeenskapskaste wel bestaan, is slegs 'n klein persentasie van die welsynsorganisasies lede daarvan. Die bydrae van die gemeenskapskas ten opsigte van die standaard van dienste wat gelewer word, sowel as plaaslike welsynsbeplanning word hierdeur gekortwiek, veral omdat die groot organisasies huiwer om hulle met die gemeenskapskas te vereenselwig.

Plaaslike gemeenskapswelsynsrade bestaan nie meer nie. Die samestelling van die Streekswelsynsrade is sodanig dat dit nie as verteenwoordigend van die plaaslike- en streekswelsynspoging beskou kan word nie. Dit kan dus ook nie as mondstuk van welsynsorganisasies optree nie. Verder moet in gedagte gehou word dat die Streekwelsynsrade statutêre liggame is wat met wetlike magte beklee is. Op hierdie aspek sal later meer breedvoerig ingegaan word.

Daar blyk ook onduidelikheid te bestaan oor die terrein van die Kerk en sekere welsynsorganisasies en hulle onderskeie funksies. Dit gee aanleiding tot ongesonde kompetisie. Daar is reeds vermeld dat sommige organisasies die sentrale gevalle register byvoorbeeld bloot gebruik om 'n geval te registreer en dan as "hulle geval" toe te eien.

7. <u>'n Beter begrip van samewerking en groter vaardigheid in menseverhoudings word al hoe meer noodsaaklik</u>

Om hierdie probleme die hoof te bied vereis meer as net 'n

struktuur met hulpmiddels om dit te bewerkstellig. In sy wese veronderstel samewerking insig in die gedrag van mense, hulle dryfvere en motiverings. Samewerking is wesentlik die skep van 'n klimaat vir gesonde onderlinge verhoudings tussen mense. Die behoefte wat indiwidue en organisasies het vir sekuriteit, erkenning, behoud van eie identiteit, bevrediging in deelname, moet verstaan en uitgebou word deur sowel deelnemers as leiers in samewerkende ondernemings.

Verhoudingsprobleme is uiters ingewikkeld en verg insig en in hoë graad van vaardigheid om dit te hanteer. Dit is veral die bedrewendheid om die onderlinge groepverhoudinge te motiveer, te hanteer en in die regte kanale te stuur wat hier op die spel is. Suksesvolle hantering van intergroep verhoudinge is die taak van die ryp en ervare gemeenskapsorganisasiewerker.

Boer[1)] wys daarop dat Nederland die beste gebruik moet maak van beskikbare ruimte en dat dit noodsaaklik is om openbare geboue so doeltreffend moontlik te beplan vir benutting deur alle lede van die gemeenskap. Met die beplanning vir die oprigting van 'n"Dorpshuis" (dit is wat in Suid-Afrika normaalweg as 'n gemeenskapsentrum bestempel sal word, dog dit het egter 'n wyer benutting deurdat dit deur die hele gemeenskap vir alle doeleindes gebruik word byvoorbeeld vir welsynsdienste, huweliksonthale, danse, politieke vergaderings, kerkbyeenkomste, ens.) is die eerste stap om die behoefte te bepaal.

---

1. Boer, J.: Directrice, stichting opbouw Drenthe. Assen, Nederland. persoonlike onderhoud, September 1968.

Daarna volg die onderhandelings met al die betrokke instansies in verband met die benutting en besettingstye, ens. Dit het die Dorpshuis te Assen byvoorbeeld twee-en-'n-halfjaar geneem om hierdie onderhandelings te finaliseer. Die taak om hierdie hele saak deur te voer was opgedra aan 'n ervare gemeenskapsorganisasiewerker.

C. Gemeenskapsorganisasie as 'n proses in die maatskaplike werk

Omdat sommige skrywers nog na gemeenskapsorganisasie verwys as 'n terrein van werksaamhede, terwyl die meeste erkende skrywers dit reeds aanvaar as 'n proses en 'n metode in die maatskaplike werk is dit nodig dat ook hieroor duidelikheid verkry moet word.

Murphy verwys na gemeenskapsorganisasie as 'n "field of activity in social work" wat beoefen word deur organisasies belas met maatskaplike beplanning, koördinasie, integrasie, finansiering van dienslewerende organisasies, "community organizations of this type include amongst others, community welfare councils, community chests and united funds, and agencies promoting programs to meet special areas of need, as in mental hygiene, race relations, interfaith tolerance, and so forth"[1].

Hierteenoor moet gestel word dat daar nie gepraat kan word van die terrein van gevallewerk, van groepwerk, of die terrein van gemeenskapsorganisasie nie. Gemeenskapsorganisasie is een van die drie basiese metodes in die maatskaplike werk en kan saam met die ander twee metodes op die verskillende welsynsterreine gebruik word.

---

1. Murphy, C.G.: Community organization for social welfare": Social work yearbook, 1957. p. 179.

McMillen stel dit soos volg: "councils of social agencies are organizations in the field of social planning. They utilize not only the community organizatinn processes in the carrying out of their assignments. The fact that one process is used more extensively than another in a particular agency does not justify the assumption that use of the process is restricted to agencies of that particular type"[1].

Daar word derhalwe volstaan daarmee dat dit 'n proses en 'n metode in die maatskaplike werk is.

Die noodsaaklikheid vir gemeenskapsorganisasie spruit uit maatskaplikedesorganisasie "as a breakdown in the functioning of the established social order, a failure of physical and social forces to function adequately, a decrease in the influence of existing rules of behaviour"[2].

Maatskaplike-desorganisasie kan deur 'n verskeidenheid van faktore teweeg gebring word. Voorbeelde daarvan word gevind in werkloosheid, armoede, kulturele en rassebotsings, hoë voorkoms van die egskeidingsyfer, misdaad, ens., waarvan mense bewus raak. Hierdie probleme gee aanleiding tot die neem van stappe om dit teen te werk met die stigting van organisasies wat trag om die geïdentifiseerde probleme op te los. 'n Samesnoering of koördinasie van hierdie organisasies word noodsaaklik en so gaan die proses van gemeenskapsorganisasie aan.

---

1. McMillen.: op. cit., p. 21.
2. Johns & De Marche.: op. cit., p. 75.

Ten einde gemeenskapsorganisasie as ŉ proses in die regte perspektief te sien is dit nodig om te let op die doeleindes van gemeenskapsorganisasie nl. (i) die op mekaar afstemming van behoeftes en hulpbronne, of te wel om ŉ balans te verkry tussen behoeftes en hulpbronne en (ii) integrasie en samewerking.

In die verslae van die "Study Group of the Community Section of the National Social Work Conference" van 1939 kon geen eenstemmigheid bereik word oor wat gemeenskapsorganisasie nou werklik is nie, gevolglik rapporteer die komitee soos volg: "we suggest that the general aim of community organization is to bring about and maintain a progressively more effective adjustment between social welfare resources and social welfare needs. This implies that community organization is concerned with:

a) the discovery and definition of needs;

b) the elimination and prevention of social needs and disabilities so far as possible; and

c) readjustment of resources in order to meet changing needs"[1].

Die gedagte van die opmekaar afstemming van behoeftes en hulpbronne word dus reeds in hierdie omskrywing vervat.

Hierdie proses begin wanneer maatskaplike probleme in ŉ gemeenskap waargeneem word en daaraan aandag gegee word deur die optrede van indiwidue sonder dat ŉ formele organisasie in die lewe geroep word.

---

1. Barry, Mildred C.: "An assessment of progress made by community organization in identifying basic concepts and methods in social work education": Community organization in social work. p. 500.

Hierdie persone wakker die belangstelling van andere aan en hulle besluit om 'n organisasie te stig met die doel om aan die besondere probleem aandag te gee. Die proses groei deurdat die doel wyer steun ontvang en resulteer in die stigting van 'n organisasie. Namate die werksaamhede uitbrei kan dit nodig word om 'n maatskaplike werker in diens te neem. In hierdie eerste proses het die maatskaplike werk as sulks geen rol gespeel nie. Dit beteken dus dat die proses in gemeenskapsorganisasie onder sekere omstandighede doeltreffend deur leke toegepas kan word.

Stulting stel dit dat "wanneer welsynsdienste ingestel word, verloop daar 'n proses van gemeenskapsorganisasie ... (en) wanneer 'n welsynsorganisasie tot stand kom, word 'n kanaal gevorm, waardeur die proses van gemeenskapsorganisasie gestruktueer word"[1).]

Die voorgenoemde dui die wyse aan waarop 'n organisasie in 'n gemeenskap tot stand kan kom. Daar moet egter altyd gewaak word teen onoordeelkundige optrede en oor-entoesiasme. Die doel van gemeenskapsorganisasie as metode in die maatskaplike werk is juis om hierdie proses op 'n gesistematiseerde en wetenskaplike basis ingestel te kry. Om hieraan te kan voldoen is dit noodsaaklik dat die nodige koördineringstruktuur gevind sal word sodat beplanning volgens 'n vaste beleid gevolg kan word. Daar moet dus ook gelet word op gemeenskapsorganisasie as 'n proses waardeur koördinasie en samewerking bewerkstellig word. Ook hierdie proses kan heel eenvoudig ontwikkel. Namate 'n gemeenskap ontwikkel en bevolkingsdigtheid

---

1. Stulting, A. A.: "Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk". p. 176.

toeneem, ontstaan verskeie organisasies en instellings. Met die totstandkoming van hierdie nuwe organisasies word persone wat reeds op die besture van ander organisasies dien in 'n bestuurshoedanigheid in die nuwe organisasies betrek. Dit het tot gevolg dat daar samewerking en erkenning van mekaar se dienste bestaan. Dikwels is juis hierdie tipe van wisselwerking en samewerking die rede wat voorgehou word waarom 'n formele kanaal vir samewerking nie nodig is nie.

Namate die aantal organisasies uitbrei en die dienste al hoe meer gespesialiseerd raak, ontstaan die noodsaaklikheid om op plaaslike vlak koördinasie te bewerkstellig. Dit gee dan aanleiding tot die stigting van plaaslike koördineringsrade.

Die totstandkoming van nasionale- en provinsiale rade is die gevolg van 'n behoefte tot samewerking wat ontstaan by daardie organisasies met gelykgerigte doelstellings waardeur koördinasie en samewerking op funksionele vlak verkry word, byvoorbeel die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg, die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kreupelsorg, ens. Hierdie rade aanvaar 'n landswye verantwoordelikheid ten opsigte van beleidsbepaling vir die besondere diens, neerlê van standaarde vir werkverrigting, bekendstelling van die diens op nasionale terrein en reklamering daarvan, sowel as die uitbreiding van die diens na gemeenskappe waar die instelling daarvan noodsaaklik geword het.

Die Staat het sekere welsynsverpligtinge wat hoofsaaklik bywyse van wetgewing bepaal word. Wanneer daar 'n aparte Staatsdepartement vir die doel daargestel word soos die Departement van Volkswelsyn word

dit met gemeenskapsorganisasie verantwoordelikhede beklee. Hierdie verantwoordelikhede is beide vertikaal en horisontaal. "The State department as an agency in the 'community' of the state exists side by side with other agencies on this level and finds an inevitable necessity to work out harmonious relationships with them. Sometimes this is achieved informally, by conference and interchange of correspondence. In other circumstances it is channelled through a council set up by legislative act or administrative order. (Die Nasionale Welsynsraad is 'n goeie voorbeeld hiervan). What ever the means used, the department participates in many attempts at correlation of services and finds itself engaging in the practice of community organization when it does so"[1].

Die Departement se werksaamhede word deur wetgewing gemagtig en kan beskou word as verteenwoordigend van die 'gemeenskap' van die Staat. Die departement moet dus deur middel van die tegnieke van gemeenskapsorganisasie sorg dat die publiek gunstig ingesteld bly teenoor die departement se programme, tevrede wees dat die departement se werk nodig is en dat die metodes en beleid bevorderlik is vir die algemene welsyn wat dui op die horisontale verhoudinge.

Die departement word egter deur die Kabinet gemagtig om sekere werksaamhede te verrig. Vir die uitvoering hiervan word fondse deur die Parlement bewillig. Die departement moet dus aan 'n hoër gesag verantwoording doen oor die wyse waarop hierdie fondse bestee

---

1. Kurtz, R.H.: "Bench marks of community organization": Community organization in action". p. 75.

is. Op hierdie vlakke moet daar samewerking wees ten opsigte van ŉ verskeidenheid van fasette van die werk. Terselfdertyd is die departement afhanklik van instansies in die gemeenskap op die uitvoerende vlak. Ook hier moet goeie verhoudinge en samewerking bewerkstellig en gehandhaaf word met gesonde en aanvaarbare kontrole stelsels. Dit dui op die vertikale vlak.

Die voorafgaande dui op die belangrikheid en die noodsaaklikheid om goeie verhoudinge op die horisontale en vertikale vlak te skep en te handhaaf om sodoende samewerking en koördinasie te bevorder en te verseker.

Murray Ross beklemtoon die samewerkingsaspek waarin hy daarop wys dat dit die proses is waardeur ŉ gemeenskap sy behoeftes identifiseer; in orde van belangrikheid rangskik; die vertroue en begeerte kweek om daaraan aandag te gee; hulpbronne vind en deur daaraan te werk ŉ samehorigheidsgevoel ontwikkel ter bevordering van samewerking en koördinasie[1]. Hy maak dan die volgende stelling naamlik: "while all the stages in the process are important and in fact inseparable, certainly none is more important than the final qualifying phrase in our definition"[2]. Dit is duidelik dat hy samewerking sien as die einddoel van gemeenskapsorganisasie met die bewering "what community organization as a conscious process is directed at achieving is not a new nursery, water system, or housing project but more important, an increased capacity to under-

---

1. Ross, M.: op. cit., p. 39.
2. Ibid., p. 48.

take other co-operative projects in the community"[1].

Met hierdie feitlik oorbeklemtoning van samewerking en integrasie blyk dit dat Ross meer waarde heg aan die strukturele as wat daardeur bereik kan en moet word naamlik, 'n diens waarsonder sekere mense nie in hulle maatskaplike behoeftes sal kan voorsien of hulle probleme sal kan oorbrug nie. Dit wil dus voorkom asof hy nie soveel waarde heg aan die "attitudes" as aan die "practice" nie.

D. Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk

Maatskaplike werk het te make met die probleme wat die mens ondervind in die aanpassingsproses hetsy teenoor ander mense, óf 'n deel, óf 'n aspek van die maatskaplike omgewing. Maatskaplike werk het met ander woorde tot 'n groot mate te make met die probleme van verhoudinge. Die doelstellings van maatskaplike werk is daarop gefokus om hierdie aanpassingsproses te vergemaklik deur die instelling, aktivering en instandhouding van 'n proses waardeur die probleme van maatskaplike verhoudinge en aanpassings sodanig uit die weg geruim kan word dat die betrokkenes vir hulleself bevredigende oplossings vind wat ook vir die samelewing aanvaarbaar sal wees. Dit dui ook op die maatskaplike werk filosofie soos uiteengesit deur prof. Cronjé[2] en wat deur Pray as gevolg saamgevat word. "The philosophy of social work .... rests upon a profound faith in human beings, in their inherent and invoilable right to

1. Ross.: op. cit., p. 48.

2. Cronjé, G.: "Uitgangspunte by die maatskaplike werk": Professionele maatskaplike werk. p. 1-17.

choose and to achieve their own destiny, through social relations of their own making, within the essential framework of a stable and progressive society. It rests upon a deep appreciation of the validity and the value of society as a whole, of these individual differences in human beings. It conceives of social unity and progress as the outcome of the integration, not the suppression or conquest, of these differences"[1].

Maatskaplike werk het dus 'n hulpverlenende en nie 'n kontrolerende funksie nie. Dit pas tegnieke van samewerking toe selfs ook met manipulering. Dit bied 'n diens aan vir diegene wat daarvan gebruik wil maak. Theron sê in hierdie verband "maatskaplike werk het ook te doen met beinvloeding van die rangorde van waardes (die lewe van keuses) van mense en daarom het dit ook 'n mens- en lewensbeskoulike grondslag"[2].

In die toepassing van maatskaplike werk word in die algemeen verwys na die drie basiese metodes en ten opsigte van gemeenskapsorganisasie wys Boer daarop dat dit tot 'n metode in die maatskaplike werk ontwikkel het wat onder professionele leiding so gunstig verloop het, dat die doel soos volg bereik word: "op deze wijze ontstaat dan een maatschappelijk werk-situatie, waarin op systematische wijse, beroepsmatig, volgens bepaalde methodische gedragslijnen hulp verleend wordt. Bij deze vorm van hulpverlenen is de 'community'

---

1. Pray, K.L.M.: When is community organization social work practice": Community organization in action. p. 89. Vgl. egter Theron, J.S.: Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens en lewensbeskouing. p. 418-419.

2. Ibid., p. 175.

de 'client' en helpt de sociale werker de 'community' bij het oplossen van haar problemen"[1]. Stulting vat dit as volg saam: "gemeenskapsorganisasie is 'n metode van maatskaplike werk wat 'n gemeenskap help om die voortdurende maatskaplike welsynsbehoeftes die hoof te bied deur die interaksie van sy konstituerende dele (organisasies, instellings, indiwiduele leiers, en geografiese onderafdelings) op so 'n wyse aan te help dat die hoogste mate van sy interne en eksterne bronne bevry en gebruik word, terwyl terselfdertyd sy potensiële vermoë om die oplossing van nuwe probleme te onderneem, versterk word"[2].

Erika Theron stel dit so: "waar mense wat saamwoon hulle pogings saamsnoer om in behoeftes te voorsien en probleme die hoof te bied, word gemeenskapsorganisasie gevind, maar wanneer hierdie proses doelbewus en op vakkundige wyse bevorder en gelei word, vind ons gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk"[3].

In die praktiese toepassing van gemeenskapsorganisasie word dan ook uitgegaan van dieselfde beginsels vir die gevallewerk- en groepwerkmetodes, en word verder ook tot 'n groot mate van dieselfde tegnieke gebruik gemaak en dieselfde stappe gevolg. "Thus, while the context in which the case worker, group worker, or the worker in community organization operates is quite different, fundamentally the objec-

---

1. Boer, J.: Maatschappelijk opbouwwerk. p. 83.
2. Stulting: "Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk" p. 178-179.
3. Theron, Erika.: "Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk". Ibid.

tives they seek and the means they use to achieve these ends have a good deal in common".[1)]

In gemeenskapsorganisasie moet die gemeenskap sy behoeftes en probleme identifiseer en self pogings aanwend om dit die hoof te bied. "The objectives of all social work methods, for example, are similar. All are concerned with removal of blocks to growth, release of potentialities, full use of inner resources, development of capacity to manage one's own (the individual, group or community) life, ability to function as an integrated unit. ... In community organisation, what is desired is initiation of that process which will enable a community to overcome those blocks (apathy, vested interests, discrimination) which prevent the community from working together; release of potentialities and use of indigenous resources (which emerge as the community struggles and strives to deal with its needs or goals) and growth of those co-operative attitudes and skills which make possible achievement of increasingly difficult ends. This, as implied, is merely application to the community situation of objectives analogous to those of case and group work"[2)].

Dit is duidelik dat hierdie prosesse op soortgelyke veronderstellings rus, naamlik die inherente eie waarde en waardigheid van die indiwidu, die hulpbronne waaroor elkeen beskik om sy probleme die hoof te bied, die inherente vermoë om te groei en te ontwikkel en die vermoë van die indiwidu (of groep of gemeenskap) om selfstan-

---

1. Ross., op. cit., p. 60.
2. Ibid., p. 61.

dige keuses in die bestuur van sy eie sake te maak. Verder word soortgelyke metodes aangewend in die toepassing van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapsorganisasie. In die gevallewerk word van die standpunt uitgegaan dat die kliënt aanvaar moet word, dat 'n professionele werkerkliënt verhouding moet ontwikkel, dat begin moet word op die vlak of punt waar die kliënt is, dat hy verstaan en onderskraag moet word, dat hy gehelp moet word om sy eie besluite te neem en tot aksie oor te gaan om sy probleme op te los, en dat hy tot selfstandigheid gelei moet word. In gemeenskapsorganisasie word die gemeenskap as kliënt gesien en word hierdie beginsels dan ook op die gemeenskap toegepas. Die gemeenskapsorganisasiewerker het dieselfde benadering. Die gemeenskap word aanvaar soos dit is, gehelp om in 'n rigting en teen 'n tempo te beweeg wat vir hom gemaklik is en 'n uitdaging bied, aangemoedig tot aksie, onderskraag in tye van spanning en teleurstelling, met die verduideliking van die kort en langtermyn doelstellings van die gemeenskapsorganisasieproses, ens.[1].

Omdat maatskaplike werk te make het met mense, maatskaplike omstandighede en maatskaplike verhoudinge, en die probleme van aanpassing en ontwikkeling, vereis dit kennis van die gedrag van die indiwidu en van die groep, sowel as kennis van die gemeenskap met al sy maatskaplike instellings. Dunham haal E.J. Tropman aan wie die volgende beginsels beklemtoon as toepaslik op alle vorms van maatskaplike werk: -

---

1. Ross.: op. cit., p. 62.

a) Selfbeskikking : Die indiwidu, die groep en die gemeenskap het die reg om hulle eie oogmerke na te strewe.

b) Indiwidualisasie : Mense, groepe en lande verskil van mekaar en verlang derhalwe verskillende optredes.

c) Deelname : Daar moet deelname wees aan die kant van persone, groepe of gemeenskappe ten op sigte van die dienste wat aangebied of beplan word. Die beginsel is dat beplan word in samewerking met en nie vir.[1)]

Na analogie van die gebruiklike stappe wat geneem word in die gevallewerkmetode is daar ook 'n ooreenstemming in gemeenskapsorganisasie. In die gevallewerk sal die agtereenvolgende stappe die volgende insluit:

a) definiëring van die algemene aard van die probleem;
b) psigo-sosiale studie;
c) diagnose en formulering van die behandelingsplan;
d) behandeling;
e) evaluasie.

In gemeenskapsorganisasie sal die proses moontlik die volgende behels:

a) Die erkenning van die gemeenskapsorganisasieprobleem;
b) ontleding van die probleem wat ook feite insameling kan behels;
c) beplanning van optrede om die probleem te bekamp;
d) aksie om die probleem die hoof te bied; en

---

1. Dunham: op. cit., p. 38.

e) evaluasie van die aksie en resultate[1].

Hoewel daar verskille in die twee metodes is, bevat albei beplanning, aksie of behandeling en evaluasie.

Daar is ook dienooreenkomstige vergelykbare elemente in beide groepwerk en gemeenskapsorganisasie. Die groep en groepprosesse is die grondslag van groepwerk en kan ook as van die belangrikste aspekte van gemeenskapsorganisasie beskou word. Die element van groepleierskap is belangrik in beide prosesse met 'n verskil in verhoudinge omdat die oogmerke, samestelling en prosedures gewoonlik verskil. Organisasie vorm deel van beide prosesse maar is ingewikkelder by gemeenskapsorganisasie. Beide is afhanklik van vrywillige koöperatiewe deelname, berus hoofsaaklik op 'n opvoedkundige grondslag en maak van beide leke sowel as opgeleide werkers gebruik om sekere oogmerke te bereik. Gemeenskapsorganisasie is egter baie omvangryker en meer wydvertak as groepwerk met 'n groter verskeidenheid van metodes en tegnieke omdat dit met organisasies en ander instellings in die gemeenskap en met die gemeenskap self werk. Groepwerk vul egter gemeenskapsorganisasie aan, en laasgenoemde is in baie opsigte afhanklik, nie net van groepwerk nie, maar ook van die gevallewerk wat indiwidue en groepe motiveer tot deelname.

Daar is reeds verwys na sekere beginsels wat van toepassing is op alle vorme van maatskaplike werk. Net soos sekere beginsels eie is aan die metodes van gevallewerk en groepwerk, is daar beginsels wat eie is aan gemeenskapsorganisasie. Skrywers soos McNiel,

---

1. Dunham: op. cit., p. 39.

Johns en De Marche, Florence Cassidy[1] het sekere beginsels wat van toepassing is op gemeenskapsorganisasie neergelê, naamlik:

"Discontent with existing conditions in the community must initiate and/or nourish the development of the association (organization) ...

Discontent must be focussed and channelled into organization, planning, and action in respect of specific problems ....

The discontent which initiates or sustains community organization must be widely shared in the community ....

The association must involve leaders (both formal and informal) identified with, and accepted by, major subgroups in the community ...

The association must have goals and methods of procedure of high acceptability ....

The program of the association should include some activities with emotional content ....

The association should seek to utilize the manifest and latent good will which exists in the community ....

The association must develop active and effective lines of communication both within the association and between the association and the community ....

The association should seek to support and strengthen the groups which it brings together in co-operative work ....

---

1. Harper & Dunham: op. cit., 104-111. Die genoemde beginsels bevat 'n merkwaardige mate van ooreenkoms.

The association should be flexible in its organizational procedures without disrupting its regular decision-making routines ....

The association should develop a pace for its work relative to existing conditions in the community ....

The association should seek to develop effective leaders ....

The association must develop strength, stability and prestige in the community"[1].

Wat nog hierby gevoeg moet word is dat gemeenskappe deskundige, professionele hulp nodig het. "The role of the professional worker is that of helping the community to discover, identify, and plan to meet its social welfare needs. The success of community organisation depends in a large part upon the ability of the worker to bring about voluntary participation in achieving a common goal"[2].

E. Samevatting en eie opvatting

Die belangrikheid van gemeenskapsorganisasie word duidelik wanneer in ag geneem word dat dit 'n vername aandeel het in die bevordering van 'n demokratiese lewenswyse gebaseer op die hoogs moontlike verkryging van samewerking; dat dit te make het met die lewe en welsyn van die mens; en dat dit geleenthede skep vir beter menslike verhoudinge waardeur geïntegreerde denke en aksie tot uiting kom.

1. Harper & Dunham.: op. cit., p. 112.
2. Ibid.: p. 108.

Omdat die gemeenskap al hoe meer ingewikkeld raak vermeerder maatskaplike behoeftes wat aanleiding gee tot die stigting van meer welsynsorganisasies. Dit gee aanleiding tot spesialisasie met gepaardgaande verhoging in die standaard van dienste wat gelewer word. Terselfdertyd val die soeklig al skerper op koördinasie en samewerking waardeur 'n geïntegreerde welsynsdiens tot stand kan kom.

Gemeenskapsorganiasie is dan die proses waardeur die gemeenskap sy behoeftes en hulpbronne op mekaar instel.

Hoewel gemeenskapsorganisasie deur sowel leke as professionele persone geïnisieer kan word, het die klem in die hedendaagse ontwikkeling verskuif na die leiding van 'n maatskaplike werker, veral as gelet word op die beginsels wat in die praktyk toegepas word.

## HOOFSTUK 5

## DIE PRAKTYK EN DOEL VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

### A. Inleiding

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat gemeenskapsorganisasie die doelbewuste proses is waardeur die maatskaplike behoeftes en -hulpbronne op mekaar ingestel en bevorder word deur die bemoeiinge van die maatskaplike werker. In die praktyk van gemeenskapsorganisasie word sekere strúkturele hulpmiddels egter ook benodig om die prosesse in werking te stel.

Dunham praat van gevallewerk, groepwerk en gemeenskapsorganisasie as prosesse in maatskaplike werk en dui dan die prosesse aan as metodes. Ander skrywers weer praat van die metodes van maatskaplike werk en dui sekere prosesse aan. Dit is en bly verwarrend wanneer daar nie eenvormige gebruik in die terminologie is nie. In ooreenstemming met die algemene gebruik in Suid-Afrika verkies navorser om te verwys na die metodes in die maatskaplike werk.

Vir die toepassing van gemeenskapsorganiaasie benodig die beoefenaar 'n verskeidenheid van instrumente waarna later in meer besonderhede verwys sal word, en om hierdie instrumente saam met hulpbronne na behore te kan benut, moet 'n bedrewenheid in die gebruikmaking van sekere tegnieke aangekweek word.

Die gemeenskapsorganisasie-proses begin, of word inwerking gestel as 'n poging om 'n oplossing vir 'n werklike probleem te vind[1].

---

1. Dunham.: op. cit., p. 266.

Uit die aard van die saak sal sodanige probleem verband hou met 'n maatskaplike moeilikheid of behoefte. Sulke situasies kan van verskillende aard wees. Dunham[1)] onderskei tussen minstens dertien situasies en prosesse wat in die hantering van 'n probleem opduik, en stel dit dan dat die volgende ses eintlik as funksies van gemeenskapsorganisasie identifiseerbaar is naamlik, feite-insameling, programmering, standaardbepaling, verhoudings en koördinasie, opvoeding en bevordering, en verkryging van ondersteuning en deelname. Hierby behoort volgens navorser se mening probleem-omskrywing, verslagskrywing, evaluasie en finansiering bygevoeg te word.

Vervolgens word die volgende funksies naamlik: die probleem, programmering, koördinasie en integrasie, opvoeding en bevordering, finansiering en die vereiste strukturele hulpmiddels in die praktyk van gemeenskapsorganisasie behandel.

B. <u>Funksies in die praktyk van gemeenskapsorganisasie</u>

1. <u>Die probleem</u>

Die heel eerste stap in gemeenskapsorganisasie is waarneming en die ontleding van die probleem waar die basiese vrae soos: wat, wie, waar, wanneer, waarom en hoe van toepassing is.

1) <u>Wat</u> is die probleem? Dit verg 'n beskrywing van die probleem situasie, hoe lank dit reeds bestaan, die opset, agtergrond, aard, ens. daarvan.

2) <u>Wie</u> is betrokke by die probleem? Hier sal aandag gegee word

---

1. Dunham.: op. cit., p. 268-270.

aan die indiwidue of groepe betrokke, byvoobeeld, bejaardes, liggaamlik/geestelik afwykendes (volwassenes/kinders) ens., watter houdings, vooroordele ens. bestaan ten opsigte van die probleem en hoe belangrik dit is.

3) Waar bestaan die probleem? Is dit plaaslik of dek dit ŉ wyer gebied, watter verhoudings met ander geografiese of funksionele groepe of gemeenskappe bestaan of mag daarby betrokke wees.

4) Wanneer ontstaan die probleem? Dit dui ook op die intensiteit van die probleem. Hier sal bepaal word of dit ŉ kort of langtermyn probleem is (ŉ ramp sal korttermyn wees, kinderverwaarlosing weer langtermyn) en/of ŉ tydsbeperking vir die oplossing gestel moet word.

5) Waarom word dit as ŉ probleemsituasie bestempel? Met ander woorde, wat kan moontlik gebeur as niks omtrent die saak gedoen word nie.

6) Hoe moet die probleem hanteer word? Wie moet die inisiatief neem, watter organisasie(s) en/of instansies, watter personeel sal benodig word, watter bestaande hulpmiddels en -bronne kan benut word, watter metodes en prosedures moet gevolg word, wat sal die koste wees en hoe en waar kan fondse verkry word.

Op die meeste van hierdie vrae sal nie onmiddellik ŉ afdoende antwoord verstrek kan word nie en dui dan op prosesse wat die volgende omvat:-

1) programmering waarvoor nodig is feite-insameling, ontleding, evaluasie, en beplanning.

2) Koördinasie en integrasie wat bewerkstellig word deur konferensies, administrasie, konsultasie, onderhandeling en organisasie;

3) opvoeding en bevordering deur die gesproke woord, die geskrewe woord en afbeelding; en

4) finansiering wat fondsinsameling en subsidiëring insluit[1].

C. Programmering:

Programmering het as voorvereiste feite-insameling, ontleding en evaluasie as basiese komponente van beplanning wat ook die grondbeginsel van programmering is.

1. Feite-insameling in gemeenskapsorganisasie begin in die gemeenskap, wat impliseer dat kennis van die gemeenskap onmisbaar is; dat die probleme gesien moet word soos die gemeenskap dit doen; en dat die gemeenskap se gereedheid om daaraan te werk geëvalueer moet word. (Dit sal ook die intensiteit van die opvoedkundige en bevorderingstaak insluit wat nodig mag wees). Tydens die feite-insamelingsondersoek word helderheid omtrent die probleem verkry deur die bepaling van die feitelike situasie en beskouing oor die verskillende aspekte daarvan asook die gemeenskap se hulpbronne. Feite-insameling moet nie verwar word met maatskaplike navorsing nie, hoewel onder sekere omstandighede maatskaplike navorsing die gemeenskapsorganisasieprojek vooraf mag gaan[2].

---

1. Vgl. ook Dunham.: op.cit., p. 333.

2. Vgl. Cilliers, S.P.: Maatskaplike navorsing, metodologiese prosedures en tegnieke. Kosmo-uitgewery. Stellenbosch. 1965. Deel IV.

Die feite-insamelingsondersoek is tot 'n sekere mate 'n <u>deurlopende proses</u>, en een van die noodsaaklikste en handigste hulpmiddels of instrumente van die gemeenskapsorganisasiewerker. Daar is verskeie soorte van feite-insamelingsondersoeke: "among the more common types are the collection and statistical interpretation of data, social surveys, financial studies, opinion polls, resource inventories, canvasses of inter agency relations, periodic evaluations of welfare programs, and over-all community studies"[1]. By hierdie lys kan nog gevoeg word formele komitees van ondersoek wat gewoonlik deur 'n gesagsinstansie aangestel word. (Tans is daar bv. twee sodanige komitees van ondersoek besig met ondersoeke naamlik, na die bedrywigheid van die Skiëntologiebeweging in Suid-Afrika en die misbruik van dwelmmiddels aangestel deur die Ministers van Gesondheid en van Volkswelsyn en Pensioene respektiewelik. Sodanige komitees van ondersoek kan die voorloper wees van óf wetgewing óf ander administratiewe maatreëls om die probleem wat ondersoek is, te bekamp.)

Dit is nie die doel van hierdie studie om die verskillende tipes van feite-insamelingsondersoeke te bespreek nie. Aangesien die maatskaplike opname algemeen erken word as een van die wat die meeste gebruik word, en seker die vernaamste aspek van feite-insameling is, word volstaan met die definisie van: 1. Dunham "A social welfare survey or study, ..... means simply a specific systematic inquiry or investigation in respect of social welfare phenomena, with the purpose of applying the results to social welfare practice"[2]; 2. Harper

1. Harper & Dunham: op. cit., p. 192-193.

2. Dunham: op. cit., p. 340 en p. 340-346 sover dit betrekking het op die metodiek van die maatskaplike ondersoek.

& Dunham: "(Social survey is) social investigation within a given area of related current problems and the analysis and interpretation of its findings in ways to make them educational forces in the community or a study designed to examine the need for social services in a community, to determine the degree to which these needs are being met, the effectiveness of existing agencies in meeting the needs, and to develop a plan for co-ordinated social action"[1)]

3. Hendriks[2)] beklemtoon die waarde van die "self-survey" waardeur mense in die gemeenskap tot aktiewe deelname geaktiveer word, en deur die kennis aldus opgedoen meer geredelik die noodsaaklikheid vir veranderings aanvaar. In hierdie proses word die opvoedkundige en bevorderingselement in gemeenskapsorganisasie outomaties verrig. Hy som dit soos volg op: "a) Persons who co-operate in the survey tend to become <u>ego-involved</u> in it. Those who have themselves brought the facts into prominence begin to feel a personal responsibility for changing the situation wherever necessary.

b) By carrying out the self-survey in groups of persons, an <u>instructive</u> effect is exerted on those members of the group who individually lack the courage and the skill to contribute towards these changes.

c) By having persons and members of different groups co-operate in the self-surveys, many misunderstandings between individuals and subdivisions of the groups in a community can be solved. Very often these misunderstandings and the attitudes towards others

---

1. Harper & Dunham: op.cit., p. 201-202 en p. 202-208 sover dit betrekking het op die metodiek van die maatskaplike ondersoek en veral p. 204 in verband met "self-survey".

2. Hendriks, G.: Community organization: p. 81-89 en Hendriks, G.: Community self-survey. p. 5-7.

are found to constitute a serious barrier in supporting a joint action"[1]; en 4. Van de Lest: "community self-survey can be defined as a form of social investigation carried out with the assistance of members of the public who are themselves the object of the investigation so that they may get to know and understand their own situation differently and better"[2].

Feite-insameling word dan onderneem om te bepaal watter behoeftes bestaan, tot watter mate daardie behoeftes reeds bevredig is, en watter behoeftes en/of oorvleuelings in bestaande dienste teenwoordig is. Sodoende kan 'n beter aanpassing tussen behoeftes en hulpbronne bewerkstellig word.

2. Ontleding

Nadat die feite ingesamel is moet dit verwerk of ontleed word voordat aan beplanning aandag gegee kan word. Ontleding kom dus ter sprake tussen feite-insameling en beplanning. Die doel van ontleding is om insig en begrip van die probleme te verkry uit die verskillende dele wat met mekaar saamhang in die geheel, waardeur ook die tussenmenslike verhoudings by die betrokkenes met insig verstaan word. Geen gekompliseerde probleem kan vooraf in sy geheel verstaan word nie. Dit moet in verskillende elemente of in die aantal meer spesifieke probleme opgedeel word. Byvoorbeeld, die probleem van die bejaardes, sal met die volgende antwoorde op vrae vereenvoudig kan word naamlik: wat word met bejaardes bedoel,

1. Hendriks, G.: Community organization. p. 84.

2. Van de Lest, J.C.C.: Community self-survey. p. 3. In hierdie werk word 'n volledige uiteensetting gegee van die metode van die "self-survey" en moet bestudeer word voordat met 'n projek begin word. Ander stukke wat met vrug geraadpleeg kan word is: Hendriks, G.: Community self-survey; The role of local initiative and participation of the population in the development of social welfare programs; sowel as Anno: Some general remarks on self surveys in the province Drenthe.

hoeveel is hulle, wat is hulle ouderdomme, waar woon hulle en wat is hulle woningsbehoeftes asook hulle ander behoeftes in verband met bv. werk, ontspanning, gesondheid, ens. Met 'n ontleding van die gegewens om op beplanning te kan besluit is die basiese vrae wat, wie, waar, wanneer, waarom en hoe weereens van toepassing.

3. Evaluasie of die waardebepaling van sekere waargeneemde verskynsels hou 'n noue verband met die opstelling van doelstellings en die bepaling van prioriteite: "Evaluation implies selection or ranking"[1]. Die gemeenskapsorganisasiewerker het as taak om die blootgelegde behoeftes in 'n gemeenskap te definieer, die intensiteit daarvan te bepaal, en leiding te gee ten opsigte van watter behoeftes die onmiddelike gesamentlike optrede van die gemeenskap vereis of vra. In hierdie proses moet ook steeds in gedagte gehou word dat sekere norme reeds bestaan en vasgelê kan wees in regulasies bv. in verband met kinderbewaarskole, of dit kan by reeds aanvaarde standaarde ingesluit wees. "The essence of evaluation is the comparison of actualities or proposals with certain standards or assumed values"[2]. Waar dit dan gaan oor die oplossing van meer as een probleem moet oordeel gebruik word ten opsigte van: (a) die relatiewe dringendheid van die behoeftes, (b) daardie behoeftes wat deur bestaande hulpbronne bevredig kan word, en (c) daardie behoeftes ten

1. Dunham: op.cit., p. 349.
2. Ibid., p. 349.

opsigte waarvan daar reeds 'n mate van gereedheid in die gemeenskap bestaan om daaraan te werk[1]. Prioriteitsbepaling sal ook beinvloed word deur onder andere, situasies waaraan onmiddellik aandag gegee moet word, ander waarvoor langtermyn beplanning nodig is en daardie probleme wat verdere studie vereis voordat aandag daaraan gegee kan word.

4. Beplanning is reeds bespreek en daarmee word volstaan deur slegs te meld dat dit berus op 'n goeie feite-opname, ontleding en die samevoeging van verskillende elemente op so 'n wyse dat op die beste manier van optrede besluit kan word, en die metodes, prosedure, organisasiepatrone en instrumente wat gebruik kan word. Beplanning impliseer die wyse waarop die doeltreffende en planmatige gebruik van 'tyd' gemaak word, wat meebring dat die doelstellings duidelik identifiseerbaar moet wees, dat periodiek besin sal word oor die vordering sodat veranderings en aanpassings gemaak kan word om die doel binne die vasgestelde tyd te bereik. Dit dui daarop dat beplanning die neem van besluite vereis sodat tot aksie oorgegaan kan word en is volgens Dunham "one of the most difficult jobs in social work. Planning is essentially creative - it projects something new in the future"[2].

---

1. Vgl. Johns & De Marche: op. cit., p. 153-154.
2. Dunham: op. cit., p. 352.

D. Koordinasie en integrasie

Murray Ross heg besondere waarde aan die element van koördinasie en integrasie in gemeenskapsorganisasie. Ses wyses waarop koordinasie en integrasie bevorder en bewerkstellig kan word, word hier bespreek naamlik konferensie, administrasie, intergroep, konsultasie of onderlinge oorlegpleging, onderhandeling, en organisasie.

1. Konferensie verwys na formele asook informele besprekings waarby meer as twee persone betrokke is met die doel om 'n onderwerp op objektiewe wyse te ondersoek om sodoende tot 'n konsensus van denke en optrede te kom. Verskeie groepe maak gebruik van hierdie metode, bv. komitees, rade, studiegroepe, informele en formele groepe waar verteenwoordigers van verskeie belanghebbende organisasies 'n gemeenskaplike probleem bespreek, en waar die wisselwerking tussen groepe navore kom. Die konferensie veronderstel die fisiese teenwoordigheid van die persone betrokke, en algemene deelname, met ander woorde waar sewe persone vergader sal almal aan die bespreking deelneem en nie net een of twee nie. Doeltreffende groepbespreking kan alleenlik verkry word deur aktiewe deelname van elke lid[1] om 'n oplossing vir die probleem te vind onder leiding van die voorsitter en dat eenstemmigheid bereik word verkieslik sonder om te stem.

Johns en De Marche[2] gee aan die hand dat sodanige konferensiegroepe saamgestel word óf deur 'n voorlopige vergadering óf bloot

1. Follet, Mary P.: "Democracy and group thinking": Community organisation in action. Edited by Harper & Dunham op. cit., p. 226.

2. Johns en De Marche: op. cit., p. 157.

deur 'n besluit watter persone en belange-groepe betrek moet word. Tydens die eerste vergadering of samekoms moet 'n duidelike uiteensetting gegee word van die doel en die aard van die probleem of probleme wat oorweeg moet word. Die volgende stap het betrekking op die noodsaaklikheid van die verkryging van verdere inligting en hoe dit verkry moet word, en die toewysing van sekere verantwoordelikhede. Dit dui op die instelling van die administratiewe-proses.

2. Administrasie. : Goeie administrasie is 'n voorvereiste vir doeltreffende funksionering. Een van die doelstellings van die administratiewe proses is om te verseker dat die doelstellings van die organisasie tot praktiese uitvoering kom deur onder andere, die beskikbaarstelling van alle nodige hulpmiddels. Dit weer dui op die noodsaaklikheid vir 'n duidelik geformuleerde beleid en suiwer omskrewe doelstellings, sowel as werkbare funksies en verantwoordelikheidsafbakening, en vir die samestelling of struktuur waardeur die proses sal vloei tot sy eindresultaat. Trouens, die klem val immers altyd op die bereiking van dit wat vooraf beplan en bepaal is. Daar moet dus ruim voorsiening wees vir beheer, gesag en delegasie.

Die beheer en gesag, en die neem van besluite kan deur delegasie op 'n horisontale vlak geplaas word waardeur 'n aantal persone en of organisasies betrek word. In gesonde administrasie sal die finale beslissings egter altyd op die vertikale vlak uitkulmineer waar 'n persoon of organisasie die finale besluit moet neem, gedagtig daaraan dat daar 'n behoorlike balans moet wees tussen die horisontale en vertikale vlakke. Die administratiewe proses be-

staan dus uit die beplanning, die organisasie, die neem van besluite wat uiteindelik die beheerpunt bepaal.

Die administratiewe proses in gemeenskaporganisasie het hoofsaaklik te make met interorganisasieverhoudinge en bestuursaspekte waarop onderling ooreengekom en aan 'n sentrale liggaam opgedra is.

3. Die intergroep: Die voorafgaande dui op die belangrikheid van die intergroep-proses. Die samestelling van die konferensie of groep word bepaal deur die besondere aangeleentheid waaraan aandag gegee moet word, met ander woorde of die groep saamgestel moet word uit indiwidue in hulle persoonlike hoedanighede, of as verteenwoordigers van ander organisasies en maatskaplike instellings.

Noukeurige vooraf beplanning is noodsaaklik om die oortuigingswerk vir die belangstelling van hierdie organisasies en persoonlikehede te verseker. Hier tree die administratiewe en opvoedkundige en bevorderings prosesse reeds in werking wat net aandui dat die hele metodiek van gemeenskapsorganisasie, en die verskillende prosesse so ineenverweef is dat dit nie moontlik is om dit in waterdigte kompartemente te skei, of dat die een proses noodwendig op die ander volg nie. Omdat hierdie organisasies en persoonlikhede wat betrek gaan word uiteenlopende belange, doelstellings en funksies het, is dit noodsaaklik dat daar ten opsigte van die beoogde projek minstens gemeenskaplike oogmerke en doelwitte moet wees. Waar organisasies gesamentlik betrek word en geaktiveer word om in 'n spesifieke behoefte te voorsien, is dit dan die verteenwoor-

digers van hierdie organisasies of groepe wat in n groep geselekteer en saamgetrek word.

Die intergroepproses is drieledig naamlik eerstens, werk met die indiwidue wat die groepe verteenwoordig, tweedens, werk met die groepe wat verteenwoordig word en derdens, werk met die groepverteenwoordigers, met ander woorde die intergroep[1].

Terselfdertyd vind hier interaksie plaas tussen drie tipes van verteenwoordigers: amptelike verteenwoordigers met spesifieke opdragte van die raad of bestuur, die amptelike verteenwoordigers maar met geen spesifieke opdragte nie, (sodanige verteenwoordigers het wel n algemene leidraad, maar volmag om volgens inligting wat verstrek **sal** word namens hulle bestuur besluite te neem waardeur die bestuur gebind sal wees), en laastens verteenwoordigers wat n liggaam verteenwoordig. (Laasgenoemde verteenwoordigers is nie gekies nie en hoef nie terug te rapporteer nie. Hulle stel slegs die houding van die liggaam wat hulle verteenwoordig, bv. die pers).

In die intergroep is daar n dubbele wisselwerking deur die verteenwoordigers: hulle bring inligting van hulle groepe en neem inligting terug na hulle groepe. Dit besorg aan die verteenwoordigers n dubbele verantwoordelikheid.

Die aard van die samestelling van die intergroep is sodanig dat dit haas ondenkbaar is dat die groep doeltreffend kan funksioneer tensy dit doelgerig deur n opgeleide gemeenskapsorganisasiewerker bygestaan word. Ook hy het n drieledige taak naamlik:

---

1. Fink, Wilson & Conover: op. cit., p. 556.

"i) to enable the group to develop suitable structure and operating practices to attain the achievement of the social goals selected; ii) to enable the individuals in the intergroup to function adequately both with respect to the activities of the intergroup with respect to the groups they are representing or are representatives of; and iii) to enable the groups represented to participate appropriately in the process"[1].

Die intergroep kan vir verskeie doeleindes saamgestel word bv. gemeenskapswelsynsrade, gemeenskapskaste of om 'n spesifieke probleemsituasie die hoof te bied. Bosman[2] gee 'n baie goeie voorbeeld van laasgenoemde intergroep wat saamgestel is uit verteenwoordigers van verskillende belanghebbende organisasies en instellings om die behuisingsprobleme in Kaapstad te ondersoek en 'n oplossing daarvoor te vind. Hierdie voorbeeld dui op die voorafgaande feiteinsamelingsondersoek, die byeenroep van 'n vergadering (konferensie) van verteenwoordigers van belanghebbende instansies (die intergroep). In hierdie geval was "14 verskillende organisasies soos die volgende verteenwoordig: Bond vir Maatskaplike Werk, Vroue Sendingbond, Helpmekaar, N.C.W., W.M.A., Child Life Protection Society, Heilsleer, Prisoners' Aid Association, en verskillende Engelse en Afrikaanse kerke"[3] en besluit dat die probleem van so 'n aard, omvang en intensiteit is dat dit die stigting van 'n

---

1. Newstetter.: op. cit., p. 187.
2. Bosman.: op. cit., p. 211-227.
3. Ibid., p. 213.

aparte organisasie, nl. die Stedelike Behuisingsbond regverdig en daartoe oorgegaan word.[1]

4. <u>Konsultasie</u> bevorder koördinasie deur raadgewing of hulpverlening aan 'n organisasie, groep, gemeenskap, ens. deur 'n persoon of groep persone wat beskik oor tegniese of gespesialiseerde kennis, kundig- en vaardighede. In gemeenskapsorganisasie veronderstel dit dus 'n raadgewende verhouding wat onderskei moet word van supervisie wat deur Dunham[2] as 'n outoritêre administratiewe verhouding beskrywe word. Konsultasie word slegs gegee indien dit verlang word en by die hoogste uitsondering met 'n gesagsverhouding, bv. tydens 'n inspeksie van 'n gesubsidieerde diens van owerheidsweë of deur 'n uitvoerende beampte van 'n beherende organisasie aan 'n geaffilieerde organisasie. Dit kan óf persoonlik òf deur een of ander kommunikasiemiddel verstrek word en vind normaalweg plaas in die veldwerksituasie deur 'n verteenwoordiger van die instansie wat genader is of wat die inspeksie onderneem.

Volgens Dunham[3] moet die konsultant oor die volgende toerusting beskik:

a) 'n kennis van hulpbronne;

b) 'n Grondige kennis en begrip van die terrein of opset waaroor hy inligting moet verstrek;

---

1. Bosman.: op. cit., p. 213.
2. Dunham, A.: Community welfare organization. p. 359.
3. Ibid., p. 360.

c) ŉ begrip van sy rol as konsultant en die vermoë om hom by daardie rol te hou;

d) vaardigheid in onderrigvermoë;

e) ŉ Begrip van indiwiduele en groepsverhoudings, van welsyn in die algemeen en van die besondere organisasie in sy betrokke gemeenskap;

f) Die vermoë om die kliënt te help om tot sy eie besluite te kom en sy probleme self op te los; en

g) Die vermoë om hom aan die kliënt se probleme te onttrek sodra die konsultasie verby is. Hy kan dit nie bekostig om al die probleme van die konsulterende instansies ook sy probleme te maak nie. Ontwikkeling en beweging lê nie in daardie rigting nie.

Die aard van konsultasie en hulpverlening bevat ŉ groot verskeidenheid bv. hulp om die probleem te ontleed, verskaffing van inligting, verwysing na ander hulpbronne, hulpverlening tot ander insigte, onderrig in fasette van die werk wat nog onbekend is, ens. Konsultasie kan dus die volgende behels: "understanding the problem; focusing resources; interpretation; re-education or rehabilitation; achieving the spirit and reality of teamwork between the client and the worker"[1)]

5. Onderhandeling word onderneem om deur middel van kommunikasie en omgang tot ŉ vergelyk te kom. Dit het veral betrekking op verhoudings tussen organisasies en groepe, en het ten doel om

---

1. Dunham.: op. cit., p. 361.

mense op 'n georganiseerde wyse te laat saamwerk. Onderhandeling raak veral drie aspekte van die onderlinge verhoudinge in organisasie, naamlik i) onderlinge ooreenkomste tussen twee of meer groepe ter bevordering van samewerking, deur onder andere verskilpunte op te klaar en uit die weg te ruim en waar nodig, deur die optrek van 'n formele ooreenkoms in die verband, ii) om gesamentlike optrede van twee of meer organisasies te verkry in verband met sulke sake soos beleid, noodtoestande, koördinasie van dienste en daaglikse aktiwiteite, en iii) om 'n samesmelting tussen twee oganisasies te bewerkstellig. Met so 'n samesmelting is daar verskeie probleme wat uitgestryk moet word by wyse van onderhandeling soos bv. die naam van die organisasie, funksies, organisatoriese struktuur, raadslede en hulle posisies, personeel hiërargie, akkommodasie, finansies, ens. Die finale resultaat is egter 'n toonbeeld van die resultate van demokratiese onderhandeling[1].

6. Organisasie as 'n aspek van koördinasie en integrasie is die daarstelling en toewysing van funksies en verhoudings en die saamsnoer van pogings om 'n gemeenskaplike doel te bereik. Dit het veral betrekking op verhoudinge tussen organisasies en groepe en het ten doel om mense op 'n georganiseerde wyse te laat saamwerk. Gewoonweg word aan organisasie gedink as 'n administratiewe proses. Dit is egter ook 'n proses wat met groot sukses in gemeenskapsorganisasie gebruik word bv. met die instelling van komitees, die organisering van 'n nuwe organisasie, program of diens, of die re-

---

1. Vgl. Dunham.: op. cit., p. 362-363.

organisasie daarvan, instelling van inter-organisatoriese liggame, ens. Die vernaamste bydrae van organisasie is juis die wyse waarin geslaag word om vrywillige samewerking, wat die sleutel tot gemeenskapsorganisasie is, te verkry.

E. Opvoeding en bevordering

Die opvoedkundige- en bevorderingsprosesse word in 'n mindere of meerdere mate toegepas deur alle welsynsorganisasies. Die mate waartoe hierdie proses toegepas word hang ten nouste saam met die organisasie se doelstellings, hulpbronne, noodsaaklikheid om wye ondersteuning en hulp te verkry vir die oplossing van die probleem, sowel as van die houding van die leiers van die organisasie.

Die opvoedkundige- en bevorderingsaspek van gemeenskapsorganisasie laat die klem val op die bereiking van 'n doelwit wat deur 'n bepaalde groep daargestel is. Sodra die probleem geïdentifiseer is word bepaal wat bereik moet word. Om openbare belangstelling, aanvaarding en ondersteuning vir sodanige program te verkry en te behou, moet die gemeenskap bewus gemaak word van die aard en omvang van die probleem, en by hulle tuisgebring word dat hulle 'n besondere belang daarby het en dat dit hulle raak. Daarna moet dit duidelik aan die publiek oorgedra word watter stappe deur die gemeenskap of sy organisasies geneem moet word om die situasie die hoof te bied. Hierdie stappe is hoofsaaklik opvoedkundig in die ruimere betekenis en behels die ontwikkeling van stewige openbare verhoudinge, wat die hele verhoudings-terrein met die publiek, groepe en indiwidue insluit: "As a function of social agency public relations is concerned .... broadly with whatever makes the

agency known, understood, liked, used and supported. Its content includes analysis of public opinion; identification of groups and individuals whose use of services or support should be cultivated;... selection and skilled use of media of communication; timing of public relations efforts in relation to current interests;...... and participation in joint efforts with other agencies in campaigns to win public response"[1].

Die publiek wat by hierdie proses betrek moet word, word deur Harper en Dunham aangedui as:

"1. Agency family: Board, committee and staff;
2. Volunteers;
3. Clients: People who use agency's services;
4. Co-operators: Organization, individuals;
5. Supporters: Contributors, members, special friends;
6. Key persons: Leaders in education, labour, religion, business and government;
7. Special publics: Professions, industries, veterans, students, racial and cultural groups; and
8. General public: All the people in any given neighbourhood, city, state or nation"[2].

By die beplanning van enige program of projek, hang die sukses daarvan af of dit deur die gemeenskap en sy betrokke organisasies

---

1. Dunham: op. cit., p. 371.
2. Harper & Dunham: op. cit., p. 257.

aanvaar word. Om dit te verkry verg die interpretasie van die program aan en onderrig van die gemeenskap om dit te aanvaar en te ondersteun. Teenstand kan van sekere indiwidue of groepe weens onkunde, vooroordeel, konserwatisme, gevestigde belange, ens. verwag word, daarom is doeltreffende kommunikasie met alle groepe in die bevolkingstratifikasie belangrik. Hiervoor kan die volgende media gebruik word:

1. Die gesproke woord - vergaderings, radiopraatjies en selfs liedjies;
2. Die geskrewe woord - nuusbriewe, verslae, koerantberigte, artikels in tydskrifte, ens.; en
3. Afbeeldings - Filmvertonings, spotprente, plakkate ens.[1])

(Vgl. in hierdie verband die regering se pogings om die nuwe Randgeldstelsel voor en tydens desimalisasie aan die publiek bekend te stel).

Die beste opvoedkundige metode vir enige projek is egter die verkryging van deelname ter bevordering van die onderneming deur die betrekking van daardie persone en organisasies wat 'n belangstelling openbaar en as leiers in die gemeenskap ook andere tot aktiewe deelname kan beinvloed, deur bv. op die raad of komitees te dien, of deel te neem aan vrywillige dienste, besprekings-groepe, vergaderings, ens. Hiermee word die publiek op so 'n wyse geaktiveer dat hulle hulself as vennote in die onderneming van die welsynsdiens sal beskou.

---

1. Dunham: op. cit., p. 155.

Die betrekking van die publiek in die onderneming bring egter mee dat die keuse moet val op diegene wat die onderneming goed gesind is, en die wat dit nie goedgesind is nie, moet voorlopig uitgeskakel word. Met die betrekking van die lede van die gemeenskap word ook die regte klimaat en geleenthede daargestel om die toekomstige leiers te identifiseer en op te lei. In enige gemeenskap is daar altyd persone wat bereid en selfs gretig sal wees om leierskap te onderneem. Dit is juis hierdie natuurlike leiers in die gemeenskap, wat, as hulle beinvloed en oortuig word om saam te werk, uiteindelik die sukses van 'n onderneming kan bepaal.

Vir doeltreffende kontak met die lede van die gemeenskap en om die interpretasie van die beoogde onderneming suksesvol te laat verloop, gee Dunham[1] aan die hand dat die volgende nodig is:

1. Dit moet op goeie diensvoorsiening en uitvoering gebaseer wees. Goeie publisiteit vergoed nie vir swak diens nie;
2. Dit moet op feite gegrond wees;
3. Absolute eerlikheid oor die poging wat aangewend word;
4. Dit moet maklik begryp word. Hoogdrawendheid moet vermy word;
5. Dit moet duidelik en helder wees. Die boodskap moet onmiddelik oorgedra kan word, die aandag trek en belangstelling stimuleer;
6. Begin by die aanvang;
7. Spits dit toe op 'n spesifieke gehoor, begin waar die gehoor is en pas dit aan by hulle belangstellings;

---

1. Dunham: op. cit., p. 374.

8. Herhaal die boodskap; en

9. Dit moet beïnvloed en opvoed en nie net blote propaganda wees nie. Die doel is begrip en nie net passiewe aanvaarding van feite nie.

Die waarde van die opvoedkundige en bevorderingsaspek in gemeenskapsorganisasie bestaan daarin dat die doel en beleid van die organisasie vereenselwig word met die openbare belang. Dat 'n saak so behartig en deurgevoer word dat dit openbare belangstelling, aanvaarding en ondersteuning geniet.

Deur die oordeelkundige aanwending van die tegnieke van die opvoedkundige en bevorderingsproses in gemeenskapsorganisasie, kan die openbare mening beïnvloed word ten gunste van administratiewe of wetgewende maatreëls of selfs teen sodanige beoogde stappe.

F. Finansiering

Die finansiering van welsynsorganisasies geskied normaalweg by wyse van fondsinsameling en by wyse van subsidies deur die owerheidsektor.

1. Fondsinsameling Fondsinsameling het betrekking op die verkryging van die nodige geld om die doeltreffende funksionering van 'n welsynsorganisasie moontlik te maak. Om die betekenis van fondsinsameling tuis te bring haal Dunham[1)] vir Newman en Margolin aan: "Fund-raising is a great deal more than mere soliciting of money. It is a barometer of membership and community interest. It is like a vote of confidence in the objectives and program of an

---

1. Dunham.: op. cit., p. 383-384.

organization. It is democracy at work, involving a test of the organization among a wide variety of people .... The fundraisers must conceive of their efforts as part and parcel of the growth and maturation of the organization itself. In this context, their tasks become really those of community organization, in which fund-raising, as a process, is integrated with program, membership retention and expansion and public relations".

Seymour[1] maak 'n duidelike verskil tussen wetenskaplike en nie-wetenskaplike fondsinsameling met sy verwysing na 'n "collection" en 'n "organized campaign". Harper en Dunham[2] verwys na "voluntary giving" as "the emotional and disorderly field of benevolence" en het klaarblyklik ook hier ingedagte wat Seymour as "collection" beskrywe. Beide laat die klem val op die beplanningsaspek van fondsinsameling.

Die vernaamste outoriteite op die gebied bring fondsinsameling binne die kader van gemeenskapsorganisasie. Verwysende na gemeenskapsintegrasie sê Ross: "Community integration is a process in which the exercise of co-operative and collaborative attitudes and practices leads to greater (1) identification with the community, (2) interest and participation in the affairs of the community, and (3) sharing of common values and <u>means</u> for expressing these values"[3]. Dunham onderskei tussen ses basiese funk-

---

1. Seymour, H.J.: Designs for fund raising : Principles - patterns - techniques. p. 26-27.

2. Harper & Dunham: op. cit., p. 266.

3. Ross: op. cit., p. 51. (let wel ondersoeker onderstreep).

~~sies van gemeenskapsorganisasie waarvan hy een soos volg~~ omskrywe:
"to develop adequate public support of, and public participation in, social welfare activities.[1]

Die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies[2] gee 'n volledige uiteensetting van die metodes van fondsinsameling in Suid-Afrika met 'n aanduiding van die voor- en nadele verbonde aan elke metode. 'n Uitstekende samevatting van die verskillende metodes van ondersoek word verstrek deur die Navorsings-afdeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene[3]. Hiervolgens word die metodes in drie groepe ingedeel naamlik:

"a) Algemene metodes;

b) Minder algemene metodes waarby belasting toegewing en heffings ook ingesluit is; en

c) Die gemeenskapskas"[4].

Die algemene metodes bestaan uit: huis tot huis kollekte; straatkollektes; posinsamelings; pers, radio en televisie insamelings; insamelings by werkgewers en werknemers; insameling by skole; insameling bywyse van kollektebussies; insameling van onbruikbare of tweede handse goedere; verkopings en funksies as metodes van fondsinsameling; fondsinsameling bywyse van vermaaklikheid en

---

1. Dunham: op. cit., p. 48.

2. Verslag van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. paragrawe 670-695.

3. Fondsinsameling: uitgawe no. 4 van 1969. p. 10-24.

4. Ibid., p. 10.

ontspanning; seël verkope met of sonder frankeerwaarde; loterye; publikasie van dagboeke, kerskaartjies en ander vorms van drukwerk wat met handelsadvertensies gepaard gaan; vermaaklikheidsvertonings ten bate van liefdadigheid teen vergoeding; fondsinsameling deur middel van karnival- en jooloptogte deur studente; donasies; ledegelde; fooie; skoonheidskompetisies; en blommefonds. Hierbenewens het byvoorbeeld die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika sy eie metode naamlik "(a) Jaarlikse bydraes word deur die onderskeie gemeentes vir barmhartigheidswerk ingesamel. Die bydrae waarvoor elke gemeente aanspreeklik is, word op n kwota stelsel bereken. (b) Kerkrade kollekteer in hulle onderskeie gemeentes met behulp van kollektelyste vir barmhartigheidswerk (c) Af en toe word spesiale kollektes deur die Kerkraad en insamelings deur die susters van n gemeente vir die doel van barmhartigheidsdienste gehou. (d) Spesiale kollektes vir barmhartigheidsdienste word na eredienste by die deure opgeneem. (e) Verkope van plaatopnames deur kinderhuiskinders"[1].

Tot die minder algemene metodes word gereken fondse wat verkry word uit stigtings, trustfondse, erflatings, beleggings en huurgelde.

2. <u>Subsidiëring</u>. n Baie belangrike aspek in die finansiering van welsynsorganisasies is subsidies wat deur die owerheidsektor bewillig word. Organisasies is tot n groot mate afhanklik van hierdie bron van inkomste om hulle in staat te stel om met hulle

---

1. Fondsinsameling: p. 18.

werksaamhede voort te gaan. Waar die owerheid 'n bydrae maak bywyse van 'n subsidie moet hy hom vergewis van die noodsaaklikheid van die betrokke diens, en normaalweg word sekere standaarde gestel aan die dienste wat gelewer word deur dit bywyse van inspeksie te kontroleer.

G. Strukturele hulpmiddels

Uit die bespreking sover oor die praktyk van gemeenskapsorganisasie is dit duidelik dat vir die suksesvolle uitvoering van sy taak die gemeenskapsorganisasiewerker sekere instrumente of strukturele hulpmiddels benodig. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie hulpmiddels aangedui moet word.

Hoewel daar nie 'n vaste patroon of gemeenskapsorganisasiestruktuur opgestel kan word nie is daar tog verskeie strukturele hulpmiddels identifiseerbaar. Die volgende is die vernaamste:-

1. Welsynsorganisasies. Die instelling van welsynsdienste, met die gepaardgaande stigting van welsynsorganisasies is reeds gemeenskapsorganisasie deurdat welsynsbronne en welsynsbehoeftes op mekaar afgestem word. Dit bring mee die aanpassing van dienste, nakoming van standaarde en bied die kanaal vir die maatskaplike werker om kontak te maak en uit te bou met die rade en komitees van die welsynsorganisasies. Dit bied ook die geleentheid om verteenwoordiging van die gemeenskap te betrek by die werksaamhede van die organisasies deur op komitees te dien, behulpsaam te wees met die ontwikkeling en afbakening van die program en aktiwiteite.

2. Nasionaal- en Provinsiaal-georganiseerde Welsynsorganisasies is gestig om 'n bepaalde groep organisasies met dieselfde doelstellings te koördineer. Sulke organisasies funksioneer nie op die vlak van dienste wat gelewer word nie, maar is 'n verbindingskanaal tussen hierdie organisasies, en dit tree as mondstuk in onderhandelings op, bepaal die beleid van die organisasie ten opsigte van die spesifieke diens, dit lê diensleweringstandaarde neer, en kan affilieer met internasionale liggame. Hulle bied dus ook die geleentheid om kennis uit te ruil. Die samestelling van hierdie rade en hulle funksies is sodanig dat opgeleide personeel aan die hoof moet staan.

3. Gemeenskapswelsynsrade Hierdie rade het 'n belangrike plaaslike koördineringsfunksie en kan 'n nuttige doel dien om te verseker dat 'n balans verkry en behou word tussen plaaslike maat=skaplike behoeftes en hulpbronne. Hoewel gemeenskapswelsynsrade in verskeie oorsese lande bestaan en goeie werk lewer, en selfs op provinsiale en nasionale basis geaffilieer en saamgesnoer is, kon dit in Suid-Afrika nog nie inslag vind nie.

4. Die Professionele Vereniging van Maatskaplike Werkers So 'n vereniging kan 'n waardevolle instrument wees in verband met verbetering van professionele dienste en standaarde, opleidingsprojekte en kan 'n besondere bydrae lewer ten opsigte van koördinering van professionele dienste. Die "International Federation of Social Workers" bied die geleentheid tot internasionale skakeling. Die Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika is bv. geaffilieer met dié Internasionale Vereniging.

5. Die Sentrale Gevalle Register Die sentrale gevalle register kan, indien dit reg gebruik word, en onder wetenskaplike bestuur staan, ŉ waardevolle diens lewer nie net om oorvleueling uit te skakel nie, maar ten opsigte van beleidsbepaling en-beplanning ŉ bron van inligting wees.

6. Die Gemeenskapskas Hoewel die gemeenskapskas in sekere oorsese lande ŉ waardevolle instrument geword het, het dit nog nie in Suid-Afrika inslag gevind nie.

7. Maatskaplike Wetgewing Sekere wette maak voorsiening vir die aanstelling van Statutêre Rade met voorgeskrewe funksies. Hierdie rade is nie net waardevolle instrumente om die owerheidssektor en die private inisiatief die geleentheid te bied tot samewerking en onderlinge oorlegpleging nie, maar dien ook as kanaal waardeur betrokkenes vertoë tot die owerheid kan rig.

8. Inter-departementele Komitees. Op die owerheidsvlak bied hierdie tipe komitee die geleentheid om samewerking te bevorder. Hulle werksaamhede moet egter voortdurend aangepas word om veranderende omstandighede die hoof te bied, en is veral noodsaaklike hulpmiddels in die situasie van die aantal staatsdepartemente wat met verpligtinge op die welsynsterrein belas is.

## H. Samevatting en eie opvatting

In die praktyk van gemeenskapsorganisasie is die heel eerste stap die ontleding van die probleem wat die beste gedoen kan word deur aandag te gee aan die basiese vrae van wat, wie, waar, wanneer en hoe. Sodra die probleem ontleed en beskryf is, volg die verdere stappe, naamlik programmering wat berus op feite-insameling,

die ontleding en evaluasie, en aan die hand daarvan beplanning. In die uitvoering van die plan van aksie is koördinasie noodsaaklik. Koördinasie word bewerkstellig deur konferensie, doeltreffende administrasie, die sametrekking van belange groepe en individue bywyse van konsultasie en onderhandeling wat die vermoë om te organiseer onderstreep. In hierdie prosesse is dit noodsaaklik om die belangstelling van die gemeenskap te stimuleer deur die bekendstelling van die projek aan die publiek om hulle deelname en samewerking te verkry deurdat hulle dit verstaan en vertroue in die onderneming het. Hierdeur word finansiële steun verseker wat 'n voorvereiste vir enige projek is met die oog op die suksesvolle loodsing en deurvoering daarvan. Fondsinsameling is 'n tegniek op sy eie en geskied normaalweg by wyse van verskeie metodes.

Wanneer die noodsaaklikheid vir 'n welsynsdiens bewys is, is die weg geopen om die owerheid te nader vir 'n subsidie.

Vir die suksesvolle uitvoering van 'n onderneming in gemeenskapsorganisasie is dit noodsaaklik dat hulpmiddels geïdentifiseer en benut sal word. In 'n geordende samelewing en gemeenskap bestaan daar strukturele hulpmiddels soos welsynsorganisasies, nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies, gemeenskapsrade, professionele verenigings van maatskaplike werkers, maatskaplike wetgewing, die sentrale gevalle register, ens., by wie inligting en/of dienste, raad, hulp, leiding en so meer verkry kan word.

Teen hierdie agtergrond moet vervolgens op die volgende gelet word nl. die doel, rol en taak van die maatskaplike werker in gemeenskapsorganisasie.

## HOOFSTUK 6

## DIE DOEL, ROL EN TAAK VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER IN GEMEENSKAPS-ORGANISASIE

### A. Inleiding

Die maatskaplike werker het 'n verantwoordelikheid teenoor die hele gemeenskap en nie net teenoor die kliënt nie. Dunham stem hiermee saam met "Practically all social workers - consciously and unconsciously, at one time or another - and many laymen participate in community organization"[1]. ~~Elke maatskaplike~~ werker beoefen gedurig - miskien onbewus - gemeenskapsorganisasie deur onder andere feite-insameling, programmering, vasstel en verbetering van standaarde, koördinasie en die vergemakliking van intergroep verhoudings, opvoeding en verbetering van openbare verhoudings, verkryging van openbare belangstelling en deelname, ens. Hierdie take kan op direkte of indirekte wyse verrig word bv. deur toeligting omtrent die werksaamhede van die organisasie in persoonlike gesprekke, of deur die toespreek van groepe, bywoning van komitee-vergaderings en deelname aan die besprekings. Verder het die besef reeds posgevat dat die maatskaplike werker alleenlik sukses kan verwag met die gevallewerk of groepwerk as die indiwidu of die groep in sy verband tot die gemeenskap verstaan word. "In some settings, ... the worker who helps individual clients will need to use a considerable amount of group

---

1. Dunham: op. cit., p. 287.

work and community organization skills. In addition all case workers should be able to identify the difficulties experienced by their clients arising from lacks and gaps in community resources and welfare provisions ... social workers will need to participate in the communal programs of their agencies .... similarly group workers .... will need knowledge and skill ... in the inter-group work process and the educational and promotional process."[1)]

Odencrantz[2)] wys ook daarop dat maatskaplike werkers verbonde aan welsynsorganisasies kontakte moet opbou wat grens aan gemeenskapsorganisasie soos die kartering van inligting oor hulpbronne, organisasies en ander instellings soos skole, kerk-leiers, ens.; verhoudings opbou met welsyns- en ander organisasies en instellings; en deur die bywoning van vergaderings en op ander wyses ingelig bly omtrent die gemeenskap. Dat hulle ook deelneem aan en 'n bydrae lewer tot die opvoedkundige en bevorderingsaspekte van gemeenskapsorganisasie, deur die gemeenskap op hoogte te hou met die werksaamhede van die organisasie, deur toesprake, artikels te publiseer, deur die verstrekking van inligting aan die pers en radio, deur op komitees te dien, deel te neem aan gemeenskapsprojekte wat verband hou met hulle werk, en deur aan die gemeenskap daardie behoeftes wat waargeneem word in hulle daaglikse werk, te verduidelik.

---

1. Lurie, H.L.: The community organization method in social work education. p. 23-24.

2. Odencrantz, L.C.: The social worker in family, medical and psychiatric social work. p. 35-36.

Die Sekretaris van so 'n organisasie vervul ook 'n taak in gemeenskapsorganisasie deur middel van skakeldienste, en die bekendstelling van so 'n organisasie aan die gemeenskap. Terwille van die aanvaarding en die bevordering van die werk moet die sekretaris op die hoogte bly van die behoeftes en probleme van die gemeenskap en dit verstaan, sodat die arbeid van die organisasie ingeskakel en gekoördineer kan word met die van ander welsynsorganisasies en instellings in die gemeenskap[1].

Dit moet egter nie vertolk word dat elke maatskaplike werker doelbewus gemeenskapsorganisasie beoefen nie, maar wel dat "probably .... all agency workers presumably have some responsibilities for public relations, community services, and community participation. Certainly these are important and responsible activities, but they do not necessarily involve the worker in community organization as it has been defined here"[2].

Aangesien gemeenskapsorganisasie 'n gespesialiseerde afdeling van maatskaplike werk uitmaak, kan ook nie verwag word dat alle maatskaplike werkers dit moet beoefen nie. Dit is egter redelik om te verwag dat alle maatskaplike werkers 'n basiese kennis van gemeenskapsorganisasie sal hê en veral van "the forces which make co-operative work difficult, to be able to support a community as it strives to solve a problem with which it is confronted, to be able to recognise the long term goals of developing responsi-

---

1. Vgl. Odencrantz: op. cit., p. 119-121.
2. Ross: op. cit., p. 67.

bility and co-operation in the community, and to facilitate this process"[1]. Dit is veral noodsaaklik en soms ook aangewese om die gevallewerker of groepwerker, of albei te betrek in 'n onderneming in gemeenskapsorganisasie op daardie stadium wanneer hulle dan minstens in staat is om die doelstellings te verstaan, dit te ondersteun en in die hulpverlening hulleself betekenisvol en objektief te kan vereenselwig met die proses van gemeenskapsorganisasie.

B. <u>Opgeleide gemeenskapsorganisasie werkers is nodig vir die sukses van 'n gemeenskapsorganisasie onderneming</u>

Die noodsaaklikheid dat maatskaplike werkers vir die toepassing van gemeenskapsorganisasie spesiale opleiding moet ondergaan word oor en oor beklemtoon, en het ook duidelik geword uit die eise wat aan hulle gestel word.

Dat 'n gemeenskapsorganisasie-projek kan skipbreuk ly by gebrek aan professionele hulp en leiding blyk uit die onvermoë van die Kaapse Koördinerende Raad vir Welsynsorganisasies om aan sy doel te beantwoord.

"Dit (die Raad) het sekere werksaamhede begin wat nooit deurgevoer is nie. ..... Dat nie slegs 'n sekretaris nodig was nie, maar 'n gemeenskapsorganisasiewerker, blyk baie duidelik uit die nie funksionering van die groepe nadat hulle gevorm is. Die hulp

---

1. Ross: op. cit., p. 67.

wat aan die groepe verleen moes word het ontbreek .... Die essensiële werk wat hier gedoen moes word, was die taak van 'n gemeenskapsorganisasie werker"[1].

Stulting wys daarop dat die oorname van die Sentrale Register, 'n strukturele hulpmiddel, en die stigting van 'n statutêre liggaam, die plaaslike welsynsraad, nie genotuleer was as rede vir die ontbinding van die Raad nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat "Van beplanning wat onafskeidelik aan koördinasie verbonde is, het min tereg gekom. Die hoof leemtes was dat geen opgeleide werkkragte in diens geneem is wat gemeenskapsorganisasie werkers was nie, en dat dit nie oor die nodige fondse beskik het om sy taak uit te voer nie[2].

Hierdie bevinding van Stulting stem ooreen met Hillman se bewering dat "follow through of committee discussions and of decisions that require execution in detail might be lacking for want of a professional worker with time and ability to carry on and to co-ordinate several phases of related activities. It is teamwork of professional and laymen that brings together the skills, the enthusiasm, the patience, and the mission that is required ."..[3]. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid dat professionele bedrewenheid nodig is om leiding en hulp aan groepe en organisasies te gee om maatskaplike doelstelling te kan verwesenlik[4].

---

1. Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. p. 721-722.

2. Ibid., p. 724.

3. Hillman: op. cit., p. 354 en 355.

4. Vgl. Dunham: op. cit., p. 418.

C. Die toerusting van die gemeenskapsorganisasiewerker

Bower[1] gee die volgende ses aspekte wat van toepassing is in die toerusting van 'n gemeenskapsorganisasiewerker:

1. eerstehandse ervaring in die onderhandeling met en hantering van mense omdat hy te make het met menslike behoeftes en verhoudinge;

2. 'n deeglike kennis van die maatskaplike welsynsterrein en -hulpbronne op plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke;

3. 'n deeglike kennis van gemeenskapsorganisasie ten opsigte van doelstellings, aard van probleme wat ervaar word, verskillende organisasies se doelstellings, funksies, metodes, beginsels, ens.;

4. bedrewendheid in die toepassing van gemeenskapsorganisasie. Hierdie bedrewenheid word verkry deur ervaring opgedoen onder toesig en leiding;

5. persoonlike eienskappe soos integriteit, gebalanseerde persoonlikheid, objektiwiteit, gesonde oordeel, takt, gesonde aanpassingsvermoë, vermoë om onder druk te werk, belangstelling in sy medemens, ens., 'n sin vir humor; en

6. 'n gesonde filosofie oor gemeenskapsorganisasie wat berus op aanvaarding van die demokratiese beginsels naamlik die reg tot selfbeskikking van die indiwidu, groep en gemeenskap, en same-

---

1. Bower, C.L.: "Social workers and the community". p. 469-470.

werking en deelname om gemeenskaplike doelstellings te kan bereik[1].

Dit is duidelik dat die moeilike taak van gemeenskapsorganisasie alleenlik toevertrou kan word aan die persoon met lewensrypheid, ervaring en toepaslike akademiese opleiding, veral omdat gewerk word met die materiaal waaruit 'n gemeenskap saamgestel en opgebou word, "we are in the thick of the network of personal, group and intergroup relationships that make up modern social life"[2].

D. <u>Die opleiding van die gemeenskapsorganisasiewerker</u>

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die gemeenskapsorganisasiewerker spesiale akademiese toerusting benodig. Die aard, omvang en intensiteit van sy werk is sodanig dat hierdie opleiding moeilik in die voorgraadse kursus ingepas kan word. Dit het ook duidelik geword dat vir die suksesvolle beoefening van sy taak hy die huidige generiese opleiding in maatskaplike werk moet deurloop en dat die driejarige kursus ook nie die geleentheid bied vir intensiewe opleiding met die nodige praktika nie.

Dit blyk ook dat daar nie eenvormigheid bestaan oor die aard van die opleiding nie. Gurin[3] verwys na die twee afdelings met onderafdelings wat deur die "Community Organization Curriculum Project" van die "Council on Social Work Education" aanbeveel word nl. "the foundation courses and the practice courses".

---

1. Vgl. Lurie, H.L.: op. cit., p. 82-83 in verband met die bevoegdhede wat 'n gemeenskapsorganisasiewerker moet hê.

2. Harper & Dunham: op. cit., p. 471.

3. Gurin, A.: op. cit., p. 430-434.

Die "foundation course" sluit in sosiale wetenskap, maatskaplike welsyn en maatskaplike navorsing. Die kursus is beplan vir nagraadse studie en kan normaalweg binne die twee jaar van die Magistergraad voltooi word.

Lurie meen dat die doel van die opleiding as volg moet wees "The aim of a sequence of courses in community organization should be to prepare students by giving them an understanding of and concern for, plus an ability to promote, social well-being by means of the organization, maintenance and improvement of community welfare programs and services, considered as integral parts of the overall structure of community life"[1].

Na aanleiding van die definisie van gemeenskapsorganisasie sê Annette Muller dat 'n kursus in gemeenskapsorganisasie die volgende moet behels:

"a) die historiese ontwikkeling van hierdie metode sowel as die huidige plek daarvan op die terrein van moderne maatskaplike werk.

"b) Bestudering van 'n gemeenskap ten aansien van kenmerke, samestelling, netwerk van verhoudings, dienste en fasiliteite op welsynsterrein asook ooglopende behoeftes en leemtes.

"c) Inwin van gegewens insake spesifieke gemeenskapsprobleme of leemtes op die gebied van welsyn.

"d) Verkryging van ondersteuning vir aksie deur van leiers in

---

1. Lurie, H.L.: op. cit., p. 24.

die gemeenskap gebruik te maak en die spesifieke probleem-area te identifiseer en te propageer.

"e) Die formulering van 'n plan van optrede.

"f) Implementering van die plan van aksie deur kennis en gebruikmaking van die strukturele hulpmiddele van gemeenskapsorganisasie".[1)]

Dit is duidelik dat sover dit die opleiding van gemeenskapsorganisasiewerkers betref, deeglike ondersoek ingestel behoort te word na die teorie en praktyk om te besluit watter aspekte van gemeenskapsorganisasie in die voorgraadse kursus ingestel kan word. Gedagtig daaraan dat die gemeenskapsorganisasiewerker die meer ervare en lewensrype persoon behoort te wees, wil dit voorkom asof die eintlike opleiding op 'n nagraadse basis sal moet geskied. Daar sal verder ook bepaal moet word tot welke mate hierdie opleiding 'n deel of die geheel van die Honneurs-graad moet behels.

Soos in die volgende hoofstukke aangedui sal word is daar nie net 'n toenemende belangstelling in gemeenskapsorganisasie[2)] in Suid-Afrika nie maar word dit reeds deur sekere welsynsorganisasies en die Departement van Volkswelsyn en Pensioene doelbewus toegepas. Daar is reeds op gewys dat baie min van die senior maatskaplike werkers, wat gemeenskapsorganisasiewerk en die supervisietaak daarvan moet doen akademies en professioneel toegerus is vir hierdie verantwoordelikhede.

---

1. Muller, Annette: op. cit., p. 99-100.
2. Vgl. Lurie, H.L.: op. cit., p. 7.

Die aangewese weg om te verseker dat hierdie diens op die regte, gesonde en hegte grondslag geplaas word, is dat die verantwoordelike instansies nl. die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, die Nasionale Welsynsorganisasies en die betrokke Universiteite, gesamentlik sal besin oor die wyse hoe om aan diensdoende maatskaplike werkers, wat belangstel in gemeenskapsorganisasie, die nodige opleiding en toerusting te verskaf. Erika Theron het reeds aan die hand gedoen dat dit by wyse van 'n reeks lesings vir senior maatskaplike werkersgroepe gedoen kan word[1].

E. Die doel en taak van die gemeenskapsorganisasiewerker

Die doel van sy werk moet gesien word teen die agtergrond van die ontwikkeling van gemeenskapsorganisasie en die definisie daarvan. Na aanleiding van die aanvaarding van gemeenskapsorganisasie die proses is waardeur 'n balans verkry en gehandhaaf word tussen welsynsbehoeftes en welsynsbronne in die gemeenskap, stel Mildred Barry dit dat "this adjustment is achieved through the help of the professional worker and through the participation of individuals and groups in the community. It involves the articulation of problems and needs, the determination of solutions and the foundation and conduct of a plan of action"[2]. Violet Sieder sien gemeenskapsorganisasie baie in dieselfde lig as Murray Ross dog beklemtoon dit as 'n metode in die maatskaplike

---

1. Theron, Erika: "Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk." op. cit.

2. Soos aangehaal deur Muller, Annette: op. cit., p. 21.

werk en sê in die verband "Its focus is upon helping individuals and groups increase their capacity and motivation to work together to bring about progressive change and better integration in social services of the community"[1].

Gurin[2] huldig die mening dat gemeenskapsorganisasie uitkristalliseer in drie kategorieë nl.:

1) Die wat gemoeid is met die direkte organisasie van bevolkingsgroepe, 2) die wat gemoeid is met die direkte dienste wat gelewer word en 3) die wat gemoeid is met die beplanning en funksietoekenning. Ook hy laat die klem dus val op die hulpverlening deur die maatskaplike werker.

Ook die professionele persoon in gemeenskapsorganisasie is voortdurend besig met 'n reeks stappe wat begin by die identifisering van 'n probleem of behoefte, vir die daarstelling van 'n georganiseerde struktuur om die situasie die hoof te bied. Dit weer noodsaak die bepaling van 'n beleid waarvolgens die aksieprogram vir die implementering van die beleid opgestel kan word. Dit beteken dat die werker voortdurend besig is met 'n evaluasie en/of ontleding, eerstens van die probleem, tweedens van sy eie optrede en derdens van die ander mense wat daarby betrokke is. Dit vereis 'n objektiwiteit sodat hy met gemak sy organisasie se funksionele verhouding tot die geheel van welsynsdienslewering kan peil, met ander woorde hy moet die onderlinge verhouding begryp en 'n duide-

---

1. Sieder, Violet M.: "The tasks of the community organization worker": The community organization method in social work education: Lurie, H.L.: op. cit., p. 249-250.

2. Gurin.: op. cit., p. 426.

like beeld hê van sy organisasie se plek, en sy eie verantwoordelikheid in hierdie geheel. Hoewel hy deel is van die organisasie as beplanner en organiseerder en as sodanig die doeltreffendheid van sy organisasie moet bevorder, moet hy dus ook die tekortkominge van sy organisasie kan peil vir die gesonde funksionering daarvan. Dit verg dus 'n bedrewendheid om met komitees te werk. Hy is medeverantwoordelik vir die samestelling van die komitees en die bepaling van administratiewe prosedures, soos die opstel van die opdrag of taak, bepaling van die verantwoordelikheidshiërargie, reëlings vir die verkryging van verslae, opstel van agendas, notules, vir die bepaling van tye en plekke van vergaderings. Terselfdertyd moet hy die groepproses bevorder deur onderlinge verhoudinge op 'n gesonde vlak te hou dit wil sê in sy optrede teenoor die voorsitter, komitee- of raadslede. Hoewel hy die aanvoorwerk doen, sal hy tydens vergaderings steeds op die agtergrond bly, maar moet die voorsitter steeds op die hoogte hou met verwikkelings sodat laasgenoemde in staat sal wees om die vergadering te lei. Hy het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die lede om aan hulle inligting, feite en gegewens beskikbaar te stel, sodat hulle aktief en positief aan die vergadering kan deelneem en 'n bydrae kan lewer. Die bevordering van hierdie onderlinge persoonlike verhoudinge kan geskied wanneer vergaderings nie in sitting is nie bywyse van onderhoudvoering, konsultasie vir die verkryging en/of verstrekking van inligting en leiding, onderhandeling, ens.

Arnold Gurin beskrywe die gemeenskapsorganisasiewerker as "a social worker imbued with the historic commitment of social work to the improvement of social conditions and self-realization

of the individual. He is in the famous phrase of Justice Holmes, involved in the passion and action of his time. As a change agent, he is necessarily a marginal person - part of his setting, but seeing beyond it to system relationship and a wider set of alternatives than those immediately visible to those whom he serves. He is therefore subject to conflict and stress and must be able to live with it. He must also be able to learn from it, to modify his assumptions and methods in the light of experience. He must care and feel, but he must also know and do. He must be expert in his knowledge of the social welfare system, as well as in bodies of knowledge that can inform the choices to be made, such as social theory and research. He must be knowledgeable in the workings of political and economic forces. He must also be expert in working with people, and he must understand their motives and functioning within the role systems in which he encounters them"[1].

Dit dui daarop dat die gemeenskapsorganisasiewerker in die heel eerste instansie die gemeenskap moet ken, waarin hy moet help - hierdie omvattende kennis is tevore reeds behandel.

Die gemeenskapsorganisasiewerker se doel en taak is om op te tree as 'n leier in die gemeenskap en as 'n hulpverlener. McMillen definieer leierskap as "the activity of influencing people to co-operate toward some goal which they come to find desirable"[2]. Die gemeenskapsorganisasiewerker is nie 'n gewone leier nie. Hy moet skeppende leierskap openbaar, sodat hy deelname en same-

---

1. Gurin: op. cit., p. 428.
2. McMillen: op. cit., p. 153.

werking kan verkry ten opsigte van ŉ spesifieke program. "The community organization process seeks fulfilment, .... through creative leadership of groups. The objective is not acceptance but participation; the dynamic element is not the individual but the group"[1].

Daar is ŉ groot verskeidenheid van groepe, en omdat die gemeenskapsorganisasiewerker voortdurend met groepe te make het, moet hy ŉ totale bedrewendheid ontwikkel in die hantering van die groepe en die verteenwoordigers van groepe. Dit beklemtoon die vereiste dat hy ŉ omvattende algemene kennis moet hê van die groepe wat verteenwoordig is sodat hy intelligent oor die groepe se aktiwiteite met hulle verteenwoordigers kan gesels. Dit impliseer dat hy ook op die hoogte moet bly met verwikkelings en ontwikkelings in die groepe. Dit is nodig sodat hy kommunikasie kan bewerkstellig en behou, "the community organization worker uses his professional skills to assure open, active and meaningful channels of communication between the central planning body and its related organizations"[2].

In hierdie hoedanigheid verwys de Jongh na die gemeenskapsorganisasiewerker as ŉ openbare amptenaar (public servant) wat ŉ professionele diens moet lewer nl. "The public servant is there to assist, so to say from the inside, those who take the decisions which frame history, He should - listen, analyse, and learn to understand fully the forces at work and the interest at stake,

1. McMillen: op. cit., p. 153-154.
2. Sieder: op. cit., p. 254.

so that he will be able to give the right advice when the situation calls for it. Don't think that he - in following this line of personal policy - takes but a passive part in the development. It is a most active one. But he is active as an instrument, a catalyst, perhaps an inspirer - he serves"[1].

Die gemeenskapsorganisasiewerker het ten doel en taak om groepe en gemeenskappe te help om die hulpmiddels te vind om probleme en behoeftes die hoof te bied. Anders gestel, dit is sy doel en taak om maatskaplike-desfunksionering teen te werk wat dui op die voorkomingsaspek van gemeenskapsorganisasie. Voorkoming kan alleenlik bereik word deur die gesamentlik optrede van al daardie vakdissiplines wat hulle ten doel stel om die mens te help. Hiermee word die noodsaaklikheid beklemtoon dat die gemeenskapsorganisasiewerker ten volle vertroud moet wees met die maatskaplike struktuur van die gemeenskap en ingestel moet wees om alle moontlike hulpbronne te ontgin en in 'n gesamentlike poging saam te trek. "For social work there will always be the unexplored fields of human problems, which require exploration. So our very functions will require us to move on and more forward, together with the other helping professions in one common battle against human need and human ignorance"[2].

Deur hierdie samewerking met ander dissiplines te verkry en te behou, word die gemeenskapsorganisasiewerker in staat gestel om

---

1. De Jongh, J.F.: "The function of social work": Social work in a changing world. p. 52.

2. Ibid., p. 70.

die voorkomingsaspek te bevorder deurdat hy dan beter toegerus is om 'n positiewe bydrae te lewer tot die bepaling van beleid wat moet tred hou met veranderende maatskaplike omstandighede. "Community organization ..... can and should contribute to the framing of a social welfare policy"[1]. Gurin is selfs meer spesifiek in die aanduiding van die stappe in die proses van gemeenskapsorganisasie as hy sê: "one relates to a series of steps ... leading from problem identification, to the development of structure deal with the problem, to policy formulation, to program development ..."[2].

F. Supervisie in gemeenskapsorganisasie

Volgens Dunham is supervisie 'n lyn-funksie insoverre dit "involves authority on the part of the supervisor and responsibility on the part of the worker"[3] wat ooreenstem met van Rooyen se bewering dat (supervisie) "is die aktiwiteite van vaardige en senior werkers wat dit as hulle spesiale taak het om werkers te help om te alle tye te verseker dat kliënte die beste moontlike maatskaplike werk dienste kry".[4] Hy wys verder op die drieledige funksie van supervisie nl. die toesighoudende, administratiewe en onderrigtende aard daarvan. Dit impliseer dat die toesighouer self 'n ervare gemeenskapsorganisasiewerker moet wees met die vermoë om

---

1. De Jongh: op. cit., p. 64.
2. Gurin: op. cit., p. 426.
3. Dunham: op. cit., p. 283.
4. Van Rooyen, I.J.J.: "Praktyk-opleiding en indiensopleiding van professionele personeel." op. cit., Hoofstuk 4.

ander werkers te lei vanuit 'n meerdere kennis en bedrewenheid in gemeenskapsorganisasie.

Supervisie in gemeenskapsorganisasie kan toegepas word bywyse van 1. samesprekings; 2. bespreking van voltooide take, take onder behandeling en voorgestelde take bv. agenda, projekbeplanning, konsep inligtingstuk; 3. die waarneming van die werker in aksie bv. terwyl hy 'n toespraak lewer, 'n groepbespreking lei, deelneem aan 'n konferensie; 4. nagaan en bespreking van dokumentasie in verband met die werksaamhede. Hierdie verslagskrywing in gemeenskapsorganisasiewerk is baie belangrik. Die verslag is 'n handige instrument waardeur leiding en onderrig gegee kan word.[1]

## G. Samevatting en eie opvatting

Hoewel feitlik alle maatskaplike werkers op een of ander tyd of wyse met gemeenskapsorganisasie gemoeid is, word opgeleide gemeenskapsorganisasiewerkers vir die doeltreffende uitvoering van die taak vereis. Naas 'n gespesialiseerde akademiese en professionele opleiding moet die gemeenskapsorganisasiewerker toegerus wees vir onderhandeling met en hantering van mense; sekere bedrewendhede verkry wat gebaseer is op die filosofie van gemeenskapsorganisasie; en beskik oor 'n omvangryke empiriese kennis van die gemeenskap en sy hele kompleksiteit.

Die taak van die gemeenskapsorganisasiewerker is eintlik van 'n groot verskeidenheid wat uitkristalliseer in drie kategorieë nl.

---

1. Dunham: op. cit., p. 284.

die wat gemoeid is met direkte organisasie, die wat gemoeid is met beplanning en funksietoekenning, en die wat gemoeid is met direkte dienslewering en hulpverlening. Die ingewikkeldheid van sy doel en taak dui op die noodsaaklikheid van supervisie deur 'n ervare gemeenskapsorganisasiewerker.

# HOOFSTUK 7

## INSTELLINGS WAT BYDRA TOT DIE EINDDOEL VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

### A. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die noodsaaklikheid aangedui vir die skepping van 'n klimaat om verhoudinge op samewerking gebaseer te kry deur die gebruikmaking van die tegnieke waarvan gemeenskapsorganisasie hom bedien, en verder, van die bydraes van tipes organisasies en instellings wat as strukturele hulpmiddels aangewend word in gemeenskappe, hetsy geografies of funksioneel, om koördinasie van welsynsdienste te verseker.

Organisasie en beplanning is noodsaaklik vir die proses om maatskaplike behoeftes en -hulpbronne op mekaar af te stem en sodoende koördinasie, integrasie en samewerking te bewerkstellig. Gurin beskryf gemeenskapsorganisasie in hierdie verband as "organizing and planning functions in welfare"[1].

In hierdie sin kan gesamentlike optrede verkry word deur die stigting van aparte organisasies wat gemeenskapsorganisasie as primêre doel het. In die Verenigde State van Amerika is drie groepe sodanige organisasies nl.

1. die organisasies wat 'n algemene beplanningsfunksie in die gemeenskap het.
2. die organisasies wat 'n beperkte maar spesifieke beplanningsfunksie het; en

---

1. Gurin: op. cit., p. 424.

3. Die organisasies wat 'n beplanningsfunksie naas hulle hooffunksie van dienslewering het.

Van hierdie organisasies funksioneer sommige op die plaaslike vlak, terwyl ander op nasionale en/of internasionale vlak georganiseerd is en sodanig funksioneer.

In Amerika vind mens die gemeenskapswelsynsrade in groot stede wat die algehele beplanningsfunksie in daardie gemeenskappe omvat. Nederland het die "Maatschappelijke Rade" terwyl in Suid-Afrika geen sodanige rade bestaan nie. Deur die Streekswelsynsrade wat ingevolge die Nasionale Welsynswet, 1965 ingestel is, word beoog om 'n dergelike funksie te vervul. Hierdie streekswelsynsrade se samestelling plaas hulle egter in 'n ander kader as die van die genoemdes in Amerika en Nederland. Hoewel die gemeenskapswelsynsrade aanvanklik as aparte organisasies ontstaan het om plaaslike welsynsdienste te koördineer, het hulle mettertyd, weens veranderende omstandighede en behoeftes, ook die beplanningsaspek van welsynsdienste onderneem. Dit het nodig geword om lidmaatskap uit te brei tot verteenwoordiging van openbare liggame, organisasies en ander instellings met aanverwante doelstellings soos gesondheids- en ontspanningsondernemings, arbeiders groepe, die handel en nywerheid, ens., en indiwiduele lede soos die burgemeester, predikante en kultuurleiers. Dit het hierdie rade verteenwoordigend van die hele gemeenskap gemaak. Weens die samestelling van hierdie rade het dit noodsaaklik geword om hulle werksaamhede aan verskillende afdelings of komitees toe te vertrou bv. gesondheid, kindersorg, gesinslewe, groepwerk, ontspanning, ens. Die sekretariële verantwoordelikheid van hierdie rade word opgedra aan gemeenskapsorganisasiewerkers.

In breë trekke is die funksies van hierdie rade feite-insameling; koördinasie en gesamentlike optrede; verbetering van dienste en standaardbepaling; algemene dienste soos instandhouding van die sentrale gevalle register, sentrale inligtingsbureau, ens.; en opvoeding van die openbare mening en die bevordering van die intergroep proses.[1)]

B. Koördinerende rade in Suid-Afrika

Dit is reeds in die historiese oorsig aangedui dat nieteenstaande verskeie pogings kon koördinerende rade nie 'n beslag kry in die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur nie. Die enigste koördinerende Raad wat nog ꞌn noemenswaardige bestaan voer is die "Johannesburg Co-ordinating Council of Social Welfare Agencies". Die bydrae van hierdie liggaam tot doeltreffende koördinasie, samewerking en beleidbepaling, is negeerbaar en dit dien hoofsaaklik as ꞌn inligtings-bureau.

Die situasie is dus dat in Suid-Afrika, met die uitsondering van die Streekswelsynsrade daar geen plaaslike koördinerende liggame bestaan nie.

Die vraag ontstaan of die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur homself dan nie leen tot plaaslike koördinasie en -beleidsbepaling nie. Hierdie aspek word vervolgens behandel.

---

1. Vgl. a) McMillen: op. cit., p. 317-626.
b) Johns & de Marche: op. cit., p. 92-117.
c) Dunham: op. cit., p. 92-243.
d) Harper & Dunham: op. cit., p. 315-454.

C. Nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies

Soos reeds aangedui is daar nie minder nie as 116 liggame wat ingevolge die bepalings van die Nasionale Welsynswet, 1965, as Nasionaal- en Provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies geregistreer is. Die oorgrote meerderheid van hierdie organisasies se gemeenskapsorganisasie aktiwiteite is beperk tot die samesnoering van enkele organisasies met gemeenskaplike doelstellings. Voorbeelde van hierdie tipe organisasie is onder andere "Kings Daughters Society" (WO 1868); Nasionale Vereniging van Behuisings Organisasies (WO 1347); "S.A. Library for the Blind" (WO 126); A.T.K.V. (S.A.S.& H.) (WO 71); "Avalon Association (WO 840); "Gunners Association" (WO 1138) om slegs 'n paar te noem[1]. Sommige van hierdie organisasies soos bv. "Avalon Association" (WO 840) het geen geaffilieerde takke nie. Hierdie organisasie wat as rehabilitasie sentrum vir liggaamlike gestremdes dien neem wel pasiënte van enige plek in Suid-Afrika en Suidwes op. Dit blyk die rede te wees waarom hierdie organisasie as 'n nasionale organisasie geregistreer is, en miskien die vernaamste rede, dat daaraan die reg verleen word om geld te kollekteer oor die hele Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Dit dui op die noodsaaklikheid om 'n deurtastende ondersoek in te stel, nie net na die bestaansreg van sekere sogenoemde welsynsorganisasies nie maar ook na Nasionaal- en Provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies, en veral te bepaal waaraan so 'n or-

---

1. Lys van welsynsorganisasies wat ingevolge die Nasionale Welsynswet, 1965, geregistreer is.

ganisasie moet beantwoord om as 'n nasionaal- of provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasie erken te word. Dit blyk aangewese te wees om sekere elemente van gemeenskapsorganisasie in aanmerking te neem by sodanige ondersoek.

Vir die doel van hierdie navorsing word net daardie nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies wat maatskaplike werkers in diens het, of deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ten opsigte van 'n spesifieke diens gesubsidieer word, beskou as organisasies wat 'n gemeenskapsorganisasie funksie vervul. Volgens hierdie maatstaf kwalifiseer die volgende organisasies:

1. <u>Kerklike instansies</u>

a. Die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid van die N.G. Kerk van S.A. (A.K.D.B.).

b. Welsynskommissie van die Ned. Ger. Sending Kerk.

c. Die Ondersteuningsraad van die Ned. Hervormde Kerk van Suid-Afrika.

d. Die Welsynsraad van die Apostoliese Geloofsending. (A.G.S.).

2. <u>Nasionaal-georganiseerde welsynsorganisasies</u>

a. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg.

b. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels. (S.A.N.R.A.)

c. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes.

d. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes.

e. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kreupeles.

f. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid.

g. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Bejaardes.

h. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe.

i. Suid-Afrikaanse Nasionale Teringvereniging. (S.A.N.T.A.)

j. Maatskaplike Dienste Vereniging van Suid-Afrika.

3. <u>Provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies</u>.

a. Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging.

b. Suid-Afrikaanse Vroue Federasie.

c. Oranje Vroue Vereniging.

d. Natalse Christelike Vroue Vereniging.

e. "Transvaal Jewish Welfare Council".

4. <u>Plaaslike organisasies</u>, wat nie aan 'n nasionaal- of provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasie geaffilieer is nie:

a. Stedelike Behuisingsbond, Kaapstad.

b. "Cape Flats Distress Association".

c. "Rand Aid Association".

Van hierdie drie organisasies is dit net die Stedelike Behuisingsbond, Kaapstad, wat hom doelbewus toespits op gemeenskapsorganisasie. In der waarheid is dit eintlik gemeenskapswerk wat deur hierdie liggaam onderneem word, hoewel die hoof

maatskaplike werker van die Stedelike Behuisingsbond na hierdie dienste verwys as gemeenskapsorganisasie [1].

Hierdie nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies (waarna verderaan verwys word as Nasionale Rade) tree sonder uitsondering op die funksionele terrein op, deurdat dit die werksaamhede van plaaslike welsynsorganisasies met dieselfde doelstellinge koördineer, die beleid ten opsigte van die diens neerlê, die standaarde van dienslewering bepaal, die opvoedkundige en bevorderings aspekte van die diens op nasionale vlak onderneem, onderhandel met die owerheidsektor, en in enkele gevalle geaffilieer is met internasionale organisasies.

Omdat hierdie organisasies as verteenwoordigend van die hele gemeenskap op landswye vlak beskou kan word met sterk plaaslike verteenwoordiging, verkeer hulle in die unieke posisie dat hulle as barometer kan dien van behoeftes en hulpbronne ten opsigte van daardie maatskaplike probleme en -behoeftes wat hulle die hoof probeer bied.

Soos hierdie nasionale rade tans saamgestel is en volgens die algemene doelstelling, is hulle verteenwoordigend van die volgende:

Gesinsorg: A.K.D.B., die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg, die Ondersteunings Raad, die Apostoliese Geloofsending, A.C.V.V., S.A.V.F., O.V.V. en N.C.V.V.

Liggaamlik en geestelike belemmerde persone: Die Suid-Afrikaanse Nasionale Rade vir Blindes, Dowes, Kreupeles, S.A.N.T.A., en Geestesgesondheid.

---

1. Stedelike Behuisingsbond, Kaapstad. Departementele lêer.

<u>Persoonlike probleme</u>: S.A.N.R.A., en Maatskaplike Dienste Vereniging van Suid-Afrika.

<u>Bejaardesorg</u>: Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Bejaardes.

<u>Gesinslewe</u>: Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe.

Daar bestaan egter geen georganiseerde koördineringskanaal waardeur enige van hierdie groepe soos bv. die gesinsorgorganisasies gesamentlik kan optree om koördinasie, integrasie en beleidformulering te bevorder nie.

Die enigste wyse waarop hierdie nasionale rade saamgesnoer kan word, is bywyse van konferensies. Ervaring het egter geleer dat sodanige konferensies met ongereelde tussenposes gehou word, en dat die tydsbeperking sowel as die aantal afgevaardigdes die sorgvuldige uitpluising van ŉ probleem bemoeilik. Hiermee word nie te kenne gegee dat konferensies nie gehou behoort te word of dat nie aan ŉ doel beantwoord nie.

Die vraag ontstaan of hierdie nasionale rade nie die geleentheid gebied moet word om met gereelde tussenposes in ŉ meer geslote kring te konfereer en te besin oor maatskaplike vraagstukke nie.

Sodanige vergaderings kan waardevolle bydraes lewer en met vrug aangewend word deur die Nasionale Welsynsraad wanneer dit besin oor welsynsaangeleenthede waaroor die Minister van Volkswelsyn en Pensioene geadviseer moet word. Dit blyk aangewese te wees dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, in oorleg met die Nasionale Welsynsraad, hieraan aandag sal gee.

Om sodanige konferensies na waarde te kan benut is dit noodsaaklik dat die nasionale rade verteenwoordigend sal wees van die hele welsynspoging van die land. Dit dui op die noodsaaklikheid om ondersoek in te stel, eerstens, na die bestaansreg van die konglomeraat van ongebonde welsynsorganisasies, en tweedens, tot welke mate welsynsorganisasies wat wel 'n doel en funksie te vervul het by reeds bestaande nasionale rade ingeskakel kan word, en derdens, of die tyd nie aangebreek het om sodanige diverse welsynsorganisasies nogtans onder beskerming van 'n nasionale raad vir diverse welsynsaangeleenthede saam te snoer nie.

3. <u>Die Nasionale Welsynsraad en Streekswelsynsrade</u>

Hierdie statutêre rade is ingestel om onder andere

a. 'n balans tussen maatskaplike behoeftes en -hulpbronne te bewerkstellig deur die registrasie van welsynsorganisasies, b. koördinasie en samewerking op die welsynsterrein te bevorder, en c. die Minister te adviseer rakende beleidsaspekte.

Die samestelling en doeltreffendheid van hierdie rade word in 'n aparte afdeling bespreek.

4. <u>Nie-Blanke Welsynsorganisasies en koördinasie</u>

'n Ander aspek waaraan aandag gegee sal moet word is die welsynsorganisasies wat die nie-Blanke bevolkingsgroepe bedien. Ook aan hierdie organisasies moet die geleentheid gebied word tot onderlinge oorlegpleging en bespreking van aktuele welsynsvraagstukke. Daar sal ook nou al aandag gegee moet word aan die skepping van 'n struktuur waardeur verteenwoordigers van die nie-Blanke

welsynsorganisasies die geleentheid gebied word om met hulle Blanke kollegas te konfereer. In 'n veelrassige land soos Suid-Afrika is dit noodsaaklik dat sover prakties moontlik 'n uniforme welsynsbeleid van toepassing sal wees. Tans val die nie-Blanke welsynspoging nog hoofsaaklik onder Blanke-leiding, maar namate nie-Blanke leiers op die welsynsterrein na vore kom, moet die geleenthede daargestel word vir onafhanklike optrede binne eie, erkende en aanvaarde struktuur.

5. Behoefte aan gemeenskapswelsynsrade

Terselfdertyd behoort aandag verleen te word aan die koördinasie van die welsynspoging op plaaslike vlak. Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse stede steeds groter en digter bevolk raak, en dat elk van hierdie stedelike komplekse met maatskaplike probleme en -behoeftes te kampe sal kry wat eie is aan die besondere gebied.

Vir doeltreffende hantering daarvan is gekoördineerde plaaslike optrede absoluut noodsaaklik. Welke vorm sodanige plaaslike gekoördineerde optrede sal moet aanneem vereis verdere ondersoek.

Met verwysing na die bedrywigheid van Liverpool in verband met gemeenskapsontwikkeling beweer Peter Wass dat "if the work of public participation .... in formulation of social goals is left to professionals, the democratic system is subverted. It is therefore likely that a new kind of collaborative system will have to be evolved, in which representatives of a locality or interest,

local government officer, and councillors can work as a team"[1]

Tydens die Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning het Erika Theron[2] reeds aangedui dat die statutêre streekswelsynsrade weens hulle samestelling nie hierdie funksie plaaslik kan vervul nie. Sy het haar sterk uitgespreek ten gunste van gemeenskapswelsyns-rade op plaaslike vlak wat oor die dienste van opgeleide personeel sal beskik, en het na die volgende voorbeelde van werksaamhede wat 'n gemeenskapswelsynsraad kan onderneem, verwys:

"i) die opstel en op datum hou van 'n gids wat die dienste wat in werklikheid op georganiseerde grondslag gelewer word, sal bevat en deur welsynsorganisasies as leidraad gebruik kan word;

ii) die verskaffing van leiding en hulp aan persone met betrekking tot die instelling en organisering van welsynsdienste.

iii) die instelling van 'n inligtingsburo wat geraadpleeg kan word deur indiwiduele organisasies met betrekking tot welsynsaktiwiteite in die gemeenskap, in ander dele van die land en die buiteland;

iv) die verskaffing van leiding en hulp in verband met die bepaling van welsynsbehoeftes en navorsingsprojekte;

v) die verstrekking van 'n geheelbeeld aan die gemeenskap van die welsynsdienste wat van tyd tot tyd gelewer word;

---

1. Wass, P.: "Community development - a cure-all": Social service quarterly, Autumn 1969, XLIII (2), October-December, 1969. The National Council of Social Services. p. 55

2. Theron, Erika: "Gemeenskapsorganisasie as 'n faktor in welsyns-beplanning". op.cit.

vi) die interpretasie van die werk wat gedoen word en beplande gemeenskapsopvoedingswerk deur doeltreffende groepsbesprekinge en publisiteitsmetodes;

vii) die voortdurende bestudering van die welsynsbronne (finansiële bronne en werkkragte) in die gemeenskap, verlening van hulp om nuwe bronne te ontgin en hulp aan vrywilligers om deur die kanale van welsynsorganisasies hulle hoogste potensiële dienste te verskaf;

viii) die voortdurende bepaling van die leemtes wat daar in die welsynsdiens van die gemeenskap bestaan;

ix) die aanwending van die Sentrale Gevalle Register as 'n hulpmiddel vir die koördinering van welsynsdienste;

x) die reëling van byeenkomste van verteenwoordigers van organisasies vir groepsbesprekings en die reëling van groter konferensies"[1].

Sekere van hierdie funksies word egter reeds deur Streekswelsynsrade gelewer en sorg moet gedra word dat plaaslike gemeenskapswelsynsrade hierdie dienste aanvul en nie oorvleuel nie.

Dat daar ruimte is in die huidige welsynstruktuur vir gemeenskapswelsynsrade val nie te betwyfel nie. Sodanige gemeenskapswelsynsrade, indien reg georganiseer, kan ook 'n bydrae lewer om sekere administratiewe laste van organisasies en veral die kleiner orga-

---

1. Stulting: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. p. 752-753.

nisasies te verlig. Voorbeelde hiervan is onder andere 'n plaaslike of selfs streeksbiblioteek, 'n sentrale tikpoel, 'n stelsel waarby alle afrol- en ander dupliseringswerk by 'n sentrale punt onderneem kan word sowel as die adressering en afsending van pos, selfs die afhaal, oopmaak en sortering van pos kan verligting besorg aan die registrasie-afdelings van welsynsorganisasies. Die beskikbaarstelling van notuleklerke kan tydens vergaderings die werk van die sekretaris van die organisasie verlig, daar kan selfs oorweeg word om 'n sentrale kantoor in te rig om die roetine boekhouding te behartig. Die instelling van 'n stelsel van gesamentlike administrasie kan 'n groot finansiële bate vir welsynsorganisasies wees.

Dit blyk verder aangewese te wees dat ernstige aandag verleen word aan die stigting van gemeenskapswelsynsrade vir dienste wat aanvullend is tot die van die streekswelsynsrade. Hierdeur sal plaaslike leiers op die welsynsterrein direk betrek kan word in gemeenskapsorganisasie. Aangesien dit een van die verantwoordelikhede van die streekswelsynsraad is om koördinasie te bevorder moet die inisiatief van hierdie rade uitgaan.

D. Gesamentlike fondsinsamelings ondernmeings

1. Inleiding

In Suid-Afrika bestaan daar nie juis gesamentlike fondsinsamelingsondernemings nie en ook geen sentrale bureau wat fondsinsameling kontroleer soos bv. die "Stichting Centraal Archief en Inlichtingen-Bureau inzake het Inzamelingswezen" in Nederland nie.

Volgens onderhoude gevoer met Van der Werff en De Roojj[1] word die Stichting as 'n koördinerende liggaam in verband met fondsinsameling op 25 Mei 1925 in die lewe geroep. Volgens die Statute is die doel: "De Stichting stelt zich ten doel te bevorderen dat de werving van middelen en de propaganda voor doeleinden ten algemenen nutte op aanvaarbare wijse geschiedt, een en ander zowel in het algemeen belang als in het belang van de erbij betrokken instellingen"[2].

Hierdie organisasie is in die lewe geroep op aandrang van die plaaslike "Armen Raden" wat vandag bekend staan as die "Stichting Rade voor het Maatschappelijk Welsijn"[3].

Fondsinsameling in Nederland geskied hoofsaaklik op die volgende vier maniere:

1. straat kollektes;
2. Loterye: Op Nasionale vlak wanneer toestemming verleen en kontrole uitgeoefen word deur die Minister van Justisie, en op Munisipale- (gemeentelike) vlak wanneer toestemming verleen en kontrole uitgeoefen word deur die Burgemeester;
3. Voetbal-"pools"; en
4. Spesiale insamelings vir 'n spesifieke doel by wyse van pers, radio en televisie oproepe. (Straatventery en 'deur-tot-deur"-kollektes word nie toegelaat nie).

---

1. Onderhoud op 11 September 1968.
2. Statuten van de Stichting Centraal Archief en Inlichtingenbureau inzake het Inzamelingswezen.
3. Noteboom, J.W.: "Het Centraal Archief en het verleden": Vragen en geven. p. 11.

Die Stichting reël slegs die landswye straatkollektes in oorleg met die "Stichting Rade voor het Maatschappelijk Welsijn". Hierbenewens is die Stichting eintlik die sentrale register van welsynsorganisasies in Nederland in soverre dat alle welsynsorganisasies by die Stichting geregistreer is en jaarliks finansiële state indien.

Die Minister van Justisie en Burgemeesters raadpleeg die Stichting gereeld en handel sonder uitsondering op sy aanbevelings. Die Stichting vervul ŉ belangrike funksie deurdat wanneer dit ŉ fondsinsamelingsveldtog reël dit gedurende daardie periode (gewoonlik ŉ week) die besondere organisasie se dienste reklameer en bekendstel aan die breë Nederlandse publiek.

2. Die Gemeenskapskas

Die gemeenskapskas wat sy ontstaan in Brittanje het, het veral in die Verenigde State van Amerika sy beslag gekry waar dit en gemeenskapswelsynsrade op verskillende maniere met mekaar verbind is. Soms word bv. welsynsbeplanning en gesamentlike fondsinsameling deur dieselfde liggaam behartig, en soms word dit deur twee liggame behartig.

In Suid-Afrika is daar soos reeds vermeld slegs vier gemeenskapskaste waarvan nie een die ondersteuning van al die organisasies in die gebied geniet nie.

Hierdie gemeenskapskaste is almal as welsynsorganisasies ingevolge die Nasionale Welsynswet geregistreer en funksioneer bloot as ŉ welsynsorganisasie wat fondse insamel ten behoewe van lede-

Hulle finansier die lede-organisasies slegs ten dele. Die gemeenskapskaste in Suid-Afrika tree selfstandig op sonder dat 'n beplanningsorganisasie soos die Streekswelsynsraad hulle adviseer met betrekking tot bestaande of ontwikkelende dienste in die betrokke gemeenskappe. Ten opsigte van welsynsbeplanning lewer hulle dus geen bydrae en maak ook nie gebruik van vakkundige leiding met betrekking tot finansiële hulp wat hulle verleen nie. Dit is daarom duidelik waarom die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasie s die volgende in hierdie verband aanbeveel het:-

"a) dat die gemeenskapskas nie aanvaar sal word as 'n instelling wat in Suid-Afrika met die oog op finansiering van die vrywillige welsynsorganisasies algemeen aangewend sal word nie;

b) dat die instelling van 'n gemeenskapskas egter nie sondermeer veroordeel of teengewerk behoort te word nie, omdat dit, waar dit goed funksioneer, goeie diens aan die geaffilieerde welsynsorganisasies kan lewer; maar

c) dat gemeenskapskaste nie deur die Staat gesubsidieer sal word nie"[1].

Die bestaande gemeenskapskaste het die wenk ten opsigte van goeie funksionering skynbaar geïgnoreer.

Die enigste ander pogings tot gesamentlike fondsinsamelings word

---

1. Aanbevelings van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. p. 18.

onderneem deur verskillende koerante óf tydens Kersfees óf wintermaande en die radio. Die vernaamste hiervan is:-

a) Die Transvaler se Kersfeesfonds ten behoewe van die Christelike Maatskaplike Rade van die N.G. Kerk in Transvaal en Natal en die Ondersteuningsraad;

b) Die Springbokradio se Kersfeesfonds ten behoewe van verskeie welsynsorganisasies; en

c) Die Jool-fondsinsamelings deur studente van Universiteite en Opleidingskolleges ten behoewe van plaaslike welsynsorganisasies.

Ook hierdie instansies samel bloot fondse in en lewer geen bydrae ten opsigte van gemeenskapsorganisasie nie.

In Suid-Afrika bestaan daar ten opsigte van fondsinsameling en die finansiering van welsynsdienste, behalwe deur die Staat, geen noemenswaardige gekoördineerde finansierings onderneming wat as 'n gemeenskapsorganisasie instelling bestempel kan word nie.

Tydens die Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning Junie, 1969, het dit duidelik geword dat die hele probleem van die finansiering van welsynsorganisasies kommer wek. Daar blyk 'n toenemende vraag te wees na die dienste van welsynsorganisasies, maar hierdie organisasies gaan gebuk onder 'n finansiële las en ondervind probleme om voldoende fondse te bekom. Daar is duidelike aanduidings dat die groot aantal organisasies wat landswyd fondse mag insamel verwarring by plaaslike gemeenskappe skep en plaaslike pogings in die wiele ry. Die gevolg is dat 'n neiging posvat om al hoe meer op die Staat te leun vir finansiële steun bywyse van subsidies.

hierteen het Olivier[1] gesê: "dit is belangrik om te beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat die gemeenskap sy finansiële aandeel terwille van sy belangstelling moet behou. Indien die gemeenskap nie ŉ aandeel behou nie, word belangstelling afgewater tot ŉ paar enkelinge, en verloor die diens sy identiteit met die gemeenskap. Hoewel finansiële hulpverlening deur die Staat in die jongste jare toegeneem het en al hoër eise aan die Staat gestel word, moet gewaarsku word teen die neiging om te veel op die Staat te leun. Tydens ŉ onlangse besoek aan sekere welsynstate in Europa het dit opgeval hoedat die gemeenskapsverantwoordelikheid kwyn wanneer die Staat meer dan sy regmatige finansiële verantwoordelikheid moet neem. Die gesonde ewewig, terwille van ŉ demokratiese reg tot seggenskap en meedoen, moet ten alle koste behoue bly". Van Vuuren het gesê: "Die staat sal in die beplanning van welsynsdienste in die Republiek en veral by die finansiering van daardie dienste ook plek vir voorkomingsdienste moet maak en moet toesien dat hierdie aspek van ons welsynsbedrywighede tot sy reg kom. Finansiering .... is die lewenslagaar van enige onderneming en moet ook op die welsynsakker aangewend word om stuiwende lewe te gee en die dinamiese ontplooiing van die hele welsynstaak en die hele welsynsgedagte te verseker, anders word dit ŉ onbeduidende faktor in ons welsynsbeplanning ....."[2].

---

1. Olivier, G.F.: Die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning. Junie 1969.

2. Van Vuuren, H.P.J.: "Die finansiering van welsynsdienste deur die staat as faktor in welsynsbeplanning". Konsep verslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning. Junie 1969. Hoofstuk 5.

Dit alles dui op die noodsaaklikheid vir 'n deurtastende ondersoek na die hele stelsel van fondsinsameling deur welsynsorganisasies, en die finansiering van welsynsdienste.

## E. Samevatting en eie opvatting

Die toenemende belangrikheid van gemeenskapsorganisasie word weerspieël in die aantal instellings wat direk en indirek gemoeid is met gemeenskapsorganisasie. Hierdie kan in drie groepe ingedeel word nl. die wat 'n algemene beplanningsfunksie in die gemeenskap het, die wat 'n beperkte maar spesifieke beplanningsfunksie het en die wat 'n beplanningsfunksie naas hulle hooffunksie van dienslewering het. Hierdie organisasies kan óf op die plaaslike óf op die nasionale vlak funksioneer.

Gemeenskapsrade wat met groot sukses in oorsese lande ingestel is, kon net soos die gemeenskapskas nie inslag vind in die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur nie. Van die redes wat hiervoor aangegee is, is omdat hierdie rade nie gemeenskapsorganisasiewerkers in diens gehad het nie.

In Suid-Afrika bestaan 'n groot verskeidenheid van nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies. Die bestaansreg van sommige van hierdie organisasies kan met reg bevraagteken word. Vir die doel van hierdie navorsing word slegs daardie organisasies wat maatskaplike werkers in diens het beskou as instellings wat met gemeenskapsorganisasie gemoeid is. Hierdie organisasies ressorteer volgens doelstellings in die volgende groepe: gesinsorg, liggaamlik en geestelik belemmerde persone, bejaardesorg en gesinslewe.

Daar blyk 'n behoefte te bestaan vir 'n kommunikasiekanaal waardeur hierdie organisasies gesamentlik kan optree.

Verder blyk daar ook 'n behoefte te wees aan 'n kommunikasiekanaal tussen welsynsorganisasies wat in belang van die nie-Blanke bevolkingsgroepe optree en die wat in belang van die Blanke bevolking optree.

Met die uitsondering van die Staat se subsidieskemas blyk dit dat finansiering nie 'n belangrike rol speel in die praktyk van gemeenskapsorganisasie in Suid-Afrika nie. Dit kan moontlik daaraan gewyt word dat hier 'n afwesigheid van organisasies bestaan wat hulle op die plaaslike en die nasionale vlak bemoei met gesamentlike fondsinsamelingspogings waardeur die volle steun van alle betrokke welsynsorganisasies verkry kan word. Die enkele instellings soos die paar gemeenskapskaste, en die ander gesamentlike fondsinsamelings ondernemings, is dan eintlik niks meer as net nog welsynsorganisasies wat as't ware optree as agente wat fondse insamel vir ander welsynsorganisasies.

## HOOFSTUK 8

## STAATSDEPARTEMENTE MET WELSYNSVERANTWOORDELIKHEDE EN WAT OP EEN OF ANDER WYSE BETROKKE IS BY GEMEENSKAPSORGANISASIE

### A. Inleiding

Daar is verskeie departemente wat met welsynsverantwoordelikhede belas is. Ten opsigte van sekere aspekte van die werk is dit 'n natuurlike ontwikkeling wat voortvloei uit die Regering se beleid van aparte ontwikkeling. Om hierdie rede het die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling volle verantwoordelikheid aanvaar vir alle welsyns- en maatskaplikewerkdienste in verband met die Bantoe-bevolkingsgroepe in ons land, en verder is die Departemente van Kleurlingsake [1] en Indiërsake gestig. Laasgenoemde Departemente neem geleidelik die welsyns- en maatskaplikewerkdienste ten opsigte van die Kleurling- en Indiër-bevolkingsgroepe van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene oor. Die situasie is dus dat daar vandag naas die Departement van Volkswelsyn en Pensioene drie groot staatsdepartemente bestaan met die verantwoordelikheid vir die welsyns- en maatskaplikewerk-dienste aan die genoemde drie nie-Blanke bevolkingsgroepe. Anders as die Departement van Volkswelsyn en Pensioene is hierdie Departemente ook met ander verantwoordelikhede as welsynsdienste belas. Asiate, anders as die Indiër bevolkingsgroep, is 'n minderheidsgroep en is toevertrou aan die Departement van Binnelandse Sake,

Hierdie vier Departemente het uit die aard van die saak vakkundige beamptes (welsyn) in diens geneem vir die beplanning, organisasie

1) Naskrif. Sedertdien is benaming na Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehobothaangeleenthede verander.

en uitvoering van die maatskaplike werk dienste. Ook maak almal gebruik van die hulpdienste wat deur die Kerk en die private inisiatief op die welsynsterrein aangebied word. Op die uitvoerende vlak maak die Departement van Bantoe-administrasie ook gebruik van die dienste wat vir hierdie doel deur sekere van die groter munisipaliteite ingestel is.

In die Skandinawiese lande, in Nederland en in Engeland is die munisipaliteite met uitvoerende magte en verantwoordelikhede ten opsigte van algemene welsynsdienste beklee en gevolglik aktief gemoeid met gemeenskapsorganisasie. Dit is egter nie die geval of toestand in die Republiek van Suid-Afrika nie trouens verskeie komitees en kommissies van ondersoek het aanbeveel dat munisipaliteite nie hierdie verantwoordelikhede moet aanvaar nie. Die vernaamste hiervan was <u>Die Komitee van Ondersoek insake die Finansiering van Vrywillige Welsynsorganisasies, 1953; Die Kommissie van Ondersoek insake die Omvang, Werksaamhede, Administrasie en Bestuur van die Afdeling Maatskaplike Sake van die Stadsraad van Johannesburg en die Voorgestelde Ontbinding van daardie Afdeling en alle sake wat daarmee in verband staan of daaruit voortvloei, 1960; en die Komitee van Ondersoek insake die Finansiële Verhoudings tussen die Sentrale Regering, die Provinsies en plaaslike Besture</u>. (Vierde Tussentydse Verslag: Welsynsdienste wat deur Plaaslike Besture verrig word).

Aangesien hierdie ondersoek toegespits is op daardie welsynsaktiwiteite waarby die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in die bediening van die Blanke bevolkingsgroep betrokke is, word die aan-

deel van die Departement van Bantoe Administrasie en -Ontwikkeling, Kleurlingsake en Indiërsake, in hierdie hoofstuk slegs bespreek wanneer dit 'n invloed op die werksaamhede van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het.

Benewens hierdie vier departemente het die volgende Staatsdepartemente vakkundige beamptes (welsyn) in diens: Die Departement van Verdediging (Weermag); Die Departement van Gevangenisse; die Departement van Arbeid (by beskutte arbeidsfabrieke); en die Provinsiale Administrasie van die Kaapprovinsie, Natal, Oranje-Vrystaat en Transvaal (Afdelings en Departemente Hospitaaldienste). In die Gids van Rehabilitasiedienste deur Staatsdepartemente[1)] word die verskillende dienste geklassifiseer in dertien afdelings. Omdat die Departement van Bantoe-Administrasie alleen volle verantwoordelikheid aanvaar vir alle welsyns- en maatskaplike werk dienste ten opsigte van die Bantoe bevolkingsgroepe en daar ten opsigte van hierdie dienste dus geen verwarring of oorvleueling met die dienste van ander Departemente bestaan nie, word in hierdie afdeling nie weer na hierdie Departement verwys nie.

B. Gesinsprobleme

Gesinsprobleme omvat 'n groot verskeidenheid maatskaplike wantoestande wat die harmonieuse lewe tussen ouers en kinders bedreig en gesinsdesintegrasie in die hand werk indien die nodige hulp nie verleen word nie, en sluit probleme soos huweliksonenig-

---

1. Gids van rehabilitasie dienste deur staatsdepartemente gelewer. Tensy anders vermeld word, is die inligting wat verstrek word daaruit verkry.

heid, gedragsprobleme by kinders, kinderverwaarlosing en -mishandeling, wangedrag of ander onverantwoordelike optrede van die ouer soos drankmisbruik, ens., in[1]. Die vakkundige personeel van die Departement van Volkswelsyn, Indiërsake en Kleurlingsake waar reeds 'n velddiens ingestel is hanteer hierdie probleme wanneer dit onder die aandag kom. By Kleurlingsake is nog nie 'n volle velddiens ingestel nie en gevolglik hanteer die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ook hierdie probleme. Vrywillige welsynsorganisasies het ook 'n belangrike aandeel in die hantering van gesinsprobleme en daar word vryelik gebruik gemaak van hulle dienste.

Die Departement van Kleurlingsake en Indiërsake het hier 'n ekstra verantwoordelikheid om daardie gemeenskappe so te organiseer en te ontwikkel dat hulle uiteindelik in staat moet wees om oor te gaan tot dienslewering aan hulle eie mense.

Ook die Provinsiale Administrasie maak gebruik van maatskaplike werkers by hospitale en aanvaar die verantwoordelikheid om die maatskaplike en gesinsomstandighede van 'n pasiënt te ondersoek waar vermoed word dat dit 'n bydraende oorsaak tot die siekte is, of die herstel van die pasiënt vertraag of teewerk. Waar die maatskaplike werkers dit nodig ag word so 'n gesin onder die aandag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene of ander in-

---

1. Vgl. Du Toit, J.B., Steyn, A.F. en Rip, C.: Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme. Nasou beperk, 1965 en Van der Walt, J.P.: Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. Ongepubliseerde M.Ed-verhandeling. Potchefstroom 1969. Hoofstuk 3: Die oorsake van gedragsafwykings en die behoeftes van gedragsafwykende leerlinge.

stansies of welsynsorganisasies gebring. Verder verleen hierdie maatskaplike werkers hulp in verband met vervoer, persoonlike probleme, voltooiing van aansoekvorms in verband met permanente hulp soos ongeskiktheidstoelae, ouderdomspensioene, maatskaplike noodhulp, mediese hulpmiddels, ens.

In Psigiatriese hospitale wat ressorteer onder die Departement van Gesondheid word hierdie dienste onderneem deur vakkundige beamptes (welsyn) van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene wat in die betrokke hospitale kantore het. Hierdie beamptes werk onder die direkte leiding van die Streekhoofde en geniet al die voorregte van die vakkundige personeel van die Departement, veral die skakeldienste met alle welsynsorganisasies en instansies. Oorvleueling van dienste word dus tot die absolute minimum beperk sodat die beste gebruik gemaak kan word van opgeleide werkkragte. Indien die maatskaplike werkers verbonde aan hospitale op dieselfde wyse by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ingeskakel word sal dit baie van die leemtes en probleme wat tans bestaan uitskakel, en beter benutting van opgeleide personeel in die hand werk. Dit is 'n aangeleentheid wat weer eens aandag op die owerheidsvlak verg, veral aangesien dit die beplanning en organisering van maatskaplike werk tot beste benutting en voordeel van die gemeenskap raak.

C. Armoede en behoeftigheid

Hieronder word verstaan die toestand waarin iemand verkeer wat nie oor die nodige middele beskik om in sy eie of sy afhanklikes se stoflike en maatskaplike behoeftes te voorsien wat hulle

instaat kan stel om 'n menswaardige bestaan te voer en 'n enigsins normale plek in die samelewing in te neem nie[1]. Hierdie toestand kan van geruime tydsduur of tydelik van aard wees.

Met die behandeling en bekamping van armoede en behoeftigheid het 'n hele aantal staatsdepartemente 'n verskeidenheid van verantwoordelikhede.

1. Departement van Arbeid

Hierdie departement is naas die werkverskaffingselement verantwoordelik vir die administrasie van die Werkloosheidsversekeringswet, 1946, en is gemagtig deur die Tesourie om aan bona fide werksoekers spoorwegorders uit te reik om na goedgekeurde werk te gaan, asook aan sy gesin en bona fide afhanklikes en vir die vervoer van sy huishoudelike en persoonlike besittings.

2. Departement van Gemeenskapsbou

Hierdie departement administreer die volgende skemas;

a. Verhuur en verkoopskemas

Hierdie skema stel plaaslike besture in staat om lenings teen ekonomiese of sub-ekonomiese rentekoerse te verkry om huise op te rig en te verhuur of te verkoop aan middel- en laer-inkomste groepe.

b. Behuisingslenings deur plaaslike besture aan indiwidue

Hierdie skema is ingestel vir plaaslike owerhede om mense te help wat graag huise wil bou maar nie deur bougenootskappe ge-

---

1. Vgl. Coetzee, J.H.: Verarming en oorheersing. no. XXII. Die Tweede Trek Reeks. Nasionale Pers beperk, Bloemfontein, 1942. Hoofstukke 1, 2 en 3.

help kan word nie, omdat hulle nie die vereiste deposito kan bybring nie.

c. Behuisingslenings deur plaaslike besture, Nutsmaatskappye of ander liggame

Hierdie skema stel plaaslike besture in staat om geld te bekom om aan Nutsmaatskappye voor te skiet om self wonings te bou soos onder andere hierbo genoem.

d. Regstreekse hulp deur die Departement aan private persone

Hierdie skema sluit in behuisings- en waterlenings aan sekere persone, wat volgens die middeletoets daarvoor kwalifiseer. Dan is daar die gesamentlike skema met bouverenigings waardeur die Departement een derde van die lening aan die bougenootskap oorbetaal.

e. Huise wat deur die Departement self opgerig word

Benewens die toestaan van voorskotte en lenings aan plaaslike besture rig die Departement self in baie sentrums huise op om te verhuur of te verkoop op dieselfde grondslag as plaaslike besture. Die Departement administreer self hierdie skemas.

Hierdie skemas wat deur die Departement van Gemeenskapsbou óf gefinansier word óf self onderneem word, lewer sonder twyfel ŉ positiewe bydrae tot die verligting van die behuisingsnood van gesinne uit die middel- of laerinkomste-groepe, en verhoed dat hierdie mense in krottoestande, in oorbewoonde agterbuurtes moet lewe. Die blote verskaffing van ŉ dak oor die kop los egter nie die probleem van die hervestigde persone op nie. Die meeste van hierdie behuisingskemas vorm wyke van ŉ stad en assodanig kan

dit as nuwe woonbuurtes en nuwe gemeenskappe bestempel word. In die beplanning en administrasie hiervan word nie voldoende voorsiening gemaak om in die maatskaplike behoeftes van hierdie hervestigde gesinne te voorsien nie, of om hulle op 'n wetenskaplike wyse behulpsaam te wees met die hervestiging en aanpassing in die nuwe gemeenskap nie"...... the difficulties of settling in can be greatly reduced if proper social provision is made and the problems of social integration are appreciated..... proper social provision involves four things: high quality physical planning, first rate administration, an explicit and carefully thought out but flexible programme of social development and an adequate economic basis....." [1]. Die noodsaaklikheid vir hierdie dienste word verder beklemtoon met "we cannot end this report without recording our absolute conviction that to build houses without parallel provision of community facilities and amenities will result in the unnecessary creation of social problems. This short term saving in local authority expenditure may well turn out to be false economy. What is saved and more, may have to be spent by the personal social services in the rescue of families in distress" [2].

Merton [3] wys daarop dat tegnologiese vooruitgang merkbare maatskaplike veranderings meebring, en indien die mens wat hierdeur

---

1. The needs of new communities. Prepared by a sub-committee of the central housing advisory committee. Chairman Cullingworth, J.B.: p. 22. (Let wel skrywer onderstreep).

2. Ibid.: p. 89.

3. Merton, C.: "Inducing social change in a new industrial society": Modern government and national development. p. 57-61.

geraak word nie daarvoor voorbereid is nie, hy ongunstig sal reageer. Verwysende na al die implikasies wat industriële en tegnologiese ontwikkeling meebring soos behuising, hervestiging, migrasie en immigrasie en daarmee gepaardgaande aanpassingsprobleme in nuwe omgewings en die totstandkoming van nuwe gemeenskappe, kom Merton tot die gevolgtrekking dat voorbereiding vroegtydig moet begin, want "it is advisable to start the process of social change at the top level of management and among the leaders of the community"[1].

Die stedelike Behuisings Bond, Kaapstad, is die enigste instansie wat maatskaplike werkers in diens neem om die nodige aandag te verleen aan die probleme wat met die hervestiging van gesinne ondervind word. Hierdie maatskaplike werkers spits hulle hoofsaaklik toe op hulp aan indiwidue en gesinne, gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling deur die toepassing van die metode van gemeenskapsorganisasie. Dié poste word deur die Departement van Volkswelsyn gesubsidieer, wat 'n aanduiding is dat die noodsaaklikheid van hierdie dienste besef en erken word. Aangesien die een Departement hom nie mag inmeng met die dienste en administrasie van 'n ander departement nie, en daar bewyse bestaan vir die noodsaaklikheid van beplande en georganiseerde maatskaplike werkdienste by behuisingskemas[2], blyk dit aangewese te wees dat hierdie hele

---

1. Merton.: op. cit., p. 61.

2. Vgl. hierdie dienste wat in Engeland by die "Newtowns" onderneem word, en in Nederland by die ontwikkeling van nuwe dorpsgebiede volgens inligtingstukke wat die betrokke Ministeries van tyd tot tyd vrystel en aan navorser tydens sy studietoer beskikbaar gestel is.

aangeleentheid op interdepartementele vlak aandag sal geniet, en dat aangesien die Departement van Volkswelsyn en Pensioene verantwoordelik is vir volkswelsyn moet hierdie departement so ŉ ondersoek inisieer.

3. <u>Departement van Gesondheid</u>

Hierdie departement is slegs verantwoordelik vir buite inrigtingbehandeling deur distriksgeneeshere wie se dienste deur middel van die plaaslike landdros verkry kan word, en vir die verskaffing van mediese hulpmiddels, ingevolge die bepalings van die Wysigingswet op Volksgesondheid, 1946. Met die neem en ondersoek van aansoeke, is die Departement van Volkswelsyn, en die Departemente van Kleurlingsake en Indiërsake behulpsaam.

4. <u>Departement van Justisie</u>

Hierdie departement is verantwoordelik vir die regshulpskema, en hulpverlening deur middel van Prisoniersvriende, en lewer ŉ hulpdiens aan die Departemente van Volkswelsyn en Pensioene, Kleurlingsake en Indiërsake, waar hierdie departemente nie plaaslike verteenwoordigers het nie deur die neem van aansoeke onder die maatskaplike hulpskemas wat hierdie Departemente administreer.

5. <u>Departement van Landboukrediet en Grondbesit</u>

Hierdie departement kan ingevolge verskeie skemas <u>bona fide</u> boere wat in finansiële nood verkeer, help.

6. <u>Departement van Hoër Onderwys</u>

Die hulp van hierdie Departement is beperk tot finansiële hulp aan kinders van behoeftige ouers (volgens ŉ middele toets) om hulle in staat te stel om beroepskole, tegniese skole en staatsondersteunde skole by te woon.

7. Provinsiale Administrasies

Provinsiale hospitale verskaf vry hospitalisasie en medisyne aan behoeftige persone, verder word private- en sendinghospitale in die Kaapprovinsie en die Oranje-Vrystaat gesubsidieer om hulle in staat te stel om vry of gedeeltelike vry hospitaaldienste aan behoeftige persone te verskaf. Sekere "skool-geneeskundige dienste" word aan behoeftige leerlinge verskaf. Verder word hulp aan skoolleerlinge uit behoeftige gesinne verleen by wyse van beurse en toelaes.

8. Departemente van Volkswelsyn en Pensioene, Kleurlingsake en Indiërsake

Hierdie Departemente dra die reuse aandeel van hulpverlening aan behoeftige persone by wyse van direkte hulpverlening of subsidies. Aangesien die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in die volgende hoofstuk behandel word, is dit nie nodig om meer besonderhede op hierdie stadium te verstrek nie.

D. Kinderverwaarlosing

Die gebrek aan die voorsiening in die materiële, fisiese, geestelike, opvoedkundige en ander behoeftes van die kind kan as verwaarlosing bestempel word met die gevolg dat die kind waarskynlik nie tot volle selfverwesenliking kan ontwikkel nie. Die volgende staatsdepartemente het verantwoordelikhede in verband met maatreëls ter voorkoming van verwaarlosing of remediële optrede in die verband.

1. Departement van Gemeenskapsbou

Behuisingslenings vir die oprigting van kinderhuise as ge-

volg van raadpleging en samewerking met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene word deur middel van plaaslike owerhede beskikbaar gestel.

2. Departement van Gesondheid

Ingevolge die Kinderwet, 1960, is hierdie Departement gemagtig om onder bepaalde omstandighede die mediese ondersoek van 'n kind te behartig. Verder is kinders wat in staatsinrigtings versorg word geregtig op gratis mediese behandeling deur distriksgeneeshere.

3. Departement van Justisie

Hierdie departement is belas met administratiewe verantwoordelikheid ten opsigte van die beheer en toesig oor beskermde jong kinders en judisiële verantwoordelikheid in verband met kinder- en jeughuise sover dit betrekking het op:

a. Ondersoeke om te bepaal of kinders sorgbehoewend is;

b. Verwysing van sorgbehoewende kinders na nywerheidskole of ander kinderhuise;

c. Plasing van sorgbehoewende kinders in toesig en/of bewaring van 'n persoon buite 'n inrigting;

d. aanneming van kinders;

e. tydelike bewaring van kinders; en

f. die onderhoud van kinders.

4. Departement van Hoër Onderwys

Hierdie departement is verantwoordelik vir die oprigting

en instandhouding van nywerheidskole waar sorgbehoewende Blanke kinders van 14 jaar en ouer wat daarheen verwys is, en naas gewone akademiese onderwys, beroepsopleiding ontvang. Die nywerheidskole skakel ten nouste met die vakkundige beamptes (welsyn) in diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Hierdie beamptes is verantwoordelik vir die rekonstruksiedienste by die ouerhuis en nasorgdienste wanneer die kind met vergunning vrygelaat word. Hierdie samewerking[1] kan verbeter word indien die Rade van Beheer van Nywerheidskole so saamgestel is dat die vakkundige beampte (welsyn) in wie se gebied die nywerheidskool geleë is *ipso facto* lid van die Raad sal wees.

5. Provinsiale Administrasies

Die Kinderwet, 1960, magtig by artikel 20 'n mediese beampte in diens van die provinsiale administrasie om onder voorgeskrewe omstandighede 'n kind medies te ondersoek, asook die mediese superintendent van 'n hospitaal om toestemming tot 'n operasie te verleen.

E. Werkloosheid

1. Departement van Arbeid

Hierdie departement is verantwoordelik vir werkverskaffingsdienste en andere, wat reeds onder C. 1 hierbo genoem is, en verder, vir die ambagsopleiding van volwassenes ingevolge die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951; beroepsvoorligting; orienteringskursus vir operateurs in die Yster- en Staalnywerheid in

---

1. Vgl. in verband met samewerking van der Walt, J.P.: Die doel en taak van die Kliniekskool, Loopspruit. p. 137.

samewerking met die Departement van Hoër Onderwys; subsidiëring van die lone van persone wat nie in die ope-arbeidsmark kan meeding nie en in diens is van nie-winsnastrewende werkgewers; en nasorgdienste aan persone veral probleemgevalle wat in werk geplaas is of aan wie voorligting verskaf is.

2. Departement van Hoër Onderwys

Hierdie Departement is verantwoordelik vir die verskaffing van opleidingsgeriewe vir volwassenes wat vir die doel deur die Departement van Arbeid gewerf word. In samewerking met die Departement van Arbeid word ook voorsiening gemaak vir die opleiding van volwassenes in halfgeskoolde werkrigtings.

F. Alkoholisme

1. Departement van Arbeid

Persone wat hulle werk as gevolg van alkoholisme verloor het en by die Departement van Arbeid om hulp aanklop, word deur die vakkundige personeel gehanteer in 'n beroepsraadgewende hoedanigheid. Waar nodig, word aanlegtoetse afgeneem voordat die persoon by 'n simpatieke werkgewer geplaas word. Sielkundige hulp word ook verleen.

Hierdie departement speel ook 'n belangrike rol in die plasing van persone wat behandeling vir alkoholisme ondergaan het.

2. Departement van Gesondheid

Alkoholiste wat vrywillig om behandeling aansoek doen kan in psigiatriese hospitale opgeneem word. Psigiaters en sielkundiges speel 'n belangrike rol in die behandeling van alkoholiste in

Staatstoevlugte. Distriksgeneeshere is verantwoordelik vir die mediese dienste by toevlugte.

3. Departement van Justisie

Ingevolge die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums, 1963, word die geval ondersoek om te bepaal of 'n persoon 'n alkoholis is en moontlik sal baat by behandeling in 'n toevlug of gesertifiseerde toevlug deur die landdros van die distrik, waarin die alkoholis woon. 'n Dergelike ondersoek word ook deur die landdros onderneem in verband met 'n persoon wat aansoek doen om vrywillig in 'n gesertifiseerde toevlug vir behandeling opgeneem te word.

4. Provinsiale Administrasies

a. Voorsiening bestaan in groter hospitale om alkoholiste vir korttermynbehandeling op te neem - eintlik om hulle "uit te droog".

b. Die Provinsiale Administrasie van die Kaapprovinsie het een spesiale hospitaal, die William Slater verbonde aan die Groote Schuur hospitaal, Kaapstad, vir gekeurde pasiënte, wat korttermynbehandeling moet ondergaan. By die hospitale te Port Elizabeth, Oos-Londen en Kimberley is buite-pasiënte klinieke vir die behandeling van alkoholiste. Die Provinsiale Administrasie van die Oranje Vrystaat het dergelike klinieke by die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein en die Welkom Hospitaal.

c. Klinieke wat by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholiste geaffilieer is word deur die Hospitaal-afdelings van Provinsiale Administrasies gesubsidieer.

G. Misdaad en wangedrag

1. Departement van Arbeid

Hierdie Departement onderneem beroepsraadgewing, indiensplasing en nasorg in verband met persone wat uit die gevangenisse ontslaan word, en wat met vergunning uit rehabilitasiesentrums onder beheer van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene uitgeplaas word. Daar bestaan 'n gedetailleerde ooreenkoms tussen die Departement van Arbeid en die Departement van Gevangenisse en Volkswelsyn en Pensioene in hierdie verband.

2. Departement van Gesondheid

Hierdie Departement lewer die nodige psigiatriese dienste aan howe. Verhoorafwagtendes kan vir waarneming in psigiatriese hospitale opgeneem word. Verder word op versoek psigiatriese ondersoeke van gevangenes onderneem. Soos by Toevlugte word die nodige psigiatriese-, sielkundige-, en mediese dienste deur hierdie Departement by die Rehabilitasie sentrum van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gelewer.

3. Departement van Gevangenisse

Naas die veilige bewaring van persone wat tot gevangenisstraf veroordeel is, is die vernaamste doelstelling van hierdie departement om die persone te rehabiliteer. Dit word gedoen deur:

a. Doelgerigte opleiding in industriële en boubedrywe, landbou, en algemeen soos vir kok, klerk, kelner, verpleër, ens. Daar bestaan reëlings met die Departement van Arbeid om die nodige ambagtoetse af te neem. Gevangenes wat in die toetse slaag kry 'n ambagsdiploma. Gevangenes wat nie intensiewe opleiding kan

ondergaan nie, word in gesonde en konstruktiewe hande-arbeid geplaas.

b. Die optrede en leiding van die personeel speel ŉ belangrike rol in die rehabilitasie en opleidingsproses. Gevolglik word personeel streng gekeur, staan onder streng reëls en regulasies en ontvang spesiale opleiding.

c. Gesonde sosiale verhoudinge tussen gevangenes onderling en tussen gevangenes en hulle families word toegelaat en aangemoedig.

d. Gevangenes word aangemoedig om studierigtings te volg.

e. Spesiale aandag word gegee aan die geestelike versorging en vrye godsdiensbeoefening volgens oortuiging.

f. Spesiale voorsiening is gemaak vir mediese- en hospitaalbehandeling.

g. ŉ Nuwe afdeling is in die lewe geroep om die maatskaplikewerkdienste in die gevangenisse te onderneem. Hierdie afdeling wat beman word deur professionele beamptes met generiese maatskaplike werkopleiding, skakel ten nouste met die velddiens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Die kontak met die gesin van die gevangene en die 'buite wêreld' word hierdeur bevorder. Nasorgdienste sal nou ook op ŉ hegter grondslag geplaas kan word.

Met die stigting van hierdie afdeling is ŉ groot voorwaartse stap geneem in die behandeling van die gevangene. Hierdie afdeling sal ongetwyfeld ŉ positiewe bydrae kan lewer tot die werk van die Gevangenisrade en sal hulle van inligting oor die maatskaplike

aspekte van ŉ gevangene kan voorsien. Hierdie inligting sal die Rade in staat stel om die regte aanbevelings in verband met die toekoms van gevangenes te maak.

4. Departement van Justisie

Hierdie departement is verantwoordelik vir die verhoor en vonnis van beskuldigdes. Vir hierdie doel bestaan die volgende geregshowe in Suid-Afrika:
Die Hooggeregshof van Suid-Afrika, en die Landdroshowe.

Die hof het taamlik wye bevoegdhede met betrekking tot die oplê van vonnisse, behalwe ten opsigte van daardie misdrywe waarvoor spesifieke vonnisse voorgeskryf is.

Vonnisse wat opgelê kan word en wat op spesifieke rehabilitatiewe oogmerke dui is onder andere die volgende: korrektiewe opleiding, vonnisse ter voorkoming van misdaad, naweekgevangenisstraf, opskorting of uitstel van vonnisse onder sekere voorwaardes, (waaronder die voorwaarde dat ŉ persoon hom moet onderwerp aan die toesig van ŉ proefbeampte) en die staking van verhore vir ondersoeke ingevolge die Kinderwet, en die Wet op Toevlugte en Rehabilitasie Sentrums.

Proefbeamptes (dit is ŉ vakkundige beampte (welsyn) verbonde aan die personeel van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene) het ŉ besonder belangrike funksie in die regspleging. Hy is ŉ beampte van elke hof en moet op versoek van die hof ŉ verslag indien oor die maatskaplike agtergrond van ŉ beskuldigde. Die howe heg ŉ besondere waarde aan hierdie verslae. Die proefbeampte is beklee met statutêre magte en verantwoordelikhede en speel ŉ belangrike rol in die rehabilitasie van misdadigers buite

gevangenisse. Daar moet dus die nouste skakeling wees tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aan die eenkant en die Departement van Justisie en Gevangenisse aan die anderkant.

Die Departement van Justisie behartig ook die diens van Prisoniersvriende. Die doel van hierdie diens is om persone wat boetes opgelê is, of aan wie borg toegestaan is, sover moontlik uit die tronk te hou deur hulle behulpsaam te wees met die verkryging van geld vir betaling van die boetes of borgtog, en die verlening van uitstel vir die betaling van boetes.

5. Departement van Hoër Onderwys

Hierdie departement is verantwoordelik vir die oprigting en instandhouding van verbeteringskole ingevolge die Kinderwet, 1960, en vir die versorging, onderwys en opleiding van kinders en jeugdiges wat kragtens die Strafproseswet, 1955, daarheen verwys is. Die opmerkings ten opsigte van nywerheidskole, wat betref nouer skakeling met beamptes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, is ook van toepassing op Verbeteringskole.

6. Provinsiale Administrasies

In die Provinsies van Natal en Transvaal het die sielkundige afdelings van die Onderwysdepartement spesiale remediële verantwoordelikhede teenoor skoolpligtige kinders met gedragsprobleme.

H. Swak gesondheid, siekte en tydelike liggaamlike ongeskiktheid

1. Departement van Arbeid

Hierdie departement administreer die Werkloosheidsversekeringswet, 1946, waarvolgens siektetoelaes aan persone wat tot die fonds bydra, uitbetaal word.

Beskutte arbeidsfabrieke ressorteer onder hierdie Departement. 'n Persoon wat slegs tydelik liggaamlik ongeskik is vir werk in die ope-arbeidsmark, kan op aanbeveling van die plasingskomitee in 'n beskutte-arbeidsfabriek in diens geplaas word. Die plasingskomitee bestaan uit die Afdelingsinspekteur van Arbeid, as voorsitter, en die distriksgeneesheer en die volkswelsynbeampte as lede. Die komitee word bygestaan deur die vakkundige beampte van die Departement van Arbeid en die bestuurder van die beskuttearbeidsfabriek. 'n Persoon moet minstens 'n 50% produksiepeil handhaaf. Die beskutte arbeidsfabriek-onderneming dien as 'n rehabilitasiesentrum. Sodra 'n persoon weer na sy normale werk kan terugkeer word 'n geskikte betrekking vir hom gevind deur die Departement van Arbeid.

Hierdie departement administreer ook die Ongevallewet, 1941, wat voorsiening maak vir skadeloosstelling ten opsigte van persone wat arbeidsongeskiktheid opgedoen het deur ongevalle of bedryfsiekte in die loop van hulle diens, en ook vir dood as gevolg van sodanige ongevalle of siekte. Die Departement subsidieer die Rehabilitasievereniging vir Beseerde Werksmense waarvan die doel die mediese rehabilitasie van beseerde werksmense is.

2. <u>Departement van Gesondheid</u>

Hierdie departement is verantwoordelik vir teringhospitale en inrigtings vir Melaatses.

3. <u>Departement van Justisie</u>

Hierdie departement ontvang slegs aansoeke om leprose-toelaes en vir mediese hulpmiddels - laasgenoemde slegs in daardie

gebiede waar daar nie kantore van die Departemente van Volkswelsyn en Pensioene, Kleurlingsake en Indiërsake is nie.

4. Provinsiale Administrasies

Hospitale verskaf mediese en -terapeutiese dienste en die maatskaplikewerkdienste waarna reeds verwys is.

I. Permanente liggaamlike gestremdheid

1. Departement van Arbeid

Hierdie departement onderneem beroepsrehabilitasie by wyse van beroepsraadgewing, selektiewe plasing in die ope arbeidsmark, plasing en rehabilitasie in beskutte arbeid, en spesiale opleiding en heropleiding in samewerking met die Departement van Hoër Onderwys. In hierdie diens sowel as sy voorligtingsdiens, speel die vakkundige beamptes met sielkundige opleiding 'n vername rol. Verder subsidieer die departement beskutte arbeidsprojekte wat op 'n nie-winsmakende basis funksioneer.

2. Departement van Gesondheid

Soos aangedui onder ander hoofde kom liggaamlik gestremde persone in aanmerking vir mediese behandeling deur distriksgeneeshere en vir mediese hulpmiddels.

3. Departement van Justisie

Tree hier ook net op as agent deur die neem van aansoeke vir ongeskiktheidstoelaes en mediese hulpmiddels.

4. Departement van Landboukrediet en Grondbesit

Die Welsynsafdeling van die Loskopnedersetting te Groblersdal, ressorteer onder hierdie departement. Deelsgeskikte persone

word op hoewes van ses morg besproeibare grond geplaas. Die meeste van hierdie gesinne het ook maatskaplike probleme en ontvang gesinstoelaes. Hierdie nedersetting het eers onder die Departement van Volkswelsyn ressorteer. In die lig van die maatskaplike probleme waarmee hierdie gesinne te kampe het, is dit 'n ope-vraag of die Departement van Volkswelsyn en Pensioene met sy vakkundige veldpersoneel nie 'n meer positiewe rekonstruksiediens ten opsigte van hierdie gesinne kan lewer nie, indien dit weer volle verantwoordelikheid vir hierdie nedersetting aanvaar. Hierdie nedersetting vind eintlik aansluiting by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se ander nedersettings vir liggaamlik-ongeskikte persone.

5. <u>Departement van Hoër Onderwys</u>

Spesiale skole om voorsiening te maak vir die behoeftes van dowe, blinde, swaksiende, epileptiese, serebraalverlamde en permanent liggaamlik-gestremde kinders word ingevolge die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948, deur die departement opgerig en instand gehou of gesubsidieer.

Die sekretariële werk van die Nasionale Heraanpassings- en Beroepsraad bestaande uit verteenwoordigers van die Departemente van Arbeid, Gesondheid, Volkswelsyn en Pensioene en Hoër Onderwys word deur die bogenoemde departement behartig. Hierdie raad verleen finansiële bystand in verband met beroepsopleiding en heropleiding van fisies of geestelik gestremde volwasse blanke persone.

6. Provinsiale Administrasies

Voorsiening is gemaak by sekere provinsiale hospitale van al vier die provinsies vir hospitaal- en ortopediese dienste. Ten opsigte van hierdie dienste bestaan daar noue samewerking met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kreupeles.

Die Provinsiale Administrasies is ook verantwoordelik vir die versorging van kroniese siekes. Hierdie diens vind noue aansluiting by die versorgingsdiens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ten opsigte van verswakte bejaardes.

Die Provinsiale Administrasies van Natal en Transvaal het ook voorsiening gemaak vir skoolfasiliteite vir liggaamlike gestremde persone.

J. Epilepsie

Die dienste wat deur die Departemente van Arbeid, Gesondheid, Hoër Onderwys en die Provinsiale Administrasies aangebied word stem in hooftrekke ooreen met dienste wat aan ander liggaamlik en geestelik gestremde persone gelewer word.

K. Geestesgekrenkdheid en Geestesgebrekkigheid

1. Departement van Arbeid

Persone wat reeds 'n beroep beklee en geestesversteurings ontwikkel kan deur die vakkundige beamptes van die departement gehelp word by wyse van terapeutiese onderhoude, toetse, ens. Ernstige gevalle word verwys vir inrigtingsbehandeling.

2. Departement van Gesondheid

Hierdie departement is verantwoordelik vir die behandeling

van pasiënte in psigiatriese hospitale en die voorsiening van psigiatriese dienste aan buite pasiënte in erkende psigiatriese klinieke. Ook subsidieer die Departement dagwerksentrums wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid instand gehou word.

3. Departement van Justisie

Ingevolge die Wet op Geestesgebreken, 1916, is landdroste belas met die judisiële funksie in verband met die ontvangs van die aansoek, ondersoek en uitreiking van bevele tot die opname van persone in psigiatriese hospitale, terwyl die Hooggeregshof bevele bekragtig en 'n *curator bonis* aanwys.

4. Provinsiale Administrasies

Ingevolge die bepalings van die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948, is die Provinsiale Onderwysdepartemente verantwoordelik vir spesiale onderwys fasiliteite vir verstandelik-vertraagde kinders. Verder word psigiatriese dienste in hospitale voorsien.

L. Bejaardheid

1. Departement van Arbeid

Die plasing in beskutte arbeidsondernemings en subsidiëring van beskutte arbeidsdienste waarna voorheen verwys is, is ook hier van toepassing.

2. Departement van Gemeenskapsbou

Hierdie departement stel lenings beskikbaar aan plaaslike besture, nutsmaatskappye en welsynsorganisasies om tehuise en huisvesting vir bejaardes op te rig.

3. Departement van Gesondheid

Sertifiseerbare geestelik-verswakte of -versteurde bejaardes word in psigiatriese hospitale versorg. Behoeftige bejaardes kan met geskikte mediese hulpmiddels voorsien word en is geregtig op die dienste van distriksgeneeshere.

4. Departement van Justisie

Neem slegs die aansoeke om ouderdoms- en oudstryderspensioene en mediese hulpmiddels aan.

5. Provinsiale Administrasies

In en deur die hospitaal-afdelings word gereël vir direkte mediese en geriatriese dienste vir binne en buite pasiënte en die subsidiëring van hierdie dienste by tehuise vir bejaardes wat so ingerig is dat hulle die dienste kan lewer.

M. Blindheid

1. Departement van Arbeid

Ingevolge die Wet op Blindes, 1962, word ten opsigte van die werkverskaffings-element subsidies aan werksentrums vir blinde werkers betaal. Verder reklameer die Departement die indiensneming van Blindes en plaas blinde persone in diens.

2. Departement van Gesondheid

Distriksgeneeshere verskaf mediese dienste en mediese hulpmiddels aan behoeftige blinde persone.

3. Departement van Justisie

Ontvang aansoeke om mediese hulpmiddels.

4. Departement van Hoër Onderwys

Spesiale skole waarna reeds verwys is.

5. Provinsiale Administrasies

Verskaf mediese en chirurgiese dienste by hospitale.

N. Doofheid (Waarby ingesluit is hardhorendheid en toestande wat tot doofheid kan lei).

Die Departemente van Arbeid, Gesondheid, Justisie, Hoër Onderwys en Provinsiale Administrasies, lewer dieselfde dienste as ten opsigte van ander fisies gestremde persone.

O. Samevatting en eie opvatting

Die maatskaplike probleme wat in Suid-Afrika deur Staatsdepartemente hanteer word kan in die volgende groepe ingedeel word: gesinsprobleme; armoede en behoeftigheid; kinderverwaarlosing; werkloosheid; alkoholisme; misdaad en wangedrag; swak gesondheid, siekte en tydelike liggaamlike ongesteldheid; permanente liggaamlike ongeskiktheid; epilepsie; geestesgekrenktheid en geestesgebrekkigheid; bejaardheid; blindheid; en doofheid. Daar is elf Staatsdepartemente en die vier Provinsiale Administrasies wat op die een of ander wyse gemoeid is met die behandeling van hierdie maatskaplike probleme. Dit is bevind dat van vier tot agt van hierdie Departemente afsonderlik aandag gee aan elk van hierdie probleme.

Baie van hierdie probleme vereis professionele hantering. Volgens Staatsbeleid is daar vier Departemente nl. Volkswelsyn en Pensioene; Bantoe Administrasie en -Ontwikkeling; Kleurling-

betrekkinge en Rehobot-aangeleenthede; en Indiërsake wat vakkundige beamptes (welsyn) in diens moet neem om aandag te gee aan die welsynsbehoeftes van die verskillende rassegroepe. Hierbenewens het die volgende Departemente ook nog vakkundig beamptes (welsyn) in diens: die vier Provinsiale Administrasies, Gevangenisse, Verdediging (Weermag) en Arbeid.

Die vraag ontstaan of die versnippering van die Staat se verantwoordelikheid ten opsigte van die voorsiening van welsynsdienste en veral maatskaplike-werkdienste nodig en noodsaaklik is, en of dit nie tot oorvleueling aanleiding gee nie.

## HOOFSTUK 9

## DIE DOEL EN TAAK VAN DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE

In hierdie hoofstuk word die historiese ontwikkeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene behandel veral insoverre dit betrekking het op die doel en taak van gemeenskaporganisasie van die Departement en die strukturele hulpmiddels wat die Departement vir hierdie doel beskikbaar het.

### A. Historiese ontwikkeling

Die geskiedenis van die skepping van 'n Volkswelsynafdeling in die Departement van Arbeid is reeds behandel en op gewys dat dit nie aan die verwagtings voldoen het nie maar weens toenemende druk het die Regering besluit om 'n Departement van Volkswelsyn te stig.

Die inspekteurs van die Staatsdienskommissie wat 'n aanbeveling moes maak oor die dienste wat van ander departemente na die Departement van Volkswelsyn oorgeplaas moes word, het die volgende definisie van die woord "volkswelsyn" opgestel: "... the treatment within the community of the socially maladjusted family and individual, with a view to their social rehabilitation, the study and treatment of conditions which may produce or contribute to the production of such maladjustment; the co-ordination of the State's efforts directed to the socially maladjusted and where necessary and desirable, of those of philanthropic and charitable bodies; but excluding such aspects of constructive planning as form part of existing State-controlled systematic education, vocational training, punishment and reformation (under the Departments of Prisons and Education).

employment and public health services"[1].

Volgens hierdie definisie word sekere funksies van gemeenskapsorganisasie naamlik "the study and treatment of conditions which may produce or contribute", en die koördinasie van die maatskaplike opheffingspogings van die maatskaplike opheffingspogings van die verskillende staatsdepartemente, sowel as die van welsynsorganisasies as die doel en taak van die voorgestelde departement gestel.

In Oktober 1938 aanvaar die Kabinet die volgende uiteensetting van die Departement van Volkswelsyn soos uiteengesit deur 'n kabinetskomitee: "om die maatskaplike onaanpasbare individu of familie te bearbei met die oog op maatskaplike rehabilitasie; verder val die studie en behandeling van omstandighede wat aanleiding gee tot maatskaplike wantoestande of daartoe bydra binne die bestek van die Departement. 'n Ander funksie van die Departement van Volkswelsyn is die koördinasie van pogings tot maatskaplike opheffing wat van Staatsweë deur middel van die verskillende departemente gemaak word, maar dit beteken nie die oordrag na die Departement van Volkswelsyn van konstruktiewe maatskaplike aspekte wat noodwendig gepaard gaan met die hoofaktiwiteit van so 'n departement nie"[2].

Hierdie aanbevelings word nog dieselfde jaar deur die Regering bekragtig, en het die fondament van die staatsbeleid ten opsigte van die Departement van Volkswelsyn geword.

---

1. Winckler.: Volkswelsynbeleid. p. 75. (let wel skrywer onderstreep).

2. Ibid., p. 75. (let wel skrywer onderstreep)

Dit is dus duidelik dat met die stigting van die Departement van Volkswelsyn dit van Regeringsweë 'n duidelike mandaat gehad het om daadwerklik en doelgerig gemeenskapsorganisasie te beoefen.

Die administrasie van die Kinderwet, 1937, word op 27 Mei 1937 aan die Minister van Onderwys opgedra. By artikel 56 van die Kinderwet, 1937, word voorsiening gemaak vir die aanstelling van proefbeamptes, en hulle werksaamhede omskrywe. Afgesien van die verantwoordelikheid om ondersoek in te stel na en verslag te doen aan die hof aangaande die karakter en omgewing van 'n beskuldigde persoon, en om toesig en beheer uit te oefen oor 'n persoon wat onder die toesig van 'n proefbeampte gestel is, word by Artikel 56(1)(b) bepaal "om maatreels te beraam en uit te voer vir die waarneming en verbetering van misdadige neigings by kinders en vir die opsporing en verwydering van omstandighede wat jeugmisdaad mag veroorsaak of aanleiding daartoe mag gee"[1]. Hierdie bepaling word later net so vervat in Artikel 58(1)(b) van die Kinderwet, 1960[2].

Met die oordrag van die verantwoordelikheid vir die administrasie van sekere voorsieninge wat bestaan het in die Wet ter Beskerming van Kinderen, 1913, die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten, 1911, word die dienste van die proefbeampte op 1 April 1935, die verantwoordelikheid van die Departement van Unie Onderwys[3].

---

1. Die kinderwet, no. 31 van 1937. (soos gewysig).
2. Die kinderwet, no. 33 van 1960. (soos gewysig).
3. Report of the union department of education for the calender year 1935. p21.

Tot en met die oordrag van die proefbeamptedienste na die Departement van Unie Onderwys, word daar nie uitvoering gegee aan hierdie bepaling in die Wet nie, maar met die oorname word egter daadwerklike aandag hieraan gegee. "..... probation officers are required to give attention, in future, to two phases of social welfare work which had previously not directly fallen to their charge....."[1]. Proefbeamptes kry nou die taak om aandag te gee aan voorkomingswerk deur stappe te neem ter verwydering van omstandighede en toestande wat jeugmisdaad in die hand werk, en om in samewerking met welsynsorganisasies rekonstruksie- en rehabilitasiedienste aan gesinne te onderneem. Vir hierdie doel word die personeel verdubbel en word kantore vir proefbeamptes in die stedelike gebiede geopen. Daar word ook in vooruitsig gestel dat "the Department..... hopes to obtain in increasing measure the co-operation of social welfare agencies so that the work may be undertaken, as it should be, as a joint effort between the State and private charitable enterprise"[2]. Vir hierdie doel is nasionaal georganiseerde welsynsorganisasies versoek om met die Departement saam te werk. Hoewel die reaksie baie gunstig was, was verkryging van volle samewerking bemoeilik weens die ongekoördineerdheid van die welsynsorganisasies onderling.

Hierdie kantore het ook in die uitvoering van die beleid om meer

---

1. Report of the Union Department of Education for the Calender year 1935: op.cit., 9. 21.

2. Ibid., p. 21

aandag aan die voorkomingsaspek van die werk te bestee, dienste buite hulle hoofkwartiere georganiseer en die samewerking van skoolhoofde verkry[1].

Die Departement van Volkswelsyn het hom ook ten doel gestel om die standaard van dienslewering te verhoog deur die indiensneming van opgeleide personeel, en die onopgeleide diensdoende personeel aan te moedig om hulle akademies toe te rus vir proefbeampte-werk[2].

Met die oorname van die proefbeampte-diens met sy stigting, het die Departement van Volkswelsyn nie net 'n statutêre mandaat verkry om gemeenskapsorganisasie te beoefen nie, maar hierdie diens was reeds ingestel.

Hoewel die Kinderwet, 1937, verwys na 'misdadige neigings by kinders' en 'omstandighede wat jeugmisdaad mag veroorsaak of aanleiding daartoe mag gee', het die Interdepartementele Komitee, (wat deur die Minister van Onderwys in oorleg met die Minister van Justisie aangestel is) opdrag ontvang om ondersoek in te stel na die doelmatigheid van sekere wetgewing wat betrekking het op kinders en jongmense en na sy ondersoek dit as algemene beginsel gestel dat "toestande van Verwaarlosing en Misdadigheid (is) essensieel een vraagstuk. Die Komitee is van oordeel dat daar 'n essensiële eenheid is in die vraagstukke van behoeftigheid, ver-

---

1. Report of the Union Department of Education, op.cit., p. 22
2. Ibid. p. 23

waarlosing en misdadigheid"[1]. Hierdie beginsel word deur die destydse Sekretaris van Unie Onderwys as volg onderskryf: "sielkundig is daar geen essensiële verskil tussen die kind wat aktueel met die gereg in botsing gekom het en die kind wat anti-sosiale neigings as gevolg van verwaarlosing en behoeftigheid ontwikkel het nie. Die gedrag van albei kan simptomaties wees - en is dit ook dikwels - van soortgelyke omgewing en vereis soortgelyke behandeling. Daar is dus 'n essensiële eenheid in die vraagstukke van behoeftigheid, verwaarlosing en onaanpasbaarheid (toestande wat in die 'Wet ter Bescherming van Kinderen' van 1913, soos gewysig, behandel word), aan die eenkant, en misdadigheid aan die anderkant. As eersgenoemde toestande toegelaat word om ongehinderd te ontwikkel, kan hulle tot misdadigheid lei. Hulle kan derhalwe tereg as voor-misdadige toestande beskou word. Aan die anderkant, as die belangrikheid van die voorkoming van misdadigheid na behore beklemtoon word, dan word hierdie vraagstuk in sekere mate onafskeidelik van die ander een"[2].

Hierdie standpunt word nog steeds deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene onderskryf.

Uitgaande van die hipotese, naamlik dat sekere geografiese faktore vir beide die sorgbehoewende kind en die jeugoortreder dieselfde

---

1. Verslag van die interdepartementele komitee insake behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders en jongmense 1934-1937. p. 7.

2. Memorandum insake die Kinderwet no. 31 van 1937. p. 2.

is, bevind Olivier 'n beduidende korrelasie in die voorkoms van sorgbehoewende kinders en jeugoortreders volgens gebied van residensie: "Hiermee word dan bo enige twyfel bevind dat die sorgbehoewende kind en die jeugoortreder die produk is van dieselfde gelyksoortige omgewing, dus onderhewig aan dieselfde omgewingsinvloede en derhalwe kan dit gestel word dat die vraagstuk van die sorgbehoewende kind en die jeugoortreder in der waarheid vraagstukke is waarvan die een onafskeidbaar is van die ander"[1].

Daar is dus volle regverdiging vir die uitgangspunt van die Departement van Unie Onderwys, en later die Departement van Volkswelsyn en Pensioene dat Artikel 56(I)(b) van die Kinderwet, 1937, en later Artikel 58(1)(b) van die Kinderwet, 1960, regtens vertolk moet word om die sorgbehoewende kind in te sluit.

Hoewel aan die Departement reeds sedert sy stigting 'n gemeenskapsorganisasie taak toegewys is, word dit nêrens as sodanig geidentifiseer en omskrywe nie.

In die Inspeksieverslag, 1969, verwys die Staatsdiensinspekteurs na die snelle ontwikkeling van die Republiek op wetenskaplike en nywerheidsgebied wat bydra "tot wanaanpassing van diegene wat nie tred kan hou met die eise van die moderne gekompliseerde lewe nie"[2], en dat dit aanleiding gee tot 'n toename in maatskaplike euwels

---

1. Olivier, G.F.: Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg. p. 85

2. Verslag van die staatsdiensinspekteurs, 1969. p. 28

soos drankmisbruik, werkskuheid, kinderverwaarlosing, sorgbehoewendheid onder kinders, egskeidings, ens. Die inspekteurs kom tot die gevolgtrekking naamlik, omdat die welsyn van die staat nou verbonde is aan die welsyn van die gesin die "Tak Professionele Welsynsdienste" in die Departement ten taak het "om leiding te neem en te gee met betrekking tot gemeenskapontwikkeling ten einde maatskaplike funksionering te bevorder"[1].

Gemeenskapontwikkeling word deur die inspekteurs klaarblyklik gesien in die enger betekenis van die begrip en net sover as wat dit direk betrekking het op welsynsaktiwiteite. Senior beamptes van die tak word dikwels in die geleentheid gestel om leiding te gee, deurdat hulle deur private welsynsorganisasies uitgenooi word om toesprake en referate te lewer en konferensies en jaarvergaderings van nasionale rade by te woon. Verder dien hulle op kommissies, Staatskomitees vir stadsvernuwing en ander koördinerende komitees. Die inspekteurs het beslis gemeenskapsorganisasie in gedagte gehad.

Vir die doeltreffende funksionering beveel die staatsdiensinspekteurs aan, en dit word so deur die Departement en die Staatsdienskommissie aanvaar, dat in die Tak Professionele Dienste twee afdelings, tewete, Afdeling Ontwikkeling en Afdeling Buitedienste, geskep word. Die doel van die Afdeling Ontwikkeling is om welsynsdienste te bevorder deur die volgende funksies:

---

1. Verslag van die staatsdiensinspekteurs, 1969. p. 28.

(1) Bevorder die doeltreffendheid van welsynsdienste deur maatskaplike werk navorsing, verwerking van gegewens en beskikbaarstelling van die resultate;

(2) Bevorder die welsyn van bejaardes deur die ontwikkeling van 'n nasionale bejaarde sorg beleid, behoefte bepaling, neerlê van standaarde en koördinering van behuising- en ander versorgingskemas;

en

(3) Bevorder die gesinslewe deur die ontwikkeling van 'n nasionale gesinsbeleid en lewering van professionele dienste aan die Kommissies vir Gesinslewe en Maatskaplike Werk.

Die doel van die Afdeling Buitedienste is om maatskaplike behandelingsdienste te bevorder deur die volgende funksies:

(1) Stel maatskaplike behoeftes en hulpbronne in op mekaar.

(2) Verseker dat professionele standaarde gehandhaaf word by departementele kantore en inrigtings.[1]

Die inspekteurs wys daarop dat, omdat maatskaplike werk deur die Departement se professionele beamptes asook maatskaplike werkers van 'n menigte welsynsorganisasies gedoen word oorvleueling noodwendig moet ontstaan, en beveel dan aan die totstandkoming van 'n Onderafdeling Welsynsbeplanning[2] waarvan die doel sal wees "om maatskaplike behoeftes en hulpbronne op mekaar in te stel"[3] met

1. Verslag van die staatsdiensinspekteurs. p. 38.

2. Ibid. p. 5.

3. Ibid. p. 39.

die volgende funksies:

"(1) Gee voorligting aan streekhoofde in verband met die beplanning, ontwikkeling en koördinering van welsynsdienste.

(2) Skakel met liggame op welsynsgebied.

(3) Lewer professionele dienste aan die Nasionale Welsynsraad en die Kommissie vir Welsynsbeplanning.

(4) Notuleer kommissiebesluite.

(5) Gee leiding in verband met die bepaling van behoeftes van subsidieerbare dienste.

(6) Lê standaarde neer vir bepaalde gesubsidieerde inrigtings.

(7) Stel voorskrifte op in verband met standaarde"[1].

Teneinde hierdie afdeling in staat te stel om sy werksaamhede doeltreffend uit te voer, word in die streeksorganisasie van die Departement in elke streekkantoor 'n Afdeling Welsynsbeplanning geskep met die doel om hulpbronne te koördineer deur die voorsiening van die sekretariële werk aan Streekswelsynsrade, behoeftebepalings-ondersoeke, ondersoeke in verband met gesubsidieerde dienste, identifisering van maatskaplike behoeftes, mobilisering van hulpbronne en verstrekking van voorligting.[2]

Hoewel hierdie reorganisasie nie spesifiek so genoem word nie, is die doel en funksies duidelik gemeenskapsorganisasie op 'n nasionale grondslag.

---

1. Verslag van die staatsdiensinspekteurs. p. 39-40.

2. Verslag van die staatsdiensinspekteurs: Durbanstreek. p. 5-13.

Tydens die <u>Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning</u>,[1] het die betrokke Minister onder meer gesê: "I may mention in passing that a professional Welfare Planning Division has recently been established in the Department. It is only a small division which will concentrate mainly on co-ordination, planning and liaison in welfare work. The fact remains that the community itself - the people for whom services are provided - must be drawn more closely into welfare progbammes. Might community organization not help to serve this purpose "

Dit is dan ook duidelik dat die Minister van Volkswelsyn en Pensioene die taak van hierdie onderafdeling as gemeenskapsorganisasie sien.

Nou is dit so dat die Departement 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die hele bevolking met al sy belange-elemente as funksionele gemeenskappe in die geografiese geheel. Die Departement se verantwoordelikheid is om: die breë nasionale welsynsbeleid vas te lê; waar nodig maatskaplike wetgewing daar te stel en voorsiening te maak vir die administrasie daarvan wat beplanning, organisasie en koördinasie met die nodige voorligting noodsaak; die aarstelling en handhawing van gesonde standaarde en doeltreffendheid van dienslewering; en die finansiering van 'n verskeidenheid van welsynsmaatreels en - dienste wat vir die uitvoering van neergelegde beleid en administrasie van wetgewing nodig mag wees.

---

1. Mulder, C.P. : Minister van Volkswelsyn en Pensioene, openingsrede tydens die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Konsep verslag. Hoofstuk 1.

Om hierdie verantwoordelikhede tenvolle te kan na kom het die Departement sekere strukturele hulpmiddels nodig.

## B. Strukturele hulpmiddels van die Departement

### 1. Departementele Organisasie

Aan die spits van die organisasie staan die Minister van Volkswelsyn en Pensioene wat verantwoordelikheid aanvaar vir die oorhoofse beleid en kontrole. Bestuursbeheer is die verantwoordelikheid van die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene bygestaan deur 'n Senior Adjunk Sekretaris (Tak Siviele Pensioen), 'n Adjunk Sekretaris (Tak Algemene Hulpdienste), 'n Adjunk Sekretaris (Tak Algemene Welsynsdienste), 'n Adjunk Sekretaris (Tak Professionele Dienste), elk met sy eie werksaamhede. Met die oog op die lewering van dienste ter plaatse is die land as sodanig opgedeel in tien streeksgebiede, Suidwes-Afrika ingesluit. Op strategiese punte volgens bevolkingskonsentrasie en behoefte is takkantore wat onder die jurisdiksie van die streekkantore ressorteer. Ondernemings soos veiligheidsplekke en plekke van bewaring, nedersettings, tehuise vir bejaardes, toevlugte en die rehabilitasiesentrum ressorteer ook onder die jurisdiksie van die betrokke streekkantoor. Vir praktiese kontrole en beheer doeleindes ressorteer die streeksorganisasie van die Departement sover dit die lewering van professionele dienste betref, onder die Adjunk Sekretaris, Tak Professionele Dienste, wat bygestaan word deur 'n Hoof: Vakkundige Dienste (Afdeling Ontwikkeling) en 'n Hoof: Vakkundige Dienste (Afdeling Buite Dienste).

Die Afdeling Ontwikkeling is verantwoordelik vir navorsing, gesinslewe en bejaardesorg, terwyl die Afdeling Buitedienste verantwoordelik is vir die kontrole en beheer oor die lewering van die dienste ter plaatse deur die streeksorganisasie. Sover dit volkswelsynbeleid en uitvoering daarvan betref pas die Tak Siviele Pensioene funksioneel hoegenaamd nie in die organisasie nie. Winckler[1]) het reeds aangedui dat hierdie tak tot voordeel van toekomstige ontwikkeling van Volkswelsynbeleid na 'n ander Staatsdepartement oorgeplaas kan word. Hierdie mening word onder andere ook deur navorser gesteun. Die aard van die werk van hierdie tak vind geen aansluiting by die werklike doel en funksies van 'n Departement van Volkswelsyn nie en werk belemmerend in op die administrasie van sodanige departement waarvan die Sekretaris sy onverdeelde aandag aan die maatskaplike en welsynsaspekte behoort te stel.

2. Statutere Rade

a. Nasionale Adviserende Raad oor Alkoholisme

Artikel 6 van die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums, 1963, maak voorsiening vir die instelling van die Raad en sy funksies word soos volg omskryf:

"(a) Om die Minister van advies te bedien met betrekking tot enige aangeleentheid rakende alkoholisme wat die Minister na die Adviserende Raad vir sy advies verwys of met betrekking waartoe die Adviserende Raad dit nodig ag om die Minister te adviseer.

---

1. Winckler: Volkswelsynbeleid. p. 274.

(b) Om maatreels in verband met die bestryding van alkoholisme of die behandeling van alkoholisme te koördineer.

(c) Om navorsing op die gebied van alkoholisme te beplan en om aan ander liggame wat sodanige navorsing doen leiding te gee".

b. Nasionale Welsynsraad

Artikel 2 van die Nasionale Welsynswet, 1965, maak voorsiening vir die samestelling van die Nasionale Welsynsraad en ingevolge artikels 7 en 10 vir die samestelling van die gespesialiseerde Kommissies en Streekswelsynsrade en hoe Rade saamgestel moet word.

Artikel 4 van die Nasionale Welsynswet, 1965, bepaal dat die Nasionale Welsynsraad verantwoordlik sal wees:

"(a) om die Minister van advies te dien in verband met aangeleenthede wat maatskaplike sorg raak of wat uit die toepassing van die Nasionale Welsynswet voortspruit;

(b) om met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene te skakel en oorleg te pleeg oor welsynsake wat uit die toepassing van die Wet voortspruit of die belange van geregistreerde welsynsorganisasies raak;

(c) om leiding te gee aan en beheer uit te oefen oor die bedrywighede van kommissies en streekswelsynsrade;

(d) om die registrasie van welsynsorganisasies te reel;

(e) om die registrasie van maatskaplike werkers te reel;

(f) om die koördinering van die bedrywighede van geregistreerde welsynsorganisasies te bevorder en aan te moedig; en

(g) om inligting en leiding te verskaf in verband met aangeleent-

hede wat op maatskaplike sorg betrekking het".

Verder bepaal die Wet dat die Nasionale Welsynsraad aandag moet gee aan maatskaplike vraagstukke en navorsing wat in verband daarmee gedoen moet word. Met die goedkeuring van die Minister kan die Raad ook van tyd tot tyd konferensies belê.

Artikel 12 van die Wet bepaal dat 'n Streekswelsynsraad daarvoor verantwoordelik sal wees:

"(a) om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte te verrig wat deur die Raad aan hom gedelegeer word of wat ingevolge die Wet deur hom uitgeoefen of verrig moet word;

(b) om aan die Raad of 'n kommissie aanbevelings te doen oor aangeleenthede wat die Raad of so 'n kommissie na hom verwys of waaromtrent hy dit nodig ag om aanbevelings te doen;

(c) om die Raad of 'n kommissie van advies te dien in verband met -

(i) die gesinslewe en welsynsbeplanning; en

(ii) alle aangeleenthede met betrekking tot maatskaplike welsyn;

(d) die beplanning en koordinering van maatskaplike welsynsdienste in sy gebied te bevorder; en

(e) aan welsynsorganisasies leiding te gee om inligting te verskaf".

Streekswelsynsrade kan met die goedkeuring van die Sekretaris van die Departement samesprekings en konferensies reël in verband met aangeleenthede wat binne hulle werksaamhede val.

Wat die kommissies betref word in artikel 9 van die Wet slegs be-

paal dat 'n kommissie die Raad van advies moet bedien in verband met enige aangeleentheid wat die Raad na so 'n kommissie verwys of waaromtrent so 'n kommissie dit nodig ag om die Raad van advies te dien, en die ander werksaamhede moet verrig wat die Raad aan hom delegeer.

Hierdie rade is statutêre liggame en bestaan sover vasgestel kan word as sodanig net in Suid-Afrika. Die eweknie daarvan bestaan as die "National Council of Social Services" in Engeland en die "Nationale Raad voor Maatschappelijk Welsyn" in Nederland. Hierdie rade is egter nie statutêre liggame nie en derhalwe nie met dieselfde magte beklee as die Nasionale Raad en sy Kommissie en Streekswelsynsrade in Suid-Afrika nie.

3. Komitees en kommissies van ondersoek en werkgroepe

Komitees en kommissies van ondersoek en werkgroepe wat van tyd tot tyd deur die Minister aangestel word om ondersoek in te stel na maatskaplike vraagstukke van nasionale omvang en maatskaplike wetgewing, lewer 'n besonder belangrike bydrae tot die vorming van 'n Suid-Afrikaanse welsynsbeleid. Omdat vraagstukke wat die mens en die gemeenskap raak ook betrekking het op die werksaamhede van ander staatsdepartemente, welsynsorganisasies en ander instansies, word by die meeste van hierdie tipe van ondersoeke genomineerde verteenwoordigers van ander staatsdepartemente en welsynsliggame betrek. So het die verslag van die Komitee van Ondersoek insake Gesinstoelaes, 1961, 'n belangrike bydrae gelewer tot die

formulering van 'n Suid-Afrikaanse gesinsbeleid. Die verslag van die Interdepartementele Komitee van Ondersoek insake die Behandeling van die Dranksugtige het aanleiding gegee tot moderne wetgewing vir die behandeling van alkoholiste. (Die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums, 1963). Die verslag van die Werkgroep insake die Nasionale Welsynsraad en Gesinsbeleid het aanleiding gegee tot die Nasionale Welsynswet, 1965. Die ondersoek en verslag van die Werkgroep ter beskerming van Bejaardes het aanleiding gegee tot omvattende wetgewing vir beskerming van bejaardes,(Wet 81 van 1967)[1].

4. Interdepartementele Komitees

Teneinde die werksaamhede van die onderskeie Staatsdepartemente te koördineer, is verskeie Interdepartementele komitees en Rade ingestel. Die volgende rade en komitees bestaan waarvan die Departement van Volkswelsyn en Pensioene die beherende Departement is.

a. Die Nasionale Welsynsraad.

b. Interdepartementele Adviserende Komitee insake Sorgbehoewendheid, Wangedrag en Misdaad by Kinders en Jeugdiges.

c. Oorlegplegende Tussendepartementele Komitee van Volkswelsyn en Pensioene, Kleurlingsake, Indiërsake, en Bantoeadministrasie en ontwikkeling.

---

1. Verslag van die werkgroep ter beskerming van bejaardes.

d. Nasionale Hulpfonds.

e. Fonds vir Buitelandse Noodleniging.

f. Nasionale Mynrampfonds,

g. Vaktaalkomitee vir die Samestelling van 'n Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk.

h. Nasionale Adviserende Raad oor Alkoholisme.

Die volgende rade en komitees bestaan maar so dat 'n Departement die beherende Departement is.

| Liggaam | Departement |
|---|---|
| a. Nasionale Spaarsaamheids-organisasie | Tesourie |
| b. Nasionale Adviserende Raad vir Opvoeding buite Skool verband | Hoër Onderwys |
| c. Staande Komitee vir Buitengewone Onderwys | Hoër Onderwys |
| d. Deskundige Komitee vir Sosiologie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. |
| e. Interdepartementele Adviserende Komitee vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. | Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing. |
| f. Nasionale Heraanpassingskomitee en Beroepsraad. | Hoër Onderwys |
| g. Behuisingsloods Komitee | Gemeenskapsbou |
| h. Staande Interdepartementele Komitee ten opsigte van die Werkverskaffingselement in die Rehabilitasieproses. | Arbeid |
| i. Ongevalle hof. | Arbeid |

| | |
|---|---|
| j. Komitee van Ondersoek na die Versorging van Verstandelik-vertraagde Persone | Gesondheid |
| k. Staande Interdepartementele Komitee vir die Koördinasie van Rehabilitasiedienste | Staatsdienskommissie [1] |
| l. Jeugraad | Arbeid |
| m. Beskutte Arbeid Plasingskomitee | Arbeid |

Behalwe hierdie staande komitees en permanente rade word van tyd tot tyd ook ad hoc-komitees en -studiegroepe aangestel om volgens behoefte 'n spesifieke aangeleentheid te ondersoek.

Uit 'n vergelykende studie kon geen interdepartementele komitees in die Skandinawiese lande, Nederland en Engeland gevind word wat ooreenstem met die wat in Suid-Afrika bestaan nie - sodanige instellings bestaan nie. Wat wel baie gebruik word is komitees - en kommissies van ondersoek en ad-hoc komitees om 'n spesifieke aangeleentheid te ondersoek [2].

5. <u>Nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies, plaaslike koördinerende rade en welsynsorganisasies</u>

Soos reeds in die vorige hoofstukke aangedui is hierdie instellings belangrike strukturele hulpmiddels.

---

1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die periode 1964 tot 1966. p. 80.

2. Waris Heikki : "Outlines of Finnish society" : Seminar on Finland, August 1968. (referaat).

Op die nasionale vlak benoem die Departement sonder uitsondering beamptes van sy hoofkantoor om saam met die plaaslike streekhoof jaarvergaderings, konferensies, kongresse en simposia van die nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasie by te woon. Na gelang van omstandighede tree of die Minister of die Sekretaris of 'n senior beampte van die Departement, indien daartoe versoek as hoofspreker tydens die openingsplegtigheid van so 'n byeenkoms op.

Op die plaaslike vlak tree die streekhoof of 'n beampte van sy kantoor op as verteenwoordiger van die Departement tydens bestuurs- en algemene jaarvergaderings van die plaaslike welsynsorganisasies, en ander instansies wat hulle beywer vir plaaslike welsynsaangeleenthede. Hierbenewens is daar die dag-tot-dag kontak tussen die veld-personeel van die Departement en die van die organisasies, wat ook saamwerkende verhoudings bevorder. Dit is ook algemene gebruik dat formele samesprekings van die streekhoof gereël word met die senior beamptes van welsynsorganisasies en senior beamptes van sy streek.

'n Leemte wat in hierdie struktuur bestaan is dat die nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies nie oor 'n platform beskik nie vir gesamentlike optrede in verband met sake wat al hierdie organisasies raak. Daar bestaan dus nie 'n sentrale liggaam waardeur die Departement al hierdie organisasies kan betrek indien dit nodig word nie.

Die enigste poging wat aangewend was om nasionaal- en provinsiaal

georganiseerde ~~welsynsorganisasies te koördineer word~~ ongeveer 1952 deur die bemoeiinge van David Murray, destydse Direkteur van die Afdeling Maatskaplike Sake, van die Munisipaliteit van Johannesburg, geloots. Vanweë sy ampsposisie het hy die jaarvergaderings van die belangrikste Nasionale Rade van welsynsorganisasies bygewoon. Dit was opvallend dat hierdie organisasies gemeenskaplike probleme onafhanklik van mekaar bespreek en dat hy die skakel geword het tussen hierdie organisasies, wat telkens tydens 'n jaarvergadering inligting moes verstrek oor wat deur ander nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies in verband met dergelike of aanverwante aangeleenthede bespreek en besluit is. Hy het besluit om 'n koördinerende komitee van hierdie organisasies te stig.

Volgens Murray was die Nasionale Welsynsraad destyds bloot " a registering body" en het weinig, indien enige, koördinerende funksies vervul. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Rade vir Bejaardes, Blindes, Kreupeles, Geestesgesondheid en Huweliksvoorligting en Gesinslewe het 'n heldhaftige poging aangewend om hierdie koördinasie te bewerkstellig. Hulle kon om verskillende redes daarin slaag om ander organisasies te betrek nie, hoewel goeie en betekenisvolle dienste gelewer is, het die poging ongeveer in 1959 ten einde geloop. Min of meer dieselfde tyd het die Ad-Hoc komitee van Nasionaal- en Provinsiaal- georganiseerde Welsynsorganisasies met Opgeleide Welsynspersoneel in diens tot stand gekom en blykbaar heeltemal voldoen aan die bestaande behoefte vir gesa-

mentlike optrede.[1]

Hierdie komitee word volgens die notule[2] op 21 Februarie 1957 saamgestel deur die verteenwoordigers van nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies met die aanname van die konsepkonstitusie wat tydens die vergadering oorweeg is.

Nadat die gewysigde subsidie-skema ten opsigte van die salarisse van maatskaplike werkers op 1 April 1955 in werking getree het, het die behoefte by hierdie indiensnemende organisasies ontstaan om gesamentlik met die Departement van Volkswelsyn te onderhandel in verband met die toereikendheid van die subsidie en die diensvoorwaardes van gesubsidieerde maatskaplike werkers. Die A.C.V.V. het die inisiatief geneem en 'n vergadering belê in Kaapstad op 14 September 1955 om aangeleenthede rakende gesamentlike optrede te bespreek. Hierdie vergadering was deur veertien organisasies bygewoon. Die stigting van die ad hoc-komitee kan beskou word as 'n direkte uitvloeisel van hierdie vergadering.

Hierdie is die enigste komitee in Suid-Afrika wat as platform dien vir nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies om aspekte van gemeenskaplike belang te behartig. Die ad hoc-komitee se werksterrein is beperk net tot die diensvoorwaardes van die opgeleide personeel, dog dit bied juis daardie kanaal waardeur onderhandelings aangeknoop kan word, en dit is ook 'n waardevolle strukturele hulpmiddel. Hier kan onder andere verwys word na die suksesvolle onderhandelings wat hierdie komitee gedurende Junie 1969 met die Departement van Volkswelsyn en Pen-

1. Onderhoud gevoer met mnr. D. Murray.
2. Notules van vergaderings van die ad-hoc-komitee van nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynorganisasies met opgeleide welsynspersoneel in diens.

sioene gehad het in verband met die verhoging van die subsidie op die salarisse van maatskaplike werkers in diens van welsyns-organisasies.[1)]

Hoewel daar 'n verskeidenheid van strukturele hulpmiddels bestaan en in die Suid-Afrikaanse welsyns opset benut word, is dit noodsaaklik dat vasgestel word tot welke mate hulle beter benut kan word. Dit is ook noodsaaklik dat daar vroegtydig kanale geskep word om te verseker dat daar ten alle tye samewerkende verhoudings sal bestaan tussen die Blanke-bevolkingsgroep en die nie-Blanke-bevolkingsgroepe.

Die enigste strukturele hulpmiddel in hierdie verband is sover vasgestel kan word die <u>Skakelkomitee</u> van die drie maatskaplike werkersverenigings nl. die Blanke-, die Bantoe- en die Kleurling-maatskaplike werkersverenigings. Die Indiër-maatskaplike werkers het hulleself nog nie in 'n professionele vereniging georganiseer nie.

6. <u>Die gemeenskapskas</u>

Volgens die Amerikaanse literatuur is die gemeenskapskas nie net 'n strukturele hulpmiddel nie maar dit speel 'n baie belangrike rol in gemeenskapsorganisasie, maar dit en ook ander vorme van gesamentlike fondsinsamelingspogings het nog nie in Suid-Afrika beslag gekry nie. Op die plaaslike terrein is dit tot 'n sekere mate wel 'n hulpmiddel vir die streekhoof. Selfs die Streekswel-

---

1. Subsidiëring van maatskaplike werkers: Departementele lêer.

synsraad benut nie die gemeenskapskas waar dit bestaan in so 'n streekswelsynsraad se gebied ten opsigte van beplanning, organisasie en koördinering nie. In die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur is die gemeenskapskas bloot net 'n welsynsorganisasie wat fondse insamel ten behoewe van daardie plaaslike organisasies wat lid is van 'n gemeenskapskas.

7. <u>Die Sentrale gevalle register</u>

Sentrale gevalle registers wat by alle departementele kantore ingeskakel is dien as 'n besondere nuttige hulpmiddel om oorvleueling van dienslewering uit te skakel. As bron van inligting oor gevalle, skep dit die geleentheid vir onderlinge oorlegpleging en samewerking. Op hierdie wyse word 'n vertrouensverhouding tussen organisasies onderling bevorder.

Navorsing deur die ondersoeker in verband met die doeltreffende en doelmatige gebruik van die sentrale gevalle register, bring aan die lig dat die sentrale gevalle registers nie altyd vir dieselfde doel gebruik word deur welsynsorganisasies nie. Sommige gebruik dit wel om oorvleueling van hulp en dienste uit te skakel, terwyl ander dit gebruik om gevalle eerste te registreer en daarop aanspraak maak volgens die werkverdelingsooreenkoms. Ook is vasgestel dat daar nie altyd die gewenste onderlinge oorlegpleging plaasvind nie. Die nie-ten-volle-gebruikmaking van die sentrale gevalle register kan egter nie net die welsynsorganisasies ten laste gelê word nie. Laasgenoemde het bv. vermeld dat 'n geval waaroor navraag gedoen is, deur organisasies A, B, en C geregistreer is. Dit op sigself is reeds verwarrend. Navrae by hier-

die organisasies bring aan die lig dat organisasie A reeds die geval jare terug na organisasie B op grond van Kerk- en kultuurverband verwys het, en dat organisasie B die geval reeds as afgehandel gesluit het, terwyl organisasie C slegs ŉ eenmalige handeling as spesialisorganisasie met ŉ lid van die gesin gehad het. Gevalle word onder die huidige stelsel geregistreer met ŉ aanduiding aan welke ander organisasies die geval bekend is, <u>sonder</u> enige aanduiding van watter organisasie nog aandag aan die geval gee, of wat die aard van die hulp of diens is. Daar bestaan ook geen voorsiening vir deregistrasie of aanduiding dat hulp of diens gestaak is nie.

Die sentrale gevalle register vorm tans ŉ intergrale deel van die kaart-indeks-stelsel van die registrasie-afdeling van die Departementele kantore en dit is dus net in naam onder vakkundige beheer.

Erika Theron beweer dat "strukturele hulpmiddels soos die sentrale gevalle register.... op die oomblik in ons land slegs in ŉ geringe mate ŉ koördineringsfunksie in gemeenskappe vervul. Die sentrale gevalle register kan alleenlik ŉ belangrike koördinerende funksie vervul indien dit aangewend word as ŉ gemeenskapsorganisasie-middel onder direkte leiding van ŉ maatskaplike werker wat gemeenskapsorganisasie as ŉ vakkundige diens beoefen[1], en as dit ingeskakel is by die werksaamhede van ŉ plaaslike beplannings-

---

1. Hierdie aanbeveling vind aansluiting by die aanbeveling van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies waarna reeds verwys is.

koördinerende liggaam"[1]. Winckler wys ook daarop dat "uit hoofde van sy koördineringsfunksie is dit die taak van die Staat om toe te sien dat daar die nodige koördinerings-instrumente sal bestaan en wat gevalle betref, die sentrale registers...."[2] wat nooit na behore gefunksioneer het nie[3] en 'n evaluering vir die voortbestaan en koördinering van hierdie hulpmiddel sal gerade wees[4]. Hierdie resente opmerkings dui op die noodsaaklikheid van 'n doeltreffend funksionerende sentrale gevalle register ter bevordering van die koördinerings en ook die beplanningsaspekte van gemeenskapsorganisasie.

In Suid-Afrika rus daar geen verpligting op welsynsorganisasies om van die sentrale gevalle register gebruik te maak nie. In 'n memorandum wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in 1961 uitgereik is, is die doel van 'n sentrale register daarop gemik om welsynsorganisasies in staat te stel om in 'n kits deur middel van navrae by 'n sentrale kantoor vas te stel watter ander organisasies met 'n geval gehandel het of tans daarmee handel, om hulle sodoende in staat te stel om met sulke organisasie(s) oorleg te pleeg insake hulp en/of diens wat aan so 'n geval gelewer staan te word. Die vernaamste oorweging met oorlegpleging is om oorvleueling van werk uit te skakel en waar moontlik pogings saam te snoer om so 'n geval te rehabiliteer[5].

---

1. Theron, Erika: "Gemeenskapsorganisasie as 'n faktor in welsynsbeplanning". op.cit., hoofstuk 3.

2. Winckler, A.T. : "Die Suid-Afrikaanse welsynsstruktuur as 'n faktor in welsynsbeplanning". hoofstuk 2.

3. Winckler, A.T.: Volkswelsynsbeleid. p. 109.

4. Ibid., p. 196, 277.

5. Sentrale gevalle register: Departementele lêer.

Departementele voorskrifte bestaan egter ten op sigte van die gebruikmaking van die sentrale gevalle register vir sy eie beamptes[1]. Daar bestaan ook geen spesifieke vereistes waaraan organisasies moet voldoen om van die sentrale gevalle register gebruik te maak nie, nog minder is daar 'n kontrole oor diegene wat telefoniese navrae doen. Beide Horney[2] en Simcox[3], en ook andere beklemtoon die vertroulike aard van die sentrale register.

In Amerika is reeds 'n deurtastende ondersoek[4] ingestel na die doeltreffendheid en doelmatigheid van die sentrale gevalle register wat ook die noodsaaklikheid vir 'n wetenskaplike ondersoek na die sentrale gevalle register in die Suid-Afrikaanse welsynsstruktuur onderstreep.

8. Konferensies

a) Konferensies van Streekshoofde. Hierdie konferensies word jaarliks in Pretoria gehou en word deur die Departement se Streekshoofde van oor die hele Republiek en Suidwes-Afrika bygewoon. In die afgelope aantal jare is die praktyk ook gevolg om, wanneer die geleentheid hom daartoe leen, welsynsorganisasies in die konferensies te betrek. In 1964 het hierdie konferensie as tema gehad: "Die verhouding tussen Spesialiserende Organisasies en

---

1. Prosedure handleiding.

2. Horney, Getrude N: "The social service exchange". The social service review. p. 79-85.

3. Simcox, Beatrice R.: "The social service exchange. Its function and operation: Journal of social case work. p. 331-337.

4. Social service exchange: Summary report of research on the social service exchange.

die Departement en die Besondere Plek van Spesialisasie in die Suid-Afrikaanse Maatskaplikewerkstruktuur". Agevaardigdes van die spesialiserende welsynsorganisasies het hierdie konferensie bygewoon en waardevolle bydraes gelewer [1]. In 1965 was die tema: "Die Toepassing van (a) die Gevallewerkmetode en (b) die Groepwerkmetode". Ewe-eens was instansies van buite die Departement op hierdie konferensie verteenwoordig [2].
Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene woon hierdie konferensies by en tydens sy teenwoordigheid rapporteer elke streekhoof kortliks oor onder andere die werksaamhede in die streek, behoeftes, tendense en samewerking. Oor die waarde van hierdie konfernsie is tydens 'n beleidsverklaring in die Volksraad oor die Departement van Volkswelsyn en Pensioene met waardering gewag gemaak van die inligting wat tydens hierdie konferensies verstrek is [3].
Maar hierdie konferensies dien ook as nuttige instrument waardeur die Departement se senior beamptes kon help vorm aan volkswelsynbeleid, veral wat vakkundige beleid betref [4]. Om verskillende redes is hierdie konferensies nog nie weer gehou nie, en aangesien die huidige Sekretaris van die Departement, mnr. C.J.H. Vorster, so 'n besondere belangstelling in gemeenskapsorganisasie openbaar, kan sulke konferensies slegs bydra tot voorgenoemde uitbouing.

---

1. Notule van die konferensie van streekhoofde, 1964.

2. Notule van die konferensie van streekhoofde, 1965.

3. Debatte van die Volksraad, 22 Januarie tot 18 Junie 1965. Deel 14. p. 4961.

4. Winckler : Volkswelsynbeleid. p. 221.

Die noodsaaklikheid van sulke konferensies moet dus onderstreep word.

b. Streekkonferensies

Streekkantore reël elke twee jaar 'n streekkonferensie waartydens beamptes van die takkantore en departementele inrigtings in die streek saamgetrek word. Dit het nou algemene gebruik geword om 'n gedeelte van hierdie konferensies af te staan aan besprekings waarby verteenwoordigers van plaaslike welsynsorganisasies en die doserende personeel van die Departemente van Maatskaplike Werk van die plaaslike universiteite betrek word. Hierdeur word kontak en samewerking op plaaslike vlak verstewig.

Van tyd tot tyd was supervisors van oor die land in Pretoria saamgetrek deur die hou van supervisors-konferensies. Tans word hierdie konferensies op streekbasis tydens die streekkonferensies gehou en die supervisors van plaaslike welsynsorganisasies word ook hierby betrek. Hierdie konferensies sal 'n permanente instelling word en aldus bydra om te verseker dat die standaard van dienslewering van departementele kantore en welsynsorganisasies hoog bly. Terselfdertyd dien dit as 'n instrument om plaaslike samewerking tussen departementele kantore en welsynsorganisasies te bevorder. Met die byhaal of betrekking van die doserende personeel van die Departemente van Maatskaplike Werk van die plaaslike universiteite word ook verseker dat integrasie tussen die teorie en die praktyk van maatskaplike werk bevorder word. Dit moet ook oorweeg word om die doserende personeel van aanverwante fakulteite soos die Sosiologie, Sielkunde en Kriminologie te betrek.

9. Internasionale skakeling

Sedert 1948 geniet die Departement lidmaatskap van die "International Conference of Social Work" - 'n internasionale organisasie wat hom beywer vir die bevordering van maatskaplike werk. Bywoning van die tweejaarlikse konferensies van hierdie liggaam was aanvanklik sporadies, terwyl die noodsaaklikheid om persoonlike kontak met internasionale liggame te hou al sterker op die voorgrond tree. Die laaste twee konferensies was deur departementele verteenwoordigers bygewoon.

Die Departement besit ook sedert 1969 lidmaatskap van die "International Council on Alcohol and Addiction". Hierdie liggaam hou hom besig met die bestudering van vraagstukke in verband met alkoholisme en verdowingsmiddels[1].

Verdere kontakte wat die Departement op internasionale vlak het, is die "International Social Service (I.S.S.)" waar hy optree as korrespondent van hierdie organisasie "wat as doel het om gevallewerkdienste in verskeie lande te lewer"[2]. Hierbenewens verstrek die Departement verslae oor welsynsdienste aan die Verenigde Volke Organisasie en ontvang ook gereeld publikasies wat handel oor sy werksaamhede.

Gedurende 1969 het die Departement 'n senior beampte as afgevaardigde gestuur na die "World Child Welfare Congress" gehou in Stockholm, en ook finansiële steun verleen aan die Suid-Afrikaanse

---

1. Departementele lêer.
2. Ibid.

Nasionale Raad vir Kindersorg om ŉ verteenwoordiger na dié konferensie te stuur[1].

Hedendaagse kommunikasiemiddels verseker kontak en inskakeling met internasionale organisasies wat tot voordeel is van sowel die Departement se welsynsdienste en die privaat inisiatief.

Samevatting en eie opvatting

Met die stigting het die Departement twee duidelike mandate gehad om gemeenskapsorganisasie te beoefen. Die een is ŉ statutêre mandaat volgens die omskrywing van die pligte van die proefbeampte in die Kinderwet, 1937. Met die stigting van die Departement was hierdie diens reeds in swang en die organisasie was reeds gedeeltelik daargestel om ook uitvoering te gee aan die tweede mandaat wat deur die Kabinetskomitee opgestel is.

Hoewel die Departement sedert sy instelling gemeenskapsorganisasie beoefen het, is dit nooit as sulks geïdentifiseer en omskrywe nie. Die eerste duidelike omskrywing geskied in 1969 deur die Staatsdiensinspekteurs met die instelling van ŉ Afdeling vir Welsynsbeplanning in die Departement.

Die Departement het egter intussen die nodige strukturele hulpmiddels daargestel om hom in staat te stel om hierdie belangrike diens uit te voer. Die vernaamste hiervan is ŉ doeltreffend departementele organisasie, maatskaplike wetgewing met gepaardgaande statutêre rade, komitees en kommissies van ondersoek, inter-departementele komitees, konferensies, internasionale skakeling, ens.

Hoewel sekere van hierdie strukturele hulpmiddels met vrug hersien en aan veranderde omstandighede aangepas kan word beantwoord hulle aan die doel en taak van gemeenskapsorganisasie.

1. Departementele lêer.

# HOOFSTUK 10

## DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE EN DIE DOEL EN TAAK VAN GEMEENSKAPSORGANISASIE

### A. Inleiding

In die voorgaande hoofstuk is 'n beskrywing van die doel en taak van die Departement gegee, en hoewel dit 'n logiese eenheid met hierdie hoofstuk vorm, is die klem hierin anders.

In hoofstuk 5 is die verskillende elemente van die praktyk van gemeenskapsorganisasie uiteengesit. In die hieropvolgende uiteensetting word die bevindinge verstrek ten opsigte van die werksaamhede van die Departement in verband met gemeenskapsorganisasie.

Die gemeenskap wat die Departement bedien is die totale Blanke bevolking van die Republiek van Suid-Afrika insluitende die Blanke bevolking van Suidwes-Afrika, met ander woorde 'n geografiese gemeenskap. Terselfdertyd bevind die Departement hom op 'n funksionele terrein insoverre sy funksies toegespits is op doeltreffende maatskaplikesorg en die bevordering van die maatskaplike welsyn van die Blanke-bevolking, met ander woorde ook 'n funksionele gemeenskap. In hierdie taak kan die Departement hom nie geheel onttrek van die belange van die nie-Blanke bevolkingsgroepe nie en bly hy dus voortdurend in konsultasie met die Departement wat dieselfde verantwoordelikhede het ten opsigte van daardie bevolkingsgroepe. Die probleme waarmee die Departement te make het, is hoofsaaklik van 'n nasionale aard en beteken nie dat plaaslike probleme of behoeftes hom koud laat nie. Hierdie

situasies word deur die plaaslike departementele kantore op so 'n wyse hanteer dat dit in die groter geheel en beleid sal inpas Uitsonderlike plaaslike probleem-situasies kan die Departement direk raak soos bv. die tornado wat Roodepoort en die aardskuddings wat Bolandse dorpe getref het[1]. 'n Fonds is in die lewe geroep waartoe die Staat, plaaslike owerhede en die publiek bygedra het, en wat aangewend is vir noodleniging aan inwoners van die gebied. Die konstitusie van sulke fondse bepaal onder meer dat wanneer dit aan sy doel beantwoord het enige saldo oorhandig moet word aan 'n Nasionale Hulpfonds wat onder die voorsitterskap van die Sekretaris van die Departement op 16 Mei 1950[2] gestig is. Die doel daarvan is om finansiële hulp te verleen aan persone binne die Republiek wat ernstige verliese of skade gely het weens natuurrampe en vir wie se noodleniging die publiek ook bygedra het.

Die Nasionale Mynrampfonds het ontstaan uit die Goewerneur-generaal se Mynrampfonds wat gestig was in 1960 om finansiële hulp te verleen aan naasbestaandes van die Coalbrook-mynramp van 21 Januarie 1960.

Beide stigtings van Nasionale Fondse het voortgevloei uit plaaslike probleemsituasies.

Die werksaamhede van die Departement word nou uiteengesit ten op-

---

1. Die tornado van 26 November 1948 en die aardskuddings van die laaste helfte van 1969 wat sekere Bolandse dorpe getref het.
2. Departement van Volkswelsyn verslag vir die tydperk 1962-64. p. 11-12.

sigte van probleemstelling, programmering, koördinasie, opvoeding en bevordering, en finansiering as elemente in die praktyk van gemeenskapsorganisasie.

B. Probleem

Organisatories is die Departement so saamgestel dat daardie probleme wat van 'n suiwer plaaslike aard is deur sy streekorganisasie hanteer word terwyl die van 'n breër omvang, dit is provinsiaal, nasionaal en inter-nasionaal deur die Hoofkantoor hanteer word.
Die aard, omvang en intensiteit van die werksaamhede van die Departement is sulks dat die probleem sonder uitsondering duidelik omskrywe word en die gemeenskapsorganisasie prosesse daarvolgens in werking gestel word. Die Departement voldoen in elke opsig aan die doel en vereistes van die probleem omskrywingselement in gemeenskapsorganisasie.

C. Programmering

Programmering impliseer dat die Departement hoofsaaklik verantwoordelik is vir feite insameling, ontleding met gepaardgaande evaluasie daarvan, en aan die hand daarvan die beplanning vir aksie. Dit is presies wat die Departement doen.
Die Departement het reeds op versoek van belanghebbende instansies verskeie feite insamelingsondersoeke onderneem soos die sosio-ekonomiese opname van die Hoewegemeenskap in die Voergebied van die Uniefeesskool [1), Sosiografiese Opname van die Erwe op

1. Verslag van 'n sosio-ekonomiese opname van die hoewegemeenskap in die voergebied van die Uniefeesskool. Departementele leer.

Douglas[1], opname van die welsynsdienste in Noord-Transvaal[2], ens. Op eie inisiatief is reeds verskeie opnames en navorsingsprojekte afgehandel en die bevindinge vrygestel[3]. Vir hierdie doel is die departementele organisasie doeltreffend saamgestel. Alle feite insamelings en navorsings projekte word beheer deur die Navorsingsafdeling in die hoofkantoor. Die Departement maak ook vryelik gebruik van komitees en kommissies van ondersoek waarna reeds verwys is om gegewens in te win.

Die beplanning en aksie word onderneem in samewerking met die betrokke belanghebbende instansies, soos universiteite en welsynsorganisasies.

Tersaaklike voorbeelde van doeltreffende programmering word gevind in die verskillende skemas ten opsigte van die verskeidenheid van maatskaplike probleme en in besonder gesinsprobleme; armoede en behoeftigheid; kinderverwaarlosing; werkloosheid; alkoholisme; misdaad en wangedrag; swak gesondheid; siekte en tydelike liggaamlike ongeskiktheid; permanente liggaamlike gestremdheid; epilepsie; geestesgekrenktheid en geestesgebrekkigheid; bejaardheid; blindheid; en doofheid.

Die vakkundige personeel van die Departement behartig hierdie probleme op die dienssleweringsvlak en word bygestaan deur die maatskaplike werkers in diens van die welsynsorganisasies, veral

---

1. Uitgawe no. 10 van 1964.
2. Departementele lêer.
3. Vir 'n volledige reeks van die publikasies sien Volkswelsyn jaargang 4 no. 2. Desember 1969. p. 45-46.

kindersorg-, gesinsorg- en spesialiserende-organisasies. Ten opsigte van hierdie organisasies het die Departement 'n ondersteunende sowel as 'n koördinerende taak en verantwoordelikheid. Dit is dus duidelik dat die Departement voldoen aan die doel en taak van die element van programmering in gemeenskapsorganisasie.

D. Koördinasie en integrasie

In die bespreking van die strukturele hulpmiddels is reeds daarop gewys hoe die Departement hierdie hulpmiddels ook benut om koördinasie te bevorder. Koördinasie word verder bevorder deur die elemente van konferensie, administrasie, intergroep, konsultasie, onderhandeling en organisasie. Daar sal nou aangetoon word hoe die Departement hierdie elemente benut.

1. Konferensie, simposia en samespreking

Daar is reeds aangedui dat die Departement met groot sukses sy eie interne konferensies en samesprekings reel en hoe suksesvol welsynsorganisasies en ander instansies daarby betrek word. Ook is aangedui dat die Departement lidmaatskap geniet van internasionale liggame, inter-nasionale konferensies bywoon, en nasionaal-georganiseerde welsynsorganisasies finansieel steun om hulle in staat te stel om ook verteenwoordigers na hierdie konferensies te stuur.

Die Departement het self op versoek van belanghebbende instansies verskeie nasionale konferensies gereel en bygedra tot ander konferensies[1]. Die jongste konferensie was die Nasionale Konferen-

1. 'n Volledige lys van hierdie konferensies verskyn in Volkswelsyn en Pensioene 4(1). 1969. p. 37-38.

sie oor Welsynsbeplanning, 1969. Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene het reeds in vooruitsig gestel dat konferensies van nasionale belang oor gespesialiseerde aspekte van welsynswerk, soos bejaardesorg, in die nabye toekoms deur die Departement gereel sal word.

Van tyd tot tyd word samesprekings gereel of deur die Departement self of op versoek of deur ander instansies. So is verskeie interdepartementele samesprekings gereel oor aspekte waaroor die onderskeie departemente gesamentlik moet beraadslaag. Voorbeelde van onlangse samesprekings was onder meer in verband met die uitbreiding van die dienste van proefbeamptes aan die strafhowe, die taak van die proefbeampte ten opsigte van nie-onderhoudsake[1], die Blanke arbeiders in diens van die Departement van Bosbou,[2] ens.

Samesprekings rakende plaaslike aangeleenthede word op die plaaslike vlak gereel en bygewoon deur die streekshoofde van die betrokke streekkantore.

Inter-nasionale samesprekings wat tot sover gereel was, was hoofsaaklik op 'n kennisuitruilingsbasis. Die Departement reel feitlik sonder uitsondering dat oorsese besoekers wat Suid-Afrika besoek en 'n kennis bydrae te make het oor een of ander welsynsaangeleentheid deur senior amptenare van die hoofkantoor te woord gestaan word.

---

1. Departementle lêer.

2. Hierdie samespreking het aanleiding gegee tot die aanstelling van die Inter-Departementele Komitee van Ondersoek oor Blanke Arbeiders werksaam in die Suid-Kaapstreek van die Departement van Bosbou, waarop navorser as lid benoem is. Departementele lêer.

Uit die voorafgaande is dit duidelik aan die doel en taak van die element konferensie voldoen word. Dit is reeds beklemtoon dat die streekshoofde vergaderings wat gereeld gehou was 'n besondere waarde gehad het en dat dit aangewese is dat die Departement dit behoort te oorweeg om dit weer in te stel. Desgelyks is daarop gewys dat daar 'n skakelings-leemte bestaan tussen die nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies en dat ter bevordering van koördinasie hieraan aandag gegee behoort te word. Ook is reeds aangedui dat op die plaaslike vlak oorweging verleen behoort te word aan die daarstelling van die masjienerie waardeur plaaslike welsynsorganisasies tot nouer koördinasie, samewerking en beplanning betrek kan word.

2. Administrasie

Die administratiewe proses in gemeenskapsorganisasie het hoofsaaklik te make met inter-organisasie verhoudings en bestuursaspekte waarop onderling ooreengekom is en aan 'n sentrale liggaam opgedra is. Sover dit die Departement betref resorteer hierdie verantwoordelikheid hoofsaaklik by die administrasie van maatskaplike wetgewing en ander maatreëls waar die Departement die finale seggenskap behou. Met die toepassing van maatskaplike wetgewing tree verskeie welsynsorganisasies op as die agente van die Departement, met, waar van toepassing, gedelegeerde magte. Wat die finansiële aspekte betref, bv. die subsidiëring van maatskaplike werkers, het die Departement en die nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies gesamentlik tot 'n onderlinge ooreenkoms geraak. Die beslissing of 'n pos gesubsidieer sal word berus egter by die Departement sowel as die besluit of

'n persoon wat in sodanige pos aangestel word vir subsidiedoeleindes kwalifiseer.

Dit is dus duidelik dat die administratiewe verantwoordelikheidshiërargie tot sy volle reg kom.

3. Die Intergroep

Die Departement het heelwat te doen met intergroepe. Hier word veral verwys na komitees van ondersoek, studiegroepe en werkgroepe, wat saamgestel word uit verteenwoordigers van welsynsorganisasies of instellings, en persone in hulle persoonlike hoedanigheid weens 'n besondere belangstelling en kennis van die saak wat ondersoek moet word. Hoewel die departementele verteenwoordiger of die sekretaris van hierdie intergroepe nie aangestel is of word met die spesifieke doel om die intergroep proses te bevorder nie doen hy dit tog vanweë sy ervaringskennis en vermoë om intergroepsituasies te hanteer. Tot welke mate volle reg geskied aan die element van die intergroep-proses sal alleenlik by wyse van 'n evaluasie ondersoek bepaal kan word.

4. Konsultasie

In gemeenskapsorganisasie veronderstel konsultasie 'n raadgewende en 'n hulpverlenende verhouding. Dit word normaalweg gegee indien dit verlang word en by uitsondering in 'n gesagsverhouding.

Die Departement tree heel dikwels in 'n konsulterende hoedanigheid op. Dunham[1)] beweer dat konsultasie gewoonlik plaasvind in die

---

1. Dunham, A.: Community welfare organization. p. 360.

veldwerk situasie, en deur enige vorm van kommunikasie kan geskied. In die praktyk tree die Departementele hoofkantoor sowel as sy streek- en takkantore in hierdie verband op. Organisasies nader die Departement van tyd tot tyd om hulle met raad en advies te bedien. Hierdie versoeke om konsultasie geskied waar 'n lid van die komitee of 'n werknemer van die welsynsorganisasie die Departement nader; waar die Departement versoek word om 'n afvaardiging te woord te staan; waar die Departement versoek word om die komitee of groter vergadering toe te lig; ens.

Al na gelang van die omstandighede en die vlak waarop dit geskied, besluit die Departement of die konsultasie onderneem sal word deur 'n beampte van die hoofkantoor of een van die departementele kantore of inrigtings. Versoeke in verband met plaaslike aangeleenthede en op die dienspleweringsvlak word normaalweg tot die plaaslike verteenwoordiger van die Departement gerig.

Konsultasie kan ook in 'n gesagsverhouding plaasvind. 'n Verskeidenheid van dienste word deur die Departement gesubsidieer. Hierdie dienste word van tyd tot tyd inspekteer, en alle nuwe aansoeke om subsidies word eers plaaslik ondersoek. Die inspekterende beamptes wat ervare senior personeellede is het opdrag om hierdie ondersoeke in 'n raadgewende hoedanigheid te onderneem[1]. Leemtes en tekortkominge word óf deur die inspekterende beampte óf waar aangewese deur die streekshoof met die nodige selfvertroue en gesag met die senior personeel en/of die besture van die wel-

1. Prosedure handleiding vir streekkantore.

synsorganisasies bespreek. Die bestaande streeksorganisasie leen sig by uitstek hiertoe. Hierdie konsultasies het bygedra om 'n vertrouensverhouding daar te stel wat besonder bevorderlik is vir die huidige samewerking tussen die Departement aan die eenkant en die Kerk en welsynsorganisasies aan die anderkant. Die geleenthede vir konsultasie bestaan, word benut en word aangemoedig.

5. Onderhandeling

Van tyd tot tyd tree die hoofkantoor van die Departement in onderhandeling met welsynsorganisasies en ander instansies op. Die werksverdelingsooreenkoms soos vervat in 'n departementele omsendbrief[1], die onlangse verhoging in die subsidie van die salarisse van maatskaplike werkers indiens van welsynsorganisasies en ander ooreenkomste het gevolg na onderhandeling.

Dit is duidelik dat die geleentheid vir onderhandeling bestaan, benut en aangemoedig word.

6. Organisasie

Organisasie het veral betrekking op verhoudings tussen organisasies en groepe en het ten doel om mense op 'n georganiseerde wyse te laat saamwerk. In gemeenskapsorganisasie is die vernaamste bydrae juis die wyse waarop hierdeur geslaag word om vrywillige samewerking te verkry. Sover dit die Departement betref gaan dit hoofsaaklik oor die daarstelling van die hulpmiddels om 'n balans tussen behoeftes en hulpbronne te verseker. In hierdie

---

1. Gekonsolideerde omsendbrief no. 25.

verband is reeds verwys na maatskaplike wetgewing waardeur hierdie balans verseker word sowel as die instelling van statutêre rade met koördinerende doelstellings.

Deur die registrasie van welsynsorganisasies word oorvleueling teengewerk en koördinasie en samewerking bewerkstellig deur persone wat 'n diens wil begin in kontak te bring met bestaande organisasies wat dieselfde of aanverwante doelstellings het en dienste verrig.

Die Nasionale Welsynswet bepaal hoe die Nasionale Welsynsraad, Kommissies en Streekswelsynsrade saamgestel moet word[1]. Dit kom daarop neer dat die Minister die lede van hierdie rade aanstel uit die nominasielys[2] van persone wat op grond van hulle kennis, belangstelling en aktiewe deelname reeds 'n bydrae gelewer het tot die welsynsdienste van die land. Die voorsitters van die rade en kommissies word ook deur die Minister aangewys.

Daar is reeds verwys na die demokratiese beginsel wat van toepassing is en eerbiedig word in die samestelling van verteenwoordigende rade om koördinasie te bevorder. Tot welke mate die samestelling van hierdie rade hieraan beantwoord sowel as die doel om samewerkende verhoudings te bevorder en koördinasie te verwesentlik verg verdere ondersoek.

Met organisasie word beoog doeltreffender dienslewering. Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene het reeds tydens die Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning, 1969, verwys na die nood-

---

1. Artikels 2, 7 en 10 van wet no. 79 van 1965.

2. Artikel 15 van wet 79 van 1965.

saaklikheid vir meer spesialisasie veral op die gebied van kindersorg en die gestremde persoon[1]. Die instelling van verdere spesialiteits kommissies onder beheer van die Nasionale Welsynsraad met dienooreenkomstige spesialiteitsafdelings in die hoofkantoor-organisasie van die Departement verg ook verdere ondersoek.

'n Ander aspek wat aandag verg is die omskrywing van die take van die Kommissies onder die Nasionale Welsynsraad. Die Kommissie vir Welsynsbeplanning wat 'n vername rol behoort te speel in welsynsbeplanning en veral tot groot hulp vir die nuut ingestelde Afdeling vir Welsynsbeplanning in die Departement kan wees, se taak is byvoorbeeld nie in die Wet omskrywe nie. Hieraan behoort aandag gegee te word.

Streekswelsynsrade word met besondere statutere verantwoordelikhede beklee. Hierdie rade funksioneer onafhanklik van mekaar onder leiding van die Nasionale Welsynsraad. Tydens die Nasionale Konferensie oor Welsynsbeplanning, 1969, word die noodsaaklikheid vir die instelling van staande konferensies van Streekswelsynsrade beklemtoon[2]. Dit is aangewese dat ondersoek word of daardeur nie 'n beter beplande en gekoördineerde ontwikkeling van welsynsdienste verwesentlik sal kan word nie. Onder meer sal bepaal kan word of gelyktydige simposia, konferensies oor dieselfde onderwerpe, en welsynskoue soos die wat reeds met groot welslae

---

1. Mulder, C.P. : Minister van Volkswelsyn en Pensioene. Openingsrede tydens die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Konsepverslag. Hoofstuk 1.

2. Nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, 1969. Konsepverslag. Hoofstuk 3.

in Port Elizabeth en Pretoria gehou is en in ander sentra beoog word, nie 'n doeltreffender inslag op die samelewing sal hê nie. In die streekorganisasie van die Departement bestaan geen eenvormige stelsel van organisasie ter bevordering van koördinasie en samewerking nie. In sommige streke word maatskaplike werkers sporadies deur die departementele verteenwoordiger byeengeroep terwyl in Johannesburg en Port Elizabeth die streekhoofde Gesinsorg Skakelkomitees gestig het. Ook hier bestaan geen eenvormigheid nie. In Johannesburg bv. is die Kindersorgvereniging, die Armesorgraad van die N.G. Kerk, die Apostoliese Geloofsending Welsynsraad, "Trasnvaal Jewish Welfare Council" en "Legal Aid Burea" by die skakelkomitee ingeskakel. Wanneer sake bespreek word waarby spesialiserende welsynsorganisasies of kinderhuise belang het word hulle uitgenooi. In Port Elizabeth is die spesialiserende organisasies, kinderhuise en doserende personeel in Maatskaplike Werk van die Universiteit ook by die Ges isorg Skakelkomitee ingeskakel.

Volgens mededeling [1)] dien hierdie skakelkomitees 'n besondere doel en bestaan daar sedert die instelling daarvan 'n baie beter onderlinge verhouding tussen die maatskaplike werkers in diens van die welsynsorganisasies en die vakkundige beamptes van die Departement. Dit het samewerking bevorder.

Dit is aangewese dat die doeltreffendheid van hierdie tipe in-

---

1. Persoonlike onderhoude met mnr. H.W. Beckwith, Streekhoof, Johannesburg, en mnr. T. Gericke, Streekhoof, Port Elizabeth.

stelling deur die hoofkantoor van die Departement verder ondersoek sal word met die oog op die instelling daarvan op 'n eenvormige basis in die ander streek- en takkantoorgebiede. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg het reeds te kenne gegee dat dit verwelkom sal word[1].

Dit is duidelik dat die Departement wat die element van koördinasie, samewerking en integrasie betref reeds noemenswaardige sukses behaal het deur sy eie pogings en nakoming van ondersteunende verantwoordelikheid teenoor welsynsorganisasies. Daar is egter sekere aspekte wat opgeknap kan word en verbeterde koördineringspogings wat ingestel kan word.

E. Opvoeding en bevordering

Hierdie aspek van gemeenskapsorganisasie wat die klem laat val op die bereiking van 'n doelwit is toegespits daarop om die program of projek aan die gemeenskap op so 'n wyse te interpreteer dat dit aanvaar en ondersteun sal word. Vir hierdie doel word van kommunikasiemiddels soos die gesproke woord, die geskrewe woord en afbeeldings gebruik gemaak. Die Departement maak van hierdie proses vryelik gebruik.

1. Die gesproke woord

Die Minister van Volkswelsyn en Pensioene en die Sekretaris van die Departement word dikwels versoek om byeenkomste van besondere nasionale belang toe te spreek. Hierdie geleenthede word

---

1. Gesinsorgskakelkomitees: departementele lêer.

benut om inligting in verband met welsynsdienste in die algemeen, en die werksaamhede van die Departement in die besonder, aan die publiek bekend te stel. Dikwels leen die geleentheid sig vir die afkondiging van Staatsbeleid of die bekendstelling van die instelling van ʼn nuwe diens[1]. Senior beamptes van die hoofkantoor van die Departement tree ook gereeld by vergaderings met ʼn nasionale grondslag op. Op die plaaslike- en streeksvlak tree die streekshoof of een van sy verteenwoordigers op versoek as spreker op. Tydens laasgenoemde byeenkomste val die klem normaalweg op plaaslike aangeleenthede met ʼn aanduiding van hoe dit aansluiting kan en moet vind by staatsbeleid. Die radio word op dergelike wyse gebruik.

2. Die Geskrewe woord

Gereelde persverklarings word óf deur die Minister óf deur die Departementshoof vrygestel. Verder geniet die Departement die samewerking van die Pers in soverre dat publisiteit verleen word aan toesprake en onderhoude gevoer word met senior amptenare oor tersaaklike aangeleenthede. Gereelde bydraes word gemaak tot wetenskaplike tydskrifte soos Maatskaplike Werk en die Departement se eie tydskrif, Volkswelsyn en Pensioene, en die publikasies in die Reeks Navorsing en Inligting. Die Departement stel dit dat die tydskrif Volkswelsyn en Pensioene sal

"(a) In die eerste plek toegespits wees op die Departement se eie veelvuldige aktiwiteite, vakkundige en nie-vakkundige;

1. Bejaardesorgbeleid: uitgawe reeks nr. 3 van 1969.

(b) die Departement se beleid weergee en uitdra;

(c) ŉ kanaal wees waardeur nuwe dienste bekend gestel sal word; en

(d) as medium dien vir die bevordering van welsynswerk in die algemeen en maatskaplike werk in die besonder"[1].

Die Departement het ook sy eie nuusbrief wat net onder departementele beamptes versprei word. Sommige van die Streekswelsynsrade reik met gereelde tussenposes ŉ nuusbrief uit wat aan alle welsynsorganisasies in die betrokke gebied versprei word.

Of die Departement ten volle gebruik maak van die Pers vir hierdie doel is ŉ aspek wat verdere ondersoek regverdig. Persberigte word wel in streng amptelike taal opgestel en deur die erkende perskanale vrygestel. Onderhoude wat ondersoeker in hierdie verband gevoer het met joernaliste en nuusredakteurs van Dag- en Sondagkoerante dui daarop dat die Pers met graagte meer publisiteit sou wou verstrek aan die werksaamhede van die Departement maar met ŉ meer persoonlike kleur dan wat deur die amptelike persverklaring weergegee word[2]. ŉ Ander aspek wat ondersoek regverdig is populêre wetenskaplike artikels in tydskrifte.

3. Afbeeldings

By wyse van afbeeldings word almeer en meer gepoog om welsynswerk visueel aan die gemeenskap bekend te stel. Hier word verwys na die Departement se aandeel aan die Welsynskou te Helsinki,

---

1. Departementele verslag vir die tydperk 1964 tot 1966. p. 78.

2. Onderhoude soos aangedui in die lys van persoonlike onderhoude.

Finland, tydens die "International Conference on Social Welfare, 1968". Ondersoeker het die voorreg gehad om hierdie Internasionale Konferensie by te woon en 'n aandeel te hê in die Suid-Afrikaanse uitstalling wat volgens waarneming en gegrond op belangstelling 'n reuse sukses was[1]. Die Welsynskou wat deur die Streekswelsynsraad Kaap Middelande in samewerking met die streekkantoor van die Departement in Port Elizabeth gereel was, was so 'n sukses dat aan die Streekswelsynsraad vir Noord-Transvaal goedkeuring verleen is om 'n dergelike skou in samewerking met die Departementele Streekkantoor in Pretoria te reel[2]. Hierdie welsynskou is 'n gesamentlike poging van die staat en die plaaslike welsynsorganisasies om die welsynsdienste aan die publiek bekend te stel, om belangstelling en ondersteuning aan te wakker en te verseker.

Die Departement het reeds enkele reklame rolprente met die hulp van die Nasionale Filmraad vervaardig. Hier word spesifiek verwys na die rolprent "Johnny" wat die behandeling van die jeugoortreder uitbeeld, en "Ek Erken" wat die behandeling van die alkoholis uitbeeld. Tans word gewerk aan 'n tweede rolprent wat sal handel oor die spanbenadering tydens die behandeling van die alkoholis. Die sukses wat reeds met hierdie visuele afbeeldings behaal is bied die geleentheid om ondersoek in te stel na die wenslikheid om van die geleentheid gebruik te maak om dergelike uitstallings

---

1. Verslag oor Internasionale konferensies: Helsinki. Departementele leêr.

2. Hier word verwys na 'n radio-praatjie deur mnr, C.J.H. Vorster, Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene op 20 Desember 1969.

by die Landbou tentoonstellings in die groter stedelike gebiede in samewerking met welsynsorganisasies aan te bied. Sodanige ondersoek sal gepaard gaan met die finansiering van welsynsdienste en die probleme wat ondervind word deur welsynsorganisasies om die nodige fondse te bekom vir doeltreffende dienslewering.

Dit is duidelik dat die Departement reeds noemenswaardige sukses behaal het en deur sy optrede en handelswyse die doel en taak van die opvoedingsproses doelbewus bevorder. Sekere leemtes wat uitgewys is behoort verdere aandag te geniet.

F. Finansiering

Finansiering van welsynsorganisasies geskied by wyse van fondsinsameling en subsidiëring. Wat fondsinsameling betref het die Departement by wyse van die Nasionale Welsynswet beperkinge laat plaas deurdat alleenlik welsynsorganisasies wat kragtens die Nasionale Welsynswet, 1965, geregistreer is, fondse van die publiek mag insamel. Verder het die navorsingsafdeling van die Departement die literatuurstudie waarna reeds verwys is onderneem om die Nasionale Welsynsraad in staat te stel om verdere aandag aan die hele saak te verleen.

Dat die Staat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene sy regmatige aandeel neem aan die finansiering van die welsynspoging van die land word deur Van Vuuren uitgebeeld met 'n aanduiding van die toename van staatsuitgawe in hierdie verband. Dit is reeds aangedui dat Olivier gewaarsku het teen 'n tanende

gemeenskapsbelangstelling veral in die finansiering van welsynsdienste.

Dit is die aanvaarde beleid dat die Departement sy welsynsdienste onderneem in samewerking met die private inisiatief. Om welsynsorganisasies in staat te stel om hierdie dienste na behore te doen word die goedgekeurde dienste, en nie die organisasies nie, gesubsidieer.

Finansiering van welsynsorganisasies hou nie net verband met koördinering en beplanning nie maar is juis die instrument waardeur die Staat regstreeks en onregstreeks sy welsynsbeleid bepaal en kan bepaal en waardeur hy ook die uitvoering van die beleid beheer en kan beheer. Finansiële hulpverlening is 'n magtige instrument in die hand van die beleidsbepaler.

Die Departement benut hierdie oorkoepelende verantwoordelikheid om te verseker dat die balans tussen maatskaplike-behoeftes en -hulpbronne behoue bly. Deur welsynsdienste slegs gedeeltelik te finansier word die gemeenskap nie van sy verantwoordelikheid onthef nie, en dien hierdie stelsel om die staatsbeleid doelbewus weg te stuur van die idee van 'n welsynstaat.

Die Departement subsidieer welsynsorganisasies ten opsigte van dienste aan bejaarde persone, alkoholiste, blinde persone, epileptici, kinders, asook gemeenskapsdienste soos tehuise vir laagbesoldigdes, werkklasse vir behoeftige vroue, versorgingsoorde, gemeenskapsentrums, ens. Ten einde welsynsorganisasies in staat te stel om hierdie dienste na behore te lewer word soos reeds aangedui die salarisse van maatskaplike werkers in hulle diens gesubsidieer.

Hoewel die Departemente van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, Kleurlingbetrekkinge en Rehobothaangeleenthede, en Indiërsake reeds die verantwoordelikheid vir die welsynsdienste aan hierdie rassegroepe oorgeneem het bly die Departement van Volkswelsyn en Pensioene nog verantwoordelik vir die subsidiëring van sekere dienste. Hoewel dit geskied na oorlegpleging met die betrokke departement is dit ꞌn diens wat tuishoort by die departement wat met die welsynsdiens belas is, omdat, soos aangedui die finansiering van ꞌn diens die beleidsbepaler se hand sterk. Die oordrag van hierdie verantwoordelikheid aan die betrokke departemente verg verdere aandag.

Dit is duidelik dat die doel van finansiering as ꞌn gemeenskapsorganisasie verantwoordelikheid in die praktyk verantwoord word in die wyse waarop die Departement finansiering beheer. Daar is egter nog aspekte in hierdie verband wat verdere ondersoek regverdig.

## G. Standaardbepaling

Die Departement aanvaar ook die verantwoordelikheid om te verseker dat die nodige standaarde in dienslewering gehandhaaf word. Ten opsigte van sy eie dienste het die Departement voorskrifte uitgereik by wyse van omsendbriewe, prosedure- en ander handleidings. Tydens samesprekings, streekhoofdevergaderings, streekkonferensies, konsultasies, ens., word leiding aan sy eie beamptes gegee.

Die departementele inspekteurs doen die nodige kontrole inspeksies en gee leiding aan beamptes. Verder word die gehalte van

die werk wat in die departementele kantore gedoen word vanuit die hoofkantoor beheer by wyse van die bestudering van onder meer verslae oor indiensopleidingstake, gevallewerk- en inspeksieverslae. Enige tekortkominge word of skriftelik of persoonlik onder die aandag van die betrokke beampte(s) gebring.

Wat die werk van welsynsorganisasies betref hou die Departement hom ook verantwoordelik vir die handhawing van minimum standaarde. By wyse van voorligting reik die Departement omsendbriewe en handleidings[1] uit. Hierdie voorligtingstukke word normaalweg uitgereik na oorlegpleging en met die instemming van die betrokke welsynsorganisasies en ander instansies wat daarby belang mag hê. Hierdie wyse van samewerking word bewerkstellig deur die aanstelling van of 'n werkgroep of 'n komitee van ondersoek wat dan 'n verslag en aanbevelings oor die aangeleentheid moet uitbring. Tans is bv. 'n komitee van ondersoek wat in 1967 deur die Sekretaris van die Departement aangestel is, besig met die opstel van standaarde vir versorgingsoorde, terwyl 'n ander komitee, ook deur die Sekretaris aangestel, ondersoek in stel na die Normbepaling vir Gevalleladings van Maatskaplike Werkers in diens van Welsynsorganisasies. Die lede van sodanige komitees word op versoek van die Departement deur die belanghebbende organisasies en ander instansies benoem.

Deur middel van die inspeksie van bestaande dienste, uitbreiding

---

1. Behalwe die handleidings wat in die Uitgawe Reeks van die Departement verskyn is daar die Handboek vir Kinderinrigtings, 1956. (hierdie handleiding kan met vrug hersien word).

van dienste, en die instelling van nuwe dienste sowel as deur die kanalisasie van verslae aan howe en ander instansies word verseker dat die diensleweringstandaarde gehandhaaf word.

Dit is duidelik dat die Departement voldoen aan die doel en taak van standaardbepaling as 'n element van gemeenskapsorganisasie en dit aanpas aan veranderende omstandighede en ontwikkeling. Hierdie diens kan egter verbeter word deur sekere voorskrifte en handleidings wat net aan departementele kantore uitgereik word ook aan welsynsorganisasies indien nodig in 'n gewysigde vorm, beskikbaar te stel.

H. Samevatting en eie opvatting

Met die stigting van die Departement van Volkswelsyn het dit reeds 'n statutêre mandaat, soos vervat in die voorgeskrewe pligte van 'n proefbeampte in die Kinderwet, asook 'n administratiewe mandaat soos vervat in die verslae en aanbevelings van die staatsdiensinspekteurs en die kabinetskomitee, gehad om gemeenskapsorganisasie te beoefen. Hierdie verantwoordelikhede was nooit as sodanig identifiseer en omskrywe nie. In 1969 word dit deur die staatsdiensinspekteurs duidelik omskrywe en word 'n afdeling vir welsynsbeplanning in die hoofkantoor van die Departement ingestel met dienooreenkomstige afdelings in die streeksorganisasie van die Departemente.

Hierdie navorsing het aan die lig gebring dat ten opsigte van die elemente van probleem-omskrywing en programmering in gemeenskapsorganisasie die Departement in elke opsig voldoen aan die doel en

taak daarvan. Wat die element van koördinasie en integrasie betref het die Departement reeds veel vermag. Sekere leemtes is uitgewys wat verdere aandag en opknapping verg. Desgelyks het die Departement noemenswaardige sukses behaal in verband met die opvoedings- en bevorderings proses in gemeenskapsorganisasie. Ook wat hierdie element betref is daar sekere aspekte wat hersien behoort te word om dit aan hedendaagse ontwikkelings aan te pas. Dit is duidelik dat die doel van finansiering as 'n gemeenskapsorganisasie verantwoordelikheid in die praktyk verantwoord word. Daar is egter ook aspekte wat verdere aandag verg. Wat standaardbepaling betref slaag die Departement daarin om dit aan te pas aan veranderende omstandighede en ontwikkelings.

Dit is dan ook duidelik dat die Departement sedert sy instelling steeds gemeenskapsorganisasie beoefen en dat dit 'n baie belangrike aspek van die werksaamhede van die Departement uitmaak. Omdat hierdie diens nog nie as sulks geïdentifiseer en omskrywe was nie is dit nog nie op dieselfde wyse as ander dienste geëvalueer nie.

Die evaluasie van hierdie diens val eintlik buite die terrein van hierdie navorsing en leen homself tot 'n wetenskaplike ondersoek.

'n Ander aspek wat 'n wetenskaplike ondersoek verg is die wyse waarop die metodes in die Maatskaplike Werk benut word ter bevordering van die wording van 1. hervestigde gemeenskappe, 2. onder-ontwikkelde gemeenskappe - Blank sowel as nie-Blank - en 3. afhanklike gemeenskappe (gemeenskappe met 'n hoë voorkoms van maatskaplike probleme) en veral die doel en taak van gemeenskapsorganisasie in hierdie verband.

# D Ė E L  III

## BEVINDINGS EN ENKELE RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS

HOOFSTUK 11

# BEVINDINGE, ENKELE RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS EN SLOTBESKOUING

## A. Bevindinge

1. Die Kerk het sedert die Volksplanting voortdurend gemeenskaps-organisasie beoefen en was naas sy barmhartigheidsdiens besig om maatskaplike behoeftes en hulpbronne opmekaar af te stem en soos die behoeftes ontstaan het nuwe hulpbronne te ontgin en te ontwikkel. Die glanspunte in die Kerk se gemeenskapsorganisasie bedrywighede was: die versorging van die verweesde kind deur pleegsorg, kinderhuise en industrieskole, en veel later gesinsorgdienste; die versorging van bejaardes deur die oprigting van tehuise vir bejaardes; die versorging van die behoeftiges deur nedersettings; konferensies en onderhandelings met die owerheid om die lot van die verarmde Blanke te versag; en gedurende die afgelope drie dekades deur gebruikmaking van die dienste van maatskaplike werkers, pastorale sielkundiges en die benutting van die dienste van ander dissiplines die barmhartigheidsdiens so uit te brei dat in die individuele, groeps- en gemeenskapsbehoeftes voorsien kan word. In hierdie gemeenskaporganisasiebedrywighede het die Kerk gebruik gemaak van die tegnieke en metodes eie aan gemeenskaporganisasie en daardeur die prosesse van gemeenskapsorganisasie in werking gestel en bevorder. Sekere kerke en kerklike instellings was en is volgens oortuiging meer bedrywig op die gebied as ander.

2. Die private inisiatief het reeds gedurende die negentiende eeu gemeenskapsorganisasie beoefen met die daarstelling van welsyns-organisasies om in blootgelegde maatskaplike behoeftes te voorsien.

Die aktiwiteite van die private inisiatief het eers werklik beslag gekry na die Tweede Vryheidsoorlog met die stigting van die A.C.V.V., S.A.V.F. en die Kindersorgverenigings. Namate bevolkingsdigtheid toegeneem het, is meer en meer welsynsorganisasies gestig en namate die behoefte hom voordoen, word spesialiteitsorganisasies gestig. Ten einde funksionele koördinasie te bevorder en diensleweringstandaarde te verhoog, groepeer hierdie spesialiteitsorganisasies hulleself in nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies.

3. Plaaslike koördinasie van die groot verskeidenheid van welsynsorganisasies kon nieteenstaande heldhaftige pogings nie verwesenlik word nie, waarskynlik omdat ervare opgeleide gemeenskapsorganisasiewerkers nie beskikbaar was nie, en/of omdat hierdie koördinerende rade nie maatskaplike werkers in diens geneem het nie.

4. Dit is 'n leemte in die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur dat plaaslike welsynspogings van die verskillende welsynsorganisasies nie op verteenwoordigende basis gekoördineerd is nie, en dat weens hierdie leemte daar oorvleueling van sekere dienste mag wees, terwyl daar vir sekere maatskaplike behoeftes geen voorsiening gemaak is nie. Dit werk belemmerend in op diebeplanningsaspek.

5. Die groot aantal nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies funksioneer desgelyke ongekoördineerd, hoewel daar veral by daardie liggame wat maatskaplike werkers in diens het, 'n behoefte tot gekoördineerde optrede bestaan.

6. Die bestaansreg van sekere sogenoemde nasionaal-georganiseerde welsynsorganisasies kan met reg bevraagteken word, en dit blyk die aangewese weg te wees om 'n norm daar te stel waaraan 'n welsynsliggaam moet beantwoord om aanspraak op registrasie as 'n nasionaal- of provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasie te mag maak.

7. Daar bestaan 'n mate van twyfel oor die wyse waarop die welsynsterrein beset word; die opname in verband met bestaande welsynsdienste wat die Departement op versoek van die Nasionale Welsynsraad in Noord-Transvaal onderneem, behoort heelwat lig op die saak te werp; indien geregverdig moet die opname uitgebrei word om die hele Republiek te dek; en die bevindings benut word om 'n balans tussen maatskaplike behoeftes en hulpbronne te bewerkstellig.

8. Die gemeenskapskas en ander vorme van gesamentlike fondsinsameling kon nie beslag in Suid-Afrika kry nie; op die terrein van fondsinsameling is wel oorvleueling, en sekere welsynsorganisasies word in hulle taak belemmer weens die gebrek aan fondse; en behalwe vir riglyne en vereistes wat deur die Staat gestel word in verband met die subsidiëring van sekere dienste speel finansiering as sodanig 'n negeerbare rol in die nasionale, streeks- en plaaslike welsynsbeplanningsprogram.

9. Die inisiëring van welsynsdienste het tradisioneel die verantwoordelikheid van die private inisiatief geword, en die Staat verleen slegs finansiële hulp nadat die noodsaaklikheid vir die lewering van 'n spesifieke welsynsdiens deur die private inisiatief bewys is.

10. Dit word tradisioneel aanvaar dat die private inisiatief maatskaplike behoeftes en hulpbronne op mekaar moet afstem en dat die Staat die verantwoordelikheid het om te verseker dat die balans tussen maatskaplike behoeftes en hulpbronne behoue bly.

11. Die Departement van Volkswelsyn is gestig omdat daar ꞌn behoefte ontstaan het aan ꞌn sentrale gesagsliggaam om die land se welsynsdienste te koördineer en te integreer; om die welsynsbeleid neer te lê en te reël vir die uitvoering daarvan; en om die oorkoepelende verantwoordelikheid te aanvaar om te verseker dat die balans tussen welsynsbehoeftes en hulpbronne behoue bly.

12. Die Departement hou hom sedert sy instelling as ꞌn Departement van Volkswelsyn besig met gemeenskapsorganisasie; hierdie aktiwiteite van die Departement word nie as sodanig gesien en beskrywe nie; daar was ꞌn oorbeklemtoning van die gevallewerk ten koste van die gemeenskapsorganisasiewerk en verantwoordelikheid; as gevolg van die oorbeklemtoning van die gevallewerk was die departementele veldwerk langsamerhand beskou as dieselfde tipe van werk wat deur die maatskaplike werkers van welsynsorganisasies onderneem word; die aansien van die Departement word hierdeur geskaad en die indruk verwek dat die Departement op die diensleweringsterrein in konkurensie tree met die welsynsorganisasies; indien die gemeenskapsorganisasietaak en verantwoordelikheid van die Departement eerder as sodanig identifiseer en omskrywe was, sou die oorkoepelende beplannings- en organiseringsverantwoordelikhede met gepaardgaande beleidbepalingsverantwoordelikhede sterker

op die voorgrond getree het; met die prysenswaardige herbeskrywing van die doel en funksies van die Tak Professionele Welsynsdienste en die instelling van 'n Afdeling vir Welsynsbeplanning in die Departementele organisasie is daar 'n klemverskuiwing na die funksionele belangrikheid van gemeenskapsorganisasie; die huidige Sekretaris van Volkswelsyn het hom doelbewys beywer vir hierdie klemverskuiwing; sekere aanbevelings van die Staatsdiensinspekteur rakende die streekorganisasie van die Departement kan die suksesvolle uitbouing van hierdie beweging nie net skaad nie maar in die wiele ry.

13. Die Departement benut strukturele hulpmiddels en waar nodig word sodanige hulpmiddels ontwikkel, bv. statutêre rade.

14. Die Nasionale Welsynsraad met sy Spesialiteitskommissies en Streekswelsynsrade vervul 'n besondere funksie. Aangesien hierdie statutêre rade nie verteenwoordigend is van die nasionale, streeks- en plaaslike welsynspogings nie, blyk dit dat daar 'n leemte in die welsynstruktuur van die land is.

15. 'n Duidelike omskrywing van die funksies van die Kommissies is gerade en die kommunikasie tussen die Streekswelsynsrade kan met vrug hersien word.

16. 'n Unieke werksverdelingsooreenkoms is getref tussen die Departement aan die een kant en die private inisiatief aan die ander kant; hierdie ooreenkoms het koördinasie en integrasie van dienslewering bevorder; onderlinge verhoudings is hierdeur verstewig; daar bestaan 'n mate van verwarring omdat die Kerk se

werksaamhede en doel nie duidelik omskrywe is nie; daar bestaan onduidelikheid oor sekere begrippe soos wangedrag, statutêr gerigte maatskaplike werk, ens; en dit is noodsaaklik om die werksverdeling en begripsomskrywing van tyd tot tyd te hersien en by veranderende omstandighede aan te pas.

17. Die groot aantal Staatsdepartemente met welsynsverantwoordelikhede en die toenemende aantal staatsdepartemente wat maatskaplike werkers in diens neem skep verwarring by die welsynsorganisasies sowel as by die publiek. Die Oorlegplegende Tussen-Departementele Komitee van Volkswelsyn en Pensioene, Kleurling-betrekkinge en Rehobot-aangeleenthede, Indiërsake, en Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling pleeg oorleg hoofsaaklik op administratiewe vlak; die Departemente van Gevangenisse, die Weermag, Arbeid, en die Provinsiale Administrasies, wat ook maatskaplike werkers indiens neem, is nie op hierdie Tussen-Departementele Komitee verteenwoordig nie, en daar word dus nie van owerheidsweë doelgerig afgestuur op die ontwikkeling van 'n eenvormige beleid en standaard van maatskaplike werkdienslewering nie.

18. Die hele veld van hulpverlening aan nuwe gemeenskappe, hervestigde gemeenskappe, onderontwikkelde gemeenskappe en afhanklike gemeenskappe om hulle eie maatskaplike behoeftes te identifiseer, en die begeerte en wil te kweek om self daaraan te werk, lê nog braak. Die krag van die gemeenskap word dus nog nie ten volle benut in die voorkoming van maatskaplike behoeftes en maatskaplike probleme nie.

19. Kommunikasiekanale is goed ontwikkel dog kan verbeter word deur geleenthede te skep vir sekere belangegroepe soos nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies, streekswelsynsrade ens. om gereeld en direk te konfereer oor gemeenskaplike aangeleenthede.

20. Daar bestaan groot verwarring in die gebruik van die terme gemeenskapsorganisasie en gemeenskapsontwikkeling; daar moet duidelikheid wees in 'n vakgebied oor die terminologie in gebruik; en dit word aanbeveel dat gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk aangedui word met die term gemeenskapswerk. Dit word verder aanbeveel dat die Vaktaalkomitee daaraan oorweging skenk om dit so in hulle Woordeboek op te neem.

B. Enkele riglyne vir die toekoms

Waar daar nou met hierdie ondersoek sekere maatskaplike toestande, behoeftes en probleme blootgelê is, en die doel en taak van gemeenskapsorganisasie in die algemeen en meer spesifiek soos beoefen deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene geskets is, is dit noodsaaklik om ook die laaste doelstrewe van die navorsing naamlik om enkele riglyne vir die toekoms te trek, af te handel.

Na aanleiding van die ondersoek wat ingestel is, die beskrywing van gemeenskapsorganisasiebedrywighede waarby die Staat, die Kerk en die welsynsorganisasies gemoeid is, en die bevindings wat daaruit voortvloei, kan 'n hele reeks aanbevelings wat as

riglyne vir die toekoms kan dien aan die hand gedoen word. Wanneer daar egter gelet word op die besondere posisie waarin Suid-Afrika verkeer as 'n veelrassige land met die aanvaarde Regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling vir elke rassegroep, is dit duidelik dat die welsynsbeleid van die land en die welsynstruktuur by hierdie beleid moet aanpas.

Sonder om hom te waag op die terrein van die politieke filosofie, wat sterk onder die druk van 'n wêreldbeskouing van permissiwiteit en absolute gelykstelling, met 'n oorbeklemtoning van menseregte, (eintlik die gewaande regte van die individu) gebuk gaan, is die navorser van mening dat die welsyn van die Blanke-bevolkingsgroep so ineengestrengel is met die van die nie-Blanke-groepe dat die een onafskeidbaar is van die ander en dat intergroepsamewerking onontbeerlik is. Dit is noodsaaklik om 'n welsynstruktuur vir die land daar te stel waarin en waardeur daar ruim voorsiening sal wees vir die bekamping van maatskaplike probleme, en vir die voorsiening in die maatskaplike behoeftes van die verskillende rassegroepe, en vir die maatskaplike, kulturele, godsdienstige, ekonomiese en algemene ontwikkeling van hierdie rassegroepe op so 'n wyse dat dit bevordelik sal wees vir die algemene welsyn van die samelewing in Suid-Afrika.

Die voorafgaande dui op die noodsaaklikheid om die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur nie net in oënskou te neem nie maar om dit te toets aan die eise wat die samelewing van Suid-Afrika daaraan stel en daarvolgens 'n bloudruk vir die toekoms op te stel.

Om te voorkom dat daar net lapwerk gedoen word, is dit duidelik dat die riglyne vir die toekoms in twee groepe moet val naamlik kort- en langtermynbeplanning.

1. <u>Korttermynbeplanning</u>

Wat die korttermynbeplanning betref is noodsaaklik dat -

a. Die Kerk duidelikheid vir homself moet verkry oor die rol van die maatskaplike werk met sy spesialiteitsrigtings in die Barmhartigheidsdiens van die Kerk; die wyse waarop hierdie dienste die kerklike ampte moet en kan aanvul; en dat hierdeur ŉ eie en kerklike filosofie sal ontwikkel wat hierdie dienste sal onderskei as dienste eie aan die besondere Kerk.

b. Die werksverdelingsooreenkoms volgens die Departement se Gekonsolideerde Omsendbrief no. 25 in hersiening geneem word, met ŉ duidelike omskrywing van begrippe soos <u>statutêr gerigte</u> maatskaplike werk, wangedrag, ens., en wat met rekonstruksie- en nasorgdienste beoog word; wie die verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar en waarom; en dat daar duidelik aangetoon moet word wat die werksterrein en verantwoordelikhede van die Kerk en die welsynsorganisasies is en hoe en waar spesialiserende organisasies in die patroon inpas.

c. Met die klemverskuiwing na gemeenskapsorganisasie as ŉ omskrewe verantwoordelikheid van die Departement moet aandag gegee word aan formele opleiding aan daardie beamptes wat met gemeenskapsorganisasiewerk belas word, sowel as die streekhoofde wat in ŉ supervisiehoedanigheid moet optree. Weens die gebrek

aan teoretiese vakkennis behoort hierdie opleiding bywyse van ŉ kort formele akademiese kursus, aangevul deur indiensopleiding, aangebied te word. Die toegewing dat beamptes van die Departement met volle salaris vir een jaar Maatskaplike Werk nagraads aan ŉ erkende universiteit kan studeer, kan goedskiks benut word om senior beamptes in gemeenskapsorganisasie op te lei [1].
Dit sal verseker dat binne bestek van ŉ paar jaar ŉ kern van opgeleide gemeenskapsorganisasiewerkers beskikbaar sal wees.

d. Die volgende strukturele hulpmiddels ondersoek en aangepas word aan hedendaagse eise -

(1) Die sentrale gevalleregister;

(2) Plaaslike en streekskakelkomitees vir maatskaplike werk;

(3) Staande konferensies van Streekswelsynsrade;

(4) Staande konferensies van erkende nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies; en

(5) Die samestelling van die Kommissie vir Welsynsbeplanning en omskrywing van sy funksies om aanpassing te vind by die Welsynsbeplanningsafdeling van die Departement.

---

1. Die Kabinet het op versoek van die Departement en op aanbeveling van die Staatsdienskommissie goedgekeur dat drie beamptes elke jaar vrygestel word met volle salaris vir voltydse nagraadse studie in maatskaplike werk.

e. Aangesien daar 'n behoefte bestaan om duidelik leiding te neem en te gee in verband met die versorging van die verweesde kind, die Departement oorweging verleen aan die instelling van 'n spesialiteitsafdeling in die Professionele Tak van sy Hoofkantoor-organisasie vir die doel.

f. Aangesien die subsidiëring van welsynsdienste 'n integrerende deel van beplanning is, behoort die subsidiëring van hierdie dienste oorgedra te word aan die Administrasie van Kleurlingsake en die Departement van Indiërsake ten behoewe van dienste aan die Kleurlinge en Indiër bevolkingsgroepe.

g. Ten einde die nodige skakeling en 'n meer doeltreffende samewerkende verhouding tussen Nywerheidskole en Verbeteringskole en die velddiens van die Departement daar te stel, onderhandelinge aangeknoop word om direkte verteenwoordiging van die betrokke streekkantore op die Bestuursrade van hierdie inrigtings op statutêre basis te verkry.

h. Ter wille van die opvoedkundige en bevorderingsaspekte van welsynswerk meer publisiteit oor die werk van die Departement en welsynsdiens oor die algemeen verleen word.

2. Langtermynbeplanning

Wat die langtermynbeplanning betref blyk dit die aangewese weg te wees dat die Kabinet 'n Kommissie van Ondersoek, bestaande uit deskundiges, sal saamstel om ondersoek in te stel en aanbevelings aan die Kabinet te verstrek oor die welsynstruktuur van die land.

Die omvang van sodanige ondersoek is sulks dat die komitee bygestaan behoort te word deur studiegroepe om sekere spesialiteitsrigtings te ondersoek. Omdat die tegnologiese ontwikkeling die mens direk raak, is dit gerade dat op die kommissie van ondersoek naas verteenwoordigers van die geesteswetenskappe ook verteenwoordigers van die natuurwetenskappe sal dien.

Wat die suiwer welsynsterrein en meer spesifiek die maatskaplike werk terrein betref, behoort aandag gegee te word aan onder andere:

a. Die Staatsdiensstruktuur, veral die noodsaaklikheid dat welsynsdienslewering deur elf staatsdepartemente en die vier Provinsiale Administrasies onderneem moet word en maatskaplike werkdienslewering deur sewe staatsdepartemente en die vier Provinsiale Administrasies onderneem moet word; die aard, omvang en magte van Tussen-Departementele Komitees wat noodsaaklik is om welsyns- en maatskaplike werkdienste van die Staat te koördineer, en te verseker dat 'n uniforme beleid en diensleweringsstandaarde gehandhaaf word;

b. Die doeltreffendheid van maatskaplike wetgewing; die samestelling van statutêre rade soos die Nasionale Welsynsraad, Kommissies en Streekswelsynsrade, die Suid-Afrikaans Raad vir Alkoholisme, die onderskeie Jeugrade (Departement van Arbeid), ens.; die statutêre funksies wat aan hierdie rade toegewys moet word met die oog op die maatskaplike behoeftes van die onderskeie rassegroepe en die uitbouing van 'n eenvormige maatskaplike beleid; die daarstelling van strukturele hulpmiddels vir hierdie rade ten einde

te verseker dat die openbare mening van die onderskeie rassegroepe aan die owerheid vertolk kan word en die steun van die hele gemeenskap van Suid-Afrika verkry en behou word.

c. Die rol en taak van die Kerk op die welsynsterrein.

d. Die rol en taak van die private inisiatief op die welsynsterrein en meer spesifiek onderlinge werksverdeling; die terrein van die spesialiserende welsynsorganisasies; waaraan 'n welsynsorganisasie moet beantwoord om nasionale status te verwerf; die koördinerings- en konsulteringsvlakke van erkende nasionaal- en provinsiaal-georganiseerde welsynsorganisasies en plaaslike welsynsorganisasies; die finansiering van welsynsdienste; die noodsaaklikheid vir die daarstelling van 'n nasionale beleid en desnoods kontrole in verband met fondsinsameling; en die rol wat finansiering speel in beleidsbepaling.

e. Die rol en taak van plaaslike owerhede ten opsigte van welsynsdienste en meer spesifiek maatskaplike werkdienste. Indien plaaslike owerhede weens veranderende omstandighede sekere maatskaplike werk verantwoordelikhede moet onderneem, watter kontrolestelsel daar gestel kan word om uniformiteit te verseker.

f. Wat die behoeftes van nuwe gemeenskappe en hervestigde gemeenskappe is en wie die verantwoordelikheid moet aanvaar om hierdie gemeenskappe te help om hulle eie behoeftes te identifiseer en daaraan te werk.

g. Tot welke mate doelgerigte gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling 'n bydrae kan lewer om maatskaplike probleme die

hoof te bied en verdere maatskaplike probleme te voorkom, en wie die verantwoordelikheid moet aanvaar om hierdie dienste te inisieer en van stapel te stuur.

h. Die noodsaaklikheid vir 'n eenvormige opleiding van maatskaplike werkers, die aard en omvang van die kursus, spesialisasie en nagraadse opleiding, die integrering van die praktiese opleiding by die teoretiese opleiding, ens.

Sodanige ondersoek sal dus hoofsaaklik daarop toegespits wees, om die huidige maatskaplike werkdienste te toets aan die vereistes wat die hedendaagse veelrassige Suid-Afrika-samelewing stel ten opsigte van o.m. die kultuurverband; om die ontwikkeling van welsyns- en maatskaplike werkdienste 'n eg Suid-Afrikaanse kleur te besorg ter bevordering van 'n volkseie maatskaplikewerk filosofie; en om die Suid-Afrikaans welsynstruktuur in oënskou te neem en so uit te bou dat dit sal beantwoord aan die behoeftes van die veelrassige Suid-Afrika-samelewing.

C. Slotbeskouing

Met hierdie navorsing is 'n poging aangewend om die ontwikkelingsgang van Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die Maatskaplike Werk in Suid-Afrika en byname die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aan te toon.

Daar word gehoop dat, aangesien geensins te kenne gegee word dat hiermee die laaste woord hieroor gespreek is nie, hierdie

bydrae 'n stimulus sal wees tot verdere navorsing in diens van Volk en Vaderland.

Kenmerkend van welsynswerk is dat dit nog steeds gedra word deur geloof, volharding, besinning en 'n roepingsbewustheid wat vervulling vind in naasteliefde gebore uit die liefde tot en geloof in God.

BYLAE A.

Studieprogram vir 'n studie van gemeenskapsorganisasie deur ondersoeker onderneem in Noorweë, Nederland en Engeland. (Hierdie program was vooraf aan die Departement van Buitelandsesake beskikbaar gestel om aan die hand daarvan die nodige onderhoude en besoeke te reël).

1. Gemeenskapsorganisasie vir Maatskaplike Welsyn soos onderneem deur:
   (a) Die Staat.
   (b) Plaaslike Owerhede en
   (c) Private welsynsorganisasies, insluitende die verskillende Kerke.

2. Die daarstelling en funksionering van gemeenskapskaste en ander kollektiewe geldinsamelings ondernemings en veldtogte.

3. Die instelling, funksionering en kontrole van koördinerende rade (Nasionaal, Streek en Plaaslik).

4. Die instelling, funksionering en kontrole van sentrale registers.

5. Die instelling, funksionering en kontrole van nasionale koördinerende liggame van private welsynsorganisasies met ooreenstemmende doelstellings. (Bv. Nasionale Rade vir Kindersorg, Geestelikgestremdes, Blindes, die Alkoholis, ens.).

6. Behuisingskemas of dorpe en gemeenskapsorganisasie vir Maatskaplike Welsyn in sulke areas onderneem. Identifikasie van liggame (Staats, Plaaslike Owerhede en Private ondernemings) wat verantwoordelik is vir die daarstelling van behuisingskemas en dorpe, asook die liggame verantwoordelik in die gemeenskapsorganisasie vir maatskaplike welsyn.

7. Gemeenskapsontwikkeling programme en die gemeenskapsorganisasie in maatskaplike welsyn wat in sulke programme onderneem word. Identifikasie van verantwoordelike liggame (Staat, Plaaslike Owerhede en Private ondernemings).

8. Die rol van gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers (gemeenskapsorganisasiewerkers) en ander opgeleide personeel in gemeenskapsorganisasie programme.

9. Dit sal waardeer word indien onderhoude met die volgende persone gereël kan word -

(a) 'n Verantwoordelike amptenaar op die personeel van 'n plaaslike owerheid, wie daartoe in staat sal wees om gegewens te verstrek ten opsigte van die werksaamhede van plaaslike owerhede, en private welsynsorganisasies in die algemeen, of in die area van jurisdiksie van die plaaslike owerheid.

(b) 'n Uitvoerende lid op die personeel van:

(i) 'n Koördinerende liggaam van 'n welsynsorganisasie soos die bejaarde, die alkoholis, die liggaamlik gestremde persoon, ens.

(ii) 'n Behuisingskema.

(iii) 'n Gemeenskapskas.

(iv) 'n Sentrale register.

(v) 'n Organisasie wat aktief gemoeid is met gemeenskapsorganisasie op plaaslike-, provinsiale- of nasionale vlak.

BYLAE B.

In Noorweë was onderhoude gevoer met beamptes van:-

"The Ministry of Social Affairs;

Oslo Municipality;

Diakonirad for den Norske Kirke (Council of the Norwegian Church);

State school of Social Work; and

The ministry of Labour and Local Government."

Hierbenewens was die volgende inrigtings en instellings besoek:-

Beskutte Arbeidswerkswinkel; skool vir dowes; hostel vir boemelaars; en 'n behandelingsentrum vir boemelaars, ten einde 'n oorsig te kry hoe hierdie dienste by ander instellings inskakel.

In Nederland was onderhoude gevoer met beamptes van:-

Die Ministerie van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk;

Nationale Federatie voor de Geestelijke Volksgezondheid;

Nationale Raad voor Maatschappelijk Welzijn;

Stichting Raad voor het Maatschappelijk Welzijn;

Nederlands Instituut voor Maatschappelijk Opbouw;

Nationale Bureau voor Kinderbescherming;

Nederlandse Federatie voor Bejaardezorg;

Centraal Archief en Inlichtingsbureau inzake het Inzamelingswezen;

Stichting Contact- en Adviesorgaan Bijlmermeer. (nuwe voorstad van Amsterdam wat op 'n gedeelte van die drooggelegde Bijlmermeer aangelê word.);

Het Nederlansche Blindenwezen; en

Stichting Opbouw Drenthe.

In Nederland is spesiale aandag gegee aan die opleiding van gemeenskapsorganisasiewerkers.

In Engeland was onderhoude gevoer met beamptes van:

"The Ministery of Housing and Local Government;

The Ministry of Labour;

The Ministry of Health;

The Ministry of Social Security;

The National Council of Social Service and its Departments of:

Employment and Productivity;

International Department;

Old Peoples Welfare;

Community Organisation Department; and

The Chief Information Officer.

The Association of London Housing;

The Welfare Department of London Borough of Southwark;

The Charity Commission;

Blackfriars Settlement; and

Bracknell Development Corporation (New Towns)"

In Suid-Afrika was onderhoude gevoer met onder andere:

Al die streekshoofde van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene

Die Direkteur van die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid;

Die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme;

Die Direktrise van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg;

Die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kreupelsorg;

Die Algemene Sekretaresse van die A.C.V.V.;
Die Algemene Sekretaresse van die S.A.V.F.
Die Bestuurder van die Nederduits Hervormde Kerk;
Die Direkteur van die Ondersteuningsraad van die Nederduits Hervormde Kerk;
Die Sekretaris van die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk;
Die Direkteur van die Apostoliese Geloofsending Welsynsraad;
Die Bestuurder van die Stedelike Behuisingsbond Kaapstad.
Die Hoof Welsynsbeampte van die Stedelike Behuisingsbond Kaapstad,en
Senior beamptes van die Behuisingsafdelings van die Stadsrade van Pretoria, Port Elizabeth en Kaapstad.

BIBLIOGRAFIE

Aanbevelings van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. Staatsdrukker, 1953. Pretoria.

Aankondiging van die gesinsjaar en die gesinskongres. Brosure uitgereik deur die beheerkomitee van die gesinsjaar en gesinskongres.

ALBERTYN, J.R. : "Die armesorg van die Transvaalse Kerk". Wonderdade van God: Jubileum gedenkboek 1842 - 1942. Voortrekker pers beperk 1942.

ALBERTYN, J.R. : Die helpende hand. Voortrekker pers, Johannesburg, 1938.

ANNO. : Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. Sesde jaargang. Cape Times, limited, vir Staatsdrukker 1945.

ANNO. : Community organization : Work in progress. Published by the National Council of Social Service, 26 Bedford Square, London, W.C.1

ANNO.: Some general remarks on the self-surveys in the province of Drenthe. Ministerie van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk werk, Rijswijk (ZK) - Nederland.

ANNO.: "The place of social work in community development": Social work in a changing world. Proceedings of the tenth international conference of social work. Rome 1961. Regional office for South East Asia, Bombay, India.

Annual report 1968, Blackfriars Settlement, 44-47 Nelson Square, London S.E.1.

"A note on terminology": Report of the european seminar on community development and social welfare in urban areas, United Nations, Geneva, 1959.

AURET, A.J.: Enkele aspekte in die ontwikkeling van professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.A. (S.W.) verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1965.

BAKKER, Dra J.K.: "Opleidingsproblemen".: Helpen als ambacht: Kamphuis en ander (tweede druk) 1955. Bosch & Keuning N.V. Baarn.

BARRY, Mildred C.: "An assessment of progress made by community organisation in identifying basic concepts and methods in social work education." Community organization in social work. Council of Social Work Education, New York, 1956.

Bejaardesorgbeleid. no. 3 van 1969: Reeks navorsing en inligting, Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

BLOM, E.M.: Die sentrale gevalle register. Praktiese taak : Gemeenskapsorganisasie. B.A. (Hons.) (S.W.) Universiteit van Pretoria, (ongepubliseerd).

BOER, J.: "Het 'andere' Amerika". Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 2(3), 5 Februarie 1967. N. Samson NV. Alphen van den Rhijn.

BOER, J.: Maatschappelijk opbouwwerk. Verkenningen op het gebied van "community organization" in Nederlandse verhoudingen. Van Loghum Slaterus. Arnhem 1960.

BOER? J.: "The war on poverty". Tydschrift voor maatschappelijk werk. 21(3), 5 Februarie 1967. N. Samson N.V. Alphen van den Rhijn.

BOSMAN, Faul, A.E.: Behuising in Kaapstad. D. Phil proefskrif (ongepubliseer) Universiteit, Stellenbosch, 1941.

BOTHA, Daniel. : Groepwerk in inrigtings. Ongepubliseerde proefskrif vir die graad Doctor Philosophiae, Universiteit van Pretoria, 1965.

BOTHA, L.L.N.: Die maatskaplike sorg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1928 - 1953). Paarlse drukpers mpy.(edms) bpk. 1957.

BOUWER, C.L.: "Social workers and the Community". Community organization in action. Edited by Harper E.B. & Dunham A. Associated press, New York, 1964.

BOUWMAN, H.: Gereformeerd Kerkrecht (eerste deel) J.H. Kok Kampen. 1928,

BRILLENBURG, Wurth, G.: Het christelijk leven. J.H. Kok Kampen MCMVII.

BRUMMER, Felix,: "Die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief in die professionele maatskaplike werk in Suid-Afrika". Professionele maatskaplike werk. Onder redaksie van prof. G. Cronje, J.L. van Schaik beperk, Pretoria, 1965.

BRUNO, F.J.: Trends in social work. Columbia University Press, New York, 1948.

Chamers etymological dictionary, W & R. Chambers ltd. London, 1929.

CILLIERS, S.P.: Maatskaplike navorsing. Metodologiese prosedures en tegnieke. Kosmo uitgewery Stellenbosch 1965. Deel IV.

COETZEE, J.H.: Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pro-rege Pers beperk, 1953.

COETZEE, J.H. : Verarming en oorheersing : Nr. XXII die Tweede Trek-Reeks. Nasionale pers beperk, Bloemfontein. 1942.

COUGHLIN, B.J. : Church and state in social welfare. Columbia University Press, New York. 1965.

COULSON, R.: "The black voice and the board member": Child welfare: Journal of the Child Welfare League of America inc. XLVIII (8). October 1969. New York, N.Y. 10010.

CRONJE, G.: "Uitgangspunte by die maatskaplike werk" : Professionele maatskaplike werk, onder redaksie van prof. G. Cronje. J.L. van Schaik beperk, Pretoria, 1965.

DAHL, R.A. & Lindblom C.E.: Politics, economics, and welfare. New York, Harper Torch Books, 1963.

Debatte van die Volksraad: 22 Januarie tot 18 Junie 1965, deel 14. Staatsdrukker, Pretoria.

DE JONGH, J.F.: "The function of social work": Social work in a changing world its functions and responsibilities. Proceedings of the tenth international conference of social work, Rome, 1961. Published by International Conference of Social Work regional office for South East Asia and Western Pacific. Bombay (India).

DE KOCK, W.J.: Jacob de Villiers Roos 1869-1940: Lewenskets van 'n veelsydige Afrikaner. A.A. Balkema, Kaapstad.

Departement van Volkswelsyn: Verslag vir die boekjare 1937-1939: Staatsdrukker, Pretoria, U.G.15/40.

Departement van Volkswelsyn : Verslag vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949. Staatsdrukker, Pretoria. U.G.nr. 36/1950.

Departement van Volkswelsyn: Verslag vir die tydperk 1 April 1949 tot 31 Maart 1951. Staatsdrukker, Pretoria. U.G. 69/1951.

Departement van Volkswelsyn: Verslag vir die tydperk 1952 tot 1959. Staatsdrukker, Pretoria. U.G. 57/1959.

Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die tydperk 1959 tot 1962. Staatsdrukker, Pretoria. R.P. 58/1962.

Departement van Volkswelsyn en Pensioene: Verslag vir die tydperk 1962 tot 1964. Staatsdrukker, Pretoria, R.P. 32/1964.

Departement van Volkswelsyn en Pensioene : Verslag vir die tydperk 1964 tot 1966. Staatsdrukker, Pretoria. R.P. 67/1966.

Department of Justice: Annual report for the calender year 1911. U.G. 56/1912. Government Printer, Pretoria.

DE RUWE, J. Th.: "Enige bestuurlijke aspecten van de nieuwe woonwagenwet": Tijdschrift voor maatschappelijk werk. 22 (9), 5 Mei 1968.

DE WET, C.: Minister of mines and planning at official opening of the Ray-lite Battery Factory at Benoni on the 6th December, 1967.

DEWEY, J.: Democracy and education. The Macmillan Company, New York, 1916.

Dictionary of sociology, edited by H.P. Fairchild, Philosophical Library, New York City.

Die armeblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: Verslag van die Carnegie-kommissie. Pro-ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1932.

Die armeblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: Verslag van die Carnegie-kommissie. Deel V: Sosiologiese verslag. Pro-eccelesia drukkery. Stellenbosch 1932.

Die Suid-Afrika Wet van 1909.

Die verhouding tussen die staat en die partikuliere inisiatief in die professionele maatskaplike werk. No. 1 van 1962: Reeks Navorsing en Inligting, Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Division of responsibilities between child welfare socieites and social welfare officers. Circular minute, no. 19 of 1947: Library, Department of Social Welfare and Pensions.

DOWLING, E.M.: "History of the South African National Council for Child Welfare". (Up to January, 1966). Die direktrise, Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg. Notas waarvan 'n afskrif goedgunstiglik aan skrywer besorg is deur mev. Dowling.

DUNHAM, A.: "Community development": Social work year book 1960. Boyd printing co. inc. Albany, New York.

DUNHAM, A. : Community welfare organization: Principles and practice. Thomas Y. Crowell company, New York. Third printing, 1962.

DUNHAM, A.: "What is the job of the community organization worker?": Proceedings national conference of social work, Atlantic City 1948. Columbia press, New York, 1949.

DU TOIT, J.B. Steyn, A.F. en Rip, C.: Afwykende gedrag. 'n Studie van enkele maatskaplike probleme. Nason beperk, Kaapstad. 1965.

DU TOIT, P.: "Beginsels in opbouende armesorg": Verslag van die kerklike armesorg-konferensie. Kimberley, 6 en 7 Oktober 1934. Nasionale pers beperk, Bloemfontein.

ELOFF, D.J. : "Maatskaplike werk-navorsing as 'n faktor in welsynsbeplanning".: Konsepverslag nasionale konferensie oor welsynsbeplanning. Hoofstuk 6. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

ENGELBRECHT, G.K.: Social problems - theoretical exposition. Soos opgeneem in die notule van die streekkonferensie, Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Durban Streekkantoor, 1965.

FAIRCHILD, H.P.: Dictionary of sociology. Philosophical library, New York City.

FASTEAU, I.J.: "International social welfare": Social work yearbook, 1957. Boyd printing co. inc. Albany, New York.

FINK, A.E., WILSON, E.E. & CONOVER, M.B.: The field of social work (third edition). Henry Holt & Co. New York, 1955.

FLEXNER, A.: Is social work a profession?" in Proceedings of the national conference of charities and corrections, Chicago. 1915.

FOLLETT, Mary P.: "Democracy and group thinking": Community organisation in action: Edited by Harper E.B. & Dunham A. Association press, New York, 1964.

Fondsinsameling: Uitgawe no. 4 van 1969: Navorsing en Inligting: Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

FREDERICKSEN, H.: The child and his welfare (second edition). W.H. Freeman & Company, San Francisco, California, 1957.

FRIEDLANDER, W.A. : Introduction to social welfare. Prentice Hall, inc. New York, 1955.

FRONEMAN, G.F.: Adjunk Minister van Beplanning by geleentheid van die opening van die kongres van die Noordkaaplandse en aangrensende gebiede streekontwikkelingsvereniging, 7 November 1968.

FRONEMAN, G.F.: Adjunk Minister van Beplanning. Departement van Inligting, nr. 19/69(k). 12/2/69.

Gesinsorg skakelkomitees; Departementele lêer: Reeks 30/2. Departement van Volkswelsyn en pensioene.

Gids van rehabilitasiedienste deur staatsdepartemente gelewer: Uitgawe no. 3 van 1966 : Navorsing en Inligting: Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

GILLEN, J.L. & BLACKMAR, F.W. : Outlines of sociology. New York, the Macmillen Company, 1930.

Goewermentskennisgewing 1551: Staatskoerant, 8 September 1911, Staatsdrukker, Pretoria.

Goewermentskennisgewing 169: Staatskoerant nr. 2234 van 7 Februarie 1936. Staatsdrukker, Pretoria.

GREEN, Helen D.: Social Work practice in community organization. Whiteside, inc. and William Morran and Company, New York, 1954.

GREYLING, P.F.: Die Nederduits Gereformeerde Kerk en armesorg. Nasionale pers beperk, Kaapstad, 1939.

GROSHEIDE, F.W.: Korte christelijke encyclopaedie. J.H. Kok, Kampen, 1934.

GROVES, D.: "Community self-help groups": Case conference. 16(4). August, 1969. Case Conference limited., Croyden, C.R.O. L.B.D.

GURIN, A.: "The community organization curriculum development project: A preliminary report": The social service review. (42) December 1968. The University of Chicago Press, Chicago, Illinois.

HAAK, J.F.W.: Minister van Beplanning: Agenda en notule van die stigtingskongres van die Wes-Transvaalse ontwikkelingsvereniging. 11 September 1964.

Handboek vir kinderinrigtings: Opgestel deur die vakkundige afdeling, Departement van Volkswelsyn. Staatsdrukker, Pretoria. 1956.

Handleiding oor die versorging van bejaardes in tehuise: Departement van Volkswelsyn en Pensioene. 1970.

Handleiding vir indiensopleiding van vakkundige beamptes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Handleiding vir maatskaplike werk navorsing. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

HARPER, E.B. & DUNHAM, A.: Community organization in action. Associated press, New York, (4th printing), 1964.

HELM, BRUNHILDE.: A Cape Town directory of social welfare. Board of Sociological Research, University of Cape Town, 1959.

HELM, Brunhilde: Social work in a South African City. Board of Sociological Research, University of Cape Town, 1962.

HENDRIKS, G.: "Community development in highly developed countries": Social planning and community development. Ministry of Cultural Affairs Recreation and Social Welfare, the Hague, Netherland, 1967.

HENDRIKS, G.: Community organization: A collection of readings on social planning and community organization. Ministry of Social Work in the Netherlands, 1964.

HENDRIKS, G.: Community self-survey. Ministry of Cultural Affairs, Recreation and Social Welfare. Rijswijk (ZH) - the Netherlands.

HENDRIKS, G.: Social planning in Netherlands development areas.: Ministry of Social Work, the Hague, September, 1957.

HENDRIKS, G.: The role of local initiative and participation of the population in the development of social welfare programmes. Ministry of Culture, Recreation and Social Work. Rijswijk (ZH) - Netherlands.

HILLMAN, A. : Community organization and planning. The Macmillan Company, New York 1957.

HOEFNAGELS, H.: De problemen van het menselijk samenleven. Romen & Sonen Uitgevers, Maaseik.

HORNEY, Gertude, N.: "The social service exchange". The social service review. 25(1). March, 1951.

Hospitale Ordonnansie nr. 13 van 1913 (O.V.S.)

Inter-departementele komitee van ondersoek oor blanke arbeiders werksaam in die Suid-Kaapstreek van die Departement van Bosbou. Departementele lêer. Reeks: 5/2 Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Inter-nasionale organisasies: "International council on alcohol and addiction". Departemente lêer. reeks 7/5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Inter-nasionale organisasies: "International social services". Departementele lêer: reeks 7/5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

JONES, D.: "Co-operation, co-ordination and social planning" : New approaches to community work. Report of the biennial conference of the Standing Conference of Councils of Social Service, 25th - 17th September, 1967, at Culham College, Abingdon, Berkshire.

JOHNS, R. and DE MARCHE, D.F. : Community organization and agency responsibility. Associated press, 291 Broadway, New York, N.Y. 1951.

KAMPHUIS, M.: Vaart en tucht. De tydstroom, Lochum, 1958.

Kindersorg, "Suid-afrikaanse nasionale raad vir kindersorg". Departementele lêer reeks 52/6. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

KELSO, R.: The science of public welfare. Henry Holt and Company, New York, 1928.

KINNEMAN, J.A.: Society and education. Mcmillan, New York, 1932.

KLOMPE, M.A.M.: (Minister van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk werk) woonwagendag in utrecht: Trefpunt van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk. Orgaan van het Ministerie van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk, Den Haag, Nederland.

KURTZ, R.H.: "Bench marks of community organization": Community organization in action. Edited by Harper & Dunham. Associated press New York, 1964.

LAMBRECHTS, H.C. & THERON, Erika : Vroue volksdiens, H.A.U.M. Kaapstad en Pretoria, 1960.

LEAPER, R.A.B.: Community work. The National Council of Social Service, 26 Bedford Square, London WC. 1, 1968,

LEAPER, R.A.B.: New approaches to community work. Report of the biennial conference of the Standing Councils of Social Service 15th to 17th September, 1967, at Culham College, Abingdon, Berkshire, Eng.

LEPAWSKY, A.: Administration: The art and science of administration and management. New York, Alfred A. Knopf, 1955.

Liefdadige Instellings (Kontrole) Ordonnansie nr. 5 van 1926 (Transvaal).

LITTLEJOHN, E.R. : Introduction to community organization: Work in progress. The National Council of Social Services, 26 Bedford Square, London, W.C.1.

LOUWERSE, C.: "1892-1952, sixty years of settlement work in the Netherlands". Copied from "De Schalm" (3) June 1952, en aan skrywer oorhandig deur Ministerie van Cultuur, Recreàtie en Maatschappelijk Werk. Binnehof 7, Den Haag.

LUNDBERG, George, A.: Social research. A study in methods of gathering data. Green and Co. New York, London, Toronto, 1942.

LURIE, H.L.: The community organization method in social work education. Council on Social Work Education. 345 East, 46th Street, New York 17, N.Y. 1959.

Lys van welsynsorganisasies wat ingevolge die Nasionale Welsynswet, 1965, geregistreer is en bygehou deur die registrateur van welsynsorganisasies. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Maatskaplike werk : Vaktydskrif vir die maatskaplike werker. Posbus 233, Stellenbosch.

MANNHEIM, K.: Freedom, power and democratic planning. New York, Oxford, University Press, 1950.

MANNHEIM, K.: Man and society in an age of reconstruction. Routledge & Kegan Paul, London.

MCMILLEN, W.: Community organisation for social welfare. Chicago, University of Chicago, Press 1945.

Memorandum insake die Kinderwet no. 31 van 1937. Staatsdrukker, Pretoria.

Memorandum oor die werksverdeling tussen vrywillige welsynsorganisasies en die buitekantore van die Departement van Volkswelsyn. omsendbrief no. 56 van 1955. Biblioteek van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

MERTENE, C.: "Including social change in a new industrial society".: Modern government and national development. October 1969. The environment of man II. Waterlaw & Sons ltd. London, Great Britain.

Method and technique in social work: Brief report of a seminar : International Social Work. XLL(3) 1969. S.D. Gokhale, 175 Dadabhai Naoxoji Road, Bombay - 1, India.

MORRIS, R.: "Social planning": Five fields of social service. Edited by Henry S. Maas. National Association of Social Workers inc., 2 Park Avenue, New York, N.J. 10016, 1966.

MORRIS, R & BINSTOCK, R.H.: "Decisions confronting a planning spesialist". The social service review. March 1966. XL(1) The University of Chicago Press, Chicago, Illinois. U.S.A.

MULDER, C.P. : Minister van Volkswelsyn en Pensioene. Openingsrede: Konsep verslag. Nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Hoofstuk 1. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

MULLER, Annette.: Opleiding vir maatskaplike werk met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Ongepubliseerde proefskrif vir die graad Doktor in Maatskaplike Werk. Universiteit Stellenbosch.

Munisipale Ordonnansie no. 19 van 1951 (Kaap).

MURPHY, C.G. : "Community organization for social welfare". Social work yearbook, 1957. Boyd Printing co. Albany, New York.

MURPHY, C.G. : Community organization practice. Houghton Mifflin Company, the Riverside Press, Cambridge.

MURRAY, R.W. : Introductory sociology. Appleton-Century -Crofts. New York, 1946.

NAUDE, J.F.: Waarnemende Staatspresident by geleentheid van die amptelike ingebruikneming van die Colin Anderson House vir blindes Johannesburg, 6 Desember 1967.

NEWSTETTER, W.I. : "Social intergroup work": Community organization in action. Edited by Harper & Dunham, Association Press, New York. 1964.

NEWSTETTER, W.I. : "Teaching community organization in schools of social work": Community organization for social welfare by McMillen W. The University of Chicago Press, Chicago, Illinois, U.S.A. 1947.

Normbepaling vir gevalleladings van maatskaplike werkers in diens van gesinsorganisasies. No. 1 van 1966: Reeks Navorsing en Inligting, Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

NOTEBOOM, J.W. : "Het Centraal Archief en het verleden": Vragen en geven. N. Samson N.V. Alphen aan den Rhijn, 1966.

Notule van algemene vergadering, 1957. Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika : Voorsittersverslag vir die tydperk 25 Oktober 1954 tot 8 Junie 1957.

Notule van die een en vyftigste vergadering van die Nasionale Welsynsraad. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Notule van die konferensie van streekshoofde, 1964. Biblioteek. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Notule van die konferensie van streekshoofde, 1965. Biblioteek. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Notule van die stigtings kongres van die Wes-Transvaalse ontwikkelings vereniging 1964.

Notules van vergaderings van die Ad Hoc-komitee van Nasionaal en provinsiaal-georganiseerde Welsynsorganisasies met Opgeleide Welsynspersoneel in Diens. Sekretaris van die komitee, p/a Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg, Johannesburg.

ODENCRANTZ, L.C. The social worker in family, medical and psychiatric social work. Harper brothers, New York, 1929.

OELRICH, P.S. : Die ontstaan van die Ondersteuningsraad. (pamflet).

OLIVIER, G.F.: "Gemeenskapsorganisasie as 'n faktor in welsynsbeplanning, gesien vanuit die rol van die departement". Konsep verslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning 1969. Hoofstuk 3. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

OLIVIER, G.F.: Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg. Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, P.U. vir C.H.O. 1966.

Onderhoudstoelaes vir blanke gesinne. Uitgawe no. 2 van 1963; Navorsing en Inligting. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

ONOREVOLE, Fiorentino Sullo : Social Work in a changing world: Its functions and responsibilities. Proceedings of the tenth international conference of social work. Rome 1961. International Conference of Social Work Bombay (India).

Ordonnantie op Armenversorging en Inrichtingen van Liefdadigheid. (Ord. no. 4 van 1919) Kaap.

Ordonnansie op Hospitale nr. 13 van 1913. (O.V.S.)

Ordonnansie op Hospitale en Liefdadige Instellings nr. 8 van 1913 (O.V.S.)

Ordonnansie op Liefdadige Instellings (Kontrole) nr. 5 van 1926. (Transvaal).

Ordonnansie op Liefdadigheidsorganisasies no. 8 van 1932 (Natal).

Ordonnansie op Plaaslike Bestuur nr. 17 van 1939 (Transvaal).

Ordonnansie op Plaaslike Bestuur. Nr. 31 van 1942. (Natal).

OWENS, J.K. : "The Seebohm report and the future role of the voluntary bodies.: Social service quarterly, Spring 1969. The National Council of Social Service, 26 Bedford Square, London W.C. 1.

PARK, R.E. & BURGESS, E.W.: Introduction to the science of sociology University of Chicago Press, Chicago. 1921.

PARK, R.E.: An outline of the principles of sociology. Barnes & Noble New York.

PIEK, H.J. : "Die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur as 'n faktor in welsynsbeplanning: Verhouding tussen welsynsorganisasies". Konsepverslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Hoofstuk 2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

PIENAAR, T.C. : In diens van die volk. Oorsig van die werk en strewe van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie. Afrikaanse Pers Boekhandel Johannesburg, 1944.

PIETERSE, J.E. : "Groepwerk as metode in die maatskaplike werk": Professionele maatskaplike werk onder redaksie van Prof. G. Cronje: J.L. van Schaik, beperk, Pretoria.

PRAY, K.L.M.: "When is community organization social work practice": Community organization in action. Edited by Harper & Dunham Association Press, New York, 1964.

Proklamasie nr. 71 van 1950. Staatskoerant 4 Maart 1950. Staatsdrukker, Pretoria.

Proklamasie nr.78 van 1950. Staatskoerant, 31 Maart 1950. Staatsdrukker, Pretoria.

Prosedurehandleiding professionele dienste (welsyn), psigiatriese hospitale. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Prosedure handleiding vir streekkantore. Departementele lêer reeks 30/2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

PRUGER, R & SPECHT, H.: "Assessing theoretical model of community organization practice.": The social service review, 43(2), June, 1969. The University of Chicago press, Chicago, Illinois, U.S.A.

Rekonstruksie dienste. Departementele lêer reeks 30/2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Report of the committee on local authority and allied personal social services. Her Majesty's Stationery Office, London, July, 1968.

Report of the provincial commitee of inquiry into social and charitable work on the Witwatersrand. Government Printer, Pretoria.

Report of the South African national conference on the post-war planning of social welfare work. Government Printer, Pretoria, G.P.S. 4221.1945/6.

Report of the Union Department of Education for the calendar year 1935. Government Printer, Pretoria, 1936. U.G. no. 55, 1936.

ROSS, Murray, G.: Community organisation: Theory and principles. Harper and Row Publishers, New York, 1955.

"Samewerking tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en welsynsorganisasies op die gebied van maatskaplike velddienste". Gekonsolideerde omsendbrief no. 25. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Sentrab gevalle register. Departementele lêer. Reeks 51/23. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

SEYMOUR, H.J.: Designs for fund raising principles - patterns - techniques. Mcgraw-Hill Book Company. New York, 1966.

SIEDER, Violet M.: "The tasks of the community organization worker in the community organization method in social work education. by Lurie H.L. Council on Social Work Education, 345 East 46th Street, New York 17, N.Y.

SIMCOX, Beatrice R.: "The social service exchange: Its function and operation". Journal of social casework 28(9), November, 1947.

Skema vir die subsidiering van maatskaplike werkers in diens van welsynsorganisasies. Gekonsolideerde omsendbriewe nr. 33 en nr. 34. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Social service exchange: Summary report of research on the social service exchange. Bulletin no. 205: National social service exchange research committee; United Community Funds and Councils of America, Incorporated, New York, February, 1959.

Sosiografiese opname, die Erwe, Douglas: Uitgawe no 10 van 1964: Navorsing en Inligting, Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

SPIES, Lod. P.: "Oom Danie vertel: Hulp aan bosbouers en weeskinders". Die Voorligter, Oktober 1968. 31(11), De Kortestraat 117, Braamfontein, Johannesburg.

Staatsdienskommissie: Inspeksieverslag oor die organisasie en dienstaat van die Durbanstreek 26 Maart 1969. (Ongepubliseerd) departementele lêer. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Staatsdienskommissie: Inspeksieverslag oor die organisasie en dienstaat van die Johannesburgstreek. 6 Oktober 1969. (Ongepubliseerd). Departementele lêer. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Staatsdienskommissie: Inspeksieverslag oor die organisasie en dienstaat van die Kaapstadstreek. 13 Oktober 1969 (Ongepubliseerd) departementele lêer. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Staatsdienskommissie: Inspeksieverslag oor die organisasie en dienstaat van die Pretoriastreek. 1 Oktober 1969. (Ongepubliseerd) departementele lêer. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Staatsdienskommissie: Inspeksieverslag oor: Organisasie en diensstaat van die takke professionele welsynsdienste, maatskaplike hulpdienste en algemene hulpdienste van die hoofkantoor organisasie. 21 Januarie 1969 (ongepubliseerd) departementele lêer. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Stedelike Behuisingsbond, Kaapstad. Departementele lêer: reeks 51/7. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

STEYN, J.H.: "Finansiering deur vrywillige welsynsorganisasies": Konsep-verslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Hoofstuk 5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

STULTING, A.A.: Die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies ten opsigte van gemeenskapsorganisasie. Ongepubliseerde proefskrif vir die D. Phil-graad. Stellenbosch 1961.

STULTING, A.A.: "Gemeenskapsorganisasie as metode in maatskaplike werk": Professionele maatskaplike werk. Onder redaksie van Prof. G. Cronje. J.L. van Schaik beperk, Pretoria, 1965.

Subsidiering van maatskaplike werkers. Departementele lêer. Reeks 51/7. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Suid-Afrika Wet van 1909.

The needs of new communities. A report on social provision in new and expanding communities. Prepared by a sub-committee of the Central Housing Advisory Committee. Ministry of Housing and Local Government, Welsch Office. London, Her Majesty's Stationery office. Reprinted 1968.

THERON, Erika.: "Gemeenskapsorganisasie as 'n faktor in welsynsbeplanning gesien vanuit die rol van die vrywillige welsynsorganisasies". Konsepverslag. Nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Hoofstuk 3. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

THEORN, Erika.: Gemeenskapsorganisasie as 'n metode in die maatskaplike werk. Notule van die streekshoofde vergadering, Departement van Volkswelsyn en Pensioene. November 1966.

THERON, Erika & STULTING, A.A.: Maatskaplike dienste in Suid-Afrika. Universiteits-uitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch 1961.

THERON, J.S.: Die begrip maatskaplike werk met besondere aandag aan mens- en lewensbeskouing. D. Phil-proefskrif (ongepubliseerd) Universiteit van Pretoria. 1965.

Training for social work: Third international survey, United Nations.

Urban development - its implications for social welfare. Report by the pre-conference working party to the thirteenth international conference of social work, 1966.

VAN DE LEST, J.C.C.: Community self survey. Netherlands Ministry of Social Work, the Hague.

VAN DER WALT, Hester J.: 'n Ondersoek na die wyse waarop die metode van gemeenskapsorganisasie in maatskaplike werk deur die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie toegepas is tydens die oorname van sekere dienste van 'n stadsraad. M.A.(S.W.) verhandeling (ongepubliseerd) Universiteit van Pretoria. 1968.

VAN DER WALT, J.P.: Memorandum oor die prinsipiële fundering van Maatskaplike Werk aan die P.U. vir C.H.O. Ongepubliseerde brosjure, Potchefstroom. 1962.

VAN DER WALT, J.P.: Motiveringe vir die herinstelling van professionele Maatskaplike Werk-opleiding aan die P.U. vir C.H.O. Ongepubliseerde artikel. Potchefstroom. 1963.

VAN DER WALT, J.P.: Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. Ongepubliseerd M.Ed.-Verhandeling. 1969. P.U. vir C.H.O. Potchefstroom.

VAN DOORN, J.A.A.: "Professionalisering in het maatschappelijk werk" in Maatschappelijk werk: Krachten terreinen, methoden. Onder redaxtie van dr. J.M. Broekman. Van Gorkum en Companjie N.V. Assen, M.C.M.1.XIV.

VAN LOON, P.C.J.: Doelmatigheid van het maatschappelijk werk. L.C.G. Malmberg - Hertogen Bosch, 1950.

VAN LOON, P.C.J. : Priorities from the point of view of integral development strategy. Ministry of Cultural Affairs, Recreation and Social Welfare, the Hague, 1968.

VAN ROOSMALEN, H.P.A.: "De funksie van het maatschappelijk werk in onze hedendaagse maatschappij": Maatschappelijk werk. Onder redaksie van dr. J.M. Broekman. Van Gorkum & oom. N.V. - dr. H.J. Prakke, Assen MCMLXIV.

VAN ROOYEN, I.J.J. : "Praktykopleiding en indiensopleiding van professionele personeel". Konsepverslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Hoofstuk 4. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

VAN TONDER, J.: Openingsrede: Agenda en notule van die stigtings kongres van die Wes-Transvaalse ontwikkelings vereniging. 11 September 1964.

VAN VUUREN, H.P.J. : "Die finansiering van welsynsdienste deur die staat as 'n faktor in welsynsbeplanning". Konsepverslag van die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, 1969. Hoofstuk 5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

VENTER, J.D. & CRONJE, G.: Die patriargale familie. H.A.U.M. Pretoria.

Vereniging van Staatsamptenare: Kongres notule, 1950.

VERMEULEN, A.P.: "De beroepskracht in het maatschappelijke opbouwerk". Tijdschrift voor maatskappelijk werk, 16 (22), 20 Desember 1962. N. Samson N.V. Alphen aan den Rhijn.

Verslag oor 'n ondersoek in verband met maatskaplike werkers in diens van vrywillige welsynsorganisasies. Uitgawe no. 5 van 1962. Navorsing en Inligting. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van die departementele komitee van ondersoek oor die opleiding en indiensneming van maatskaplike werkers. Staatsdrukker, Pretoria. (U.G. 13/1950).

Verslag van die Departement van Arbeid, 1933. Die Staatsdrukker, Pretoria, U.G. nr. 43 van 1934.

Verslag van die interdepartementele komitee insake behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders en jongmense, 1934-1937. Staatsdrukker, Pretoria. 1937.

Verslag van die interdepartementele komitee van ondersoek insake die behandeling van die dranksugtige, 1962. Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Pretoria. (Ongepubliseerd).

Verslag oor internasionale konferensie. Helsinki. Departementele lêer reeks 7/5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van die komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies. (Ongepubliseerd). Biblioteek van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van die komitee van ondersoek insake gesinstoelae, 1961. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van die kommissie van ondersoek insake die omvang, werksaamhede, administrasie en bestuur van die afdeling maatskaplike sake van die stadsraad van Johannesburg en die voorgestelde ontbinding van daardie afdeling en alle sake wat daarmee in verband staan of daaruit voortvloei. 10 Junie 1960. Lêer SW 176/65. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van die nasionale konferensie insake maatskaplike werk, 1951. G.P.S. 1427-1953. Staatsdrukker, Pretoria.

Verslag van die Suid-Afrikaanse nasionale konferensie oor na-oorlogse beplanning van maatskaplike welsynserk, 1944. Staatsdrukker, Pretoria. G.P.S. 4222.

Verslag van die Volkskongres oor die armeblanke-vraagstuk gehou te Kimberley, 2 tot 5 Oktober 1934.

Verslag van die werkgroep insake die Nasionale Welsynsraad en gesinsbeleid. Uitgawe no. 7 van 1963. Navorsing en Inligting, Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van die werkgroep ter beskerming van bejaardes. Uitgawe no. 2 van 1966. Navorsing en Inligting, Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Verslag van 'n sosio-ekonomiese opname van die hoewegemeenskap in die voergebied van die Uniefeesskool. Navorsingsafdeling, Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 1965. (Ongepubliseerd).

Vierdie tussentydse verslag van die komitee van ondersoek insake die finansiële verhoudings tussen die sentrale regering, die provinsies en plaaslike besture: Welsynsdienste wat deur plaaslike bestuur verrig word. Die Staatsdrukker, Pretoria, 1961.

Volkswelsyn en Pensioene: Amptelike halfjaarlikse tydskrif van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Pretoria. 4(1) Junie 1969.

Volkswelsyn en Pensioene: Amptelike halfjaarlikse tydskrif van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Pretoria 4 (2), Desember 1969.

WARNER, A.G.: S.A. & Harper, E.B.: American charities and social work. Thomas Y. Crowell and company. Publishers, New York, (Fourth edition).

WARIS, Heikki.: "Outlines of Finnish society". Seminar on Finland - August, 1968.

WASS, P.: "Community development - cure-all?": Social service quarterly. Autumn 1969, XLIII (?), October-December 1969. The National Council of Social Service. 26 Bedford Square, London, W.C. 1.

WATSON, F.D. : The charity organization movement in the United States. New York, Macmillen 1922.

Websters Universal Unabridged Dictionary. World Publishing company, New York City, 1942.

Wet nr. 13 van 1911 : Die Wet op Gevangenisse en Verbeteringsgestigte.

Wet nr. 25 van 1913: Die Wet ter bescherming van Kinderen.

Wet nr. 31 van 1937: Die Kinderwet.

Wet nr. 40 van 1947: Die Wet op Welsynsorganisasies.

Wet nr. 33 van 1960: Die Kinderwet.

Wet nr. 32 van 1961: Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Wet nr. 86 van 1963: Die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums.

Wet nr. 79 van 1965: Die Nasionale Welsynswet.

WINCKLER, A.T.: "Die Suid-Afrikaanse welsynstruktuur as 'n faktor in welsynsbeplanning met besondere verwysing na die verhouding tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en vrywillige welsyns-organisasies". Konsepverslag, die nasionale konferensie oor welsynsbeplanning, Junie 1969. Hoofstuk 2. Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

WINCKLER, A.T.: Volkswelsynbeleid. Nasionale raad vir sosiale na-vorsing, Departement van Hoër Onderwys, Publikasiereeks nr. 34. Kosmo-uitgewery edms. bpk., Stellenbosch, 1969.

WOODROOFE, Kathleen.: From charity to social work in England and the United States. Routledge & Kegan Paul, London.

Woordeboek vir maatskaplike werk (voorlopige vrystelling). Vaktaal-komitee vir maatskaplike werk onder voorsitterskap van dr. J.A. Grobler, Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 1968.

YOUNG, Pauline V.: Scientific social surveys and research. (Third ed.) Prentice-Hall inc. Englewood Cliffs N.Y. 1958.

YOUNG, A.E. & ASHTON, E.T.: British social work in the nineteenth century. Routledge & Kegan Paul ltd., Broadway House, 68-74 Carter Lane, London, E.C. 4.